- 6 138 518 83
U.O.V.S. BIBLIOTEEK

01 at T

University Free State
34300000427587
Universiteit Vrystaat

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

# DIE ROL VAN PROMINENTE VROUE IN DIE BOEKE JOSUA, RIGTERS, SAMUEL EN KONINGS

deur

**SUSANNA MARGARETHA CATHARINA VAN WYK**

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**Magister Artium**

In die Fakulteit Geesteswetenskappe
(Departement Bybel- en Godsdienskunde)

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Bloemfontein

November 2000

STUDIELEIER: Prof. D.N. Pienaar

*Opgedra aan die mees prominente vrou in my lewe, my moeder Leonora van Wyk*

***Soli Deo Gloria***

# *DANKBETUIGINGS*

Hiermee wil ek graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor my studieleier, Prof. D.N. Pienaar, vir bekwame en volgehoue leiding gedurende my studie.

Vir die geleentheid om my studies aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te kon doen met behulp van Personeel Raadsbeurse, wil ek my dank betuig. Dit was 'n geleentheid en 'n voorreg wat oneindig bygedra het tot persoonlike ontwikkeling en verbreding van horisonne.

Vir die ondersteuning en aanmoeding van familie en vriende is ek baie dankbaar.

'n Spesiale woord van dank aan Elzabé Gleeson vir puik tikwerk.

*"Baie wysheid stel hoë eise,*
*wie kennis versamel, versamel smart."*
(Prediker 1:18)

*"Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is."*
(Prediker 2:24)

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy


*HOOFSTUK 1:*

1.1 PROBLEEMSTELLING ........ 1
1.2 DOELSTELLING ........ 4
1.3 METODE ........ 5
1.4 AFBAKENING VAN STUDIEVELD ........ 6

***HOOFSTUK 2: Die posisie van die vroue in die Umwelt van Israel en Juda***

2.1 INLEIDEND ........ 7
2.2 MESOPOTAMIË ........ 8
2.2.1 Inleiding ........ 8
2.2.2 Nie-koninklike Mesopotamiese vroue ........ 10
2.2.3 Mesopotamiese koninginne ........ 16
2.3 FENISIË ........ 24
2.3.1 Inleiding ........ 24
2.3.2 Konings en edelvroue van Fenesië ........ 25
2.3.3 Fenisiese model van koningskap soos deur Isebel beliggaam ........ 26
2.4 EGIPTE ........ 33
2.4.1 Inleiding ........ 33
2.4.2 Die rol van nie-koninklike en middelklas vroue ........ 36
2.4.2.1 Wetlike regte van vroue ........ 37
2.4.2.2 Vroue in kontraksluiting ........ 37
2.4.2.3 Vroue in die hof ........ 37
2.4.2.4 Eiendomsreg van vroue ........ 38
2.4.2.5 Openbare optrede van vroue ........ 38
2.4.2.6 Geletterdheid van vroue ........ 38
2.4.2.7 Vroue in beroepe ........ 39

**Bladsy**


2.4.2.8 Vroue en misdaad .................................... 40

2.4.3 Die regerende koninginne van Egipte ....................... 41

2.4.3.1 Hatshepsut .............................................. 47

***HOOFSTUK 3: Die posisie van vroue in Israel en Juda***

3.1 'N INLEIDENDE HISTORIESE OORSIG RAKENDE DIE PROMINENTE VROUE IN JOSUA, RIGTERS, EN SAMUEL ........................................................................ 55

3.2 DIE ROL EN FUNKSIE VAN VROUE TYDENS DIE PRE-MONARGALE TYDPERK .................................................... 57

3.2.1 Meer prominente vroue ............................................ 57

3.2.1 (i) Ragab ....................................................... 57

3.2.1 (ii) Debora ...................................................... 60

3.2.1 (iii) Jael ........................................................... 63

3.2.1 (iv) Hanna ...................................................... 65

3.2.1 (v) Vroue in Simson se lewe ........................... 68

3.2.2 Minder prominente vroue ........................................ 71

3.2.2 (i) Aksa ......................................................... 71

3.2.2 (ii) Die dogters van Selofgad ......................... 73

3.2.2 (iii) Die vrou met die maalklip ......................... 74

3.2.2 (iv) Dogter van Jefta ...................................... 76

3.2.2 (v) Miga se ma .............................................. 78

3.2.2 (vi) Die byvrou van die Leviet ......................... 80

3.3 SAMEVATTING ............................................................ 82

***HOOFSTUK 4: Die <u>g$^e$bira</u> in die verenigde morargie***

4.1 INLEIDEND ....................................................................... 85

4.2 DIE ROL EN FUNKSIE VAN DIE *G$^E$BIRA* ............................ 87

4.2.1 Die term *g$^e$bira* ........................................................ 87

4.2.2 Definisie en rolomskrywing ......................................... 88

**Bladsy**


4.3 *DE FACTO G^E^BIRA* ........ 90

4.3.1 Mikal ........ 90

4.3.2 Abigajil ........ 96

4.3.3 Rispa ........ 100

4.3.4 Batseba ........ 103

4.3.5 Abisag ........ 106

4.4 VROUE TYDENS DIE ABSALOM REBELLIE ........ 108

4.4.1 Die tien byvroue van Dawid wat in Jerusalem gebly het ........ 108

4.4.2 Die paleis-slavin ........ 110

4.4.3 Die vrou van Bagurim ........ 111

4.5 SAMEVATTING ........ 112

***HOOFSTUK 5:*** ***Die g^e^bira na die skeuring van die ryk***

5.1 INLEIDEND ........ 116

5.2 DIE *G^E^BIRA* IN ISRAEL ........ 117

5.2.1 Isebel ........ 117

5.2.1.1 Die betekenis en oorsprong van die naam Isebel ........ 117

5.2.1.2 Skrifgegewens met betrekking tot Isebel... 118

5.2.1.3 (a) Isebel se herkoms ........ 120

5.2.1.3 (b) Isebel se huwelik met Agab ........ 120

5.2.1.3 (c) Die bou van die Baältempel in Samaria.. 121

5.2.1.3 (d) Die Karmelgebeure ........ 124

5.2.1.3 (e) Die Nabotsinsident ........ 126

5.2.1.3 (f) Isebel as *g^e^bira* tydens Ahasia en Joram 133

5.2.1.3 (g) Isebel en Jehu ........ 135

5.2.1.3 (h) Isebel as *g^e^bira* ........ 141

5.2.1.4 Gevolge van Isebel se rolvervulling as *g^e^bira* ........ 148

**Bladsy**


5.2.1.5 Samevatting ten opsigte van Isebel se rol in koningshuis van Israel .......... 150

5.3 DIE $G^{E}$*BIRA* IN JUDA .......... 153

5.3.1 Inleidend .......... 153

5.3.2 Jehoseba .......... 153

5.3.3 Maäka .......... 154

5.3.4 Atalia .......... 156

5.3.5 Die dubbele rolle van Maäka en Atalia .......... 160

5.3.5.1 Maäka .......... 16

5.3.5.2 Atalia .......... 162

5.3.6 Samevatting .......... 163

***HOOFSTUK 6: 'n Kritiese bespreking en waardebepaling van die genoemde korpus vroue***

6.1 INLEIDING .......... 165

6.1.1 Vroue as politieke pionne .......... 167

6.1.2 Vroue met planmatige optrede .......... 168

6.1.3 Vroue met bepaalde geloofsoortuiginge .......... 169

6.1.4 Verkryging van vroulike erfreg .......... 170

6.1.5 Vroue oënskynlik sonder dialoog of emosies .......... 170

6.2 GEWONE VROUE IN ISRAEL EN JUDA .......... 172

6.2.1 Naamlose vroue in Israel en Juda .......... 172

6.2.2 Enkele genoemde vroue .......... 176

6.3 VROUE VAN ISRAEL EN JUDA MET KONINKLIKE VERBINTENISSE .......... 178

6.4 'N VERGELYKING TUSSEN VROUE VAN ISRAEL/JUDA EN DIE UMWELT .......... 182

6.4.1 Gewone vroue .......... 182

6.4.2 Koninginne en vroue met koninklike verbintenisse .......... 184

**Bladsy**

6.5 EVALUERENDE SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE, ROLLE EN INVLOED ........ 185

OPSOMMING ........ 195

SUMMARY ........ 197

BIBLIOGRAFIE ........ 199

# *LYS VAN TABELLE*

**Bladsy**


TABEL 6.1: Kategorieë van optrede .................................... 185

TABEL 6.2: Persentasie van kategorieë .............................. 186

# LYS VAN FIGURE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| FIGUUR 2.1: | Mesopotamië (Ceram, 1974:226) .......... | 20 |
| FIGUUR 2.2: | Die godin Anat (Cassuto, 1971) ............. | 29 |
| FIGUUR 2.3(a) en 2.3(b): | Amazing facts about Ancient Egypt ........ | 42 |
| FIGUUR 2.4: | Akhenaten en Nefertiti ........................... | 43 |
| FIGUUR 2.5: | ............................................................... | 44 |
| FIGUUR 2.6: | Ahmose Nefertari en Ahmose................ | 46 |
| FIGUUR 2.7(a) en 2.7(b): | ............................................................... | 48 |
| FIGUUR 2.8: | Hatshepsut en Tutmoses III.................. | 49 |
| FIGUUR 2.9: | ............................................................... | 51 |
| FIGUUR 2.10: | Begrafnistempel van Hatshepsut by Deir-el-Bahri......................................... | 51 |
| FIGUUR 3.1: | Jael en Sisera....................................... | 65 |
| FIGUUR 5.1: | Voorstelling van Baäl (Cassuto, 1971: plaat VII) ............................................... | 119 |

# HOOFSTUK 1

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Hoewel die vrou in die Ou Testament 'n bepaalde rol in die samelewing vervul het, kry ons tog die indruk dat daar bepaalde institusionele beperkinge was wat haar in 'n ondergeskikte posisie geplaas het. Wanneer daar wel na die optrede van bepaalde vroue verwys word, is dit dikwels anekdoties of fragmentaries. Heel dikwels was vroue onder bespreking naamloos en was geen persoonlike besonderhede aangegee nie.

Die inligting omtrent die vrou in die Ou-Testamentiese tydvak is nie so uitgebreid dat dit 'n sinvolle studie vergemaklik nie. Inligting wat wel bestaan, word nie ter wille van die vrou as persoon gegee nie, maar meestal ten dienste van die boodskap of die man.

Die bepaalde rol wat vroue in die Ou Testament vervul het, was veral beperk tot die tradisionele huislike sfeer. Hoewel rolvervulling aangetoon kan word, word die indruk gelaat van 'n minimale, sekondêre en dikwels negatiewe rol.

Die verwysing na vroue is dikwels net by name of soms ook per definisie wat 'n negatiewe aspek van 'n bepaalde vrou uitlig. Vier vroue in die geslagsregister van Christus (Matt 1:1-16) dateer uit die Ou-Testamentiese tyd en alvier word in die verskeie skrifgedeeltes negatief getipeer: Tamar wat haar skoonvader Juda mislei met haar vermomming ter wille van 'n nageslag (Gen 38:14 e.v.); Ragab, 'n Kanaänitiese vrou van Jerigo met 'n swak reputasie (Jos 2:1) wat haar volk verraai ten gunste van die volk en God van Israel (Jos 2:9 e.v.); Batseba met wie Dawid owerspel pleeg (2 Kon 11:4) en Rut wat Boas, die losser, onbeskroomd nader. Rut wou haar en haar

skoonmoeder se posisie as kinderlose weduwees in Bethlehem verbeter. Die ongewone wyse waarop sy Boas benader, is om hom aan te spoor tot daadwerklike optrede. So word Rut 'n Moabitiese vrou 'n stammoeder van Christus.

Met die Verbondsluiting in Genesis word die vrou aanvanklik by die Noagitiese verbond (Gen 9:17) ingesluit, egter nie by name nie maar wel implisiet as deel van "... alle vlees ...". By die Abrahamitiese verbondsluiting word die vrou nie genoem nie en slegs manlike lede ontvang die verbondsteken (Gen 17:10, 12). Die problematiese van die verbondsteken slegs aan mans, is dat in een van die twee beskrywings van besnydenis dit deur 'n vrou gedoen word (Eks 4:24-26). Vroue staan egter onder die verpligting van die verbond (Neh 8:3), hoewel hulle nie die teken van verbondsluiting ontvang het nie. Die man as die gesagsfiguur in die patriargale tydperk ontvang dus wel die teken namens hulle. Vroue het egter beslis gedeel in die verbondsvoorregte.

In die wet van die Here word die vrou saam met 'n man se besittings aangedui wat deur 'n ander begeer sou kon word (Eks 20:17). Vroue word dan ook voorgestel soos 'n minderwaardige indiwidu: die loskoopwaarde van 'n man is tweekeer soveel as vir 'n vrou (Lev 27:2-7); die moeder van 'n pasgebore dogter is tweemaal so lank onrein as by die geboorte van 'n seun; die vernedering om deur 'n vrou gedood te word (Rig 4:9, 9:54); 'n vrou se eed moet deur haar vader of eggenoot bevestig word (Num 30:3-6), en vergoeding vir die verontreiniging van 'n maagd word aan die **vader** betaal (Eks 22:16-17; Deut 22:28-29). Sy word dus as 'n onmondige persoon behandel. Hoewel hierdie betaling verband hou met gebruike rondom die huwelik, is dit tog opmerklik dat die vergoeding nie aan die persoon **self** betaal word nie. Dit is byna soos skade aan eiendom!

Ten spyte van die aanvaarde minderwaardige posisie van vroue (al sou dit dan ook volgens redaksionele standpunt wees) word 'n pertinente, slegte invloed ook aangetoon in die veralgemeende feit dat hulle (vroue) as 'n bron van afgodery beskryf word. Enkele voorbeelde is Salomo se groot aantal buitelandse vroue vir wie hy heiligdomme gebou het en wat hom tot afgodery verlei het (1 Kon 11:1-8). Maäka word deur haar kleinseun Asa as gebiedster afgesit weens haar Asjera kultus.

Isebel is die prominentste voorbeeld van 'n vrou wat op die hoogste vlak (koningshuis van Israel) afgodery ingevoer het en dit met fanatiese ywer wou bevorder en die Baäl godsdiens wou gelykstel met Jahwe (1 Kon 16:31-33). Atalia as koningin van Juda het ook 'n Baälstempel in stand gehou, soos haar moeder/suster Isebel, wat as bron van afgodery gefunksioneer het.

Dit is opvallend dat die meeste vroue aan wie afgodiese praktyke toegeskryf word, nie-Israelitiese (buitelandse) vroue was. Dit is egter opvallend dat 'n slavin 'n eggenote kon word terwyl daar nie sprake is van 'n slaaf wat 'n eggenoot geword het nie.

Weens die minderwaardige posisie wat toegedig is aan die vrou in Israel, is haar lot deur 'n man (vader of eggenoot) se wense bepaal: 'n vader kon sy dogter as byvrou verkoop. Vroue was ook deel, soos mans van die oorlogsbuit (onder andere Rig 21:12, 14).

Desnieteenstaande die min en negatiewe uitsprake oor die vrou in die Ou Testament, is die invloed wat implisiet deur die Bybel aan vroue toegeskryf word, van neutrale oorsprong en sonder bepaalde negatiewe konnotasie. Die positiewe potensiaal van die vrou is die duidelikste aantoonbaar in die wysheidsaspek: die twee vroue met een baba wat Salomo se wysheid demonstreer; die koningin van Skeba ('n buitlandse vrou); die wyse vroue van Tekoa en Abel-Bet-Maäka (2 Sam 14:1-20; 20:14-22), asook koning Lemuel se moeder (Spr 31).

Die probleem wat dus in hierdie studie behandel word, is die min direkte inligting wat beskikbaar is oor vroue, die negatiewe voorstelling van vroue in die bestaande inligting en die verswyging van besonderhede oor vroue. So is ook die androsentriese tendens in die tipering van vroue problematies en word die vroue se koninklike posisie om ook te heers oor die skepping nie na waarde belig nie. Hierdie korpus vroue sal dus herwaardeer en opnuut ondersoek word ten einde hulle ware rol so lewensgetrou as moontlik te interpreteer.

## 1.2 DOELSTELLING

Voortvloeiend uit die probleemstelling is die doelstelling van hierdie studie, naamlik die aantoon en deduksie van die werklike ongenoemde maar haas onberekenbare rol van die vrou in die Ou-Testamentiese tydvak onder bespreking. Die doel is dus die toetsing van die hipotese wat die *de facto* en *de jure* minderwaardige posisie van die vrou aantoon.

Dit word aanvaar dat die vrou se hoofrol tot die huis beperk was, met enkele uitsonderinge ten opsigte van koninklike en prominente vroue. Die vrou se hoof invloedsfeer was dus in die huislike sfeer en die opvoeding van die nageslag. Die reikwydte van haar invloed was gevolglik beperk tot die binneste kring van die samelewingsverbande. Vanuit hierdie klein kring moes die vrou se rol egter uitgekring het en bepalend sowel as rigtinggéwend gewees het[1]. Die doel is dus om hierdie primêre rol en invloed wat vroue uitgeoefen het saam te voeg en te kondenseer ten opsigte van indiwidue en groepe om die belangrikheid daarvan in die loop van die heilsgeskiedenis aan te toon.

---

[1] Vergelyk hoedat Batseba se tussenkoms verseker het dat Salomo die koningskap verkry, ten spyte van Adonia se reeds self-verklaarde koningskap.

Daar sal ook probeer word om aan te toon hoedat vroue as dogters, moeders en eggenotes 'n bepaalde rol vervul het, hetsy aktief of passief, positief of negatief. Drie groepe vroue kan onderskei word:

(a) susters, dogters, moeders en eggenotes;

(b) 'n groep vroue wat geïgnoreer word; en

(c) vroue rondom wie vertellings van mans gesentreer is, veral 'n aantal vroue wat "mag" oor mans uitgeoefen het.

Die funksie van veral prominente vroue en dan spesifiek die $g^e$*bíra* of *de facto* $g^e$*bíra* in die verenigde morargie sowel as ná die skeuring van die ryk, sal uitgelig word.

Daar kan aanvaar word dat die mees prominente vroue wel vroue met koninklike verbintenisse was. Die woord $g^e$*bira* word in bepaalde gevalle met koninginmoeder vertaal. Aangesien daar so min bekend is oor koninklike vroue sal 'n sinvolle herwaardering van vroue se posisie in die bepaalde tydperk alleen gedoen kan word wanneer na die wye spektrum van vroue gekyk word. Daar word dus na vroue wat in 'n bepaalde gesagsposisie is gekyk en nie net na die koninginmoeder nie. Vroue word ingesluit wat eintlik geen gesagsposisie gehad het nie, maar met hulle optrede hulle "gesag" laat geld het!

Die impak van die vrou se rol op die gang van die geskiedenis sal by nadere ondersoek uitgelig word. Bewyse sal aangetoon word dat die vrou telkens die onmisbare komponent tot rolvervulling van die patriarg/uitverkorene was.

## 1.3 METODE

Die metode waarvolgens hierdie studie gedoen word, omvat twee aspekte. Eerstens word die studie aan die hand van histories-eksegetiese bronne gedoen. Verder word die kultuur-historiese veld nagevors wat behels 'n studie van vroue van die toepaslike Umwelt.

## 1.4 AFBAKENING VAN STUDIEVELD

Vir hierdie studie is die tydperk geneem vanaf ongeveer 1200 v.C., die rigtertydperk (Mazar, 1990:30) tot en met die val van Jerusalem in ± 586 v.C. Hierdie tydperk dek dus die argeologiese tydperk van Palestina vanaf ongeveer die Ystertydperk I A tot Ystertydperk II. Die vergelyking met vroue van die Umwelt word egter vanaf 'n bietjie vroeër geneem.

# *HOOFSTUK 2*

# *Die posisie van die vroue in die Umwelt van Israel en Juda*

## 2.1 INLEIDEND

By die waardebepaling, rol, funksie en status van spesifieke individue binne 'n bepaalde groep, kan 'n sinvolle perspektief alleenlik verkry word deur die vergelyking van sulke individue met die in soortgelyke groepe. Hierdie beginsel is eweneens waar wanneer die rol van vroue in Israel tydens 'n bepaalde historiese tydperk vergelyk word met vroue van die Umwelt gedurende dieselfde tydperk.

Die ontstaans- en bestaansrede vir Israel as volk was baie sterk onderskeidend van ander volke. Israel se roeping as uitverkore volk van God het elke aspek van elke individu se lewe bepaal. Soos die hele volkslewe, het hulle geglo dat ook die posisie van vroue deur God self bepaal is. Dat daar afwykings van hierdie norm voorgekom het, sou kon aangetoon word. Hulle ontstaan as volk en voortbestaan as volk was afhanklik van hul gehoorsaamheid aan God. Dit was vir hulle 'n ontstaan- en bestaansrede (Bright, 1978:53).

Dat algemene ooreenkomste wel tussen verskeie groepe vroue en vroue van Israel voorgekom het, was vanselfsprekend. Natuurlike rol- en werksverdeling was ook by Israelitiese vroue aan te toon: eggenote, moeder, huisvrou, binneshuise versorger. In die landelike gemeenskap waar landbou 'n primêre rol gespeel het vir voedselvoorsiening asook ander benodigdhede, was periodieke arbeid buitenshuis 'n waarskynlikheid vir vroue.


HITTITE EMPIRE
(HATTI)
Hattusa
Ankuwa
Kanish
R. Halys
R. Sangarius
Troy
(Ilium)
Assuwa
Arzawa
R. Maeander
Mycenae
Argos
Tiryns
Athens
Pylos
Minoans
Knossos
Phaistos
Caphtor
(Crete)
Rhodes
Taurus Mts.
Kizzuwatna
(Cilicia)
Zinjirli
Carchemish
Haran
MITANNI
SUBARTU
ARARAT (URARTU)
Lake Van
Lake Urmia
Caspian Sea
(Tell Halaf)
Paddan-aram
Halab
(Aleppo)
R. Habor
Nineveh
Calah
Arbela
Gt. Zab
Little Zab
ASSYRIA
Asshur
Nuzi
Zagros Mts.
GUTIUM
MEDIA
(MADAI)
Ecbatana
Ugarit
R. Orontes
Alashiya, Kittim
(Cyprus)
Hamath
Arvad
Kadesh
Lebanon Mts.
Tadmor
Gebal
Berytus
Sidon
Tyre
Damascus
Mari
River Euphrates
River Tigris
R. Adhaim
R. Diyala
Eshnunna
BABYLONIA
(Akkad)
Agade
Sippar
Cuthah
Babylon
Borsippa
Kish
Nippur
Isin
(Sumer)
Lagash
Larsa
Erech (Uruk)
Ur
Eridu
Susa
ELAM
(Malamir)
Mediterranean Sea
(Upper Sea)
Put
Acco
Hazor
Dor
Megiddo
Joppa
Shechem
Bethel
Jerusalem
Jericho
Ashkelon
Gaza
Hebron
Raphia
Beer-sheba
Canaan
Negeb
Kadesh-barnea
(KEDAR)
Karkor
ARABIA
(Dumah)
(Tema)
(Dedan)
Avaris
(Zoan)
Lower Egypt
On
(Heliopolis)
Saqqarah
Giza
Memphis
(Noph)
Heracleopolis
Libya
(Lubim)
Sinai
(Serabit el-Khadim)
Midian
R. Nile
EGYPT
Beni-hasan
Hermopolis
Akhetaton
(Tell el-Amarna)
Upper Egypt
Abydos
Thebes
(No)
(el-Kab)
Syene
1st Cataract
Cush
(Ethiopia)
Red Sea
Persian Gulf
(Lower Sea)
Abraham's journey
0 100 200 Miles
0 100 200 Kilometres
3
4
5
6
E
G
H
J
K
© Oxford University Press

Duidelike verskille tussen Israelitiese en vreemde vroue is ook vasgestel in die literatuur wat ondersoek is. Soms was hierdie verskille in die vroue van Israel se guns, wat hulle beter posisie aangedui het, soms was die teendeel waar en was die vroue van Israel in 'n swakker posisie. Vroue in ander samelewings het soms meer bevoorreg, "bevryd" en "geëmanisipeerd" voorgekom.

Israelitiese vroue se rol in die religie en beoefening daarvan het ook verskil in vergelyking met ander groepe. By die godsdienste van ander volke was daar die mens (vrou) as verteenwoordiger/"vergoddelikte" mens vir die godheid/ godin. Uit hoofde van Israel se roeping sou hierdie rol nooit in Israel voorkom nie. Hoogstens was die Israeliete en ook die vroue geroepe om 'n hoë morele lewensstandaard daar te stel volgens die voorskrifte van God.

## 2.2 MESOPOTAMIË

### 2.2.1 Inleiding

Mesopotamië was in die antieke tyd die tuiste van die Sumeriërs, Babiloniërs, Siriërs en Assiriërs. Dit blyk ook dat die Akkadiërs betrokke was in die geskiedenis van die gebied tussen die riviere, die Tigris en Eufraat, Mesopotamië. Hoewel daar verskillende groepe/biblioteke en kleitablette opgegrawe is met inligting in spykerskrif, het daar relatief min inligting oor die eeue heen behoue gebly. Uit ervaring kan aanvaar word dat daar dus oor vroue waarskynlik heelwat minder inligting behoue gebly het. Ten einde slegs 'n oorsigtelike rekonstruksie van die lewe en omstandighede van vroue in Mesopotamië te kon maak, word inligting oor 'n lang tydperk in oënskou geneem. Inligting vanaf die later deel van die middel Bronstyd (± 2200 v.C.) tot by die Ystertydperk, met die val van Nineve (612 v.C.) en Nebukadneser II (604-562 v.C.) word gebruik (Nemet-Nejat, 1998:XXI).

Kultuur en tegnologie gedurende hierdie tydperke, waarin die vroue ook gedeel het en dus die voordeel geniet het, sluit onder andere die volgende in: Middel-Bronstyd, strydwaens, gespeekte wiele, invoer van koper en luukse items. Gedurende die laat Bronstyd (1550 v.C.) was daar glas, geglasuurde pottebakkersware, ystersmeltery, oorlogsperde, hoenders en kamele. Gedurende die Ystertydperk was onder andere munte, koper, katoen, Aramees as lingua franca, botaniese tuine, dieretuine, ensovoorts as kultuurgoedere gevind. Die deportasie beleid van die Assiriërs en hervestiging van inwoners van oorwonne stede, het beslis die vroue swaar getref.

Soos die geval was gedurende alle tydperke en onder alle volke kan die Mesopotamiese vroue ook ingedeel word in nie-koninklike en koninklike vroue. Hoewel daar wel sou kon onderskei word tussen noord Mesopotamiese vroue wat kan insluit Akkadiërs, Horiete, Amoriete en veral die Assiriërs, sowel as die suid Mesopotamiese vroue vanaf die Sumeriërs, die unifikasie van Sumerië en die Akkadiërs tot by die Neo-Babiloniese tydperk, word in hierdie bondige bespreking gesamentlik na al die vroue van Mesopotamië verwys.

**Kronologie van antieke Mesopotamië**

| Tydperk | Regeerders | Stede/Kommentaar |
|---|---|---|
| Vroeë Sumeriese era, tot 2700 v.C. | Koningin Ku-Bau | Stad-state soos Eridu, Kish, Uruk, Ur, Nippur |
| Klassieke Sumeriese era 2700-2400 v.C. | Gilgamesh | Verskeie Sumeriese stad-state |
| Akkadiese ryk 2400-2200 v.C. | Sargon (Enkheduanna, sy dogter) | Eerste Mesopotamiese ryk, Semitiese taal |
| Ryk van Ur 2060-1950 v.C. | Shulgi | Sumeriese renaissance (Derde Dinastie van Ur) |
| Babiloniese ryk 1800-1600 v.C. | Hammurabi | Sippar |
| Assiriese ryk ± 1600-627 vC. | Sanherib (Koningin Nitokris)<br>Esarhaddon<br>Assurbanipal | 705-682 v.C.<br><br>681-670 v.C.<br>669-627 v.C. |

http://www.tc.nhmccd.edu/courses/wh/fox/ref/mespot.htm/

### 2.2.2 Nie-koninklike Mesopotamiese vroue

Die kategorie van vroue wat van nie-adellike afkoms was omvat 'n baie diverse groep. Daar kan onderskei word tussen vroue vir wie die sentrum van hulle aktiwiteit slegs die huislike sfeer was en ander wat wel buitenshuis aktief was. Volgens die aktiwiteite van vroue in die samelewing, was daar verskeie groepe vroue wat blykbaar meer "onafhanklik" in hul doen en late was.

In die loop van die Mesopotamiese geskiedenis was dit dus bekend dat vroue sekere aktiwiteite beoefen het. So byvoorbeeld kon hulle op hulle eie wetlike transaksies deurvoer, hulle was betrokke in handelstransaksies, die leen en uitleen van goedere, hulle kon geskenke gee, voorwerpe wy aan gode en selfs ook eiendom bekom (Harris in Lesko, 1989, 147). Die kritiese vraag is egter hoe vrylik kon hulle dit doen. Kon hulle dit doen sonder die vereiste manlike toesig?

Dit blyk dat vroue se sosiale status gelyk was aan die van mans, maar dat mans en vrouens nie volgens die wet gelyk was nie. In die vroeë Sumeriese stadstate was die posisie van vroue hoër aangesien godinne so 'n belangrike rol in die godsdiens en samelewing gespeel het. Later blyk dit dat die posisie van vroue verswak het en hulle in meer onderdanige posisies was.

Die streek **Sirië** was noord en noord-oos van Israel geleë. Die stad **Mari** is die enigste Siriese stad wat ingesluit was in die Sumeriese koningslys (Cooper in Lesko, 1989:48). Hoewel daar min inligting van die tydperk c. 3000-2400 v.C. bestaan, kom die woord **géme** = vrou (of afhanklike) dikwels voor. Inligting vanaf historiese geskrifte, koninklike annale en gebou inskripsies bevat 'n hele aantal name van belangrike vroue. Die meeste van hierdie vroue was eggenotes of dogters van regeerders of belangrike offisiere (Van de Mieroop in Lesko, 1989:54).

In die stad **Girsu** is 'n groot aantal kleitablette gevind wat afkomstig was van *é-bau*. Hierdie benaming het verwys na die huis of tempel van die godin Bau. Die benaming was vroeër *é-MÍ*, wat verwys het na die huishouding van die stadsheerser. Hierdie *é-MÍ* was gedurende sekere regerings 'n administratiewe sentrum met 'n groot aantal werkers wat onder die beheer van die koningin was (Van de Mieroop in Lesko, 1989:54). Hierdie sentrums het beheer gehad oor landbou, kanaal instandhouding, vee, industriële take soos materiaalverwerking asook vissery. Hoewel dit onder beheer van die koningin was, was die administrasie heeltemal apart van die paleis.

Die *é-MÍ* was 'n sodanige prominente instelling dat dit gelykgestel is met 'n paleis. Volgens inligting wil dit voorkom dat die *é-MÍ* as instelling tot aan die einde van die Sumeriese tyd voorgekom het.

Vroue van Girsu het blykbaar baie eiendomme, boorde, slawe, osse en silwer besit. Dit het voorgekom asof vroue dieselfde wettige regte as mans gehad het. Vroue was nie alleen ekonomies aktief nie, maar het ook 'n groot deel van die arbeidsmag uitgemaak, veral in die tekstielbedryf. Daar was ook vroue in die meubelbedryf, besproeiing, hantering van graan en die pars van olie. Lone is betaal met gars en olie. Daar is getuienis dat vroue egter baie minder loon ontvang het: die maksimum loon vir vroue was 60 liter olie per maand, terwyl die loon vir mans begin het met 60 liter olie per maand (Van de Mieroop in Lesko, 1989:64).

Hoewel dit bekend is dat vroue 'n groot rol gespeel het in die ekonomie, is daar 'n probleem om met sekerheid die rol van vroue te bepaal. Die feit dat die Sumeriese taal nie grammatikaal tussen manlik en vroulik onderskei nie, kan geslagte nie met sekerheid vasgestel word nie. Geslagte kon deels onderskei word deur die soort werk en die verskil in lone ontvang.

Daar was ook twee groepe van enkel vroue in die samelewing van Girsu, naamlik weduwees wat, hoewel hulle vry was, baie kwesbaar was, en priesteresse wat toegewy was aan een van die gode.

'n Ander groep vroue wat voorgekom het en wat blykbaar op hulle eie en selfstandig opgetree het, was die **sabitu**, die vroue wat verantwoordelik was vir bierbrouery en die verkoop daarvan. Dit is dan ook as 'n vroulike "alleenreg" beoefen. Hierdie vroue was ook betrokke by krediet transaksies, net soos die manlike handelaar, die **tamkaru** (Harris in Lesko, 1989:148). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat sulke vroue vaste eiendom besit en moontlik verhandel het. Hulle daaglikse werk het getuig van hulle eie inisiatief en "onafhanklike" optrede. Hulle was gereken in die gemeenskap vir hulle bekwaamhede as vroue. Hulle was blykbaar 'n gevestigde groep vroue in die openbare lewe.

Priesteresse was 'n algemene posisie vir vroue ook in Mesopotamië. Priesteresse was as 'n groep onafhanklike vroue. Daar was ook vroue wat die voorreg van geletterdheid geniet het en bekend was as vroulike skrywers. In Sippar het vroulike skrywers in die klooster gewerk. Hierdie klooster is gebruik as 'n ekonomiese instelling vir die stad. Hierdie vroue wat nie gebonde was deur eggenote en huishoudings nie, se bekwaamheid kon benut word tot voordeel van die stad (Nemet-Nejat, 1998:154)

Hierdie klooster in Sippar, sowat 50 kilometer vanaf Babilon, het heelwat prestige gehad en was die gewildste van die kloosters. Van die inwoners van die klooster was prinsesse van die koningshuise van Babel en Mari (Harris in Lesko, 1989:151). Dit is bekend dat Erishti-Aya die dogter van koningin Shiptu van Mari ook 'n naditu was. Die inwoners of **naditu** het elkeen 'n privaat woongedeelte gehad en kon haar eie slawe hê. Die **naditu** het meestal uit vooraanstaande families gekom en het dikwels met aansienlike besittings na die klooster gekom. Die vroue van Sippar het deurdat hulle onafhanklik was en oor vermoëndheid beskik het, deelgeneem aan en bygedra tot die aansienlike ekonomiese ontwikkeling van die gebied.

'n Ander groep inwoners van Sippar was na alle waarskynlikheid dogters van stamleiers. Hierdie vroue kon dalk as gevolg van endogamie en status nie maklik 'n geskikte eggenoot vind nie. Om in die klooster in veral Sippar te gaan woon was 'n lewensvatbare alternatief met kompensasie. Deur 'n **naditu** te word het die familie landgoed ook behoue gebly en is nie "weggegee" as bruidskat vir die betrokke vrou nie. Die **naditu** kon dus self vir die versorging van die oudag voorsiening maak. Hulle vryheid en ekonomiese vermoëns het dit moontlik gemaak. Verder het hulle ook vir hulle eie versorging voorsiening gemaak deur die aanneming van jonger persone, hetsy jonger **naditu** of slavinne (Harris in Lesko, 1989:153).

Die **priesteresse** by die kloosters het, net soos die **naditu**, deelgeneem aan sake transaksies, soos die koop, verkoop of verhuur van grond. Die inwoners van die kloosters het nie afstand gedoen van hulle familie erfenis nie, maar dit is waarskynlik deur hulle broers/familie bewerk. Die priesteresse en **naditu** wat 'n toegewyde lewe in die kloosters gely het, het ook voorbidding daar vir die welsyn van die familie gedoen (Nemet-Nejat, 1998:152).

As vroue was hulle dus aanvaar om op godsdienstige gebied namens die hele familie in te tree by die gode.

'n Besondere priesteres was Enkheduanna, die dogter van Sargon I, die Akkadiese koning. Hierdie **entu** priesteres is deur haar vader as hoë priesteres van die maangod Nanna in die stad Ur aangestel. Enkheduanna was 'n hoog aangeskrewe digteres en sy was bekend vir haar literêre komposisies. Dit is bekend dat vroulike skrywers outeurs was van wiegliedere vir 'n kroonprins, sowel as liedere vir die koning asook treurliedere. 'n Groot aantal tempelgesange is afkomstig van die beroemde Enkheduanna. Sy is selfs beskou as 'n "sistematiese teoloog" wat goed onderleg was in die Sumeriese godsdiens en ook in staat tot die ontwikkeling van hierdie godsdiens (Harris in Lesko, 1989:150).

Dit is ook bekend dat die **vroue van handelaars** in die Ou Assiriese tydperk besondere outonomie en veral ekonomiese outonomie gehad het (± 1900-1800 v.C.) Die eggenotes van die handelaars en ander vroulike familielede was op groot skaal betrokke by transaksies. Hierdie vroue het hulle mans verteenwoordig in handels- sowel as regsake. Die vraag ontstaan of hulle slegs tot voordeel van die eggenoot hierdie sake hanteer het en of hulle ook vir eie gewin en eie gebruikskeuse sake gedoen het. Die vryheid en onafhanklikheid van die vroue se besluitneming kan egter nie bepaal word nie en bly 'n ope vraag (Harris in Lesko, 1989:148).

**Weduwees** was oral en te alle tye 'n kwesbare groep vroue. In 'n patriargale stelsel van antieke tye is dit, ironies, egter soms beskou as 'n "voordelige" posisie te wees. In Assirië het weduweeskap die vrou toegelaat om vrylik op te tree en haar eie sake te hanteer. Die weduwee kon ook onder bepaalde omstandighede in beheer van haar gesin kom waar sy onafhanklike besluite vir haarself en haar kinders kon neem (Harris in Lesko, 1989:147).

In die stad **Mari**, wat langs die Eufraatrivier geleë was, was daar 10 vroulike skrywers bekend. Slawe/slavinne met skryfvaardighede is dikwels as deel van die bruidskat aan prinsesse gegee. In Ou Babilonië was daar selfs vroulike dokters, toneelspelers en kunstenaars.

Dit is bekend dat daar in die tweede millenium v.C. in die stad **Nuzi** vrye vroue was wat 'n aktiewe rol in die ekonomie en die howe gespeel het. Hoewel vroue nie altyd toegelaat is om aan ekonomiese bedrywighede deel te neem nie, het hulle wanneer hulle wel deelgeneem het, op dieselfde vlak opgetree en so hulle wetlike gelykheid met mans geproklameer (Nemet-Nejat, 1998:151). Soos ander inligting aangedui het, kon vroue grond bekom deur dit te koop, te erf of as 'n koninklike geskenk te ontvang. Die grootte van die grond het gewissel. 'n Vrou wat vaste eiendom in ses dorpe besit het, was ook bekend.

Deelname van vroue aan die ekonomie het egter veral plaasgevind wanneer mans afwesig was, soos byvoorbeeld weduwees, andersins moes sake met die goedkeuring van eggenote geskied. Die insluiting van vry vroue in Nuzi in grondeienaarskap was baie belangrik, want eienaarskap van vaste eiendom in Nuzi was die enigste manier om mag en rykdom te bekom.

Aangesien vaste eiendom en die benutting daarvan 'n seker manier was om rykdom en later mag te bekom, het **bruidskat** 'n aansienlike bydrae gelewer tot hierdie vermoë. Van kleitablette is egter inligting van slegs 200 vroue verkry uit sowat 50 000 persone wat genoem is. Private familie argiewe wat in **Nuzi** gevind is, was veral ook in stede waar ryk en invloedryke families gewoon het. Meeste van die inligting het betrekking op huweliksdokumente, egskeidings, oordrag van bruidskat en testamente. Hierdie inligting gee insig in die posisie van vroue as dogters in die vader se huishouding, huwelike en egskeidings, weduwees as erfgename en in die algemeen vroue se terreine van ekonomiese aktiwiteite. Die ooreenkomste wat aangegaan word rondom huweliksluiting was egter van 'n spesiale aard. Dit was 'n eksklusiewe transaksie tussen 'n bruid en haar vader, aangesien haar vaderlike erflating aan haar daardeur bepaal is (Grosz in Lesko, 1989:172).

Items wat deur die bruidserfenis (bridewealth) ingesluit was, het daarop gedui dat rituele aspekte oorweging geniet het by die samestelling van die bruidserfenis en dat ekonomiese oorwegings nie die deurslag gegee het nie (Grosz in Lesko, 1989:171). Goedere is beskou as standaard bruidskat (dowry). Indien die bruid grond as bruidskat ontvang, gee sy goedere prys wat sy ontvang het terug aan haar vader as kompensasie vir die grond. Daar was blykbaar onderskei tussen bruidskat en trousseau, aangesien goedere soos meubels en huishoudelike items wat nodig was vir die inrig van haar eie huishouding nie afstand van gedoen is nie. Vaste eiendom erflating/bruidskat aan dogters het egter die familie eiendom verskraal, wanneer sy buite die stam trou, aangesien dit na haar seuns/kinders sou vererf, wat weer deel van hulle vader se linie/stam was.

Dit is ook bekend dat by die afwesigheid van seuns in 'n familie, dogters die "status" van seuns gegee is of bloot ook as erfgename gereken is. 'n Baie belangrike feit is dat dogters selfs die familie gode ontvang het en verantwoordelik was om die familie kultus instand te hou. Hierdie aspekte het 'n baie belangrike rol gespeel in die sosiale lewe van die familie en was een van die bronne van die familie identiteit. In sekere gevalle is so 'n belangrike rol ook aan vroue/dogters toegeken (Grosz in Lesko, 1989:174).

Vroue/weduwees het volgens testamentêre bepalings toesig oor die kinders en eiendom verkry. Dit blyk egter dat vroue se regte nie oral gelyk was met die man nie. Die vaderlike gesag oor vroue het van hom oorgegaan na haar broer. Die broer se gesag oor sy susters was egter nie presies soos die vader s'n nie: as 'n broer sy suster se huwelik moes reël moes sy eers haar definitiewe instemming gee. Vroue kon nie self oor voorgenome huwelike onderhandel nie. Vroue kon "broers"/tussengangers aanstel om dit vir hulle te doen. Slegs 'n pa en 'n vrou se broer en geen ander familie het gesag oor vroue gehad nie. Weduwee moeders kon hulle seuns en dogters se huwelike reël en in spesiale gevalle ook ander persone se huwelike onderhandel.

Volgens dokumentêre bewyse was daar geen ekonomiese of wetlike aspekte waarby vroue nie betrokke was nie. Hoewel hierdie deelname deur vroue nie volop was nie, was vroue sonder twyfel betrokke in al die sfere van die samelewing. Daar moet egter opgelet word dat hierdie vroue nie baanbrekers was vir gelyke regte van vroue nie. Vroue het sodanige posisie bereik as 'n integrale deel van die gevestigde patrilinêre sisteem van Nuzi en nie in teenstand teenoor dit nie (Grosz in Lesko, 1989:180).

### 2.2.3 Mesopotamiese koninginne

Soos wat gebruike in die antieke tyd was, het die koning van 'n land gewoonlik 'n hele aantal vroue in die paleis gehad. Die belangrikste vroue was die verskeie eggenotes en byvroue van die koning. Daar was ook vroue uit oorwonne lande wat na die koning se land gestuur is vir die

instandhouding van alliansies tussen die koning en lande wat deur hom oorwin is. Verder was daar ook vroue wat deel was van oorlogsbuit en waarskynlik nie 'n hoë status gehad het nie. Normaalweg was die koningin die metgesel (consort) van die koning, maar het geen koninklike funksies gehad nie.

Die eerste koningin wat in eie reg regeer het, was koningin Ku-Bau van die noord-Babiloniese stad Kish. Daar is aanduidings dat sy die stigting van Kish gekonsolideer het en vir 'n baie lang tydperk regeer het. Die legende dui aan dat sy 100 jaar regeer het (Van de Mieroop in Lesko, 1989:54). Indien sy wel die eerste koningin in die antieke Mesopotamië was, is dit nie verbasend dat haar regering deur teenstanders as 'n onheilspellende, slegte anomalie beskou is wat niks goeds vir Mesopotamië voorspel het nie! Die verwysing na haar as *"king of Kish"* het volgens Nemet-Nejat (1989:22) impliseer dat sy oor die hele Sumerië regeer het.

Daar was koningin Shiptu van Mari en Koningin Iltani van Karana. Hierdie koninginne was merkwaardige vroue wat nie alleen oor hulle eie komplekse huishoudings toesig gehou en dit bestuur het nie, maar ook in beheer van die werksaamhede van die paleis werkswinkels. Hierdie vroue se diplomatieke funksies was egter nog meer buitengewoon. Dit is bekend dat koningin Shiptu van Mari 'n verskeidenheid van aktiwiteite beoefen het. Sy het 'n sekere mate van onafhanklikheid geniet en sy het ook persoonlike inisiatief getoon in haar optrede (Harris in Lesko, 1989:146). Die koningin is blykbaar deur haar eggenoot as persoonlike gesant gebruik om sy opdragte in buitengewone omstandighede uit te voer. Die koning het pligte na die koningin gedelegeer en sy was as't ware 'n "agent" vir haar eggenoot. Die prinsesse was ook instrumente van politieke beleid: hulle was tussengangers om alliansies vas te maak deur huwelike.

Koninklike vroue en prinsesse het ook toegang tot die voorvaderlike kultus gehad. Daar was verskillende administratiewe tekse met lyste van offeraars wat koninklike vroue aangedui het.

Tydens die Ur III dinastie (Ryk van Ur) onder koning Shulgi het dokumentasie toegeneem en was dit duidelik dat ook daar die koningin 'n administrasie van haar eie gehad het wat 'n baie belangrike rol in die ekonomie van die staat gespeel het. Die koningin Shulgi-simti was in beheer van die offerdiere en hulle verspreiding na tempels, onder andere Nippur. Veelwywery het voorgekom by die konings. Deur diplomatieke huwelike het die koning hom verbind aan veral die gegoede klasse. Deur sodanige huwelike het die koning ook 'n mate van beheer gekry oor die administratiewe sisteem onder hierdie vroue. Gedurende hierdie tydperk was daar Umma Ninmelam, die vrou van goewerneur Ur-Lisi, wat die toesighouer by die goudtransaksies van Ninkalla, vrou van koning Shulgi, was. Haar opvolger en ander goewerneursvroue was ook baie aktief betrokke by die ekonomie.

Dit blyk dat Herodotus en ander Griekse geskiedskrywers beter ingelig was oor die Assiro-Babiloniese geskiedenis as hulle moderne kritici. Herodotus maak melding daarvan dat dit bekend is dat daar twee vroue was wat regeer het tydens die lang geskiedenis van Babilonië (Lewy, 1952:264).

Hoewel dit bespreek is as die Nitokris verhale, blyk dit dat daar eintlik van twee vroue sprake is, naamlik Semiramis en Nitokris. Dit het later geblyk dat Semiramis eintlik die Assiriese prinses Sammuramat was.


Koningin Sammuramat was die ouer vrou wat ook in die naam Semiramis verskuil was. Die eggenoot van koningin Sammuramat was koning Samsi-Adad V. Koningin Sammuramat het aan bewind gekom na die skielike dood van Samsi-Adad V. Die kroonprins Adad-nirari III was nog te jonk en sy moeder het die troon bestyg as regent in sy naam. Die bewys vir die status van Sammuramat blyk uit twee standbeelde van die god Nabu wat die goewerneur van Kalhu opgerig het ter ere van die lewe van Adad-nirari die koning van Assirië en vir die lewe van Sammuramat die koningin ("palace lady"), "his lady" (Lewy, 1952:265). Hiervolgens was die koningin tweede in bevel naas haar seun.

'n Verdere aanduiding van haar regering is die feit dat Adad-nirari III later self op die sogenaamde Nimrud steen vertel van sy eerste veldslag in sy vyfde regeringsjaar. Dit was egter bekend dat dit nie die eerste veldslag na sy troonsbestyging was nie. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat vroeëre veldslae op inisiatief van die koningin-moeder was. Hiervolgens kan haar regeringstydperk op vier jaar gestel word. Haar regeringstydperk was vanaf 810 – 807 v.C. In haar veldslae het Sammuramat gekonsentreer op lande oos en noord-oos van Assirië. Weens die veldslae wat sy gevoer het word sy dan ook as die "oorlogsugtige Semiramis" beskou.

Die tweede koningin wat oor Assirië regeer het was die jonger "Semiramis", Nitokris of soos al blyk Naqi'a, die vrou van Sanherib. Volgens Herodotus se datering van Nitokris was sy een van Sanherib se harem vroue wat na hom regeer het. Sy was die moeder van Esarhaddon (Assur-ah-iddina) wat Sanherib se opvolger was. Hierdie moeder van Esarhaddon het die Wes-Semitiese naam Naqi'a gehad wat beteken het "die reine" (the pure one). Naqi'a was nie net Sanherib se koningin-metgesel nie, maar sy het ook 'n soort regentskap oor Babilonië gehad (Winckler 1898:189).

Verdere aanduidings van Naqi'a se posisie kom voor op 'n kleitablet met twee wydings-inskripsies wat deur haar nagelaat is. Hierdie kleitablet wat aan Naqi'a persoonlik gerig was, bevat die volgende woorde: "Aangebied vir die lewe van Esarhaddon, koning van Assirië, haar seun, en haar eie lewe, ... stabiliteit van haar regering en [haar] welsyn."

In die Neo-Assiriese tyd blyk dit dat hierdie koningin-metgesel ook 'n regeerder in haar eie reg was. Ten spyte hiervan het sy egter die heerskappy van die Assiriese koning erken en dele van die ryk in die naam van haar eggenoot of seun regeer.




**FIGUUR 2.1:** **Mesopotamië** (Ceram, 1974:226)

Die feit dat Sanherib vir Esarhaddon, sy jongste seun, as sy troonopvolger aangewys het, het gedui op 'n paleis-intrige soos wat waarskynlik dikwels in die antieke tyd voorgekom het. Naqi'a was voorheen die vrou van 'n Assiriese offisier, hy het haar tydens 'n veldtog gesien, verlief geraak op haar en haar saamgeneem na Ninevé waar hy met haar getrou het. Haar bekwaamheid het Sanherib se aandag getrek en hy is later met haar getroud. Sy liefde vir haar was moontlik een van die redes waarom sy keuse op die jongste seun as troonopvolger geval het en nie soos normaalweg op die oudste of oudste lewende seun nie. Hierdie buitengewone keuse van Sanherib het hom sy lewe gekos aan die hande van sy ouer seuns in 681 v.C., 2 Kon 19:37 (Nemet-Nejat, 1998:40).

Hierdie vroegtydige en gewelddadige dood van Sanherib sou lei tot een van koningin Naqi'a se mees merkwaardige prestasies in haar regering. Die dood van die koning is deur die Assiriese koninklikes gesien as wraak van die god Marduk. Die koninklike familie wou deur die stad Babilon gou en goed te herstel verdere rampe teen hulle en die dinastie voorkom. Aangesien Naqi'a reeds regentskap oor Babilon gehad het, het sy besluit om dus die stad Babilon dadelik te laat herstel. Sy het vakmanne oor die hele ryk laat kom en die werk in 'n rekord tyd van elf jaar afgehandel (679-668 v.C.) Die indrukwekkende bouwerk het onder andere 'n groot versterkte muur, 'n brug oor die Eufraatrivier, twee paleise, 'n tempel vir Bêl in die middel van die stad ingesluit (Lewy, 1952:271). Dit was dus onder haar administrasie dat planne vir die rekonstruksies van die stad opgestel en uitgevoer is. Die Semiramis legende maak ook melding van die historiese feit van die herstel van Babilon wat gedoen is deur 'n regerende koningin wat die eggenote en moeder van 'n Assiriese koning was.

Nadat Naqi'a hierdie bouwerke voltooi het, het sy, soos tipies van 'n Assiriese vors, begin om die ryk uit te brei. Sy het in die ooste 'n veldtog teen Medië begin en sover as die streek van Ekbatana gegaan. In die suid-weste het sy Egipte en Etiopië bereik en ingeneem. Hierdie inname van Egipte was selfs tot voordeel van haar kleinseun Assurbanipal. Eers het Esarhaddon daarin

geslaag om dele van die Nylvallei in sy ryk in te sluit (Sou dit die resultaat van sy ma se veldtog wees?) Dit het geblyk dat die stad "Babilon" in Egipte, effens noord van Memphis, gestig is deur offisiere wat Naqi'a na Egipte vergesel het (Lewy, 1952:280). Memphis is later deur Naqi'a se kleinseun Assurbanipal as sentrum van sy Egiptiese administrasie gebruik.

'n Belangrike aanduiding dat Naqi'a reeds gedurende Sanherib se regering in sy naam regeer het, word aangetref in die verwysing na die paleisopsigter van die koninginmoeder in die stad Lahiru in 678v.C. 'n Tweede verwysing na dieselfde amptenaar van die koningin-metgesel is gedateer 683 v.C. Dit blyk dus dat Naqi'a reeds tydens Sanherib se regering hierdie amp van regent beoefen het.

Korrespondensie van hoofde van vassalstate aan haar met versoeke aan die koning, haar seun is ook gevind. Religieuse funksies van die ryk is blykbaar ook deur haar hanteer. Dit blyk dat sy die goewerneurskap oor die hele ooste en suid-ooste van Babilon gehad het om die grensgebiede te beheer. Dit wil voorkom of die stad Lahiru in 670 v.C. tydens die herstel van Babilon die tydelike, sentrale administrasie sentrum was.

Esarhaddon het, waarskynlik met sy vader Sanherib se lot na aanwysing van homself as troonopvolger in gedagte, vroegtydig sy opvolger aangewys. Esarhaddon het sy derde seun Assurbanipal as troonopvolger aangewys en terselfdertyd die tweede seun Samas-sum-ukin as kroonprins van Babilon aangewys, aangesien die oudste oorlede was. Na Esarhaddon se skielike dood het Assurbanipal die troon van Assirië bestyg en 'n jaar later sy tweede broer as koning van Babilon gekroon.

Naqi'a het egter ook tydens haar kleinseuns se regerings voortgegaan om 'n prominente rol te speel en in belang van die Assiriese ryk op te tree. Tydens haar kleinseun Assurbanipal se troonsbestyging het sy onder die Assiriese naam Zakutu, met die nuwe koning se broers, seuns, provinsiale goewerneurs, offisiere en die volk 'n verbond van getrouheid met eedswering

gesluit. By 'n latere geleentheid het sy alle partye van die verbond bymekaar geroep en hulle, volgens hulle belofte, versoek om enige sameswering teen die koning aan **haar** en aan die koning te rapporteer (Lewy, 1952:282). Ongeveer sestien jaar later het Samas-sum-ukin egter met 'n alliansie vanuit die ooste, suide en weste teen sy broer opgetrek. So het hy die eed aan die koningin-moeder en sy broer verbreek.

Dit is noemenswaardig dat by drie geleenthede Naqi'a haar naam voor die van Assurbanipal geskryf het. Die feit dat sy self die verbond van getrouheid ingestel het is besonder. Dit is nie bekend of sy dit gedoen het omdat sy die mees senior lid van die koninklike familie was nie, of bloot weens die gewig wat haar persoonlikheid gedra het. Die prestige van Naqi'a wat na vore kom in die omvattende maatreëls om rebellie te voorkom, oorskadu heeltemal dié van haar seun en kleinseun. Haar statuur verklein selfs die belangrike grondleggers van die neo-Babiloniese koninkryk.

Dat die koningin Semiramis/Nitokris/Naqi'a/Zakutu 'n koningin in die ware sin van die woord was, ly geen twyfel nie. Haar intellek, werkywer, versiendheid en patriotisme plaas haar in die hoogste kategorie.

Soos wat dit in meeste van die gevalle die rede was dat koningsvroue regerende koninginne geword het, was dit ook die geval met Sammuramat en Naqi'a. Hulle eggenote sterf wanneer die kroonprins nog 'n kind is. Hierdie vroue tree dan op as regente vir hulle seuns. Naqi'a het egter 'n dubbele rol vervul: sy was regentes vir haar jong seun Esarhaddon, maar is reeds gedurende haar eggenoot se regering aangestel as regent/goewerneur van oos-Babilonië. Haar regentskap was uniek aangesien dit geduur het tot in die regering van haar kleinseun Assurbanipal. Naqi'a het ook opgetree as beskermer van die koning en die belange van die Assiriese ryk en ideaal om soveel as moontlik lande in een ryk te verenig.

## 2.3 FENISIË

### 2.3.1 Inleiding

Wanneer gekyk word na die posisie van vroue in die Umwelt van Israel en Juda, is die geval met Fenisië, soos met verskeie ander lande, dat baie min inligting die gang van die tyd weerstaan het. Aangesien die materiaal waarop geskryf is baie broos was, het van die inligting wat van hierdie beskawing oorgelewer is, verlore gegaan. Die ligging van Fenisië aan die kus het bygedra tot die welvarendheid van die land. Die feit dat die Fenisiërs seevaarders was, het die rykdom en beskawingspeil van die volk verder verhoog. Fenisië het die handelsroetes na die hinterland beheer en het na alle waarskynlikheid ook hulle eie sake en kultuur in hierdie proses bevorder en uitgebrei (vergelyk Eseg 27:3-29).

Oor-grens beïnvloeding kom normaalweg tussen buurlande voor. Met Israel en Juda en die ontwikkelde beskawing van Fenisië was dit dan ook nie anders nie.

So het verbintenisse tussen Israel en Fenisië reeds van vroeg af bestaan. Daar was byvoorbeeld kontrakte tussen Hiram en Salomo vir die tempelbou in Jerusalem (1 Kon 4:6). Fenisiese invloede het dus na alle waarskynlikheid reeds in daardie tydperk saam met ambagslui wat vir die tempelbou verantwoordelik was die land binnegekom.

Geen beskawing is los van godsdiens/religie nie. Die Fenisiese beïnvloeding is dus geen uitsondering nie. Vroue was uit die aard van die saak ook hierdeur geraak.

Na die verdrag tussen Hiram en Salomo is die volgende noemenswaardige verdrag tussen Israel (die Tienstammeryk) en Fenisië aangegaan tydens die regering van Omri. Hierdie verdrag tussen die twee buurlande is verseël deur Omri se seun Agab se huwelik met die Fenisiese prinses Isebel. Anders as

met Hiram se ambagsmanne het Isebel haar in Israel gevestig en was sy dus die vernaamste "uitvoerproduk" van Fenisië na Israel. As teenprestasie het Agab die Fenisiese Baäl godsdiens in Israel 'n vastrapplek gebied.

Die monoteïstiese Jahwe-godsdiens was egter nog lewendig in Israel, hoewel afgodery wel onder Israeliete voorgekom het. Die vermoede bestaan dat die Baälgodsdiens reeds by die Tiriese handelsplek in Samaria voorgekom het. (Katzenstein, 1973:149) Met die dien van die Baäl het Agab sinkretisme amptelik op die hoogste vlak ingebring.

Koning Etbaäl, die vader van Isebel, was benewens die koning van Fenisië die hoofpriester van Baäl en Astarte (Weiner, 1978:4).

### 2.3.2 Konings en edelvroue van Fenisië

Outentieke bronne oor die geskiedenis van Tirus onder Hiram se opvolgers is baie skaars vanaf Hiram tot die stigting van Kartago, sowat 150 jaar later. (Katzenstein, 1973:117).

Die koningslys is as volg:

- Hiram word opgevolg deur sy seun Balbazer
- Balbazer word opgevolg deur Abdastratus
- Abdastratus word opgevolg deur Methusastratus
- Methusastratus word opgevolg deur Astharymus
- Astharymus word opgevolg deur sy broer Phelles
- Phelles is vermoor deur Etbaäl, priester van Astarte
- Opgevolg deur sy seun Balezor
- Balezor opgevolg deur sy seun Metten
- Metten opgevolg deur Pygmalion

Voorts blyk dit dat die koningskap en priesterskap in Fenisië baie nou aan mekaar verbonde was. Later sou Pygmalion se suster met haar oom, die hoofpriester van Baäl Melkart, trou. Hierdie oom van Pygmalion was sy

adjunk op grond van sy priesterskap. Die moontlikheid bestaan dat die gebruik in Tirus voorgekom het dat een van die regerende koning se dogters as priesteres van die hoof god Baäl Melkart aangestel is (Brenner, 1978:12).

By Etbaäl sou dit 'n dubbele konsolidering vir sy koninklike familie wees: hy as koning was reeds voor sy troonsbestyging 'n priester van Astarte.

Indien sy dogter dan as priesteres van Baäl Melkart gedien het, sou die familie 'n politieke-godsdienstige-ekonomiese monopolie van die land verkry het. Daar bestaan ook nog die legende dat Tirus die geboorteplek van Astarte was en dat sy haar lewe daar deurgebring het (Katzenstein, 1973:9) (vergelyk Eseg 28:2). Dit blyk dat Etbaäl wel sy posisie as hoofpriester na sy troonsbestyging behou het.

As koning van 'n vooruitstrewende seevarende land, het Etbaäl waarskynlik ekspansionistiese gedagtes gekoester. Hy het 'n Tiriese handelspos naby Byblos gevestig waardeur die Fenisiese invloed uitgebrei is en Byblos se status verlaag is (Katzenstein, 1973:115). Wanneer Josephus dus aandui dat Isebel afstam van 'n reeks konings, is dit baie duidelik dat sy in die huis en land van haar eggenoot Agab nie net die ornamentele posisie as 'n simbool van 'n verdrag sou beklee nie. Voeg daarby die feit dat sy waarskynlik die hoofpriesteres van Baäl Melkart was, en ons het 'n vrou met 'n buitengewone missie in haar nuwe vaderland (Josephus: Ant. 1 X, 123, in Katzenstein, 1973:129).

### 2.3.3 Fenisiese model van koningskap soos deur Isebel beliggaam

Die sterk figuur Isebel skets vir ons die hoofraamwerk van die koningskap van Fenisië. Die inligting vanuit die Bybel en soos in buite-Bybelse bronne vervat, vorm die prent van die koningskap gedurende die betrokke tydperk van hierdie studie. Die paradoks is baie treffend dat sy as 'n vrou uit 'n land kom waar daar, sover bekend, geen koninginne of vroulike konings soos in

Mesopotamië was nie en dan optree volgens gebruike in haar vaderland in haar nuwe tuiste Israel. Die rol en posisie van 'n vrou uit die Umwelt van Israel, in hierdie geval Fenisië/Tirus en Sidon, word dus afgelei uit haar optrede in die koningshuis van Israel self. Die hoofraamwerk, die beeld van 'n vrou in die koningshuis van Fenisië word dus retrospektief daargestel.

Eerstens kan na 'n breë en algemene lys van eienskappe gekyk word wat by koningskap sou kon voorkom:

- Die koning moet in beheer wees van sy land en sy mense, as't ware oor absolute mag beskik;
- Die steunstrukture moet in posisie wees ten opsigte van die religie, amptenary/administrasie, leër en volgelinge;
- Koningskap deur middel van dinastieke of charismatiese beginsels. Beoefening van koningskap volgens aangebore of toegekende gesag;
- Koning moet toerusting vir die beoefening van die koningskap hê. Die koning moet goeie/bekwame raadgewers hê;
- Die koning moet finansiële vermoëns of toegang tot rykdom hê;
- Die koning tree verteenwoordigend van die volk voor die godheid op weens noue verbintenis tussen koningskap en priesterskap;
- Die koning se woord is wet; en
- Die koning was absolute eienaar van grond.

Wanneer na Isebel se posisie in die koningshuis van Agab in Israel en, na alle waarskynlikheid, ook na haar posisie in haar vader koning Etbaäl se regering in Fenisië gekyk word, wil dit voorkom asof die legende van Tirus as geboorteplek en woonplek van Astarte 'n rol kon gespeel het.


Die regering van koning Omri van Israel was polities baie meer vaardig en aktief as sy voorgangers. 'n Betekenisvolle verskil het ingetree met die verdrag wat Omri met Fenisië gesluit het, aangesien dit verseël is met die huwelik tussen Omri se seun Agab en prinses Isebel (Weiner, 1978:5). Die aanbidding van Baäl deur Agab in Tirus was waarskynlik 'n nodige handeling om die alliansie met Tirus te finaliseer. Die luisterryke seremonie (Ps

45:10,13,14,15) was die begin van omvattende veranderinge in Israel. Die byna onmiddellike aanbidding van Baäl deur Agab was 'n teken dat die Baäl/Astarte godsdiens voortaan 'n "vervoermiddel" van vernuwing en verandering in Israel sou wees.

Die gesamentlike Israel/Tiriese ekspedisies het ook groot rykdomme na Israel gebring. Die lewensstandaard is verhoog en 'n nuwe stedelike klas het ontstaan wat gewoond geraak het aan luukshede. Die invloed van Tirus op Israel deur die navolging van die vreemde moraliteit het die daaglikse lewenspatrone van die bevolking en die hoë lui in Samaria, Israel en later ook Jerusalem, erg gesekulariseer.

Aangesien skrif reeds van vroeg af in Fenisië algemeen was, kan dit wees dat Isebel geletterd was. Sy neem self die inisiatief om briewe te "skryf" aan die leiers van Nabot se stad (1 Kon 21:8,9). Indien aanvaar word dat sy wel 'n Baäl priesteres was, het sy, soos waarskynlik alle kinders van hoë amptenare en adellikes, seker 'n goeie opvoeding en opleiding ontvang.

Die huwelik tussen Agab en Isebel was iewers tussen 876 en 872 v.C. Hierdie tydperk was tydens die laaste deel van die eerste dekade van koning Etbaäl se regering. Die einde van hierdie eerste dekade van sy regering was ook die hoogtepunt van Tirus se meerderwaardigheid oor sy bure. Dit kan aanvaar word dat Isebel dalk advies en riglyne uit haar tuisland ontvang het wat rigting gegee het aan haar optrede as (vreemde) vrou in Israel (Katzenstein, 1978:130).



**FIGUUR 2.2:** **Die godin Anat** (Cassuto, 1971)

Ten spyte van Isebel se goeie opvoeding en adellike afkoms het haar aggressiewe persoonlikheid as't ware die "model" van die despotiese antieke Oosterse konings weerspieël soos dit gestempel is deur hulle godsdiens. Die godinne van die Baälgodsdiens het heelwat mag gehad en was selfs aggressief, soos Anat. Die goeie voorbereiding wat Isebel ontvang het, sou nie alleen betrekking hê op haar rol as moontlike priesteres van Baäl nie. Volgens die voorbeeld van haar vader sou sy streef na die konsolidering van die godsdienstige en sekulêre dele van die regering. Aangesien die een deel met die ander vervleg was en as't ware komplementêr was, was absolute korrelasie nodig. Ten einde hierdie vervlegting te bewerkstelling volgens die Fenisiese voorbeeld, gebruik Isebel die Baäl en Astarte priesters en profete. Hierdie amptenare is dan deur haar gebruik om die algemene bevolking, selfs

met dwang, oor te haal tot die Baäl-Astarte godsdiens. Geweld was vir Isebel nie vreemd nie en die teenstanders van sinkretisme is deur Isebel se onderdane vervolg.

Isebel se ekonomiese vermoëns, waarskynlik deels vanaf Baäl en Astarte tempel-inkomste, is moontlik aangewend vir die implementering van haar despotiese magsuitoefening. Die omvang van Isebel se mag laat selfs Elia, die "oorwinnaar" van Karmel, vlug. In haar dreigement om Elia te vermoor gebruik Isebel 'n taalkundige formule van 'n eed. Die woorde wat sy gebruik is van 'n sterker belangriker persoon aan 'n ondergeskikte gerig (byvoorbeeld van Salomo aan Batseba in 1 Kon 2:23) (Brenner, 1978:17). Selfs met haar nederlaag op Karmel blyk Isebel byna onoorwinbaar: sy gee nie bes nie, slegs nuwe haat en woede word by haar opgewek. Isebel se blinde, missionêre ywer vir haar Baäl Melkart godsdiens, laat dit byna voorkom asof sy 'n tweede Tirus van Samaria wou maak!

Wanneer Isebel in haar ekstremistiese rolvervulling as fanatieke Baäl priesteres gelyke regte, of dalk 'n meerderheidsaandeel, vir haar afgod opeis en afdwing, tas sy die bestaansreg van die volk Israel aan.

As uitverkore en geroepe volk eis die Verbondsgod onverdeelde trou aan Hom. Vir die eerste keer sou twee wedersyds uitsluitende godsdienste naas mekaar gestel word. Deur haar toedoen het Isebel (onwetend?) die volk Israel se ontstaan- en bestaansreg ondermyn. As vrou het Isebel nie 'n "militêre" oorname gedoen nie, maar wel 'n "siels-oorname". Soveel te meer dat Agab die ware God gelyk gestel het aan 'n afgod en van die God van Israel 'n "geleentheids-God" gemaak het. Agab se pragmatiese ingesteldheid laat hom tog valse Jahwe profete aanhou (1 Kon 22:23).

Isebel en haar optrede teen Elia is dus in werklikheid 'n stryd van Baäl, die natuurgod, teenoor die enige ware God van Israel, die Skepper van die natuur en die heelal. Dié God wat ewig lewe teenoor die god wat opgewek moes word en seisoenaal geleef het. Volgens heidense despotiese beginsels

vertoon Isebel die vermoë om 'n geringe saak, 'n redelose begeerte van Agab vir 'n stuk grond op te blaas; terwyl sy aan die ander kant 'n baie belangrike saak soos die oorsprongs- en voortbestaansreg van Israel wil nihileer deur hulle die rug op die God van Israel te laat draai.

Die bekwame regering van Agab is verder deur Isebel vanaf die vroulike kant versterk. Dit wil byna voorkom asof hierdie prinses/priesteres van Fenisië aangestel is as "minister van godsdiens- en kultuursake" in Israel. Isebel het as 'n aktiewe deelnemer en vennoot in Agab se regering opgetree, en dit bepaal in werklikheid haar status as koningin. Isebel se optrede in Agab se regering is byna soos 'n "adjunk": byna soos die oom van koning Pygmalion van Fenisië wat sy adjunk was op sterkte van sy Baäl/Astarte priesteramp (Brenner, 1978:7). Die (koninklike) mag wat Isebel uitgeoefen het was in werklikheid mags-toe-eiening wat deur Agab toegelaat is, en deur haar opgeraap is. Agab het verkies om sy aandag aan "belangriker" sake te wy en sekere afdelings aan sy "bekwame", geskoolde (?) vrou oor te laat. Isebel het met volmag opgetree en Agab se seël (haar eie seël vir gebruik namens Agab) gebruik om die "wettige" moord op Nabot deur te voer. Sy het die despotiese beginsel dat die koning die absolute eienaar van grond is, toegepas (Brenner, 1978:17). Isebel se organisatoriese vermoëns stel haar instaat om met absolute mag op te tree: met skerpsinnigheid en sluwe bedrog voeg sy die daad by die woord en laat Nabot sogenaamd "wettig" vermoor.

Die spoedige afhandeling en uitvoering van die "straf" vir Nabot dui op Isebel se omvangryke vermoë en infrastruktuur wat haar opdragte wet gemaak het. Wanneer die afhandeling van Nabot se straf aan haar self gerapporteer word en sy die gekonfiskeerde grond aan Agab gee, word haar byna koninklike statuur bevestig. Hierdie magsgreep wat Isebel uitgevoer het om Agab se sinnelose begeerte van verbode grond te bevredig, toon Isebel by uitstek in die rol van die despotiese Oosterse konings.

Isebel het sistematies veranderings in die samelewing van Israel bewerkstellig: op politieke, ekonomiese, kulturele en religieuse terrein. Met haar koms na Israel, as't ware by die agterdeur in, het sy met haar persoonlikheid en vermoëns byna elke faset van die samelewing verander. Isebel het haar geboorteland en kultus as by verre meerderwaardig bo dié van die "primitiewe" koninkryk van Israel beskou en die nuwe en waarskynlik meer gesofistikeerde kultuur was ook vir die Israeliete baie aantreklik.

Deur Isebel se "soewereine" optrede bring sy 'n vloek oor die koningshuis, maar terselftertyd ook oor haarself en haar seuns Joram en Ahasia. Die vraag kan met reg gevra word oor wat Isebel se rol was in die ondergang van die koningshuis van Agab/Omri. Sy het inisiatief namens Agab geneem, Agab as't ware mislei en in die ondergang van die dinastie na alle waarksynlikheid 'n reuse aandeel gehad. Die sosiale geregtigheid wat God, as die eintlike "koning" van sy volk, vereis het, was in sterk kontras met die absolute mag van die antieke Oosterse despote, soos verteenwoordig deur Isebel.

Wanneer die koningskap van Hatshepsut van Egipte met Isebel se optrede as koningin vergelyk word, is daar opvallende verskille en ooreenkomste.

Soos Hatshepsut het Isebel as't ware die koningskap by Agab oorgeneem, hoewel net sekere aspekte daarvan. Hatshepsut se optrede was ook inisiërend en vreesloos in 'n wêreld waar mans oorheers het. Hoewel daar 'n aansienlike tydsverskil is tussen Hatshepsut en Isebel is, was vroue nie in die antieke Ooste as heersers aanvaarbaar nie. Die optrede van Isebel was in 'n later en meer ontwikkelde tyd. Desnieteenstaande blyk die Egiptiese koningskap meer verfynd te gewees het as die despotiese Fenisiese model. Net soos haar vader was Isebel ook verantwoordelik vir die ondergang van 'n dinastie: Etbaäl het Phelles vermoor en die dinastie beëindig terwyl Isebel grootliks vir die verwerping van die Omri/Agab dinastie verantwoordelik was. 'n Verdere ooreenkoms tussen Isebel en Hatshepsut is die uitwissing/ weglating van getuienis oor hulle.

Wanneer Isebel as Fenisiër in Israel optree soos die antieke Oosterse despote, kan daar twee bronne van krag aangewys word vir haar optrede. Eerstens was dit die teofore (van Baäl) komponent wat Isebel sowel as Etbaäl in hulle name het, wat haar op 'n besondere wyse met Baäl/Astarte verbind het. Tweedens blyk dit 'n instelling in Fenisië te gewees het dat die hoof priester(es) tweede in rang na die koning was (Brenner, 1978:10). Isebel het egter gepoog om die koningskap/regentskap oor te neem na haar seuns se dood. Deur haarself te versier en Jehu vanuit die venster uit die hoogte, soos in 'n koninklike oudiënsie aan te spreek, sou sy beslis die koningskap op haarself wou neem.

In haar optrede het Isebel soos 'n koning, byna met absolute gesag opgetree met die ondersteuningstrukture van haar Fenisiese amptenare. Haar koninklike afkoms het verder haar posisie en optrede bepaal. Die moontlikheid bestaan dat haar opgeleide amptenary haar seker ook van raad bedien het hoe om haar finansiële vermoë te gebruik om haar woord wet te maak.

## 2.4 EGIPTE

### 2.4.1 Inleiding


Die deurlopende kenmerk van inligting ten opsigte van vroue in die antieke tyd is die gebrek daaraan. Die kennis omtrent Egiptiese vroue is eweneens gebrekkig. Die inligting wat wel voorkom, blyk egter veral met betrekking tot koninklike vroue of vroue wat behoort het tot die welvarende strata van die amptenary te wees.

Riglyne vir optrede van persone soos wat in die Wysheidsliteratuur voorkom was egter net met betrekking tot mans.

In teenstelling met die posisie van vroue in die meeste antieke beskawings, het Egiptiese vroue in teorie dieselfde wetlike en ekonomiese status as die man beklee (Piccione, 1995:1). Hierdie inligting kon verkry word vanuit die kuns en geskrifte uit bepaalde tydperke. Dit wil voorkom asof alleen die Egiptiese vroue in die antieke wêreld hierdie voorreg geniet het.

Dit is interessant dat selfs vroue onder die Griekse beskawing nie hierdie regte geniet het nie. Selfs nadat Griekeland beheer oor Egipte verkry het (332 v.C.), is Egiptiese vroue meer regte en voorregte toegelaat as vir die Griekse vroue. Die Griekse vroue was verplig om onder die Griekse stelsel te leef waar vroue minder gelyke status geniet het as mans (Joyce Tyldesley s.j., 1). Beide die Egiptiese en Griekse stelsels van wette en sosiale tradisies het parallel tydens hierdie tydperk in Egipte voorgekom. Die besondere posisie van die Egiptiese vroue in die samelewing wat oor so 'n lang tydperk vooraf bestaan het, het dus tot die ironiese situasie gelei dat die vroue van die onderdrukker minder voorregte en 'n laer status as individue gehad het as die onderworpe vroue!

Die rede waarom slegs Egiptiese vroue hierdie regte in die antieke tyd besit het, is egter onbekend. 'n Moontlike verklaring vir hierdie opset word gegee deur Piccione (1995:1). Vroue se posisie kon moontlik bepaal word deur die teoretiese rol van die koning van Egipte. As die farao die personifikasie van Egipte was en hy die korporatiewe persoonlikheid van die Egiptiese staat verteenwoordig het, sou mans en vrouens nie in hulle gebruiklike verwantskap tot mekaar gesien kon word nie. Mans en vrouens (die mens, die Egiptenaar) sou alleen gesien kon word in verband met hierdie "koninklike sentrum, middelpunt" van die gemeenskap. 'n Moontlike skematiese voorstelling, ter toeligting sou as volg kon wees:




Mans en vroue staan dus in dieselfde "baan" (ewe ver) van die koning/Egipte af. Almal is gelyk in hulle verpligtinge/verantwoordelikhede teenoor die koning. Die Egiptiese nasionale identiteit sou bepaal word deur alle mense wat in 'n gemeenskaplike verwantskap tot die koning gestaan het.

Hierdie gedeelde verwantskap van die geslagte was per implikasie 'n gelykskakeling tussen die man en vrou. Sou dit wees volgens Egiptiese siening dat 'n volledige staat manlik en vroulik was en dat die "komponente" soos twee halwe sirkels wat eenders is 'n volledige sirkel (nasionale identiteit) sou vorm?

'n Belangrike aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat regte en voorregte tussen klasse verskil het, maar binne klasse vir geslagte blykbaar dieselfde was. Verskil in status was dus veral vertikaal en nie soveel horisontaal nie. Die vraag ontstaan of die posisie van vroue in die res van die antieke wêreld nie uit vertikale sowel as horisontale verskille bestaan het nie.

**Vertikaal**: Vroue van hoër klasse het seker meer regte en voorregte as vroue van laer klasse gehad.

Op **horisontale** vlak was daar egter verskille tussen geslagte wat die vroue benadeel het.

Die meeste geskrifte van vóór die Nuwe Ryk gee inligting weer ten opsigte van die elite. Die meer welvarende deel van die bevolking het dus die middele gehad om geskrewe rekords óf grafkelders met sodanige rekords na te laat.

Vanaf die Nuwe Ryk ±1570 v.C. (Kitchen & Mitchell in Douglas, 1972:218) het meer en meer geskrifte voorgekom oor nie-elite vroue. Veral baie geskrifte van die middel- en lae klas het voorgekom vanaf die Ptolemese tydperk.

### 2.4.2 Die rol van nie-koninklike en middelklas vroue

Die gelykskakelende vereiste vir alle vroue in Egipte was die gemeenskapseis om 'n huishouding tot stand te bring, te versorg en in stand te hou, sowel as die versorging van kinders. Die verskil in klasse vroue wat in die samelewing voorgekom het, het egter die omvang en voorkoms van die rol van vroue op verskeie terreine bepaal. Die hoofsaak was dat vroue se domein geleë was in die privaat lewe, hetsy koninklik, elite of nie-koninklik. Die kry en versorging van kinders en sorg vir die huishoudelike sake het egter verskil van klas tot klas. By die laer klasse het dit dikwels meer selfwerksaamheid beteken, terwyl die aard daarvan verskil het ten opsigte van die klasse.

Die groter huishoudings wat in die hoër klasse voorgekom het, het waarskynlik heelwat werkers gehad wat byvoorbeeld in die wewery gewerk het. Ander werkers was dalk betrokke by die maak van klere en ander weer verantwoordelik vir vrugte- en groentetuine. Die bereiding van voedsel vir huismense en werkers kon dus 'n aansienlike taak wees. Die vrou van die huis was dus in beheer van 'n groot groep mense en moes sy sorg vir voorrade en die effektiewe funksionering van al die aktiwiteite. Die voedselvoorsiening en stoor fasiliteit was dus geen geringe taak in veral die groter huishoudings nie (Ward, 1995:5).

Soos reeds aangetoon het vroue in Egipte baie vryhede en voorregte op vele lewensterreine geniet en kon hulle ekonomiese onafhanklikheid hê en deel in die stabiele ekonomie van die land. Die regte/voorregte van vroue, dan veral nie-koninklike vroue, kan op die volgende terreine aangetoon word (Piccione, 1995:2).

#### 2.4.2.1 *Wetlike regte van vroue*

Uit wetsdokumente wat behoue gebly het, blyk dit dat vroue eiendom kon koop en na willekeur kon verkoop. Volgens hierdie dokumente kon vroue ook privaat eiendom bestuur. Goedere, slawe en lewende hawe is ook deur vroue besit en verhandel. Vroue kon ook slawe bevry na keuse. In 'n huweliks- of egskeidingskontrak was 'n vrou 'n kontrak deelgenoot. Vroue was ook eksekuteurs van testamente. Hulle kon wetlike vervolging doen sowel as hofsake iniseer sonder 'n manlike verteenwoordiger vir hulle.

#### 2.4.2.2 *Vroue in kontraksluiting*

In aansluiting by vroue se wetlike posisie is hulle stand in kontraksluiting. As onafhanklike persoon voor die reg kon vroue selfstandig kontrakte sluit: huwelik- en egskeidingskontrakte, kontrakte vir die aanstelling van verpleegsters (kinderoppassers) vir kinders (wet nurses). Ten einde inkomste te bekom kon vroue kontrakte sluit vir self-verslawing en kon selfs hulle kinders en kleinkinders insluit.

#### 2.4.2.3 *Vroue in die hof*

Soos reeds geblyk het uit die wetlike regte van vroue en hulle reg om onafhanklik kontrakte te sluit, het dit per implikasie hulle volwaardige posisie in die hof aangedui. Vroue het geen vooroordeel ondervind nie en baie sake is deur vroue gewen. Die baie vroeë Hermopolis Wetskode (± 3000 v.C.) het 'n mate van diskriminasie gehad. Wanneer 'n eksekuteur 'n boedel verdeel kon/het hy as vergoeding vir homself die erfdele van die reeds oorlede kinders opgeëis. Vroue kon dit egter nie doen nie.

### 2.4.2.4 *Eiendomsreg van vroue*

Eiendomsreg was een van die basiese voorregte van Egiptiese vroue van alle stande. Eiendom kon verkry word as geskenke, deur erflating en deur dit aan te koop. Vroue was ook geregtig op een derde van gemeenskaplike eiendom in 'n huwelik. Haar private eiendom bly hare, hoewel haar eggenoot dit kon gebruik. By egskeiding neem sy haar private eiendom terug, sowel as eiendom volgens egskeidingsooreenkoms verkry. 'n Man kon na willekeur meer eiendom aan sy vrou nalaat. Indien 'n man geen kinders gehad het nie, kon hy sy vrou wetlik aanneem as kind en haar sodoende alles laat erf. 'n Vrou kon haar eiendom bemaak volgens haar keuse deur middel van haar eie testament. Sy kon selfs haar kinders onterf van haar private eiendom.

### 2.4.2.5 *Openbare optrede van vroue*

Die meeste riglyne vir die openbare optrede van die Egiptenaars wat bekend is, was slegs vir mans (Depla in Archer, 1994:25). Uit voorafgaande blyk dit dat vroue vrylik buite die huis kon beweeg. Hulle werk het hulle geneem na die landerye en die werks- en weefwinkels van die landgoed. Buitenshuise werk het hulle in die openbaar uitgeneem waar hulle die noodsaaklike werk vir inkomste of instandhouding van die gesin gedoen het. Die vroue van daardie tyd het, sover bekend, geen sluier gedra nie. Hoewel vryheid van beweging toegelaat is, het die tradisie alleen reis ontmoedig.

### 2.4.2.6 *Geletterdheid van vroue*

Die geletterdheid van vroue in alle tydperke was onbekend. Vir die hele bevolking word 'n geletterdheidspersentasie van ongeveer 1% aangegee, terwyl 'n ander syfer dit op 5-10% stel. Dit kan egter aanvaar word dat geletterdheid by vroue altyd laer was as by mans, vanaf die Ou Ryk tot in die Laat Tydperk, dit wil sê tot ongeveer die tyd van Salomo (Kitchen & Mitchell in Douglas, 1972:219).

Die verskil in geletterdheid tussen die drie klasse vroue was soos volg: Die lae klas vroue was hoofsaaklik ongeletterd; die middelklas vroue en vroue van "professionele" mans was 'n bietjie meer geletterd, terwyl die hoë klas na alle waarskynlikheid 'n nog hoër koers van geletterdheid gehad het. Daar bestaan wel bewyse van hoë klas vroue uit die Ou en Middel Ryk met administratiewe titels. Sodanige titels het geletterdheid aangetoon. In die Nuwe Ryk (± 1290-1085 v.C.) is daar aanduiding van 'n afname in hierdie titels wat dalk op die erodering van die vroulike geletterdheidskoers dui. Daar is ook enkele briewe wat deur vroue gestuur en ontvang is, gevind.

Prinsesse het blykbaar privaat tutors gehad wat hulle leer lees en skryf het. Die dogters van howelinge is waarskynlik saam met koninklikes geskool. Daar is aanduidings dat koninklike vroue van die 18e dinastie waarskynlik gereeld opgelei is, aangesien daar funksionele leiers onder hulle was.

### *2.4.2.7 Vroue in beroepe*

In aansluiting by geletterdheid is die getuienis oor vroue in beroepe. Daar is aanduidings van die hoër klas vroue wat amptelike poste beklee het. Waarskynlik weens hulle geletterdheid kon sulke vroue werklike, amptelike poste beklee. Vroue in formele arbeid buite die huis word baie meer aangedui tydens die Ou Ryk as in latere tydperke. Van die 353 gepubliseerde briewe van Egipte word in 13 vroue van verskillende administratiewe range as outeurs aangedui.

Die hoogste administratiewe titels vir 'n gewone (middelklas?) vrou is gehou deur Nebet gedurende die sesde dinastie. Sy was 'n visier, regter en magistraat sowel as eggenote van die monarg van Coptos en grootmoeder van koning Pepi. Die moontlikheid bestaan dat dit 'n eretitel was wat dalk nadoods toegeken is. Geen uitsluitsel hieromtrent kan egter gegee word nie. Heelwat van die titels wat ware administratiewe gesag gehad het, soos byvoorbeeld "hoëpriester van Amun" by die tempel van Karnak, was posisies van mans. Vroue kon en het egter wel manlike administratiewe posisies

gehad. Die rariteit mag dui op buitengewone individue in ongewone omstandighede wat sulke poste beklee het.

Dit het egter geblyk dat werk van die middel- en hoër klas vroue ook beperk was tot die huis en gesin. Hierdie beperkings was egter nie as gevolg van minderwaardigheid van die vrou nie, dit het geblyk 'n praktiese reëling te wees. Die mans en seuns het die openbare rolle vertolk en die mans was, volgens tradisie, die uitvoerders van die doodsrituele vir hulle ouers, offers by grafte en die opsê van offer formules. Dit kan aangevoer word dat die rede waarom vroue so min in die openbaar opgetree het, was dat omdat die man so 'n belangrike rol in die religie gespeel het hulle openbare optrede daarom groter was.

### 2.4.2.8 *Vroue en misdaad*

Soos in ander samelewings was vroue ook in Egipte as slagoffers by misdaad en verkragting betrokke. Vroue was egter self ook oortreders en egbreeksters en ook bandiete.

'n Vroue misdadiger, Nesmut, is gedurende die twintigste dinastie by 'n reeks rooftogte van koninklike grafkelders geïmpliseer. Voorbeelde van vroue gevangenes is gevind. So word genoem van 'n vrou wat gedurende die Middel Ryk koninklike "diensplig" ontduik het. Vroue wat by 'n haremsameswering vir troonopvolging tydens Ramses III betrokke was, word as prisoniers getoon. Ander vroue van dieselfde groep is versoek om selfmoord te pleeg. In prisonierslyste kon egter 'n baie klein groep vroue opgespoor word, wat 'n aanduiding was van 'n baie klein persentasie vroue in aanhouding.

Die bostaande bespreking dui dus aan dat die sosiale status in Egipte op verskille tussen klasse berus het en nie op geslagsverskille nie. Vroue rolle was dikwels veronderstel om 'n man se loopbaan te bevorder. Die moontlikheid was selfs daar vir Egiptenaars om te vorder in sosiale stand.

Teoreties sou dit ook vir vroue moontlik wees. Uit 'n brief geskryf tydens die Nuwe Ryk blyk dit dat wanneer 'n man 'n verhoogde status verkry, dit nie ongewoon was om van sy vrou te skei en met 'n ander vrou uit 'n beter sosiale stand te trou nie. Vroue wat op hulle eie uitgestyg het, het wel voorgekom. Daar is gevalle waar vroue ryk geword het uit hulle eie reserwes en aanwending daarvan.


### 2.4.3 Die regerende koninginne van Egipte


Koninklike vroue in Egipte is hoofsaaklik in twee groepe verdeel:

**Die eerste groep** vroue, wat koninginne insluit, het 'n verbintenis met die koning gehad, hetsy deur 'n huweliksverbintenis of deur familie bande.

- Die koninginmoeder was die belangrikste vrou.
- Naas die koning se moeder was daar sy hoof vrou en/of gode vrou (god's wife).
- Die koning se dogters het ook 'n prominente posisie beklee en kon, soos nodig, ook 'n eggenote wees, soos byvoorbeeld Satamun, die dogter van Amenhotep III (Robins, 1993:29).
- Die koning se suster het ook 'n belangrike plek ingeneem en hulle seuns kon koning word indien nodig.

Die laaste twee groepe vroue het egter nie die onderskeidende koninklike kentekens gedra nie.




**FIGUUR 2.3(a):** **FIGUUR 2.3(b):**

**Amazing facts about Ancient Egypt** (Putnam, & Pamberton. 1994:30)

Die koning se vroue, eggenotes, het weer uit twee groepe bestaan: die eggenotes van koninklike afkoms. Onder hierdie groep was daar vroue wat na Egipte gekom het deur "diplomatieke" huwelike. Hierdie vroue was baie kwesbaar in 'n vreemde land. Indien daar nie vanuit hulle tuisland navraag oor hulle gedoen is nie, kon hulle in die vergetelheid geraak het en "verdwyn" het in 'n groot paleis opset. Daar was ook vroue wat uit oorwonne lande as huweliksmaats geneem is ten einde die oorwonne land by sy ooreenkoms te hou. Daar was ook die vroue uit die burgerstand wat koninginne geword het.



**FIGUUR 2.4:** **Akhenaten en Nefertiti** (Robins, 1993:50)

Een van die besondere koningsvroue was Nefertiti, die vrou van Akhenaten. Akhenaten het 'n enkele godheid Aton aanbid en met al die ander weggedoen. Daar is die gedagte dat Nefertiti baie te doen gehad het met hierdie godsdiens rewolusie (McKenzie, 1965:709) (sien Figuur 2.4).

**Die tweede groep** koninklike vroue, wat uit 'n baie klein aantal bestaan het, was die werklike koninginne. Hulle was vroue wat die troon van Egipte bestyg het en vir wie daar werklike regeringstye aangedui is. Hierdie vroue was in werklikheid 'n anomalie aangesien hulle as individue die troon in 'n mans-georiënteerde samelewing bestyg het. Vir twee van die vier koninginne word selfs regeringsjare aangedui. Die vier vroulike farao's wat genoem word is Nitokert/Nitocris, Sobeknofru, Hatshepsut en Twosret (Kitchen & Mitchell in Douglas, 1972:176). Nitokris het regeer aan die einde van die Sesde Dinastie. Die laaste twee regeerders van die Twaalfde Dinastie was Amenemhet IV en koningin Sobeknofru. Weens die gebrek aan 'n manlike troonopvolger het Sobeknofru, die dogter van Amenemhet III en suster van Amenemhet IV op die troon laat kom. Sobeknofru het vanaf 1798-1786 v.C. regeer (Knapp, 1988:167). Sover bekend was Hatshepsut die enigste van die vier vroue wat

haar as 'n man saam met haar medekoning Tutmoses III laat afbeeld het. Sodoende wou sy waarskynlik meer legitimiteit aan haar koningskap as 'n vrou gee.



**FIGUUR 2.5:** (Casson, 1966:125)

Daar was veral twee onderskeidende kentekens wat die koninginne gebruik het om hulle van die die nie-adellike vroue te onderskei. Hierdie koninklike kentekens (insignia) was die Horusvalk hoofbedekking (vulture headdress) met die slang en die ankh (sien Figuur 2.5). Beide hierdie kentekens van koninginne is vroeër vir godinne gebruik. Die koningsamp is deur goddelike tussenkoms ingestel, dus het die koningin, deur haar verbintenis met die koning, ook 'n mate van goddelikheid besit, wat deur die kentekens aangedui is.

Die moontlike tragiese situasie kon voorkom dat daar 'n groot aantal buitelandse prinsesse in die paleis was wat dalk na 'n tyd vir allerlei arbeid aangewend is. Die geval van die Hetitiese prinses Maathorneferura is bekend. Sy het in 'n stad in Egipte gebly wat bekend was vir kledingstofproduksie. Die betrokke stad het ook baie buitelandse inwoners gehad. Die moontlikheid het dus bestaan dat buitelandse adellike vroue in die intensiewe weefstof bedryf gebruik is. Wanneer sulke vroue uit oorwonne lande sou sterf, moet hulle vervang word met 'n ander een uit die land om die nakom van die ooreenkoms te verseker! (Robins 1993:35)

Met 'n aantal koninklike vroue en 'n groter getal nakomelinge, het daar van tyd tot tyd 'n paleisrevolusie ontstaan ten einde die wettige troonopvolger of troonhouer te vervang. So 'n geval is bekend waar 'n koninklike vrou Tiy en personeel gepoog het om die regerende koning te vervang. Dit blyk 'n baie omvattende sameswering te gewees het. Die komplot is gesmee deur haremlede sowel as howelinge en belangrike regeringsamptenare, wat senior militêre offisiere ingesluit het. Aangesien dit 'n beplande sluipmoord op Ramses III self was, het hulle die hoogste prys betaal.

Die hoofvrou/hoofkoningin het meegedoen aan die tempel rituele. Voorstellings van tempeltonele is dikwels gedoen waar die koning sowel as die koningin en van die kinders getoon word. Die koning is egter as die prominentste in die ritueel aangedui met sy vrou minder belangrik en die kinders nog minder (kleiner beelde). Die koningin kon self offer of die sistrum skud voor die gode. Volgens die mitologie en die godewêreld was elke koninginmoeder eenmaal die aardse metgesel van die god Amun-Ra. Hierdie verbintenis het haar belang by die tempel rituele bepaal. Deur hierdie goddelike ingreep is telkens die troonopvolger aangewys. Dit is dan ook op 'n soortgelyke mite dat Hatshepsut haar koningskap regverdig het. Die koninginskap was komplementêr tot die koningskap. Hierdie verwantskap het die twee interafhanklik gemaak en dus die prominensie van die koninginskap verstewig.

Die vraag kan met reg gevra word oor hoeveel mag daar gesetel was in die werklike posisie van die koninginmoeder en hoofvrou, dit wil sê wat die magsbasis van die amp was. In aansluiting daarby kan gevra word oor hoeveel mag 'n vrou met 'n sterk persoonlikheid addisioneel kon bekom. Aangesien die koningin grootliks ekonomies onafhanklik was met lojale manlike amptenare, het hierdie kombinasie 'n potensiële magbasis geskep vir 'n ambisieuse koningin. Dit kan aanvaar word dat, indien daar werklike mag in die amp van die hoofvrou was, dit nie omskryf is nie. Daar is dan ook géén aanduiding op enige monumente van vasgestelde mag wat by die koningin berus het nie (Robins, 1993:42). Dat daar wel in individuele gevalle invloed en

mag van koninginne sou kon uitgaan, kan aanvaar word. Met die vryheid, groot mate van onafhanklikheid en ekonomiese vermoëns was dit seker vir ondernemende koninginne moontlik om van hul eie klein magbasis op te tree en invloed uit te oefen tot by die koning.

Dit wil voorkom dat koninginne selfs 'n rol in die oorlog gespeel het. Koningin Ahhotep II, die moeder van koning Ahmose, word genoem in 'n buitengewone aanprysing op 'n stela in Karnak. Dit wil voorkom asof hierdie vermelding van haar rol in die oorlog gedoen is op grond van 'n ware gebeurtenis.



**FIGUUR 2.6:** **Ahmose Nefertari en Ahmose** (Robins, 1993:26)

Koninginne se betrokkenheid by bouprojekte is ook bekend. Koningin Ahmose Nefertari se naam verskyn saam met Ahmose by die kalksteengroewe en die albaste groewe by Assiut (Robins, 1993:44) (sien Figuur 2.6). Die koningin het blykbaar raad en goedkeuring gegee vir Ahmose se oprigting van 'n senotaaf vir sy grootouers. Hierdie rol van koningin Ahmose Nefertari is uniek. Die aanduiding dat sy wel deelgeneem het aan die kultus, blyk uit haar belang by geboue en rituele deelname en wyding van rituele voorwerpe. Verder het koningin Ahmose Nefertari die titel "vrou van die godheid" verkies.

Oor die eeue het daar dus koninklike vroue van formaat en met durf en deursettingsvermoë na vore gekom. Ten einde hulle ambisies en persoonlike aspirasies te verwerklik, het hulle die weelde van die paleise verlaat en na


bouterreine en selfs die slagveld gegaan. Oor die tydperk van sowat drie millenniums word egter slegs vier vroulike regeerders vermeld.

#### *2.4.3.1 Hatshepsut*


Van die werklike koninginne wat aangedui word deur regeringstydperke (regnal years) aan hulle toe te skryf, is Hatshepsut waarskynlik die bekendste en mees prominente. Hatshepsut het as werklike koningin egter 'n kategorie van haar eie. Koninginne het tydens vroeëre dinastieë hoofsaaklik aan die einde van tydperke vir kort rukkies regeer as laaste uitweg van families wat aan die einde van hulle reserwes gekom het. Hatshepsut het egter die mag oorgeneem in die florerende 18de dinastie in die Nuwe Koninkryk waar daar nie van sulke probleme sprake was nie. Sy het na raming ongeveer 20 jaar regeer (Robins, 1993:50; Hobson, 1987:17), waarskynlik tot aan die einde van haar lewe (Brunner-Traut, 1988:51).

Hatshepsut was die dogter van Tutmoses I. Daar is baie min van haar bekend tydens haar vader se regering. Van haar huwelik met haar half-broer Tutmoses II is eweneens min bekend. Uit bestaande inligting wil dit voorkom dat Hatshepsut die hoofvrou sowel as gode vrou (god's wife) van Tutmoses II was. Uit die karige inligting blyk dat Hatshepsut waarskynlik die eintlike "regeerder" agter Tutmoses II was (Internet http://www.anthro.mankato.msus.edu/egypt/history/tuthmosi.htm)

Met die troonsbestyging van Tutmoses III het Hatshepsut se karakter na vore gekom en het sy toegeneem in prominensie. Aangesien Tutmoses III baie jonk was (unusually young, a stripling) moes daar 'n regent namens hom regeer. Volgens tradisie moes die regent verkieslik 'n vroulike familielid wees (Trigger, 1983:219). As stiefmoeder van die jong koning het Hatshepsut voortgegaan om die kenteken van die hoof vrou te gebruik en het die titel gode vrou (god's wife) verkies.




FIGUUR 2.7(a):



FIGUUR 2.7(b): (Bothwell-Gosse, 1915:107)

Slegs ongeveer drie jaar na Tutmoses se troonsbestyging (Shanks, 1981:50), het Hatshepsut haarself tot koning verklaar en die troon bestyg. Sy wyk af van haar (vroulike) voorgangers en gebruik titels wat op dié van (manlike) konings gemodelleer is. Een van die verwysings na haar was "mistress of the Two Lands", na aanleiding van "lord of the Two Lands", wat na die koning verwys het (Robins, 1993:46). Tydens haar regentskap het sy die koninklike prerogatief vir haarself toegeëien en twee obeliske by Karnak laat oprig (Bothwell-Gosse, 1915:107) (sien Figuur 2.7). Haar troonsbestyging naas Tutmoses III was waarskynlik 'n manier om die dinastie te beskerm. Sonder twyfel was sy ook aangevuur deur persoonlike ambisie. Hierdie ambisie het geblyk uit die outoriteit wat sy as regent geneem het om die koninklike titels en ikonografie te gebruik, sowel as uit haar dade en optrede. Hatshepsut was die eerste vrou wat die amp van godheid saam met die koningskap aangeneem het en wat die dubbel kroon gedra het om soewereiniteit oor Bo-sowel as Onder- Egipte aan te toon (Casson, 1965:54)






**FIGUUR 2.8:** (Robins, 1993:45) **Hatshepsut en Tutmoses III**

(Casson, 1966:51)

Hatshepsut was, soos blyk uit haar waagmoed om tradisies te verbreek, 'n sterk karakter en 'n knap vorstin. Sy het haar amptenary versigtig gekies om die mag wat by haar as regent gesetel was, te dien. Die tydelike aard van die regentskap het Hatshepsut daartoe gebring om self die troon naas Tutmoses III te beset. Sy het dit waarskynlik gedoen volgens die sisteem waar twee konings saam kon regeer, naamlik as mederegent. Hierdie sisteem was veral gebruik vir die voorspoedige oorgang van gesag na 'n erfgenaam. Na alle waarskynlikheid het Hatshepsut 'n verskuilde agenda gehad om self, alhoewel heeltemal in stryd met die tradisie van 'n manlike koning, die werklike koning van Egipte te wees. Hierdie motiewe het geblyk uit die koninklike titels wat sy van vroeg af al vir haarself toegeëien het. Met haar troonsbestyging het Hatshepsut die titels en kentekens (soos byvoorbeeld die aasvoël hooftooisel) van 'n koningin laat vaar en die vyf-voudige titel van 'n koning aangeneem. Hatshepsut is selfs saam met Tutmoses III afgebeeld in manlike koninklike drag met 'n vals baard (sien Figuur 2.8). Hatshepsut en Tutmoses III verskyn saam in tempeltonele, sy egter meer dikwels as hy. Dit blyk dat Hatshepsut die dominante vennoot van die twee was (sien Figuur 2.8).


Ten einde haar aanname van die koningskap troonopvolging te regverdig en te legitimeer, het Hatshepsut ook haar eie mite laat uitbeeld. Sy het haar daarop beroem dat haar vader haar reeds as sy opvolger en verteenwoordiger benoem het. Sy het laat uitbeeld hoedat die god Amun-Ra se koms na haar ma, koningin Ahmose, haar geboorte as <u>koning</u> tot gevolg gehad het (Robins, 1993:46). Dus het Hatshepsut haar koningskap op drieërlei wyse regverdig: (a) 'n proklamasie van haar vader Tutmoses I, (b) deur 'n orakel, en (c) deur goddelike ingreep. Haar posisie as hoofvrou tydens die regering van haar half-broer en eggenoot Tutmoses II het waarskynlik bygedra tot haar voorspoedige regering. Hoewel die troonopvolging van vader na seun plaasgevind het, het koninklike moeders en vroue 'n simbolies kritiese matriargale rol gespeel. Hatshepsut het gepoog om dit in werklike mag te omskep. Soos blyk uit haar beweerde rol tydens Tutmoses II se regering, het Hatshepsut waarskynlik gehou van mag en die vermoë gehad om dit uit te oefen.

Dat sy selfversekerd was om met die tradisie van 'n manlike koning te breek, ly geen twyfel nie. Haar sterk persoonlikheid het haar waarskynlik in staat gestel om die guns van sleutel manlike offisiere te wen. Hatshepsut het haarself nie alleen as 'n manlike koning laat voorstel nie, sy het 'n ekspedisie na die land Punt (waarskynlik Somalië) gestuur om handel te dryf. Om handel te dryf was nie haar enigste oogmerk nie. Sy het plante en diere na Egipte gebring om te bestudeer. Aanduidings hiervan word in haar tempel gevind.



FIGUUR 2.9: (Robins, 1993:25)

Hatshepsut het die mite oor haarself selfs verder gevoer deur haarself as 'n vroulike Horus-god te beskou. Om haar mag op die godsdienstige terrein uit te brei, het sy haar dogter Neferura as gode-vrou aangestel. Voorstellings is gevind waar sy en waarskynlik Neferura offers aan die godheid bring (sien Figuur 2.9).



FIGUUR 2.10: **Begrafnistempel van Hatshepsut by Deir-el-Bahri** (Cottrel, 1955:80)

Suksesvolle en geslaagde koningskap in Egipte is onder andere gemeet aan die bouprojekte van 'n bepaalde koning. Hatshepsut hoef geensins vir haar manlike voorgangers terug te staan nie: haar bou aktiwiteite toon dat sy 'n



1152 356 46

U.O.V.S. BIBLIOTEEK

voorspoedige regering gehad het. Benewens die obeliske het sy 'n tempel vir Amun by Karnak gebou sowel as haar graf op die wes bank van die Nyl rivier by Tebes (Luxor) (sien Figuur 2.10). Daar bestaan selfs 'n sfinks wat die gesig van Hatshepsut gehad het.

Dit wil dus voorkom dat daar geen twyfel bestaan oor die prominensie van hierdie dogter van Tutmoses I nie. Naas enkele ander vroue het daar taamlik inligting oor haar deur die millennia behoue gebly. Hierdie inligting is behoue ten spyte van die skending van soveel van haar afbeeldings of die begrawe daarvan. Hierdie eienaardige optrede, waarskynlik na haar dood, dui op spanning wat moontlik in die koningshuis voorgekom het asook 'n groot gedeelte van die amptenary wat Hatshepsut glad nie goedgesind was nie. Hierdie vreemde optrede asook die klaarblyklike bitterheid van Tutmoses kon 'n weerspieëling van twee sterk strydende partye wees (Trigger, 1983:219). Daar was moontlik 'n sterk groep staatsamptenare wat vir Hatshepsut gesteun het, teen die leër, met dalk die Amun priesters wat Tutmoses gesteun het. Hatshepsut se mees betroubare assistent was Senmut, wat volgens bronne, ongeveer 80 amptelike titels gehad het (Casson, 1965:55). Dit wil voorkom asof daar 'n "gebalanseerde" magstryd tussen die twee konings was. Hoewel Tutmoses tydens Hatshepsut se regering aansienlike burgerlike magte asook betekenisvolle militêre mag gehad het, het hy dit nie teen sy stiefmoeder gebruik nie. Hy word genoem as die "... mightiest warrior of them all,..." en tog het hy dit nie gebruik om hom die enigste regeerder van Egipte te maak nie (Hobson, 1987:17). Hierdie energieke koning het na die dood van sy stiefmoeder en half-tante met die "mag van 'n vulkaan" opgetree (uit reaksie van jare se frustrasies) en het hy na Palesitna en Sirië nie minder as 17 veldtogte onderneem nie.

Die bitterheid teenoor en die afkeur van hierdie nie-tradisionele vroulike koning van Egipte is voortgesit nie net deur Tutmoses III nie, maar ook deur sy kleinseun Tutmoses IV (http://www.anthro.mankato.msus.edu/egypt/ history/tuthmosi.htm). Hulle het sistematies haar naam van monumente verwyder en met hulle eie vervang waar hulle dit ook aangetref het.

Hatshepsut se naam is selfs van die lys van Egiptiese konings verwyder ten einde haar die onsterflikheid, wat verseker is deur die herinnering van haar naam, haar te ontsê (Hobson, 1987:17).

Hoewel daar na alle waarskynlikheid spanning ontstaan het as gevolg van die mede-koningskap (sommige beskou dit as haat, veral na haar dood), was daar tog vriendskaplike onderlinge betrekkinge. Dit kan dus beskou word as sou die vernietiging van Hatshepsut se monumente deels verklaar kan word as die uitwissing van die tekens van 'n politieke noodsaaklike regering, maar wat in stryd was met die etiese beginsel van ma'at, (Trigger, 1983:219) naamlik die korrekte, van die gode-daargestelde ordening, die waarheidsbeginsel vir die lewe (Brunner-Traut, 1988:105). Dit blyk dat konformiteit en nie individualiteit nie die eerste vereiste vir Egiptenaars was.


Uit haar doen en late sou 'n bepaalde "persoonlikheids profiel" van Hatshepsut saamgestel kan word. As gebore en getoë koninklike was sy beslis onderleg in die werkswyse van die Egiptiese koningskap. Wanneer sy later verklaar dat haar vader Tutmoses I haar as sy opvolger en verteenwoordiger gekies het, is dit nie onwaarskynlik dat haar vader sterk leierskapeienskappe in haar gesien het en haar dalk voorberei het op moontlike koning(in)skap nie. Die gedagte dat sy die eintlike regeerder agter Tutmoses II was en dat sy haarself as koning naas Tutmoses III verklaar het, beklemtoon haar sterk inisiërende persoonlikheid. Indien dit wel so was dat die Amun priesters vir Tutmoses III gesteun het, was dit 'n baie slim skuif om haar dogter Neferura as gode-vrou aan te stel.

Die merkwaardigheid van Hatshepsut se oorname word verder beklemtoon deur die feit dat dit in die bloeityd van die agtiende dinastie was. Haar "kapitalisering" op die troonsbestyging van 'n baie jong koning tot voordeel van haarself toon 'n magshonger by haar aan. Soos die manlike konings "verewig" sy haarself in bouprojekte en monumente. Om haar beeld as "koning" uit te dra gaan sy selfs sover om op teen-natuurlike wyse haarself as 'n man voor te stel. Ter verdediging/regverdiging van haar teen-tradisionele

koningskap skep sy haar eie mite met direkte gode verbintenisse van reeds voor haar geboorte.

Dit is bekend dat Tutmoses III 'n baie kort persoon was, blykbaar slegs 1,65m lank. Sou hierdie feit, tesame met sy jeugdige ouderdom tydens sy troonsbestyging, hom 'n "makliker" slagoffer van Hatshepsut se koninklike aspirasies gemaak het? Sy oënskynlike weerlose voorkoms het dalk bygedra tot haar aangryp van die koningskap. Dit blyk egter dat Tutmoses III 'n formidabele persoon met goeie intellek, visie en dryfkrag was. (Hy is selfs die Napoleon van Egipte genoem!) Die sekerste bewys van Hatshepsut se vermoë was dus dat sy 'n man van sy karakter vir so lank onder haar duim kon hou (Casson, 1965:55).

In retrospeksie kan dit gesê word dat Hatshepsut 'n baie sterk karakter met waagmoed moes gewees het om volle koningskap oor te neem en uit te voer in die lig van moontlik baie vyandigheid en teenstand. Met haar dood in 1345 v.C. het sy 'n ongeëwenaarde legende daargestel (http://www.anthro. mankato.msus.edu/egypt/history/Hatshesut.htm). Sy het bewys dat vroue inderdaad in staat was en die vermoë besit het om die hoogste amp te beoefen. Dit was geen geringe prestasie nie.


The United Monarchy
ISRAEL, JUDAH Hebrew kingdoms
ASHER, etc. Israelite tribes
SYRIA, etc. Non-Israelite peoples
Places fortified by Solomon
I-XII Solomon's administrative districts (1 Kgs. 4. 7-19)
0 10 20 Miles
0 10 20 Kilometres
THE GREAT SEA
SIDONIANS
Sidon
Tyre
Mt. Lebanon
BETH-REHOB
Mt. Hermon
SYRIA (ARAM)
ZOBAH
Damascus
Abel-beth-maacah
Dan
Beth-rehob
MAACAH
BASHAN
ARGOB
GESHUR
ASHER
NAPHTALI
Hazor
Merom
R. Jordan
IX
VIII
Acco
Cabul
ZEBULUN
Sea of Chinnereth
Mt. Carmel
Jokneam (Jokmeam)
R. Kishon
ISSACHAR
X
HAVVOTH-JAIR
Lo-debar
VI
Helam
Dor
IV
Megiddo
Jezreel
V. of Jezreel
Taanach
Mt. Gilboa
Beth-shean
Rogelim
Ramoth-gilead
Tob
ISRAEL
V
Plain of Sharon
III
Arubboth
Hepher
Socoh
Abel-meholah
Thebez
Jabesh-gilead
GILEAD
VII
MANASSEH
Mt. Ebal
Shechem
Mt. Gerizim
Pirathon
Zarethan
Succoth
Mahanaim
River Jordan
The Arabah
R. Jabbok
AMMON
I
Gath-rimmon
Joppa
Zeredah
Shiloh
EPHRAIM
Baal-hazor
Ephraim
Jazer
Rabbah (Rabbath-ammon)
Bethel
Beeroth
Beth-hanan
Lower Beth-horon
Upper Beth-horon
Gilgal
Jericho
XII
XI
Gezer
Shaalbim
Geba
Gibeon
Elon
BENJAMIN
Baalath
Makaz
II
Kiriath-jearim
Gibeah
High Place
Anathoth
Jerusalem
Heshbon
Ekron
Sorek
Ashdod
Beth-shemesh
Libnah
Bethlehem
Netophah
Medeba
Ashkelon
PHILISTINES
Shephelah (Lowland)
Adullam
Giloh
Tekoa
JUDAH
Wilderness of Judah
Salt Sea (Sea of the Arabah)
R. Nahaliel
Hebron
Gaza
Debir
Carmel
Dibon
Aroer
R. Arnon
Gerar
Gath?
The Shephelah
Ziklag
Kabzeel
Arad
Brook Besor
Beer-sheba
Valley of Salt
MOAB
Kir-hareseth
The Negeb
AMALEK
Brook Zered
EDOM
Tamar (30° 48'N)
33° 30'
33°
32° 30'
32°
31° 30'
31°
34° 30'
35°
35° 30'
36°
V W X Y Z
1 2 3 4 5 6 7
© Oxford University Press

# *HOOFSTUK 3*

# *Die posisie van vroue in Israel en Juda*

## 3.1 'N INLEIDENDE HISTORIESE OORSIG RAKENDE DIE PROMINENTE VROUE IN JOSUA, RIGTERS, EN SAMUEL

'n Historiese oorsig oor vroue in ou Israel in die genoemde groep Bybelse literatuur, strek oor 'n baie lang tydperk. Die periode kan aangedui word as ongeveer vanaf 1150 v.C. (Comay, 1976:155) tot en met die val van Samaria in ongeveer 722 v.C. (Van Zyl, 1989:XVII). Die vraag ontstaan of daar enige vergelyking moontlik is oor so 'n lang tydperk tussen vroue. Die minimale inligting en verwysing na naamlose vroue tenspyt, kan daar tog tot bepaalde gevolgtrekkings geraak word. In die historiese gegewe oor so 'n lang tydperk kan ons as't ware die "emansipasie" van vroue tussen die lyne van die Bybel lees. Die negatiewe aspek wat deurgaans te bespeur is, is die minderwaardige posisie van vroue wat aangetoon word, met slegs enkele uitsonderings soos bv. Debora, Hanna, vrou uit Bagurim, Jehoseba, ens.

Van die 11 genoemde vroue wat vanaf Jos 2 tot en met 1 Sam genoem word, is vyf naamloos en word aangedui as dogters van hulle vaders of as eggenotes. Van hierdie 11 vroue is een 'n heidense vrou (Delila) wat 'n baie groot invloed op Israel se lotgevalle gehad het.

**Die volgende vroue is in die orde van Bybelse gegewens hier ter sprake.**

| | |
|---|---|
| - Ragab | Jos 2 |
| - Aksa (Kaleb se dogter) | Jos 15:16-19 |
| - Selofgad se vyf dogters | Jos 17:3 vv |
| - Debora | Rig 4:1-24 |
| - Jael | Rig 4:17-23 |

| | |
|---|---|
| - Vrou met maalklip | Rig 9:50-54 |
| - Jefta se dogter | Rig 11:34-40 |
| - Delila | Rig 16:4-22, asook twee ander vroue |
| - Miga se ma | Rig 17 |
| - 'n Leviet se byvrou | Rig 19 |
| - Hanna | 1 Sam 1 |

Hoewel daar 'n tyd van ongeveer 170 jaar verloop het vanaf Josua se inname van Kanaän tot by die tyd van Samuel (ongeveer 1220-1050 v.C) (Comay, 1976:155), kan hierdie groep vroue losweg in groepe geplaas word, volgens hulle eie optrede en wat met hulle gebeur het. Die groepe kan egter geensins as waterdigte kompartemente beskou word nie. Trouens, die indiwiduele vroue kan in meer as een groep figureer. Ander groeperings kan egter ook sinvol wees.

**Die kategorieë wat moontlik is, is die volgende:**

- Vroue in 'n invloedryke posisie
- Vroue wat beding het vir eie voordele / eie mense se voordele
- Vroue wat inisiatief neem teenoor mans
- Fisiese optrede van vroue / gebruik van voorwerpe / materiaal
- Vroue wat ly en sterf deur mans se optrede
- Vroue as profetesse en leiers
- Vroue wat besondere toewyding aan Jahwe toon
- Bose vroue

Wanneer daar gedink word aan vroue wat beding het vir eie en gemeenskaplike voordeel, is daar Aksa, die vyf dogters van Selofgad en Ragab die Kanaäniet. Vroue wat inisiatief teenoor mans ingeneem het, is daar weer Aksa, Debora en Jefta se dogter. Aanduiding in die Bybel van fisiese optrede by vroue is ook skaars. Daar is Jael en die vrou met die maalklip. Daar word twee tragiese gevalle in die Bybel gegee waar vroue baie gely of gesterf het deur mans se optrede, naamlik Jefta se dogter en die

Leviet se byvrou. Debora is die enigste aanduiding van 'n profetes sowel as vroue-leier in Israel[2]. Die moeder van Samuel, Hanna, toon besondere toewyding en getrouheid aan Jahwe. Die bose/buitelandse vrou Delila het deur haar invloed op Simson tot nadeel van die volk opgetree. Daar was ook Simson se vrou uit Timna en die prostituut van Gasa.

Vroue soos Debora was invloedryk op verskeie terreine. Miga se ma het waarskynlik in haar gesin 'n prominente rol gespeel.

Hierdie kategorieë van die genoemde vroue is hoofsaaklik tiperend van aard. Die bespreking sal vervolgens egter in twee hoofgroepe gedoen word, naamlik meer prominente en minder prominente vroue.

## 3.2 DIE ROL EN FUNKSIE VAN VROUE TYDENS DIE PRE-MONARGALE TYDPERK

Die invloed en gevolge van vroue se optrede, gee aanleiding tot die verdeling in twee hoofgroepe naamlik 'n meer prominente groep vroue en 'n minder prominente groep.

### 3.2.1 Meer prominente vroue

#### *3.2.1 (i) Ragab*

Met die inname van Kanaän was Jerigo die eerste genoemde vestingstad wat Josua sou inneem (1220-1200 v.C). Die twee verkenners kom tuis in die huis van die prostituut Ragab. Ragab ignoreer die koning se uitleweringsversoek en versteek die verkenners. Met 'n eedbevestiging (Jos 2:12) van die verkenners skaar sy haar by die verbondsvolk van Jahwe en is sy die "brug"

2 Hulda het die amp van profeet beklee (2 Kon 22:14).

wat haar familie behoue sou laat bly en sy en hulle deel van die volk Israel sou word.

Ten spyte van Ragab se lewe van prostitusie, verander haar ingesteldheid drasties. Met haar sterk instink vir oorlewing (Jos 2:12-13) neem sy die inisiatief. Op 'n intelligente en taalvaardige wyse openbaar sy vérsiendheid en beding sy 'n veilige toekoms vir haar en haar mense. Ragab die Kanaänitiese vrou met die slegte reputasie se hartingesteldheid verander. Haar (klip) hart "smelt" voor die aanslae van Jahwe se volk (vergelyk Eseg 11:19) en dwing haar om 'n belydenis te maak: "...want hulle God, die Here, is God, bo in die hemel en onder op die aarde" (Jos 2:116).

Die insluiting van hierdie Kanaänitiese familie deur Ragab se optrede, moes vir Israel as vingerwysing van hulle ongeloof dien (Mayes, 1983:44)[3]. Hulle het deur die ondersteuning van die 10 verspieders met die negatiewe berigte oor Kanaän, hulle ongeloof in God getoon. Ragab, die Kanaäniet glo en vertrou egter die God van Israel en loop oor na hulle.

Die koning se uitleweringsboodskap aan Ragab dwing haar keuse vir Jahwe af. Sy is reeds tot hierdie keuse voorberei deur die vrees vir die Israeliete (Jos 2:9-13) wat gespruit het uit die gerugte van die Israeliete se binnekoms van Kanaän. Hoewel Ragab beding met die twee verkenners vir haar eie/familie se voordeel, sluit haar keuse ook Jahwe in. Haar belydenis op 'n ongewone plek, naamlik tussen die vlasstoppels op haar huis se dak, herinner aan dié van Rut later in Rut 1:16. Beide is heidense vroue wat vir Jahwe kies, Rut langs die pad na Bethlehem toe. Hierdie vreemde plekke van belydenis was vir Ragab (en Rut) die keerpunt en beginpunt van die rol wat in die volk Israel gespeel sou word. Ragab en Rut sou later opgeneem word in die verbonds-

[3] Hierdie belydenis van 'n sondige vrou in 'n heidense, politeïstiese samelewing is buitengewoon. Was dit bloot oorlewingstaktiek? Of was dit ware geloof wat vanaf die vrees vir die Israeliete oorgegaan het in geloof en bereidwilligheid om haarself aan die God van Israel te onderwerp? Die lied van Moses in Gen. 15:15-16 vind beslis weerklank in Ragab se hart wat haar tot egte geloof begelei (Pfeiffer, 1962:209).

lyn: sy het getrou met Salmon wat die vader van Boas was en Boas weer met Rut. So word hulle in die geslagsregister van die Here Jesus ingesluit (Matt 1:5). Nadat Josua die twee verkenners gestuur het om Ragab en haar familie te gaan haal, het hulle tussen die volk gaan woon en genaturaliseerde Israeliete geword.

Ragab se vrouwees het haar tot 'n negatiewe lewenswyse gebring. Haar vrouwees as prostituut (cum herbergier?) gee egter die geleentheid om die verkenners te ontmoet, tot 'n persoonlike belydenis te kom en op grond van haar geloof ingesluit te word in die volk van Jahwe. Ragab se geloofsvertroue bied as't ware 'n "bres" in die stadsmuur vir haar en haar familie om by Israel aan te sluit. Ragab as moeder van Boas het waarskynlik iets van haar simpatieke en omgee eienskappe na haar seun oorgedra. Wanneer Boas so simpatiek teenoor Rut optree kan daar dalk 'n weerklank van sy moeder Ragab se persoonlikheid bespeur word. Die voorvereiste vir lidmaatskap van die verbondsvolk is 'n persoonlike geloofsbelydenis. Dit het Ragab vroeg reeds met die teëkom van Jahwe se volk gedoen. Die leuen wat Ragab vertel sê iets van haarself. Byna dieselfde kan van Ragab as van Jefta gesê word. Die Gees van God kom oor haar (volgens haar belydenis) met 'n bepaalde doel, naamlik om diensbaar te wees. Haar lewe weerspieël egter nie heiligheid nie (Lindsey, 1985:402). Haar huislike opset, die ligging van haar huis, word deur God gebruik om Sy doel te bereik. Haar getrouheid word dan ook beloon as sy as Kanaäniet deel van God se volk word en stammoeder van die Christus.

Samevattend kan Ragab as volg getipeer word:

(1) Sy het inisiatief geneem en onafhanklik opgetree (verspieders; t.s.v. Kanaänitiese koning).

(2) Sy bely haar geloof in die God van Israel.

(3) Haar geloofskeuse maak van haar 'n "reddingsboei" vir haar familie.

### *3.2.1 (ii) Debora*

Debora het in die rigtertyd tussen 1194 en 1154 v.C. geleef (Morton, 1956:60)[4]. Die Bybelse gegewens dui Debora aan as 'n leier vir haar volk tydens die verdrukking van Koning Jabin van Hasor met sy leërhoof Sisera. Debora se tuiste was verskans in die Efraimsberge in die middel landstreek tussen Bet-El en Rama. Rama was ongeveer 8 km noord van Jerusalem met die Deborapalm van Rama naby die religieuse sentrum van Bet-el (May, 1976:63).

Debora as vrou word nie alleen "die" leier van die Israeliete genoem nie, maar sy was ook 'n profetes. Dit blyk dus dat Debora se leierskap twee duidelike fasette gehad het. Sy het regspraak beoefen (Rig 4:5) en as profetes opgetree (Rig 4:4). Oorspronklik was sy 'n nie-militêre leier met haar eie charisma, en het die Israeliete hulle toevlug na haar geneem vir raadgewing. Sy blyk inderdaad die naam van "by" werd te wees (Oosterhoff, 1953:14) deur hierdie twee ampte gelyktydig uit te oefen.

Die rol wat Debora as vrou gespeel het in die vestiging van die volk Israel in Kanaän was van kardinale belang. Met Debora se "hulp" word lewensruimte vir die volk Israel geskep: Debora gee as profetes die Godelike boodskap aan Barak deur. As leiersfiguur gaan sy saam in die oorlog teen die Kanaäniete. Barak die militêre leier ontvang dus die boodskap deur 'n vrou en sy oorwinning word ook uiteindelik deur 'n vrou (Jael) bewerkstellig. Hy weier om in die oorlog in te gaan as die dienares van Jahwe nie saamgaan nie (Rig 4:8). Uit Barak se optrede (weiering) blyk Debora se prominensie in Israel. Hoewel Barak van die Naftali streek was wat die grootste verdrukking onder Jabin van Hasor moes verduur, word die profetes Debora vanaf die Benjamin streek gestuur om die vyand die stryd aan te sê. Op Debora se advies trek Barak Sisera tegemoet. Sisera is seker dat hy met sy strydwaens Barak se leër sal verpletter. Debora die boodskapper van God stuur Barak in hierdie

"selfmoord" geveg in met God se waarborg van oorwinning (Rig 4:14). Hierdie keer tree Barak sonder huiwering op (Goslinga ,1955:6).

In die vroeër rigtertyd toe Debora opgetree het, het die grootste deel van Israel bestaan uit onafhanklike stamme-eenhede. Stamverband was van groter belang as die stamme verbondenheid as 'n geheel. Debora en Barak se militêre veldtog teen Sisera het inderdaad daartoe bygedra, veral ten opsigte van die noordelike stamme (Mayes, 1985:74). Dit blyk dat die stamme alliansie waaruit Barak se leër bestaan het baie meer omvattend was as bv. by Ehud. Die deelnemende stamme was Efraim, Benjamin, Makir, Sebulon, Issaskar en dalk Naftali. Die digter van die Deboralied het verwag dat Ruben, Gilead, Dan en Aser ook sou deelneem (Mayes, 1985:74).

Uit die lied van Debora en die gepaardgaande gebeure wil dit voorkom asof daar reeds 'n ontwikkelde nasionale bewussyn en self-identifikasie as volk van Jahwe aan te toon was. Hierdie veldslag teen Sisera was waarskynlik kort voordat 'n baie soortgelyke stammegroep die koningskap onder Saul ingewy het. Volgens 2 Sam 2:9 was die area waaroor Saul koningskap uitgeoefen het byna dieselfde gebied waarvan die troepe kontingent wat vir Debora en Barak in die veldslag gehelp het, gekom het. Die oorwinning oor Sisera was 'n belangrike stap in Israel se realisering van sy politieke mag in die proses van beheer oorname van Palestina (Halpern, 1983:214).

Hierdie implikasie van Debora as leier in Israel se optrede aksentueer die belangrike rol wat sy as vrou in die vroeë era van Israel gespeel het. Sover bekend is dit die enigste vrou en man wat as 'n paar amptelik optree, waar beide op gelyke voet optree. Hulle is egter nie heeltemal op "gelyke voet", sonder diskriminasie nie, aangesien Debora beslis die leier van die twee was. In die oordra van hierdie boodskap is dit duidelik dat vroue formeel deel gehad het aan dialogiese gebeure tussen Jahwe en Sy volk (Heister, 1984:53).

---

[4] Goslinga kom, ná uitvoerige berekening, op die datum van 1261-1221 v.C.

Debora tree in die oorlog op soos alle manlike profete. Daar is geen vooroordeel nie, en sy geniet blykbaar volle ondersteuning van die volk. Die Deuteronomis se weergawe van Debora se profetiese rol is presies soos haar ses manlike voorgangers (Otwell, 1977:157). Die vroulike vorm van profeet wat vir Debora gebruik word kom vyf keer in die Ou Testament voor. Dieselfde woord word ten opsigte van Miriam, Debora, Hulda, Naodja en die vrou van Jesaja gebruik (Otwell, 1977:155).

Daar kan verskeie ooreenkomste tussen Debora en Mirjam aangetoon word. Ten spyte van Mirjam se twee broers Moses en Aäron wat leiersfigure was, was Mirjam 'n persoonlikheid in eie reg. Debora as vrou neem die leierskap teenoor Barak oor[5]. Alhoewel Debora en Mirjam erkende leiers was, was hulle uitgesluit van kultiese/priesterlike handelinge (Brenner, 1985:54). Debora as vrou het byna al die eienskappe van "Die Ideale Leier" gehad: op militêre gebied, juridiese, profetiese, retoriese en literêre vaardighede. Die belangrike aspek was natuurlik priesterlike optrede wat vir die vrou uitgesluit was. Die naaste daaraan was die amp van profetes wat Debora vervul het.

Debora wat in die rigtertyd opgetree het is 'n besondere voorbeeld van wat vroue kan doen. Debora se vrou-wees het haar nie gehinder nie om die "voertuig" te wees vir Jahwe se woord aan Barak en die volk (Webb, 1987:101).

"Perhaps one of the few women not defined by her husband, Deborah stands clearly on her own" (Nunally-Cox, 1981:48). Haar posisie word bevestig deur die feit dat in die oorwinningslied in Rig 5:2-31 haar naam drie keer genoem word terwyl Barak s'n slegs twee keer voorkom. Debora se optrede het Barak, die onwillige, twyfelende leëraanvoerder laat verander tot 'n ywerige en volhardende leier. Hy self soek vir Sisera en vind hom dood in Jael se tent.

---

[5] Hierdie aanname vloei voort uit haar advies aan Barak wat om te doen in die veldslag en sy versoek vir haar teenwoordigheid by die veldslag.

So beleef Barak persoonlik en eerstehands die bevestiging dat die Here Sisera aan 'n vrou sal uitlewer (Rig 4:9).

Debora se rol in Israel was dus as volg:

(1) As rigter het sy regspraak beoefen.

(2) Die profesie van die Here aan Barak het sy uitgespreek, selfs met krygstaktiek daarby.

(3) Debora se lied gee die oorwinning aan die Here.

### *3.2.1 (iii) Jael*

Alhoewel Jael 'n minder prominente rol vervul het as Debora, is die oorwinning oor Sisera en sy leër aan hierdie twee vroue gegee (Rig 4:15). Dit is buitengewoon dat hierdie twee vroue saamgewerk het om die militêre stryd te wen. Die inisiatief word deur Debora en Jael geneem. Vir 'n vrou om enigsins by militêre veldtogte op die gevegsterrein betrokke te wees is buitengewoon, Debora op die gevegsterrein en Jael in haar tent met die vlugteling leër aanvoerder. Hulle betrokkenheid geskied dan, veral in Jael se geval, op 'n tipies vroulike wyse. Jael vorm teenpool vir Debora en sy tree aanvullend op en rond die stryd af deur fisiese optrede (Brenner, 1985:120). Die gevegstoneel het as't ware na haar verskuif en stel haar instaat om Sisera met haar eie hande dood te maak.

Jael se optrede word gesien in samehang met Debora, en dit voltooi inwerklikheid Debora se rol. Debora het 'n amptelike rol terwyl Jael haar bydrae tot die oorwinning in die huislike sfeer lewer. Sy gebruik tipies vroulike eienskappe soos gasvryheid en moonlik vroulike sensualiteit om Sisera op sy gemak te stel. Die moeë en bang Sisera het op die goeie gesindheid wat tussen koning Jabin en Geber die Keniet bestaan het, staatgemaak toe hy by Jael se tent ingegaan het (Rig 4:17). Die "vriendskaps-verraad" van Jael

herinner aan Ragab wat vir Jahwe gekies het tydens die inname van Jerigo. Jael het teernoor Sisera as gemeenskaplike vyand opgetree.

Jael kan inderdaad as dapper beskou word. Sy nooi eers die ruwe krygsman in haar tent in en dan vermoor sy hom eiehandig. Sy tree dus op tipiese vroulike wyse op om die vyand te dood: sy gee melk as water gevra word (Rig 4:19) en sy gebruik huisgereedskap om die vyand te elimineer. Tente opslaan was vrouewerk en dus gebruik Jael "wapens" waarmee sy vertroud was, en doeltreffend kon gebruik. Die gekap van die hamer op die tentpen was hierdie keer die teken van oorwinning. Eers nooi sy die oorwonne (Sisera) in en dan roep sy die oorwinnaar (Barak) na haar tent. Hierdie twee persone in een tent is inderdaad 'n ironiese jukstaposisie (Webb, 1987:112). Jael nooi hierdie twee mans in haar tent in, iets ongehoords vir 'n vrou, alleen ter wille van die oorwinning van Jahwe. Dit wat Debora vir Barak gesê het in Rig 4:9 is bewaarheid: Die oorwinning was deur 'n vrou. In die oorwinningslied word Debora en Barak se name ongeveer eweveel gebruik, wat gelykheid impliseer. Jael se naam word twee keer genoem, wat hierdie drie figure byna gelykstel. In die "teenwoordigheid" van hierdie twee vroue, is Barak beslis ook 'n "oorwonnene". Sy oorwinning is deur vroue bewerkstellig. Debora se profesie is dus vervul: die twee vroue het die eer vir Sisera se neerlaag ontvang - Debora het dit begin en Jael het dit voltooi (Lindsey, 1985:389).

Die twee vroue Debora en Jael se rolle "omsluit" hierdie veldslag (Debora neem die inisiatief en Jael dood ten einde laaste die vyand) en toon aan dat hulle rolle vervul wat nie bloot gekoppel is aan die vervulling van die manlike bestemming nie (Williams, 1982:103). As vroue het hulle die oorwinning van die slagveld gefinaliseer.



FIGUUR 3.1: **Jael en Sisera** (Private versameling van D.N. Pienaar)

### *3.2.1 (iv) Hanna*

Hanna het geleef ná 1050 v.C. (Comay, 1976:155). Die optrede van Hanna word vir ons weergegee in 1 Sam 1, 2:1-11. Hierdie gunstelling vrou van Elkana uit die dorp Ramatajim of Rama (Van Zyl, 1989:296) tref ons aan in 'n tipiese rol van 'n vrou, naamlik 'n huisvrou. Die naam Hanna beteken "genade" (grace). In hierdie vrou se lewe sou genade inderdaad vergestalt word.

Ons tref 'n hartseer, neergeboë Hanna aan by die Huttefees in Silo. Die vloek van kinderloosheid word verder ingevryf deur Penina, Elkana se ander vrou, se gespot. Hanna se toewyding aan die Here neem haar na die tempel. As vrou neem sy die vrymoedigheid en gaan bid binne-in die tempel en lê 'n gelofte af. Die priester Eli stel haar gerus dat God aan haar sal gee wat sy van Hom afgesmeek het. Nadat sy weer voedsel ingeneem het, het haar bedruktheid weggegaan. Sy het dan ook inderdaad die antwoord op haar gebed ontvang, die seun Samuel.

Hanna is by uitstek 'n toonbeeld van 'n gelowige: hoewel sy verneder word, neem sy haar smart na God. Haar afhanklikheid van die Here kom op drie maniere tot uiting:

- Haar bitter hartseer, waarin selfs haar man haar nie kan vertroos nie, sy huil onbedaarlik (1 Sam 1:10).
- Haar lang gebed tot die Here. Sy stel haar volle geloofsvertroue in die Here en is Sy dienares.
- Haar trane kom stort sy voor die Here in Sy tempel uit.

Hanna se sagte en baie opregte gebed bereik die Here en word vehoor. Hy is die Almagtige en hoor die sagte gebed, die gebed in haar hart (1 Sam 1:13) (Van Zyl, 1989:296). Hierdie opregte gebed waarmee sy haar hart uitgestort het, verkry God se guns vir haar. In die gelofte wat sy voor die Here aflê, pleit sy met drie uitdrukkings vir God se genade:

- Dat God sou "let op haar ellende", dat Hy haar opregte gebed sou verhoor as sy juis dit voor Hom bring.

- Dat God aan haar sou "dink", want sy weet dat as Hy aan haar dink sal Hy ingryp. Sy weet en glo dat God genadig en barmhartig is.

- Die bede dat God haar "nie sal vergeet nie", hang saam met dink aan haar. Hierdie drie sinsnedes let op, dink en nie vergeet nie, doen 'n beroep, met 'n tranegebed, dat die Almagtige Sy woord gestand sal doen en haar van haar ellende sal verlos. Hanna se gelofte aan die Here weerspieël haar geloofsekerheid en vertroue waarop sy dan ook as't ware dadelik 'n positiewe antwoord by monde van die priester Eli kry.

Dit is opmerklik dat kinders (seuns) van voorheen kinderlose vroue gewoonlik later 'n belangrike rol in die geskiedenis vervul, soos bv. Isak, Jakob, Esau, Simson en Samuel (Van Zyl, 1989:296). Dit wil voorkom uit die danklied in 1 Sam 2:1-10 dat Hanna 'n profetes was, aangesien in hierdie lied die eerste verwysing na die koning as gesalfde van die Here (dit wil sê "Yahweh's Messiah") is. Hierdie danklied sou later weerklank vind in Maria se lied met die aankondiging van Christus se geboorte in Lukas 1:46-55 (Meiklejohn, 1972:504).

Hierdie baie simpatieke voorstelling van Hanna is 'n ware juweel en is 'n navolgingswaardige voorbeeld vir alle tye. Die geliefde en nederige vrou met die onwankelbare geloof in God, wat haarself verbind met 'n gelofte aan die Here omdat Hy 'n Waarmaker van Sy belofte is, word hier vir ons geskets. As 'n vrou neem sy haar toevlug na die tempel waar sy tot God sal roep vir verlossing uit ellende.

Hierdie vrou Hanna het inderdaad, soos haar naamsbetekenis, genade ontvang op haar opregte geloof in God. As 'n vrou uit die pre-monargale tydperk realiseer haar voorstelling as 'n toonbeeld van 'n ware gelowige wie opreg voor die Here leef.

### *3.2.1 (v) Vroue in Simson se lewe*

Simson het as rigter opgetree in die rigtertydperk tussen 1170-1020 v.C. (Van Zyl, 1989:xiv) en sy optrede word uitvoerig weergegee in Rig 13-16.

Voor Simson se geboorte het veral sy ma na vore gekom met sterk persoonlikheidseienskappe as 'n vrou. Daarnaas was daar nog die drie ander vroue in sy lewe, naamlik die vrou van Timna, die prostituut van Gasa en Delila van die Sorekvallei.

**Simson se ma** ontvang die boodskap dat hy gebore sal word waar sy alleen is (Rig 13:3). Sy kry ook van die Engel van die Here voorskrifte oor Simson se opvoeding. Simson moes as nasireër grootgemaak word en daarom moes sy haarself ook voor sy geboorte wy en voorberei. 'n Tweede verskyning aan Simson se ma om hierdie boodskap aan Manoag te bevestig, gebeur waar sy weer alleen in die veld is. Die Engel herhaal die oorspronklike opdrag aan die vrou nou aan man en vrou. Tydens hulle brandoffer aan die Here aanskou beide die wonderwerk waar die Engel van die Here vanaf die hoë altaarvlam opgaan hemel toe. Simson se ma openbaar 'n logiese redenasie vermoë wat getuig van haar praktiese sterk geloof. Sy stel Manoag gerus dat as die Here hulle wou doodmaak omdat hulle Hom gesien het, sou Hy beslis nie hulle offers aangeneem het nie. Hulle sou dan ook nie die wonder aanskou het nie.

Simson se ma het 'n baie groter geloof in die belofte van die Here getoon as haar man Manoag (vergelyk haar met Elisabet, die ma van Johannes die Doper [Luk 1:18-20]). Haar geloofsvertroue verseker haar dat die spontane verskyning van die Engel van die Here vir hulle geen gevaar inhou nie (Rig 13:22, 23), maar dat Hy Sy beloftes sal uitvoer. Vir haar is dit nutteloos dat die Engel met 'n goeie boodskap sou verskyn en Hy hulle dan sou laat sterf. Dit is byna asof sy vir Manoag wil sê dat die Here hulle mos maar kon laat sterf het as Hy wou, sonder die verskyning van die Engel. Manoag se byna

lomp optrede om Goddelike bevestiging te bekom deur navraag na die naam van die Engel van die Here, kontrasteer sterk met Simson se moeder se aanvaarding van die Goddelike guns (Von Rad, 1979:22).

Dit wil byna voorkom asof die Here reeds ná Sy eerste verskyning aan die vrou, Sy belofte van 'n seun gestand gedoen het. In Rig 13:36 sê die Engel "...jy sal swanger word ...", terwyl sy vir haar man vertel dat die Engel vir haar gesê het "...jy is swanger..." (Rig 13:7). Volgens die "New International Version" van die Bybel, word dit as volg aangegee: "You are sterile and childless, but you are going to conceive ..." (v. 3) en ook "....'You wil conceive' ..." (v. 7).

Die moeder van Simson, een van die talle naamlose vroue in die Bybel, het inderdaad haar geloof met hart én verstand beoefen en so die superioriteit daarvan teenoor die van haar man getoon.

In Simson se omswerwinge ontmoet hy **'n vrou in Timna** met wie hy wou trou. Met waarskynlik die nasireërsgelofte ingedagte, het sy ouers sy keuse afgekeur. Die Filistyne was immers die verdrukkers van die volk (Rig 13:1) en nou wil hy trou met iemand van die vyand.

Die onbekende Filistynse vrou het egter Simson se bruid geword. Weens die verraad van die vrou om die oplossing van die raaisel aan haar mense te vertel, het Simson wraak geneem en is weer na sy ouerhuis terug. By Simson se aankoms by 'n latere geleentheid om vir sy vrou te kom kuier, moes hy verneem dat haar pa haar aan die strooijonker as vrou gegee het. Uit weerwraak rig Simson verwoesting in die graanlande van die Filistyne aan. Die Filistynse reaksie daarop was om die vrou en haar pa te verbrand. Om hulle te vergeld het Simson verwoesting aangerig (Rig 15:8). Die Filistyne het weer probeer om Simson dood te maak, maar hy het met 'n donkiekakebeen 200 Filistyne doodgeslaan.

Hierdie gewelddadige verhaal het eintlik begin met Simson se huwelik met die Filistynse vrou van Timna. Die verhaal van wraak en weerwraak vorm 'n bose kringloop wat deur 'n vrou begin is. Deur sy liefde vir die vrou word Simson die rede waarmee die Here die Filistyne tugtig vir hulle verdrukking van die volk.

Simson se oornag by die onbekende **prostituut in Gasa** het vir hom die geleentheid gebied om die groot krag wat hy van die Here ontvang het, ten toon te stel en die vyand te verneder. Ongelukkig vir Simson kan hy sy vyande verslaan maar nie die bande van sy eie hartstog verbreek nie. Hy ontsnap uit Gasa deur die geslote stadspoort saam met die kosyne uit te breek en ongeveer 60 kilometer ver teen die berg op te dra (Van Zyl, 1989:281). Deur die krag van die Here het Simson wraak geneem vir die onreg teen hom persoonlik. Hierdie geleentheid om die tydelike onbeskutte vyand te verslaan, benut Simson geensins. Die onbekende prostituut, wat hy vir sy eie swakheid uitgesoek het, bied hom die geleentheid om die volk se vyand 'n goeie knou toe te dien. Simson verpas weereens die geleentheid om God se eer te handhaaf en as redder van sy eie volk op te tree.

Dat die sterke Simson magteloos was voor Filistynse vroue, blyk daaruit dat hy weer verlief geraak het en wel op **Delila** uit die Sorek vallei. Dit word aanvaar dat Delila 'n Filistyn was hoewel die naam Delila 'n Semitiese naam was, met die betekenis van "gewyde". Die moontlikheid bestaan dus dat sy 'n tempel prostituut was (Lindsey, 1985:407). Vir Delila was lojaliteit aan haar eie mense en die omkoopgeld die belangrikste. Vir die ongeveer 65 kilogram silwer het Delila vir Simson verraai. Hierdie verraad van 'n vrou het dan ook tot die dood van Simson gelei. Die verleiding van die Filistynse vrou het Simson se vertroue in God laat kwyn. Sy liefde vir Delila het tot gevolg gehad dat hy deur die vrou verneder en uiteindelik oorweldig is, nadat die Here hom verlaat het (Rig 16:20c). Delila was bereid om liefde vir geld op te offer. Ironies genoeg het sy groot welvaart bekom deur haar verraderlike optrede (Rig 16:4). Welvarendheid was beslis nie met vroue in die Ou Testament

geassosieer nie! Vir 'n Israeliet was dit 'n skande om deur 'n vrou doodgemaak (laat doodmaak) te word (vergelyk Rig 9:54), die skande was soveel groter as dit nog 'n buitelandse, heidense ('n Filistynse) vrou was.

Hoewel Delila vir Simson verwyt het dat hy 'n gek van haar maak (Rig 16:10), was dit uiteindelik sy wat van Simson 'n gek gemaak het en hom oorgelewer aan sy vyande. In der waarheid is die God van Simson verneder. Dit wil voorkom asof Simson in sy persoonlike lewe hom in hartstog aan Filistynse vroue oorgegee het wat teen die Nasireërs-gelofte was en wat beslis nie tot eer van God was nie. Wanneer gelet word op die lofprysing van die Filistyne aan hulle afgod Dagon wat hulle vyand (Simson) aan hulle oorgelewer het, is dit per implikasie 'n belediging vir die God van Israel. Dit is ironies dat Delila beteken "toegewy" en dat Simson van voor sy geboorte as Nasireër gewy is. Delila was waarskynlik meer toegewy aan haar god, volk en hulle belange as Simson wat deur God geroep was en selfs die teken van sy geroepenheid (sy hare) sigbaar aan hom gehad het!

### 3.2.2 Minder prominente vroue

#### *3.2.2(i) Aksa*

Die enigste melding wat van die dogter van Kaleb gemaak word is in Rig 1:12-15. Die rigters het vanaf ongeveer 1200 v.C. in die gebied begin vestig (Comay, 1976:155) en dit kan aangeneem word dat Aksa in hierdie tyd geleef het.

Nadat Juda teen die reuse van Kirjat-Arba of Hebron geveg en oorwin het, het Kaleb 'n vrywilliger gesoek om teen Kirjat-Sefer te gaan veg. Daar is geen aanduiding of dit 'n besondere moeilike stad was om in te neem nie. Nietemin het Kaleb sy dogter Aksa beloof aan die oorwinnaar van Debir (Rig 1:12). Debir staan ook bekend as "stad van die boek" (Lion-Cachet, 1989:261).

Dit wil byna voorkom asof Aksa genoeë neem met die transaksie van haar vader en Otniël. Sodra sy en Otniël bymekaar kom spoor hy haar aan om landbougrond van haar vader te vra. Sy vra dit dadelik en daarby standhoudende water. Die deel wat hulle van Kaleb ontvang was aansluitend aan die grondgebied wat Juda gehad het. Oënskynlik was die deel wat Aksa ontvang het heelwat groter en beter was as Otniël se deel (Goslinga, 1956:128). Dit wil voorkom asof Aksa en Otniël heelwat inisiatief en entrepeneurskap aan die dag gelê het. As pionierspaar beplan hulle saam die toekoms en dit wil voorkom asof hulle op gelyke voet is, met geen aantoonbare verskil in optrede tussen man en vrou nie. Dit is asof hulle 'n visie en geloof in die Beloofde Land het. Die semi-woestyngebied wat Kaleb aan Aksa gegee het, wil sy en Otniël verruil vir vrugbare landbougrond met baie water.

Die voorstelling van Aksa in Rig 1 bring 'n baie verrassende "karakterskets" van haar na vore. As vrou toon sy spontaneïteit en vrymoedigheid in teenwoordigheid van mans. Sy skroom ook nie om haar pa se geskenk (die droë Suidland) te ruil vir waterryke grond nie. Aksa en Otniël konfereer om elkeen iets van haar vader Kaleb te vra. As dogter sorg sy dus vir haar/hulle erfporsie. Die spesiale guns van oormatige water beding Aksa vir haarself by haar vader. Die enigste waterfonteine wat lewe verseker in die droë Kirjat-Arba was hier geleë (Lindsey, 1985:379). Sy tree doodgewoon en normaal op asof dit 'n alledaagse handelswyse is.

### 3.2.2 (ii) *Die dogters van Selofgad*

Die versoek om erfgrond van hul pa Selofgad is beslis nie een van die populêr-bekende verhale in die Ou Testament nie. Hoewel redelik onbekend, is hierdie verhaal nie minder as driemaal in Numeri opgeteken nie. Dit kom voor in Num 26:33 waar hulle name in die tweede sensus opname voorkom en vir die eerste keer genoem word.

In Num 27:1-11 rig hulle hulle versoek om as dogters ook erfgrond te kry tot Moses. Moses bring die saak voor die Here en die uitslag is ten gunste van die dogters. Hierdie versoek is dus aan Moses gerig nog voordat die Beloofde Land ingeneem is. In Num 36:1-11 kom die familiehoofde van Gilead na Moses met die moontlikheid dat indien hierdie dogters buite stamverband trou, die stam-erfgrond vervreemd sou raak. In Jos 17:1-13 wil dit voorkom asof die grond finaal vir hulle gegee is met die toewysing van die grond aan die stamme.

Alhoewel die gebeurtenis nie baie bekend is nie, word die vyf dogters se name by elke geleentheid genoem naamlik Magla, Noa, Gogla, Milka, Tirsa. Uit die herhaling van die versoek blyk dat hulle beslis nie beskroomd was nie en graag hulle pa se naam en stamgrond in ere wou hou. Die vyf dogters vra om deur hierdie erfbesitting bemiddelaars te mag wees vir die voortbestaan van hul pa se geslag, aangesien slegs seuns erfgename van stamgrond kon wees (Van Schalkwyk, 1989:180). Op versoek van die familiehoofde van Gilead dat vroue wat stamgrond verkry het namens hulle vader, slegs binne stamverband moet trou, was ook vir hulle geen probleem nie. Hulle bedoelings was na alle waarskynlikheid opreg met die versoek, want elkeen van hulle het die voorskrifte nagevolg en met hulle neefs aan vaderskant getrou.

Hierdie vyf vroue van die Manassestam toon dus wat vroue kon bereik in die vroeë pre-monargale tydperk. Die moontlikheid bestaan ook dat die feit dat hierdie vroue saamgestaan het, hulle taak vergemaklik het deur gemeenskaplike optrede. Hulle is ook nie verhinder om as vroue voor die priester Eleaser te kom met hulle versoek nie. Hulle versoek, as "minderwaardige vroue", vroue met beperkte erfreg, het simpatieke oorweging gekry en daartoe gelei dat 'n norm daargestel is vir toekomstige versoeke van dieselfde aard. Hulle versoek is met net soveel vrymoedigheid tot God gerig. Deur hierdie tydige, deurdagte versoek het hulle ook hulle eie toekoms verseker. Hoewel hulle tog later binne die stam getroud is, het hulle voorsiening gemaak vir hulle eie versorging sowel as om hulle vader se naam te laat voortleef.

Die vyf dogters van Selofgad se optrede het vir ons heelwat te kenne gegee oor wat vroue, selfs nog vóór die besetting van die beloofde land, kon vermag in die openbaar. Dit was nie nodig dat 'n manlike familielid namens hulle moes optree nie. Sodoende is Selofgad se naam in ere gehou in die Manasse stam.

### *3.2.2 (iii)* ***Die vrou met die maalklip***

Die verhaal van Abimelek seun van Jerubbaal, of Gideon, kom voor in Rig 8:31-9. Die aanval en wreedaardige uitwissing van die mense van Migdol-Sigem deur Abimelek het seker sy reputasie in die omgewing berug gemaak.

By die beleëring van 'n buurstad Tebes het 'n onbekende vrou vir Abimelek oorwin. Wanneer die inwoners vlug vir Abimelek en sy soldate, verskans hulle hulleself in die sterk toring in die middel van die stad. Abimelek wou die toring aan die brand steek soos wat hy by Migdol-Sigem gedoen het. Die Naamlose Vrou neem 'n huishoudelike gebruiksartikel, 'n boonste maalklip, en gooi dit op Abimelek en beseer hom noodlottig (Rig 9:53).

Soos Jael gebruik hierdie vrou iets huishoudelik om die vyand te oorwin. Vroue gebruik miskien nie altyd tentpenne of dra maalklippe rond nie, maar beide het dit as 'n doeltreffende wapen gebruik.

Aangesien die inwoners van Tebes almal uit hulle huise na die toring gevlug het, kan dit wees dat sy met voorbedagte rade hierdie doeltreffende en hanteerbare wapen saamgeneem het. Abimelek was nie op slag dood nie en gebruik sy laaste lewenskrag om van die skande wat 'n vrou hom aangedoen het, verlos te word. Hy versoek sy wapendraer om hom die doodsteek toe te dien (Rig 9:54c). In Israel is dit as 'n groot skande beskou as 'n soldaat deur 'n vrou gedood is (Lion-Cachet, 1989:274). Hierdie oorlog teen Tebes is deur 'n vrou gefnuik en is die behoud van die stad Tebes aan 'n vrou te danke. Hoewel hierdie noodsaaklike gebruiksartikel miskien in die proses verlore kon raak, was die "opoffering" van hierdie vrou beslis die skade werd[6]. Soos Jael, het hierdie vrou deur fyn beplanning en waarskynlik behendigheid die geveg beëindig met behoud van baie lewens.

Die posisie van vroue in die pre-monargale tydperk word baie duidelik in hierdie voorval geïllustreer. Dit was aanvaar dat soldate in 'n geveg kan en sal sneuwel. Dit was amper iets om op trots te wees. Wanneer hierdie vrou nou vir Abimelek dodelik verwond, neem Abimelek sy eie lewe om die skande van oorwonne deur 'n vrou te ontkom. Die "eer" wat hierdie vrou toegekom het, het egter bly voortleef en is jare later nog vertel (2 Sam 11:21). Die oorwinning oor Abimelek word aan die vrou toegedig, sonder melding van die tussenkoms van die wapendraer van Abimelek (Lion-Cachet, 1989:344).

---

[6] Die boonste maalklip was óf silindervormig óf plat en rond. Die silindervormige maalklip was ongeveer 20-30 cm lank en verskeie sentimeters dik. Die ronde plat boonste maalklip was groter en ongeveer 30-40 cm in deursnee en 'n paar sentimeters dik (Lindsey, 1985:399).

### *3.2.2 (iv) Dogter van Jefta*

Die verhaal van Jefta en sy enigste dogter word vir ons gegee in Rig 11:28-40. In hierdie Skrifgedeelte kry ons 'n kykie in die gang van een van die hartseer vroue-verhale van die rigtertyd. 'n Vader se onnadenkende en oorhaastige gelofte kos hom die lewe van sy enigste kind. Hierdie onnadenkende gelofte van Jefta verraai 'n mate van onsekerheid oor die uitslag van die veldtog (Lion-Cachet, 1989:276). Die groot mate van kontaminasie deur die omliggende heidense godsdienste word aangetoon wanneer Jefta 'n gelofte aan die Here maak om God te eer met 'n (waarskynlik) menslike brandoffer. Die bekwaamheid en diplomatieke vaardigheid waarmee Jefta met die Ammoniete onderhandel het, toon sy kennis van die geskiedenis van Israel. Die gelofte wat hy teenoor God aflê was volgens Mosaïse gebruike. Die angs wat hy beleef as hy besef dat hy nie sy gelofte kan verbreek nie, toon sy verontagsaming van die wetlike opsie van loskoping soos in Lev 27:1-8. Hy moes ook bewus gewees het van die feit dat menslike brandoffers deur God verbied was (Lev 18:21). Hierdie willekeurige omgang met die godsdiens het die lewe van sy dogter en enigste kind op die spel geplaas. Dit beklemtoon weereens die feit dat wanneer die Gees van die Here oor leiers in die Ou Testament gekom het (Rig 11:29) dit hoofsaaklik was om bepaalde diens aan God te lewer en nie ter wille van 'n heilige, gewyde lewe nie deur hulle beoefen nie (Lindsey, 1985:401-402).

Wanneer Jefta se dogter hom 'n feestelike ontvangs gee by sy terugkeer vanaf die suksesvolle veldslag (Rig 11:34), verander hulle vreugde in rou (Rig 11:35). Haar blydskap waarmee sy hom tegemoetgaan is die aanloop tot haar eie dood. As geliefde dogter beskuldig hy haar dat sy hom "gebreek" en "in die ellende gedompel" het. In sy emosionele reaksie beskuldig hy haar as die oorsaak van sy ellende. As 'n soldaat het Jefta in sy gelofte aan die Here nie die suiwer godsdiens in gedagte gehou nie en as 'n vader nie oorweeg vir wie hy (uit die huis) besig was om te bind as 'n brandoffer nie. Sy bedoeling was

suiwer maar die inhoud van die gelofte was nie suiwer nie. Dit het by vervulling hom inderdaad "gebreek" en was dit ten koste van sy dogter.

In die dogter se offervaardigheid om te verseker dat die eer van die Here deur haar pa vooropgestel word, toon sy inderdaad 'n suiwerder godsdiensbelewing as Jefta. Sy ag die "betaal" van die gelofte-offer aan die Here deur Jefta belangriker as haar eie lewe. Kan die feit dat Jefta half Kanaänities was (sy moeder was 'n prostituut, Rig 11:1) dalk sy godsdiensbelewing beïnvloed het? Sou haar liefde vir haar vader dalk ook 'n rol gespeel het? Die twee maande uitstel wat sy vra voordat die gelofte offer gebring sou word, vra sy waarskynlik met 'n vrymoedigheid wat gegrond is op haar offervaardigheid. Haar bereidheid om die gelofte van haar pa te laat realiseer gee haar die spontaneïteit om 'n guns van haar vader te vra (Rig 11:37, 38).

Die onnadenkende wyse waarop Jefta met sy godsdiens omgegaan het, het sy tragiese tol geëis. Hy het 'n dubbele ellende oor homself gebring: die prys van hierdie gelofte (sy dogter) en dan ook, per implikasie, dat hy sy eie nageslag "verwoes" het. Die vraag onstaan of sodanige gelofte tot eer van die Here was. Dit was immers aan Jefta bekend dat die Here die gebruik van mense offers heeltemal verbied het (Lev 18:21; 20:2-5; Deut 12:31; 18:10). Die gelofte wat Jefta afgelê het dui oorspronklik aan dat hy 'n man of 'n vrou as offer ingedagte gehad het. Dit blyk ook dat hy na 'n persoon verwys as hy sê "...uit my huis...tegemoetkom ." Dit kan wees dat haar aankoms hom laat besef het hy *moet* nou *'n mens* offer teen die wil van die Here bring, soos hy beloof het. Dit word dan ook aanvaar dat die dogter wel geoffer is, hoewel daar teenstrydige menings daaroor is (Lion-Cachet, 1989:276).

Daar is byna 'n mate van ooreenkoms met die "offer" van Isak. Beide die kinders is die enigste kinders wat aan die Here geoffer word om geloofsvertroue/opregtheid te betoon. Abraham se suiwer en opregte geloof red sy seun Isak se lewe. Jefta se effens wankelrige geloof in die Here, eis die lewe van sy dogter. Abraham offer tot eer van God, Jefta nie.

Die dogter van Jefta se dapper optrede kategoriseer haar onder die groep vroue wat fisiese lyding en/of dood tegemoet gegaan het as vrou, deur middel van 'n manlike persoon se optrede. Deur haar offer as persoon, as't ware aan die hand van haar eie vader, maak van haar 'n baie tragiese figuur.

### *3.2.2 (v) Miga se ma*

Die woorde in Rig 17:6 dat daar in Miga se tyd nie 'n koning in Israel was nie, en dat elkeen gedoen het wat reg was in sy eie oë, het baie van toepassing geblyk op Miga se huis. Dit wil byna voorkom asof 'n "matriagale sisteem" in Miga se huis bestaan het! Sy ma (weereens 'n naamlose vrou) was, te oordeel aan haar besittings, 'n welgestelde vrou. Die 1,100 sikkels was dertien kilogram in gewig (Rig 17:3) en in vandag se terme 'n fortuin werd. Dit lyk asof sy vroom was, veral in die naamgewing van Miga. Miga beteken "Wie is soos die Here? (Lion-Cachet, 1989:282). Van die eens gesteelde silwer wy sy aan die Here (Rig 17:4b). Weereens neem sy die inisiatief om te sorg vir die huisgode. Sy neem self die silwer na 'n silwersmid om vir haar/hulle 'n afgodsbeeld te maak.

Miga het in vroomheid sy ma se voorbeeld gevolg. Hy het sy eie (huis-) tempel gehad en die silwer beeld het daar 'n ereplek gekry, saam met 'n "efodbeeld en afgodbeeltjies" (Rig 17:5). Miga "voltooi" die inrigting van die tempel deur een van sy seuns as priester te wy. Die vervloeking wat Miga se ma oor die gesteelde silwer (en dus oor Miga) uitgespreek het, verander sy in 'n seën wanneer Miga erken dat hy die silwer geneem het. Dit blyk dus

inderdaad dat die vervloeking van 'n vrou dieselfde krag gedra het as enige man s'n. Dus gee Miga dadelik die silwer terug. Ten einde meer geloofwaardigheid aan sy tempel te gee, stel Miga 'n Leviet van Bethlehem aan en wy hom as priester. Uiteindelik steel die stam van Dan sy priester sowel as die "efodbeeld", "afgodsbeeldjies" en 'n "godsbeeld" (Rig 18:14-26).

Die inisiatief wat Miga se ma in hierdie, byna vreemde, verhaal neem is opvallend. Haar optrede herinner sterk aan vroue soos Aksa en die vyf dogters van Selofgad. Waar die laasgenoemde twee groepe vir hulself 'n (beter) erfporsie beding het, is Miga se ma op godsdienstige gebied besig om die voortou te neem. Sy sowel as haar seun maak erns met die formele godsdiens: sy verklaar plegtig "Ek wy die silwer in belang van my seun aan die Here. Jy moet daarvan 'n afgodsbeeld maak" (Rig 16:3b). Miga self "... het naamlik sy eie tempel gehad en hy het 'n efodbeeld en afgodsbeeldjies gemaak". Miga het ook een van sy seuns as priester vir hierdie tempel gewy (Rig 16:5). Hierdie apostatiese heiligdom blyk dus taamlik toegerus te wees. Die afgodsbeeld van Miga se ma was die eerste beeld in die tempel, sy neem die inisiatief. Dit wil voorkom asof sy al die silwer toegewy het. Dalk sou die tempel so op haar onkoste in stand gehou word. Die efodbeeld en afgodsbeeldjies het Miga moontlik daarna gemaak en in die tempel gesit. 'n Vrou, die ma van Miga, het die voortou geneem vir die instandhouding van hierdie apostatiese godsdiens. Ironies, soos by Jefta, wil hulle hulle godsdienstige ywer vir die Here op hulle eie manier uitlewe. Die Levitiese priester wat hy dan ook later wy was beslis teen die wil van die Here. Priesters kon alleen uit die geslag van Aäron kom (Num 18:1-2) (Lion-Cachet, 1989:283).

Die ma van Miga en haar seun is albei in hulle ywer vir die Here op 'n dwaalweg. Hulle maak opofferings om die Here te dien, maar ongelukkig met behulp van afgodsbeelde. Hulle ywer het hulle blind gemaak vir die suiwere diens aan die Here. Hulle bedoelings was opreg maar die "ompad" volgens hulle keuse waarmee hulle die Here wou dien, het nie vir hulle die goedheid

van die Here gebring nie (Rig 17:13). Die oorhoofse tema van die verhaal van Miga en sy naamlose ma kan byna wees: "Die vloek van 'n moeder (oor 'n dief) word 'n vervloeking vir die volk".

### *3.2.2 (vi) Die byvrou van die Leviet*

Hierdie weersinwekkende verhaal van die byvrou van die Leviet wat dood is vanweë die optrede van straatboewe van Gibea en die gevolglike aanval van die res van Israel teen Benjamin, word weergegee in Rig 19-21. Die verhaal begin met die herstel van die verhouding tussen die Leviet en sy byvrou. Die gasvryheid van die Leviet se skoonpa, wat later irriterend kon wees, kontrasteer sterk met sy dogter se lot op hulle reis na hulle tuiste.

Die vrou se swygsame teenwoordigheid word vermeld wanneer hulle gaan oornag op die stadsplein van Gibea. 'n Ou Efraimiet wat in Gibea woon bied egter vir hulle huisvesting aan. Die straatboewe wat die huis omsingel eis die Leviet om onsedelik mee te verkeer. Die gasheer pleit ernstig vir sy manlike gas se veiligheid: "Julle moet hom nie so 'n lae ding aandoen nie" (Rig 19:23c). Ten einde sy gas te beskerm maak hy 'n verstommende voorstel aan die boewe: hy is bereid om sy dogter se eer op te offer en bied ook die Leviet se byvrou aan. Hoe maklik is die eer van 'n vrou blykbaar nie soms opgeoffer nie! Die wetsvereistes vir gasvryheid was belangriker as bedagsame optrede teenoor vroue (Lindsey, 1985:411). In Israel was bewys van gasvryheid een van die hoogste deugde om na te streef.

Die Leviet tree nou self op om sy eie lewe (eer) te beskerm. Met 'n besliste daad ("... gryp ...", "... stoot haar buitentoe ...") offer hy sy byvrou op in sy plek. In duiwelse wellus verkrag en verinneweer die boewe haar die hele nag totdat sy dood op die drumpel bly lê. Hierdie tragiese verhaal herinner sterk aan 'n soortgelyke gebeurtenis met Lot en die twee engele in Sodom.

Die verskil tussen die twee verhale is moonlik dat die Here by Lot was. Geen geloofsvertroue is egter in hierdie situasie by die Leviet te bespeur nie. Die twee mans maak hulle eie planne en dit wil voorkom asof dit heel aanvaarbaar was om vroue "op te offer".

Die Leviet se onsensitiewe optrede teenoor sy (dooie) vrou dié oggend, is ook verstommend. Hy gaan na buite om sy reis voort te sit, blykbaar nie om sy vrou te soek nie. Die feit dat sy met haar hande op die drumpel lê raak hom blykbaar nie, hy blyk nie besorg oor haar welstand te wees nie. Na 'n vreeslike nag help hy haar nie opstaan nie, maar beveel haar saaklik asof sy nie 'n nag van erge belewenisse gehad het nie. Op 'n doodgewone manier vra hy haar om op te staan sodat hulle verder kan reis. Die ongevoeligheid van hierdie man vir sy vrou is verstommend. Dit wil voorkom asof hy nie eens bewus was dat hyself haar uitgestuur het in sy plek nie. Dit is byna asof hy nie eens weet van die nag van ontsettende vernedering wat sy in sy plek deurgegaan het nie. Hy sien nie eens haar laaste desperate poging om die veiligheid van die huis van die gasheer te bereik nie (Rig 19:26-27).

Hierdie voorval bring die Leviet daartoe om die grusame getuienis van hierdie voorval onder die volk rond te stuur (v. 29-30). Hierdie onmenslike optrede teen 'n byvrou wek soveel weersin onder die res van die Israeliete dat hulle optrek en byna die hele Benjamin stam uitwis (Rig 21:6).

Hierdie verhaal van lyding en uiteindelik sterwe van 'n naamlose vrou, het weereens die posisie van vroue in die pre-monargale tydperk geïllustreer. Sy was maklik opofferbaar, in hierdie geval, nogal deur haar eggenoot wat blykbaar lief was vir haar. (Of was sy maar net "eiendom?). Die grusame "getuienis" wat hy onder sy volksgenote rondstuur is in werklikheid ook 'n beskuldiging teen homself. Dit wat hy vir sy volksgenote wys, is ook 'n stille getuienis teen homself. 'n Mens sou met reg kon vra of hy nie maar die slaaf wat saam met hulle was, opgeoffer het nie as daar dan geen ander uitweg was nie? Die boewe het tog 'n manlike persoon gesoek! Was die (seker

manlike) slaaf meer werd vir hom as sy vrou? Verhale soos hierdie beklemtoon die moontlikheid van lae waardasie van vroue/eggenotes wat fisiese lyding ondergaan en selfs sterf deur mans se optrede. Sulke voorvalle toon ooreenstemming met optrede teenoor eiendom: diere of goedere. Sulke naamlose, stemlose vroue vertoon die gebrekkige Godsvertroue van onder andere 'n geestelike leier, in hierdie geval 'n Leviet, met tragiese gevolge.

Hierdie verhaal met sy grieselrige detail is waarskynlik 'n uiterse geval. Die feit dat so iets in Israel moontlik was bevestig weereens dat in die Rigtertyd daar wanorde was en elkeen na goeddunke opgetree het. Hierdie verhaal is na alle waarskynlikheid geensins 'n maatstaf of verteenwoordigend van die posisie van vroue in Israel nie. Die vrou was van die begin af en ook in hierdie "wettelose" tydperk deel van die verbond. Die genade van God oor Sy afvallige volk, soos in die redders (rigters) gesien kan word, was ook oor die vroue. Die oorhoofse toespelling dui egter beslis daarop dat die posisie van vroue in die samelewing, nie op gelyke voet met mans was nie. Eers met die koms van die Christus sou dit herstel word.

## 3.3 SAMEVATTING

Wanneer 'n waardebepaling van vroue in die gebiede van Israel en Juda gemaak word, word telkens gestuit op die probleem van "amptelike" en publieke waardebepaling, soos na vore kom uit Bybelse gegewens, en die "verskuilde" waarde en rolle van vroue soos dit werklik was in die samelewingsverbande. Die werklike en intrinsieke waarde van vroue word egter "tussen die lyne" gelees en per implikasie vasgestel.

Wanneer 'n persoon tot redding van die volk kom in 'n oorlogsituasie is die agting vir hierdie "redder" nie minder wanneer dit 'n vrou is nie. Die kritiese rolvervulling van bv. Debora, Jael en die vrou met die maalklip, toon dat hulle selfs in oorlogsituasies kon optree en 'n veldslag in die guns van Israel laat draai. "Geloofshelde" in eie reg is ook onder hierdie groep van 11 vroue uit te wys. Hoewel Ragab 'n Kanaäniet was openbaar sy geloof in die God van Israel wat haar later sou ophef tot stammoeder van die Christus. Jefta se dogter neem haar pa se gelofte ernstig op ten koste van haarself. Hanna se geloofsvertroue wat sy in 'n smartvolle gebed in die Silo tempel uitstort, maak van haar 'n "heldin" met geloofswaagmoed. Die spontane en vrymoedige bedinging van 'n erfporsie deur Aksa en die vyf dogters van Selofgad, toon dat dogters en vroue ook eiendomsreg kon bekom wanneer hulle inisiatief geneem het. Die negatiewe invloed wat van vroue kan uitgaan kom ook voor: Miga se ma se reuse aandeel in sy apostatiese tempeldiens, die Fillistynse vrou Delila wat die rigter Simson tot 'n bespotting van sy vyande gemaak het en die volk van God verlei het.

Die vreeslike verhaal van 'n vroue-slagoffer van mans se optrede waarsku teen die moontlike lot van vroue.

Die rol van vroue as eggenotes en moeders in hierdie tydperk is vanselfsprekend, die rolle binne die huis wat invloed na buite het en die dikwels verskuilde rol van vroue buite die huis, is by nadere ondersoek beslis aantoonbaar. Dit wil inderdaad voorkom asof nuut gedink kan word oor die posisie van vroue uit hierdie tydperk.

Selfs die Filistynse vroue wat Simson verlei het om teen sy Nasireërsgelofte op te tree, word, soos in Israel self, "slagoffers" van hulle eie mense. Die vrou van Timna word deur die optrede van Simson, haar pa en die Filistynse leiers, verbrand. Die prostituut van Gasa kon waarskynlik nie aanspraak maak op goeie behandeling deur haar stadsgenote nie. Hoewel aan Delila 'n fortuin beloof is deur die Filistynse leiers om Simson te verraai, kon dit moontlik wees dat sy ook saam met Simson in die tempel gesterf het.

# *HOOFSTUK 4*

## ***Die $g^e$bira in die verenigde morargie***

### 4.1 INLEIDEND

Die volk Israel het die versoek om 'n koning te hê om oor hulle te regeer tot die profeet Samuel gerig. Die volk se duidelike versoek was om, soos die omringende volke, 'n koning te hê (1 Sam 8:5b) in die plek van die teokratiese regeringsvorm wat die kern van hulle ontstaan en bestaan as volk was (1 Sam 8:4). Die verdrukking en teistering deur die Filistyne was na alle waarskynlikheid ook 'n motivering vir die versoek om 'n koning (1 Sam 8:20). Die feit dat 'n koning en 'n koningshuis besondere eise aan die volk sou stel het Samuel, volgens die woord van die Here, aan hulle voorgehou. Die volk as indiwidue en hulle eiendom sou tot diens van die koning wees (1 Sam 8:11-17). Daar word ook 'n spesifieke rol vir die vrou in die paleis in diens van die koning voorgestel. Slegs enkele vroue sou egter direk of indirek 'n rol vervul wat ringtinggéwend en invloedryk was ten opsigte van die koningshuis in die besonder en die volk in die algemeen. Die grootste korpus vroue was ongenoemd en anoniem maar tog ook baie invloedryk op die basiese vlak van die gesin/familie. Hulle rol en invloed was in elke huis en het hulle dus ten spyte van hulle "amptelike" gesigloosheid vorm en rigting gegee aan die volkshuishouding.

Slegs drie konings het oor die verenigde monargie regeer, naamlik Saul, Dawid en Salomo. Van Saul is slegs een vrou bekend, terwyl sewe van Dawid se vroue genoem word. Aginoam is die enigste vrou van Saul wat aangedui word in 1 Sam 14:50. In 2 Sam 3:2 word die volgende as Dawid se vroue aangedui, behalwe Mikal wat waarskynlik Dawid se eerste vrou was (1 Sam 25:43) en Batseba wat nie hier gelys is nie:

- Aginoam
- Abigajil
- Maäka
- Gaggit
- Abital
- Egla

Oor Salomo se vroue is min bekend. Daar word verwys na die Egiptiese prinses (1 Kon 9:16). Vroue van vreemde afkoms word na verwys in 1 Kon 11:1: Moabitiese, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese en Hetitiese. Daar word ook verwys na Salomo se sewehonderd vroue en 300 byvroue (1 Kon 11:3). Dat baie van hierdie huwelike "politieke huwelike " was, ly geen twyfel nie. Salomo sou uitbrei op sy vader Dawid se voorbeeld om sy koninkryk "met" vroue te bou of te verstewig, soos aangetoon word in die bespreking, later.

Tydens hulle bewind het veral drie belangrike vroue na vore gekom. Die prominentste vrou wat bekend was tydens Saul se regering was waarskynlik sy dogter Mikal. Mikal sou egter deur haar vader vir selfsugtige behoeftes gemanipuleer word. Later sou Dawid haar ook as politieke "brug-bouer" gebruik om sy koningskap te konsolideer. Mikal was vanaf die begin 'n "troefkaart" vir haar vader Saul en later ook weer vir Dawid teen Saul se volgelinge. (Hierdie aspekte sal uitgelig word in die volgende bespreking.) Mikal, as jongste dogter van Dawid se voorganger Saul, was blykbaar die jong Dawid se eerste vrou.

Abigajil was Dawid se derde vrou ná Aginoam. Dawid se huwelik met Abigajil het sy heerskappy oor die Karmel/Hebron streke in die suide van die land[7] bevestig en het 'n rol speel in bevordering van Dawid se rykskonsolidering. Batseba het later 'n aandeel gehad aan die oordeel wat oor Dawid uitgespreek is asook oor sy troonopvolger. Abisag was die vrou wat Salomo

[7] Karmel was 'n stad 12 km suid-suid-oos van Hebron (Kitchen, in Douglas [ed.], 1972:201).

instaat gestel het (indirek) om van een van sy konkurrente (Adonia) ontslae te raak toe sy moeder Batseba op 'n oënskynlik naïewe wyse Salomo se halfbroer se versoek aan hom oorgedra het.

## 4.2 DIE ROL EN FUNKSIE VAN DIE *G^E^BIRA*

Dit wil voorkom asof prominente Joodse vroue in die verenigde monargie hul "hoë status" te danke gehad het aan die verwantskap ten opsigte van een of ander belangrike manspersoon. Status, ook wat vroue betref, was gekoppel aan magsposisies. Vroue aan die koninklike hof was dus veral prominent deur hul verbintenis met, of selfs diens/hulp aan die regerende monarg. Geen Israelitiese vrou het ooit die titel "koningin" gedra nie. Die Israelitiese gemeenskap het blykbaar nie of wou klaarblyklik nie) die koning se vrou as koningin in eie reg erken nie. Die koningsvrou is ook nie as haar eggenoot se verteenwoordiger gesien of as vennoot in sy regering erken nie of selfs as regent in sy leeftyd of ná sy dood gereken nie (Brenner, 1978:4). Die enigste koningin wat genoem word is die besoekende koningin van Skeba (1 Kon 10:1-13), dus 'n buitelandse koningin in eie reg kry in Israel erkenning.

### 4.2.1 Die term *g^e^bira*

Die term *g^e^bira* kom 15 keer voor in die Ou Testament (Andreasen, 1983:179). Die verskillende vertalings van die term impliseer dat daar 'n verbreding van die term plaasgevind het. Die term gebiedster of *g^e^bira* is slegs by drie geleenthede ten opsigte van vroue in Israel gebruik (1 Kon 15:13 en 2 Kon 10:13). Die woord wat in Hebreeus gebruik word, beteken ook "meesteres" in die algemeen, waar na Naäman se vrou verwys word (2 Kon 5:3). Meesteres (teenoor slavin) kom Jes 24:2 voor (Grosheide, 1955:292). Van Gelderen verwys ook na Joas se moeder Sibja (2 Kon 12:1) as "gebiedster" uit hoofde van die waardigheid waarmee sy later beklee is (Van Gelderen, 1956:202). Soms word die titel ook gereserveer vir die moeders van Judese konings. Enkele ander vertalings kom ook voor soos "lady", "great lady" en "queen" (Andreasen, 1983:179).

### 4.2.2 Definisie en rolomskrywing

Ten einde die wydlopende term $g^{e}bira$ te definieer, sal 'n funksionele definisie na alle waarskynlikheid die mees bevredigende wees. Die verskil ten opsigte van vroue wat $g^{e}bira$ genoem is en ander wat uit hoofde van hul optrede sal inpas by so 'n definisie, sal verreken moet word.

Die term $g^{e}bira$ kan moontlik as volg definieer word: Die mees prominente vrou aan die koninklike hof soos blyk uit haar posisie en magsuitoefening, hetsy die moeder of grootmoeder van die regerende monarg.

*De facto* $g^{e}bira$: Uit hoofde van die groot verskeidenheid vroue onder bespreking, kan 'n *de facto* $g^{e}bira$ definisie aangegee word vir meer prominente sowel as minder prominente vroue.

Die rolomskrywing van *De facto* $g^{e}bira$ kan ook van toepassing gemaak word op minder prominente en selfs naamlose vroue deur hulle uitlewing van die beginsels van 'n $g^{e}bira$.

Die veelfasettige rol van die $g^{e}bira$ (gebiedster) word deur elke unieke prominente vrou se optrede omskryf. Die bekendste gebiedster-rol is waarskynlik die koninginmoeder. Twee verwysings na die "... koning se ma" (2 Kon 10:13) en "... koninginmoeder ..." (1 Kon 15:13) is ten opsigte van "vreemde" vroue (Brenner, 1978:5). Maäka die ouma van koning Asa van Juda is deur haar kleinseun uit haar amp as koninginmoeder ($g^{e}bira$) onthef as gevolg van haar afgodiese praktyke. Maäka was die agterkleindogter van koning Talmai van Gesur en die dogter van die Absalom (2 Sam 3:3). Die verwysing deur die Judese prinse na die "... koning (dit is Joram) se ma" het betrekking op Isebel van Israel, dit wil sê Isebel as koninginmoeder. Maäka was wel net van vreemde afstamming terwyl Isebel die dogter van koning Etbaäl van Sidon was en as iemand van nie-Joodse oorsprong die belangrikste vroue-posisie in Israel/Juda beklee het.

Die feit dat Asa vir Maäka as gebiedster uit haar posisie kon afsit, sê iets van die amp van die gebiedster. Twee fasette kom na vore: die *g<sup>e</sup>bira* was 'n amp aan die koninklike hof sowel as 'n familiesaak. Die koninginmoeder was nie die *g<sup>e</sup>bira* slegs op grond van haar moederskap van die regerende koning nie. Soos in Maäka se geval was die posisie van die gebiedster nie onaantasbaar nie. Die amp het steeds onder die jurisduksie van die regerende koning gestaan. Volgens Van Gelderen (1956:97) was die funksie van die gebiedster die beheer en toesig oor die harem van die koning. Hierdie funksie van die gebiedster roep onmiddellik die optrede van Batseba in herinnering wanneer sy Adonia se versoek vir Abisag aan Salomo voorlê. Volgens Brenner (1978:6) het selfs Batseba, as moeder van die regerende Salomo, nie die titel van *g<sup>e</sup>bira* gedra nie. Sy blyk duidelik ondergeskik aan hom as hy haar versoek weier. Ten spyte van sy eerbetoon aan haar en gewilligheid om haar versoek aan te hoor, weier Salomo haar versoek. Batseba is hier die *de facto g<sup>e</sup>bira*: sy kry die hoogste eerbetoon, maar is ondergeskik aan die morarg.

Die kultiese aktiwiteite van Maäka blyk uit die feit dat sy 'n Asjera beeld laat maak het. Isebel se kultiese handelinge kom na vore in die invloed wat sy oor Agab op godsdienstige gebied gehad het. Die feit dat sy huwelik met Isebel die begin van sy Baäldiens was en dat hy 'n altaar en 'n Baältempel in Samaria opgerig het, dui op die kultiese bedrywigheid van Isebel as *g<sup>e</sup>bira*. Isebel het ook relatief onafhanklik op die kultiese terrein funksioneer, soos blyk uit die priester korps van Asjera waarvoor sy persoonlik verantwoordelik was (1 Kon 18:19). Deur haar aktiewe teenstand teen die Jahwe godsdiens waarin sy haar toegespits het op die profeet Elia, gebruik sy haar mag as gebiedster om 'n kultusvervanging te laat plaasvind. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat Isebel die rol van moedergodin in Israel wou voortsit nie.

As gebiedster tree Isebel sodanig op dat dit voorkom asof sy saam met Agab "regeer". Sy dreig self Elia met die dood oor sy uitroeiing van die Baälprofete (1 Kon 19:2). Sy besluit oor die eiendom van die volk: sy onderneem om Nabot se wingerd vir Agab te gee (1 Kon 21:7). Sy gebruik Agab se seël afdruk op die brief na Jisreël se stadsleiers om Nabot se verhoor te reël.

## 4.3 *DE FACTO G$^E$BIRA*

### 4.3.1 Mikal

Mikal was soos reeds genoem, na alle waarskynlikheid Dawid se eerste vrou. As Saul se jonger dogter, moontlik jonger as 16 jaar (Smith, 1963:351) is sy in die plek van haar oudste suster Merab, aan Dawid as vrou gegee. Dit kan dalk afgelei word dat Mikal reeds voor en tydens haar huwelik met Dawid dat haar rol en funksie die van politieke pion sou wees. Haar suster Merab sou die "soldate-loon" vir Dawid wees om Saul se oorloë te voer, maar sy is reeds toe aan Adriël die Megolatiet as vrou gegee[8].

Met die noem van haar naam word Mikal voorgestel as iemand met emosies en opinies van haar eie, 'n persoonlikheid in eie reg. Wanneer sy sonder skroom haar liefde vir die dapper soldaat Dawid bekend laat word, word sy deur haar vader Saul misbruik om Dawid uit die weg te ruim. Die feit dat sy haar liefde vir Dawid bekend gemaak het is buitengewoon (by twee geleenthede, 1 Sam 18:20, 28), gewoonlik word die vroue se gevoelens nie aangedui nie. Nadat Saul vir Mikal aan Dawid as vrou gegee het, het Saul besef dat die "die Here by Dawid is" (1 Sam 18:28). Hierdie besef het na alle waarskynlikheid Saul se naywer nog meer aangeblaas. Ten spyte van haar selferkende liefde vir Dawid (1 Sam 18:20, 28) is Mikal in 'n "geen-wen" situasie: hoewel sy Dawid liefgehad het en as sy vrou aangedui word (1 Sam 19:11), sou sy hom verloor. Saul sou hom of doodmaak of hy moes vlug en dan sou hy ook "verlore" wees. Ten spyte van wat sy gedoen het is sy die slagoffer van Dawid se verslegtende verwantskap met Saul. Dit wil voorkom asof die prominente feit van Mikal se liefde vir Dawid, vir Saul 'n bedreiging sou wees, aangesien ook dit vir Saul nog banger vir Dawid laat word het.

---

[8] Dit het geblyk dat dit Dawid gepas het om die koning se skoonseun te word (1 Sam 18:26). Hoewel dit baie ironies is dat ten spyte van Mikal se liefde vir Dawid, sy verwantskap met haar altyd deur praktiese oorwegings gekleur is.

Dawid se gewildheid sou sy (Saul) se moordplanne kon dwarsboom en hom dan sy troon kon laat verloor.

Mikal het die sterk persoonlikheid en inisiatief gehad om haar liefde as vrou in die openbaar bekend te maak, iets wat ongehoord was en andersom gedoen is (1 Sam 18:20) (Berlin, 1982:70). Hierdie inisiatief wat later deur haar vader misbruik sou word, sou sy later weer tot Dawid se voordeel gebruik. Sy waarsku Dawid omtrent haar vader se moordplanne. Sy het self gesorg dat hy ontsnap met 'n weldeurdagte plan. Ten einde tyd te wen het sy Dawid se siekte voorgegee en 'n vermomming gemaak. Om van haar vader se gramskap vry te kom het sy weereens leuenagtige versinsels aan Saul voorgehou.

Mikal se rol en karakter word baie duideliker wanneer sy met haar broer Jonatan vergelyk word. Sy en haar broer toon skynbaar groter lojaliteit teenoor hulle vader se "vyand", Dawid, as teenoor hulle vader. Mikal se rolvervulling toon egter 'n mate van "manlike" eienskappe terwyl Jonatan se rol 'n meer vroulike inslag vertoon. Jonatan pleit vir Dawid by sy vader met retoriese vaardigheid (soos Abigajil, later) en oorreed hom om nie 'n onskuldige man dood te maak nie. Mikal weer, tree aggressief en met fisiese middele op om Dawid van haar vader Saul te red. Op tipiese vroulike wyse weer, maak sy 'n vermomming (soos Rebekka). Sy skroom nie om leuens te vertel om Dawid en later haarself te beskerm nie. In haar optrede kan daar tot 'n sekere mate 'n parallel met Ragab aangetoon word: Ragab steek die verspieders weg, Mikal maak 'n vermomming in die bed; Ragab help vir Josua en Kaleb om deur die venster te ontsnap, terwyl Mikal vir Dawid met 'n mandjie deur die venster laat sak en hy wegkom van die redelose jaloesie en moordlus van Saul. Soos Ragel egter, vind sy die afgodsbeeld 'n handige item vir haar doel. Afgesien van Mikal se liefde vir Dawid het dit voorgekom asof sy nie haar vroulike rol vervul het nie, daar word nooit na haar skoonheid verwys nie. (Lea, wat die stammoeder sou word, se onaansienlikheid word tog aangedui!).

Mikal toon in haar optrede teenoor Dawid karakter ooreenkomste met haar vader Saul: sy verklaar haar liefde vir Dawid in die openbaar, netsoos haar vader "... baie van Dawid gehou ..." het. Mikal se verklaarde liefde vir Dawid verander later in veragting vir Dawid, terwyl Saul uit jaloesie en later vrees, vir Dawid wou doodmaak. Saul het Dawid begin haat toe die vroue vir hom 'n groter oorwinning as vir Saul toedig. Nadat Dawid die koningskap van Saul oorgeneem het, het Mikal weer vir Dawid verag oor die uitdrukking van sy blydskap oor die ark se bring na Jerusalem. Wanneer Dawid hom aansluit by Saul se gesin, is daar ooreenstemming in Saul, Jonatan en Mikal se gesindheid teenoor Dawid. Dawid geniet groot guns en aansien by die koningsfamilie. Mettertyd egter is daar 'n verandering in al drie persone se gesindheid teenoor Dawid. Waar Mikal en Jonatan aanvanklik liefde en lojaliteit teenoor Dawid betoon het, word Mikal se gesindheid meer negatief, en Jonatan se geneëntheid groter (Berlin, 1982:70).

In haar veragting van Dawid se optrede met die bring van die ark na Jerusalem, misken sy Dawid as God se uitverkorene. Mikal se neerhalende verwysing na Dawid se "vernederende" en onwaardige optrede toon haar karakter as hooghartig en elitisties. Daar word by twee geleenthede na haar houding verwys: sy het Dawid in stilte verag (2 Sam 6:17), en het dit blatant vir Dawid gesê in geen onduidelike woorde nie (2 Sam 6:20) (Bellis, 1994:146). Moontlik was die opofferings wat in haar huwelik van haar vereis is vir haar te groot. Daar was haar tweede, gedwonge huwelik volgens Saul se keuse, en Dawid se afwesigheid weens sy ontvlugting vir Saul wat na alle waarskynlikheid haar toegeneëntheid in aversie laat verander het. Haar negatiewe aanmerking oor koning Dawid se vreugde oor die ark het egter 'n sekondêre implikasie: tesaam met haar afwesigheid van die verrigtinge is die kommentaar 'n degradering van die godsdienspraktyke in Israel, en dus die godsdiens self.

Wanneer ons egter Rut en Mikal vergelyk, is daar ooreenstemming wat betref die keuse wat hulle aanvanklik moes maak, sowel as die moeilike omstandighede, hoewel verskillend van aard, waarin hulle hul bevind het. Die kritiese verskil tussen die rolle van die twee vroue is moontlik geleë in die behoud en uitlewing van hulle geloof, lojaliteit en offervaardigheid. Wat was Mikal se religieuse belewenis wanneer sy nie deel aan die feestelike terugbring van die ark nie? Sou die afgode (huisgode) wat sy destyds in die huis gehad het en so handig in die vermomming gebruik het, die ware geloof verdring het?

'n Passiewe maar tog baie belangrike rol wat Mikal vervul is waneer sy ook vir Dawid 'n politieke pion word om sy koningskap oor die hele Israel te verseker. Hoewel dit algemene gebruik was dat 'n man sy vrou kon terugeis onder bepaalde omstandighede (Ben-Barak, 1979:28), doen dit geen afbreek aan haar gedwonge rol nie. Haar reaksies en emosies word nie weergegee nie, slegs dié van haar tweede man, Paltiël. Dit is baie ironies dat Dawid sy vrou terugeis, maar nie op grond van haar (of selfs sy verklaarde of dalk geveinsde) liefde nie, maar omdat hy die bruidsprys betaal het! (2 Sam 3:14b). Deur hierdie tweede keer wat Dawid Mikal neem (eers as vrou en dan weer van Paltiël), word Mikal se lot weerspieël: haar lot is hier tot Dawid se wins/voordeel (Bowman, 1988:105).

Die rol wat Mikal dus hier vervul is op die "staatkundige" terrein: sy is die spilpunt waarop Is-Boset se wankelrige regering berus. Volgens wet moet Is-Boset haar terug laat besorg aan Dawid, maar dit sou dan wees asof hy buig voor Dawid en hom as sy meerdere erken. Deur Mikal, die dogter van Saul, terug te vra het Dawid sy eie posisie versterk en was sy vrou (die dogter van die vorige koning) 'n middel om sy troonsuksessie te bevoordeel. Mikal word as't ware die simbool waarmee Is-Boset sy koningskap prysgee: hy is nie by magte om Mikal se terugkeer te verhoed nie, haar terugkeer simboliseer Dawid se magsgreep. Dawid verseker Mikal se terugkeer teen die prys van 'n eggenoot (Bowman, 1988:105). Die eens doelgerigte Mikal is nou die passiewe voorwerp van Dawid se aggressiewe manipulasie. Soos wat sy

eens haar vader Saul se pand was in sy planne om Dawid te elimineer, is sy later 'n pion in Dawid se planne om dieselfde mag te verkry. Mikal se terugkeer na Dawid was 'n fyn beplande diplomasie van Dawid om die lojaliteit van die noordelike stamme te bekom.

Die feit dat Mikal ten spyte van haar jeudigheid haar liefde vir Saul se dapper soldaat bekend laat word het, het haar nie van die hartseer en ontwrigting gespaar om tussen twee politieke meulstene te verkeer nie. Die verhouding tussen Mikal en Dawid het waarskynlik ook langsamerhand verswak. Hoewel sy en Dawid naby mekaar geleef het as man en vrou, word niks van haar ervarings/gevoelens weergegee nie, maar Jonatan se emosionele belewenisse wel. Sy moes van baie vroeg af al die tweestryd tussen Saul en Dawid beleef. Waar sy en haar tweede man Palti gewoon het, was daar dalk baie teenstand teen Dawid (Bagurim was in die streek van Benjamin op die grens van Juda). Toe sy weer op Dawid se aandrang in Hebron moes gaan bly, het sy moontlik daar die anti-Saul gevoel in die kamp by Dawid se ondersteuners beleef. Moontlik het Mikal ook te doen gehad met vyandigheid van die Gibeoniete weens Saul se optrede teen hulle. Dawid se verbintenis met die Filistyne, wat vir die dood van Saul en Jonatan verantwoordelik was, kon seker ook Mikal se gevoel verhard. In teenstelling met die bedroefde Palti en die huishouding wat sy moet agterlaat, was daar Dawid die gesoute soldaat en krygsman met die berekende motiewe. In die lig van Mikal se vrypostige verklaring van haar liefde vir Dawid, was daar die moontlikheid dat Mikal ook Saul se opvlieënde geaardheid geërf het. Sou die veragting wat Mikal oor Dawid se optrede so sonder skroom uitgespreek het, nie dalk spruit uit jaloesie oor haar uitsluiting op die glorieryke dag van die plasing van die ark nie? Nog 'n rede vir haar skerp woorde kon wees omdat sy sonder haar keuse weggeneem is van haar oënskynlik toegewyde eggenoot Palti (2 Sam 3:15-16a). Moontlik kon die besef van die realisering van Dawid se dinastieke ambisies nou met die plasing van die ark in "die stad van Dawid" en dus 'n bevestiging van die onomkeerbare vervanging van Saul se koningskap, so 'n reaksie by Mikal ontlok het (Alter, 1981:71).

Mikal se rolvervulling word weergegee in afgebakende situasies, naamlik haar liefdesverklaring vir Dawid (die berig daarvan), waar sy vir Dawid help om haar vader te ontvlug, haar terugkeer na Dawid en haar veragting vir Dawid se optrede tydens die feestelikhede van die ark se plasing in Jerusalem. Haar dialoog wat aangegee word by twee geleenthede, is negatief: eerstens vertel sy leuens vir die soldate en haar vader ten opsigte van Dawid, en by die tweede geleentheid waar sy haar veragting vir Dawid uitgespreek het (2 Sam 6:20). Die verwantskap tussen Dawid en Mikal was letterlik en figuurlik 'n eensydige dialoog. Sy waarsku hom oor haar vader en neem die leiding in sy ontvlugting. Daar word tweemaal van haar liefde melding gemaak, maar geen reaksie van Dawid word aangetoon nie (Alter, 1981:68). Wanneer Mikal haar afkeur oor Dawid se ekstatiese optrede uitspreek, gebruik Dawid haar eie woorde om haar weg te stuur. Mikal se dialoog, wat so tiperend van haar persoonlikheid was, word nou teen haar gebruik. Wanneer Dawid kom om sy gesin te seën (2 Sam 6:20), neutraliseer Mikal se smalende woorde die voorgenome seën tot 'n onomkeerbare breuk tussen die koning en sy eerste vrou (Blaikie, 1898:94).

'n Kenmerk van Mikal se rol wat, reeds vòòr haar huwelik met Dawid deur haar vader vir haar gekies is en later ook deur Dawid aan haar gegee is, is dié van politieke pion. Mikal word vasgevang deur Dawid se verslegtende verhouding met Saul. Saul se wraakgierigheid verenig haar met Dawid maar skei haar weer van hom. Sy word verder slagoffer van Dawid se ambisie. Hierdie ambisie verenig haar weer met hom in sy poging om sy koningshuis te legitimeer, maar in effek het juis dit haar waarskynlik totaal van hom vervreem. Haar potensiaal tot mediërende rolvervulling kan tot 'n mate met dié van Abigajil vergelyk word, maar is egter oorheers deur negatiewe aspekte wat gedeeltelik gewyt kan word aan karaktereienskappe wat ooreenstemming getoon het met haar vader. Uit haar karaktereienskappe, wat ook in haar dialoog weerspieël is, blyk haar besondere vermoë. Soos by ander vroue is haar rol degradeer en misbruik. As 'n indiwidualistiese persoon het sy nie geskroom om haar gevoelens bekend te maak nie. Haar houding weerspieël egter dieperliggende kwessies wat haar hele lewe oorspan het.

Daar word in besonder verwys na haar kinderloosheid (2 Sam 6:23). Die feit van Mikal se kinderloosheid kan op drieërlei wyses beskou word. Eerstens kan dit as Goddelike straf beskou word omdat sy die gesalfde (Dawid) verag het in die uitvoering van sy koninklike en kultiese pligte. Tweedens is daar die moontlikheid dat Dawid hom van haar weerhou het, en 'n derde moontlikheid is dat dit 'n bitter sameloop van omstandighede was wat die laaste van soveel ongelukkige gebeure in hierdie vrou se lewe was (Alter, 1981:73)[9].

Mikal word nooit as aantreklik beskryf nie en haar rol word baie a-tipies weergegee. Dit ly geen twyfel dat sy 'n belangrike persoon in eie reg was nie. In retrospeksie toon Mikal se handelswyse 'n mate van ooreenstemming met Isebel.

### 4.3.2 Abigajil

Abigajil se optrede word in 1 Sam 25 beskryf. Die besonder positiewe voorstelling van Abigajil in 1 Sam 25:3 plaas haar in 'n spesiale kategorie. Nadat eers haar man Nabal en toe sy bekendgestel is word daar onmiddellik van haar goeie eienskappe melding gemaak en in een asem gekontrasteer met haar eggenoot se slegte eienskappe. Abigajil se tweesydige tussenganger rol is opvallend: sy is die tussenganger tussen Nabal en Dawid en ook ter wille van Dawid. Vir Nabal het haar rol (indirek) tot sy spoedige (natuurlike) dood gelei, vir Dawid tot sy behoud en voorspoed as koning.

---

[9] J J Glück is van mening dat die 5 seuns wat tereggestel is wel Mikal s'n kon wees (2 Sam 21:8). Hy sien die Engelse vertaling van 2 Sam 6:23 as sou Mikal "nooit" kinders gehad het as 'n foutiewe weergawe van die Hebreeuse teks van "nooit daarna". Dit kon dus volgens hom Mikal se vyf seuns (by Paltiël?) gewees het wat Dawid aan die Gibeoniete uitgelewer het. J J Glück, ZAW 77, 1965, p. 73). L. Ginzberg is van mening dat dit wel Merab se seuns was wat deur Mikal grootgemaak is. (Ginzberg, 1991: 201.) Wie ookal die moeder was, Dawid het deur die oorlewer van hierdie kleinseuns van Saul moontlike teenstand teen sy dinastie uit die weg geruim.

Abigajil se besondere karaktereienskappe kry 'n nuwe dimensie wanneer sy vergelyk of gekontrasteer word met ander prominente vroue. Wanneer gekyk word na Abigajil en Debora se rolvervulling, is hulle verteenwoordigend van die twee hoof kategorieë van vroue in die Ou Testament. Debora is die vrou wat 'n amptelike posisie buite die huishouding beklee, terwyl Abigajil, soos die meerderheid van vroue, binne die huis en familiekring optree. Abigajil is die eerste vrou na wie die Bybel as 'n vrou "met goeie verstand" verwys. Abigajil verteenwoordig dan ook die baie positiewe tog tipies vroulike rolvervulling . Wanneer Abigajil die eerste stap neem om haar huishouding te beveilig, betoon sy gasvryheid en doen die praktiese, voor-die-handliggende daad, naamlik die voorsiening van voedsel om die veglustige Dawidsbende goedgunstig te stem. Abigajil se gasvryheid dien tot behoud van die gesalfde Dawid, terwyl Jael se gasvryheid teenoor Sisera tot die dood van die vyand aan die hand van 'n vrou lei.

Die inisiatief en onafhanklikheid waarmee Abigajil optree, sonder die toestemming of medewete van haar eggenoot, is tipies vir haar rol en funksie in die huishouding en ook buite (Brenner, 1985:39). Sy as vrou geniet meer vertroue van die werkers in haar man se diens. Sy word direk genader deur hulle versoek om te bemiddel ter wille van almal wat aan Nabal se huis behoort.

Abigajil se eerste vlak van bemiddeling is dus lokaal, ter wille van die huishouding en eie lewensbehoud. Haar onafhanklikheid en klaarblyklike vermoëndheid blyk uit die feit dat vyf diensmeisies haar vergesel wanneer sy Dawid se vrou word. Sy probeer Nabal se dwaasheid teen te werk deur haar optrede waarin sy voorgee dat die huishouding aan haar behoort en dat alle verantwoordelikheid haar eie is. Haar optrede beklemtoon egter haar onafhanklike, prominente karakter. Verdere bevestiging kom voor in die verwysing na "... Abigajil die Karmeliet ..." (1 Sam 25:40). Abigajil se organisatoriese vermoëns en flinke optrede om die dreigende situasie te beredder, stem deels ooreen met Rebekka, Ragab, Naomi/Rut en tot 'n mate ook met Mikal. Abigajil vertolk 'n dubbelganger rol op hierdie eerste vlak: sy

verhoed Dawid om 'n moord te begaan op 'n (dwase) man, en dan bemiddel sy ook om Nabal (haar eie, en andere) se lewens te red. Haar bemiddeling ter wille van Nabal se lewe was kort van effek, want hy sterf 'n natuurlike dood net tien dae later. Haar hoof bemiddelingsrol is dus ten opsigte van die gesalfde van die Here Dawid. Ten spyte van sy dwaasheid toon Nabal ook waardering dat hulle ontkom het (deur middel van Abigajil se tussenbeide optrede) (Beeching, 1972:3).

Weens die lengte van die dialoog wat aangegee word, kan Abigajil se rol ook getipeer word aan die rasionele oorwegings wat aanleiding gee tot haar optrede, die oorredingsvermoë en retoriese vaardigheid waaroor sy beskik. Met goeie gevolg beding sy vir haar huishouding. Die bedingingsvermoë wat gerugsteun word deur retoriese vaardigheid, is vergelykbaar met dié van die wyse vrou van Abel-bet-Maäka wat, ter wille van haar stad, met Joab en met die leiers van haar stad in gesprek tree. Deur middel van haar oorredingsvermoë word die beleëring van die stad beëindig. Dawid staan ook Abigajil se versoek toe en neem haar geskenk van voedsel en drank aan.

Die dialoog (of eintlik Abigajil se monoloog) dui op die tweede vlak van bemiddeling: terwille van die Goddelike beloftes. Abigajil tree tussenbeide om die beskerming van die gesalfde van die Here (ook teen homself!). Soos wat Rebekka van middele (bokvelle en voedsel) gebruik gemaak het om God se beloftes volgens haar keuse "ten uitvoer te bring", so dien die sistematiese ontvouing van Abigajil se lang monoloog (8 verse in 1 Sam 25:24-31) tot die uiteindelike beskerming van die gesalfde. Hierdie vroegtydige woorde van Abigajil sou Dawid as gesalfde van Jahwe instaat stel om sy Goddelike roeping later te vervul sonder beletseling.

Aangesien dialoog van vroue baie selde meer as in 'n enkele sin weergegee word, is die volgende funksionele aspekte van Abigajil se dialoog opvallend: eerstens vind ons haar nederige apologie ten opsigte van "haar" oortreding; versoek om vergiffenis vir die beledigende optrede en die seënwense vir Dawid wat die bewaring van die Here in die verlede, hede en toekoms bevat.

Abigajil doen dus die oënskynlike immorele daad om as vrou vir Dawid agterna te ry en te konfronteer, maar oortree in geen opsig nie en verhoed dat Dawid sondig. By Batseba kry ons wel die immorele onverstandige optrede (in teenstelling met Abigajil) wat die uitverkorene laat struikel en vir die res van sy lewe daaronder laat ly (2 Sam 12:10).

Die bemiddelingsrol van Abigajil het dan ook 'n invloed op die "politieke" terrein. Haar huwelik met Dawid vorm 'n "brug" tussen die vyandige faksies in die suidelike stamme in Israel. Die funksie van politieke pion is by Abigajil, anders as by Mikal, 'n sekondêre rolvervulling (Ben-Barak, 1979:16). Abigajil se bemiddelingsrol het na alle waarskynlikheid goed ingepas by Dawid se strategiese beplanning: hy kon 'n verstandige en mooi vrou kry en as 'n meevaller stamme onder sy heerskappy inbring. Abigajil vervul 'n konstruktiewe en positiewe rol wat goeie staatkundige gevolge het. Mikal, daarteenoor, was werklik die politieke speelbal van haar wispelturige vader Saul.

Abigajil as Karmeliet, met die geassosieerde stamme sou, heelwat later, Dawid se troonsuksessie bevoordeel. Sy troonsbestyging in Hebron, 'n Kalebitiese streek, het oënskynlik sonder voorval plaasgevind. Sy suksesvolle kroning as Bethlehemiet was waarskynlik deels te danke aan die feit dat hy reeds met Abigajil getroud was (2 Sam 2:1-4) (Levenson & Halpern, 1980:507)[10]. Abigajil se positiewe advies aan Dawid vind later weerklank in sy woorde aan Abisai seun van Suriah om nie vir Saul dood te maak nie (1 Sam 26:9 e v).

[10] Die belang van die Kalebitiese streek blyk uit die verwysing in Num 14:29-30 dat almal bo die ouderdom van 20 gesterf het behalwe Josua en Kaleb, bevestig ook Kaleb as Dawid se voorvader. Die belang van Hebron en die Kalebitiese streek word verder beklemtoon wanneer Absalom die seun van die Gesuritiese prinses Maäka, sy rebellie juis daar begin en sy ondersteuningsbasis daar soek. Levenson, J.D. & Baruch Halpern. J B L 99/4, p. 511.

By die vergelyking van Rut, Abigajil en Tamar (skoondogter van Juda) blyk dit dat daar bloot "graduele" verskille tussen hulle is en dat hulle metodes om hulle doel te bereik, ooreenstem. Daar kan 'n stygende orde in die intensiteit van optrede om 'n bepaalde doel te bereik aangetoon word: Abigajil het met suiwer, edele motiewe onderhandel; Rut het die oënskynlike immorele gedoen om by Boas se voete te gaan lê om sy aandag op sy lossingstaak te vestig, terwyl Tamar vir Juda verlei het deur 'n prostituut vermomming om 'n nageslag te verkry. Die enigste negatiewe kommentaar of verwysing na Abigajil is in 1 Sam 25:32 waar haar naam sonder die "Yod" gespel word. Hierdie woord- stam kom ook in Jahwe voor en die weglating kan moontlik dui op negatiewe beskouing van haar optrede (Ben-Reuven, 1982:2). Abigajil se optrede staan nie los van die tiperende rolvervulling van die vroue onder bespreking nie, inteendeel is die ooreenstemming groot. Sy gebruik haar vroulike eienskappe soos gasvryheid en sorgsaamheid met groot vaardigheid. Die belangrikste aspek is egter haar buitengewone taalvaardigheid en welsprekendheid. Die oorhoofse funksie is, soos telkens met ander vroue die geval was, ter wille van die uitverkorene van Jahwe: ter wille van die behoud en beskerming van die gesalfde. In Abigajil se rolvervulling kristalliseer inderdaad die essensie van 'n gebiedster uit. Inderdaad pas die rol van koningsvrou haar beter as die vrou van die ryk dwaas Nabal. Ironies dat haar huwelik met Dawid haar stem "stil" gemaak het. Haar seun Kilab (2 Sam 3:3) was nooit een van die prominente seuns van Dawid nie en daar word nooit weer na hom verwys nie (Bellis, 1994:148).

### 4.3.3 Rispa

Die aanvanklike, eintlike sekondêre, rol wat Rispa vervul, word aangesny in 2 Sam 3:6-8. Die naam Rispa beteken "gloeiende kool" (Van Riet, 1990:320). Die swygsame vrouefiguur Rispa, een van koning Saul se byvroue, word hier getoon in die so bekende "pion-rol" van soveel vroue uit die Ou-Testamentiese tydperk. Ten spyte van haar skadu-agtige rol vorm Rispa die spilpunt van 2 Sam 3 wat met 'n katalitiese effek bygedra het tot die bevestiging van Dawid se koningskap oor die hele Israel.

Abner, die leërhoof en neef van Saul, wou die lugleegte wat ontstaan het tydens die oorlog tussen Saul en Dawid tot sy eie voordeel benut. Dawid was op hierdie stadium nog net koning oor Juda in Hebron. Die moontlikheid het bestaan dat Abner as familielid van Saul die koningskap van Israel vir homself wou inpalm. Hoewel hy self vir Is-Boset, die seun van Saul, koning gemaak het oor die 5 stamme van Israel (2 Sam 2:8-10), was Is-Boset 'n swakkeling. Abner neem dus die koning se byvrou vir hom, waardeur hy sy motiewe openbaar maak. Rispa, as koningsvrou, kon sy opgang in die koningshuis van Saul bevoordeel (2 Sam 3:6). Dieselfde lot van "politieke pion" vir die verkryging van die koningskap van Israel, het hierdie byvrou van Saul getref, netsoos vir sy dogter Mikal.

Die neem van vroue of die versoek van 'n vrou uit die koninklike harem, het by verskeie geleenthede voorgekom. In elke geval was dit óf 'n eensydige oorname van die koningskap (Absalom), óf 'n moontlike beplande oorname van die koningskap (Adonia se versoek vir Abisag) óf 'n poging om 'n bestaande koningskap uit te brei, te versterk óf te konsolideer (Dawid se versoek dat Mikal aan hom teruggegee moet word).

Die teregwysing van Is-Boset aan Abner oor sy vader se byvrou laat 'n heftige reaksie by hom (Abner) ontstaan en die gevolg is die verplasing van sy lojaliteit van Saul na Dawid. As militêre strateeg skaar hy hom by die moontlike wenner in die magstryd. Hierdie oorlopery van Abner het later ook indirek aanleiding tot sy eie dood gegee[11]. Die persoon van Rispa is dus die oorsprong van 'n kettingreaksie waarin sy bloot die slagoffer en toeskouer was. Sy word in die politieke magspel gebruik: Abner wil homself bevoordeel en Is-Boset besef die gevaar. Soos Mikal en later Batseba word hulle byna soos "ruil voorwerpe" behandel. Rispa se passiewe rolvervulling gee daartoe aanleiding dat Dawid in sy magspel om die koningskap oor Israel te verkry, sy

[11] Die feit dat Abner so 'n heftige reaksie getoon het, kon daarop dui dat hy onskuldig was. Die feit is dat hy wel met Rispa getrou het (Cotton in Smith 1863:9) "...om sy posisie in Saul se huis te verstewig...", maak tog sy motiewe verdag.

vrou Mikal van Abner eis in ruil vir samewerking met hierdie leërowerste van Saul.

Die rol wat Rispa tydens die vroeë tydperk van Dawid se koningskap vervul het, het sy as't ware aan haar eie persoon ervaar, soos Batseba. As "politieke pion" was Rispa die middelpunt-vlietende persoon deur wie Abner sy lojaliteit van Saul se koningshuis na Dawid s'n verplaas het (Bellis, 1994:144). Rispa het, soos Mikal, deur haar verbintenis met Saul, as't ware 'n intrinsieke waarde gehad wat baie goed gebruik kon word om bepaalde politieke oogmerke te bereik.

Die tweede keer wat ons vir Rispa aantref is dit in nog baie slegter omstandighede. Die aangrypende verhaal van 'n treurende moeder en grootmoeder Rispa word vir ons weegegee is 2 Sam 21. Rispa is die slagoffer wat die prys moes betaal vir haar wispelturige eggenoot (Saul) se dade. Die koningskinders moet boet met hul lewens vir hul vader se misstap. Nadat die Here vir Dawid te kenne gegee het dat die hongersnood die straf op Saul se misdaad teen die Gibeolete was, het Dawid die Gibeoniete laat roep. Die Gibeoniete eis dat sewe mans uit Saul se familie gedood moet word vir die wat deur Saul gedood is. Merab, die dogter van Saul, se vyf seuns en Rispa se twee seuns by Saul is deur die Gibeoniete gedood en op die berg opgehang.

As weduwee wat slegs die liggame van haar twee seuns Armoni en Mefiboset gehad het, word Rispa vir ons getoon in haar rol: sy bewaak die liggame van haar seuns en kleinseuns teen roofdiere en roofvoëls. In haar getroue en langdurige waak oor die liggame ("Van die begin van die oestyd af totdat die reëntyd aangebreek het, ... bedags ... en snags..." (2 Sam 21:10), wil dit byna voorkom asof sy Saul se nageslag en nagedagtenis wil eer. Sy wil verhoed dat die koninklike nageslag onteer word deurdat wilde diere die liggame verskeur. Die deerniswekkende figuur van Rispa wat bo-op die berg waghou by die liggame terwyl die garsoes onder op die lande ingesamel word, moes dien as 'n spesiale boodskap vir almal wat haar sien. Sy moes waghou totdat

die reën die teken uit die hemel sou wees wat haar wag sou beëindig. Die reën sou die teken van die herstel/vergifnis vir die land wees (Hastings, 1902:9).

### 4.3.4 Batseba

Die naam Batseba is van Kanaänitiese oorsprong (Gen 38:2,12) en beteken "die sewende dogter" of "dogter van 'n eed" (Lockyer, 1977:75) Batseba verteenwoordig 'n besliste keerpunt in Dawid se lewe as gesalfde. Direk sowel as indirek het Batseba 'n bepaalde rigting aan Dawid se regering oor Israel gegee. Batseba se belangrike rolvervulling word veral weergegee in haar dialoog: die eerste was indirek 'n boodskap aan Dawid na sy owerspel met haar (2 Sam 11:5); die tweede, baie later, wanneer sy bemiddel in die intrige rondom die troonsuksessie; en die derde is Adonia se versoek wat sy aan Salomo deurgegee het.

Aanvanklik word Batseba as 'n passiewe slagoffer voorgestel en is haar skildering soos die van 'n figurant: geen dialoog waarin sy invloed kon uitoefen nie, (vergelyk haar met Absalom se halfsuster Tamar wat teengestribbel het oor haar halfbroer Amnon se eis). Daar is ook geen aanduiding van 'n aktiewe rol of dat sy teenstand gebied het nie. Sy is 'n skadufiguur wat die aandag laat fokus op die uitverkorene, hetsy dit 'n positiewe of negatiewe aspek is (Lawlor, 1982:197). Batseba se passiwiteit word ook beklemtoon as sy vergelyk word met Abigajil: Abigajil tref voorbereidings en bemiddel in persoon op die "vyand" se terrein.

Ondanks haar passiwiteit het Batseba tog ‘n bemiddelingsrol vervul in die feit dat sy die persoon/objek is waarmee die gesalfde sondig, hoewel sy nie 'n gelyke party in die owerspel was nie. Haar passiewe, en waarskynlik onwillekeurige rol, herinner aan Hagar se gedwonge rolvervulling: Abraham wou iemand hê wat vir hom kinders kon gee. Vir die verveelde koning Dawid dien Batseba as 'n "katalisator", iemand waarmee hy kon afreageer en sy ledige tyd kon verwyl. Die boodskap wat Batseba vir Dawid stuur, die

resultaat van haar tragiese rolvervulling, sou 'n kettingreaksie aan die gang sit wat 'n baie groot invloed op die res van Dawid se regeringstyd sou hê (2 Sam 12:10). Die swaard sou inderdaad nie van hom wyk nie[12].

Batseba se ware en aktiewe bemiddelingsrol word egter weerspieël wanneer sy ingryp om haar en haar seun Salomo as troonopvolger van Dawid se posisie in die toekoms te verseker. Batseba se ten volle ontplooide rol as een van die sentrale karakters in die koningshuis van Israel, kom na vore in die staatsake sowel as familie aangeleenthede. Hierdie twee aspekte onafskeidbaar, aangesien die "staatsake" hulle familie toekoms bepaal het.

Volgens haar optrede vervul Batseba hierdie sentrale rol in staatsake, veral ten opsigte van die troonopvolging. Haar rolvervulling word dus op meer as een vlak voorgestel: op die hoogste vlak sowel as op die breër familievlak. Soos verskillende ander vroue is haar handeling binne die familiekring ook ter wille van die familie, hoewel dit sentreer rondom haar en haar seun (dus hulle veilige toekoms.) Haar beslistheid van optrede is ook 'n kenmerk van haar rol, en sy skroom nie om haar vrees vir hulle lewensbehoud onder 'n ander koning teenoor Dawid uit te spreek nie. Die feit dat Batseba die moeder van die latere koning Salomo was, toon dat haar plek bestem was, hoewel haar opname in die koningshuis vir haar pynlik en vernederend was.

Batseba het ook 'n tipe vroulike teenpool in Abisag: Batseba se eerste binnekoms in die paleis van Dawid (op versoek van die koning) en haar destydse posisie teenoor hom was byna soos die van 'n slaaf sonder enige keuse. Abisag is egter voortdurend in die ou koning Dawid se teenwoordigheid, as 'n spesiale diensmeisie (verpleegster). Sy is hom tot hulp

---

12 Die moontlikheid word genoem dat Batseba 'n kleindogter van die priester Agitofel was. Kon Agitofel se vyandigheid teenoor Dawid en sy raad aan Absalom om Dawid se harem oor te neem, dalk wraak gewees het oor Dawid se owerspel en die oneer wat hy daardeur oor die familie gebring het? Beeching in Douglas, 1972:136.

en diens en beklee byna 'n vervangingsposisie ten opsigte van Batseba[13]. Die ambivalensie van die situasie is opvallend wanneer Batseba kom om Dawid deur haar seun te laat vervang, terwyl Abisag as't ware in Batseba se plek by Dawid in sy slaapkamer teenwoordig is (Berlin, 1982:29).

Batseba se laaste bemiddelingsrol vervul sy in die belangrike posisie van koninginmoeder en vanuit die regterhandposisie van haar seun, koning Salomo. Die prominensie van Batseba word beklemtoon wanneer haar posisie aan Salomo se regterhand vergelyk word met Salomo as koning se kultiese regterhandposisie by God (Ps 110:1) (Gray, 1970:106). Wanneer Batseba dus deur Adonia gevra word om aan Salomo sy versoek deur te gee, want "Koning Salomo sal mos na u luister, ..." (1 Kon 2:17a), is haar wyse van optrede veelseggend. Batseba herhaal feitlik woordeliks Adonia se versoek teenoor Salomo: "Sy sê: 'Ek wil 'n klein gunsie van jou vra. Moet my dit nie weier nie' " (1 Kon 2:20). Dit wil byna voorkom asof Batseba vir Salomo wil "dwing" om haar gunsversoek toe te staan. Die groot ironie van hierdie situasie is dat dit voorkom asof sy hierdie "tweede aanslag" van Adonia op die troon nie herken nie! Die heftige reaksie wat haar versoek van Salomo ontlok, dien egter dat Salomo met 'n eed sy voorneme om Adonia finaal as opponent uit die weg te ruim, uitvoer. Weereens en finaal was Batseba en Salomo se toekoms verseker. Salomo se heftige reaksie op die guns-versoek, moet gesien word in die lig van die belangrikheid van die oorname van die harem van 'n vorige koning as teken van bewindsoorname. Die moontlikheid sou dus oorweeg kon word dat Abisag wel 'n gewone byvrou van koning Dawid was of tans deel van Salomo se harem was. Hoewel Batseba (en Adonia) die teenoorgestelde bereik, vervul Batseba 'n tweede, verskuilde rol: sy is instrumenteel in die verwydering van Salomo se opposisie ten opsigte van die

[13] Die status van Abisag is onseker. Die moontlikheid bestaan dat sy in Dawid se diens vir "mediese" of versorgingsredes was. 'n Ander argument is dat Dawid sy vermoë om nog as koning te kon regeer moes toon met sy viriliteit. Abisag sou dan hom tot hulp wees en hierin 'n rol vervul (Gray, 1970:77).

troon. Die uitkoms van haar rol is dus in ooreenstemming met die resultaat van haar troonopvolgings-bemiddeling[14].

Wanneer koning Salomo voor sy moeder buig is daar geen twyfel oor die prominente posisie wat sy vervul nie. Die regterhandposisie en Salomo se onmiddellike geneëntheid om aan haar versoek te voldoen, beklemtoon haar posisie verder (1 Kon 2:19, 20). Of Batseba se invloed by Salomo persoonlik of institusioneel was, is moeilik om te bepaal. Salomo was egter baie aan haar verskuldig vir sy koningskap: haar (en die profeet Natan) se direkte intervensie het vir Salomo die troon verseker. Batseba se aanpassingsvermoë by veranderende omstandighede het waarskynlik bygedra tot haar statuur en voortbestaan in die paleis (Bellis, 1994:151). In haar optrede toon Batseba egter wysheid (bemiddeling vir Salomo as troonopvolger) en oënskynlike dwaasheid (Adonia se versoek) waarin daar ooreenkoms is met Dawid se eie optrede. Sy wyse optrede ten opsigte van Saul (vergelyk onder andere 1 Sam 24:5-16) en sy reaksie op Batseba se versoek om haar seun as sy opvolger aan te wys, maar tog sy versuim om 'n troonopvolger aan te wys, toon soortgelyke ambivalensie. Batseba se prominente posisie in die paleis het die weg gebaan en maatstaf vasgelê vir alle koningin-moeders in Juda: ná Batseba word alle konings se moeders stiptelik weergegee (Hubbard, 1972:1202).

### 4.3.5 Abisag

Die rol van Abisag word in 1 Kon 1:1-2 aan die orde gestel. In teenstelling met Mikal, Abigajil en Batseba is Abisag se rol in die koningshuis van Israel die van 'n "diensmeisie". Die jeugdige skoonheid van die Sunemitiese meisie moes die ou koning Dawid versterk en ondersteun aan die einde van sy lewe. Die feit dat sy slegs in diens was om die koning te bedien en op te pas en te versorg, word beklemtoon.

[14] Die moontlikheid van romantiese motiewe by Adonia word ook genoem, maar dit geniet geen oorweging by Salomo as jonger broer van Adonia nie. Salomo beskou dit as 'n gepoogde "staatsgreep".

Hoewel Abisag byna 'n figurant rol vervul het, het haar teenwoordigheid in die paleis 'n kontrasterende sowel as 'n katalitiese effek gehad. Soos Mikal was sy by twee konings betrokke, naamlik Dawid en sy opvolger Salomo. Abisag se jeug en skoonheid is in kontras met die ouderdom en swakheid van koning Dawid. Die ironie van die ou swak koning in teenstelling met die wellustige koning van eertyds en sy neem van Batseba en owerspel met haar, kom ook na vore. Abisag vorm ook 'n duidelike teenstelling met Batseba: die jong, aantreklike vrou in die intieme sfeer van die koning se slaapkamer, in teenstelling met Batseba wat seker nie meer jonk was nie en nie meer so in 'n intieme verwantskap met die ou koning geleef het nie (Berlin, 1982, 74).

Alleen deur haar teenwoordigheid het Abisag 'n reaksie aan die gang gesit waardeur Salomo se regering beter gevestig is. Adonia, die seun van Gaggit, se versoek, deur Batseba, aan koning Salomo om vir Abisag as vrou te kry, het sy lewe gekos. Adonia se aanvanklike selfgewaande koningskap (1 Kon 1:18) is skielik beëindig deur hierdie teenwoordigheid van Abisag in die paleis. Abisag was soos 'n onbeweeglike pion in hierdie magspel: dit wat rondom haar gebeur het, het Salomo instaat gestel om Adonia as mededinger uit die weg te ruim. In 'n sekere opsig kon Abisag ook vir Batseba 'n pion/instrument wees. Batseba kon "met Abisag" die teenstand (Adonia) teen Salomo se koningskap uit die weg ruim. Abisag se rol as die tipiese swygsame vrouefiguur van wie geen dialoog, emosie of handeling bekend is nie, het tog 'n aansienlike invloed/ uitwerking gehad.

Indien Batseba moontlik enige jaloesie gekoester het teenoor Abisag oor haar betrokkendheid by Dawid, was Adonia se versoek dalk weer 'n moontlikheid om van haar (Abisag) ontslae te raak. Abisag se teenwoordigheid laat die lig val op Adonia en Batseba se motiewe met die versoek van Abisag as vrou vir Adonia. Die optrede van beide is egter moeilik om te begryp: Adonia wend 'n desperate poging aan om een van die konings-byvroue te bekom en so waarskynlik die koningskap op te eis. In Adonia se versoek aan Batseba om Abisag as vrou te verkry, kla hy oor die koningskap wat syne was en dát hy

na alle verwagting koning sou word. Hy versoek egter net die "troosprys": Abisag.

Abisag se koms en teenwoordigheid in die paleis beklemtoon 'n "vervangingsmotief". Batseba se seun Salomo moet vir Dawid as koning vervang, Salomo moet die "gewaande koning Adonia" vervang en Abisag se teenwoordigheid by Dawid lyk asof sy Batseba in 'n sekere opsig vervang.

Die klein kamee rol van Abisag het met die kettingreaksie wat dit tot gevolg gehad het, beslis 'n beduidende invloed in die koningshuis van Israel gehad.

## 4.4 VROUE TYDENS DIE ABSALOM REBELLIE

### 4.4.1 Die tien byvroue van Dawid wat in Jerusalem gebly het

Ook tydens Absalom se opstand teen Dawid was daar drie vroue (waaronder een groep) wat sleutelrolle gespeel het. Soos telkens by die rolle deur vroue vervul, was daar passiewe/slagoffer rolle sowel as aktiewe, inisiërende rolvervulling. Van hierdie drie rolvervullings (twee individue, een groep) was slegs een tot Absalom se "voordeel", terwyl die ander in Dawid se guns opgetree het.

Toe die begeerlikheid vir die koningskap van Israel Absalom oorweldig het, het hy stapsgewys sy strategie ontplooi. Deur homself gewild te maak onder die volk was hy eerstens verseker van hulle toekomstige steun (2 Sam 15:6). Daarna het Absalom onder valse voorwendsels na Hebron toe gegaan waar hy homself tot koning verklaar het. Absalom het besef dat hy sy koningskap in die hoofstad Jerusalem moet proklameer om dit aanvaarbaar te maak. Die Dawidsraadgewer Agitofel is toe ook uit Gilo opgeroep om die "nuwe koning" by te staan.

As adviseur van die koning (Dawid) was Agitofel baie deeglik bewus van die koninklike prerogatief. Toegang tot die harem van die koning was die eksklusiewe reg van die regerende koning. Die binnegaan of aanspraak maak op 'n lid van die harem was sinoniem met 'n aanspraak op die troon self (soos by Adonia later). Die Agitofels-raad aan Absalom is om oop en bloot die koningskap vir hom toe te eien deur openlik die (oorblywende) koningsvroue te neem. Die tent wat op die dak opgeslaan is, was vir die volk die teken dat Absalom volledig aanspraak gemaak het op die koningsvoorregte en dit inderdaad vir homself toegeëien het.

Die tien byvroue van Dawid wat die onbenydenswaardige taak gekry het om die paleis in die ontruimde Jerusalem op te pas, word nou die hoogste troefkaart en belangrikste "politieke pionne" vir Absalom. Deur die oorname, die as't ware "verskuiwing" van hierdie 10 "politieke pionne", voltooi Absalom sy oorname van die Dawidiese koningskap. Die volgende vergelyking is byna moontlik:

**10 "paleis-oppassers" = 10 koninklike vroue = 10 politieke pionne gee koningskap vir Absalom.**

Die 10 prominente vroue in Jerusalem was na alle waarskynlikheid, sonder aansiens des persoons, simbole van die politieke magsuitoefening van die eersugtige Absalom. Die vroue se verbintenis met koning Dawid het van hulle 'n gesogte "prooi" van Absalom gemaak. Die vroue was byna soos gyselaars in hulle eie koninklike paleis. Terwyl die koning en sy hele hofhouding die stad verlaat (2 Sam 15:16,17) en al die inwoners van die stad, die hele volk die koning gevolg het (2 Sam 15:23), bly die tien vroue van die hofhouding agter "... om die paleis op te pas, ..." (2 Sam 15:16a).

Die feit dat Dawid slegs die 10 vroue agtergelaat het om die paleis op te pas, laat die vraag ontstaan of Dawid die omvang en erns van Absalom se rebellie korrek beoordeel het. Dawid se woorde in 2 Sam 16:11 toon egter dat hy bewus is dat Absalom sy <u>lewe</u> soek. Wanneer die heethoofdige Absalom (vergelyk 2 Sam 14:29-32) Jerusalem sou oorneem, sou die 10 vroue bloot

slagoffers van so 'n oorname wees. Sou die "instandhouding" van die paleis, wat Dawid tog reeds verlaat het, vir hom belangriker wees as die 10 minder-prominente lede van sy hofhouding? Dawid as geslypte strateeg het waarskynlik die nut van onopsigtelike, lojale (vroue-) paleisamptenare ingesien wat vir hom "spioene" in die binnekring van die paleis kon wees.

### 4.4.2 Die paleis-slavin

Tydens die opstand van Absalom was daar getroue volgelinge van Dawid wat hom ondersteun het en met raad en daad bygestaan het. Onder Dawid se getroue ondersteuners was daar Gusai die Erekiet (2 Sam 15:32) en Agimaäs en Jonatan die seuns van die priesters Sadok en Abjatar. Hierdie 5 was die inligtingskakels wat die Agitofels-raad aan Absalom en "sy" volksleiers aan Dawid in die woestyn moes deurgee. Die oordra van hierdie inligting aan Dawid deur Agimaäs en Jonatan was slegs die eindpunt van die inligtingsketting. Aangesien Agimaäs en Jonatan nie in die stad kon ingaan nie, hulle sou dadelik as spioene herken word (soos wel later by die Rogelfontein gebeur het, 2 Sam 17:18), moes hulle die boodskap buite die stad afwag. 'n Onopsigtelike "skakel" vanuit die paleis sou vir die deurgee van hierdie boodskap verantwoordelik wees. 'n Nederige, naamlose slavin sou hierdie lewensbelangrike boodskap vir Dawid uit die paleis deurgee.

Die besoek van 'n slavin aan die Rogelfontein was waarskynlik 'n baie algemene, daaglikse aktiwiteit. Die fontein was buite die stadspoort en na alle waarskynlikheid sou sy normaalweg nie alleen daarheen gaan nie. Die "opoffering" wat sy moet maak om saam met die ander vroue in die bedreigde stad agter te bly, was nie vrugteloos nie. Die lotsbepalende boodskap aan Dawid oor Absalom se strategie word deur hierdie lojale vrou oorgedra. Soos Gusai was sy binne-in die paleis betrokke: Gusai om Agitofel se raad aan Absalom te verydel (2 Sam 17:14) en die slavin om Gusai se raad vanuit die paleis via Sadok en Abjatar aan Jonatan en Agimaäs na Dawid te stuur. Gusai bevoordeel Dawid se saak na "binne" (in die paleis, teenoor Absalom) terwyl die slavin se optrede na buite is (buite die paleis, buite die stad). In

hierdie krisis-situasie is die vroulike en manlike rolle as't ware omgeruil: die vrou se plek was hoofsaaklik binne die huis en die man buite. Die ooreenkoms tussen die slavin en Gusai is egter hulle gedeelde lojaliteit aan Dawid.

### 4.4.3 Die vrou van Bagurim

Van al die vroue in die vroue-galery van die Bybel vanaf ou Israel tot en met die ryke van Juda en Israel, word slegs na vyf vroue verwys wat "politieke vlugtelinge" versteek het. Die tradisionele vroue-rol van beskerm en versorg kom ook in hierdie vyf gevalle voor. Die vroue is Ragab, Jael, Mikal, vrou van Bagurim en Jehoseba. Die ironie van die aanwending van hierdie rol teen 'n vyand blyk uit Jael se optrede. Die volgende groeperings van die vroue kan gedoen word:

| GROEP I | GROEP II | GROEP III |
|---|---|---|
| Ragab<br>Jael | Mikal<br>Jehoseba | Vrou van Bagurim |
| versteek vreemdelinge | versteek/help koninklikes | versteek volksgenote/boodskappers |
| Resultaat: tot voordeel/ nadeel van verstekeling | Resultaat: tot voordeel van verstekeling | Resultaat: beveiliging van Dawid |

**Verklaring van groepe:**

I Indirekte voordeel van die Dawidiese lyn
II Direkte beveiliging van Dawid, bewaring van die Dawidiese lyn
III Beveiliging van boodskappers met lewensnoodsaaklike boodskap vir Dawid.

Wanneer die agtervolgde Agimaäs en Jonatan gaan skuiling soek by 'n man in Bagurim is dit sy as vrou wat 'n plan maak en wat 'n slim kamoeflering maak om hulle te versteek. Haar optrede stem baie ooreen met Ragab se versteking van die verspieders onder vlasstoppels (Jos 2:6). Hierdie naamlose vrou se werkswyse is tipies van haar "voorgangers" en ander ná haar: sy gebruik dit wat in en om die huis is. Die tradisionele sfeer van rolvervulling vir die vrou was die huis. Vanuit die huis het haar invloed en optrede uitgekring na die samelewing. Soos wat die slavin 'n daaglikse roetine van gaan na die fontein gebruik het om die boodskap deur te gee, so gaan die

vrou van Bagurim ook te werk. Ook sy gebruik 'n roetine taak en wend dit vernuftig aan. Dit was waarskynlik graankorrels wat fyn gestamp was en uitgesprei is om te droog wat sy juis oor die put met die vestekelinge geplaas het (Van Rooy, 1983:353).

Die vrou van Bagurim toon haar lojaliteit teenoor die huis van Dawid met die alledaagse dinge wat sy gebruik in haar huis. Die gewone huishoudelike word die buiten-gewone hulpmiddel waardeur die vrou 'n klein maar belangrike skakel vorm om die belangrike boodskap by Dawid te kry. Ten spyte van die nederige voorkoms van die rol wat hierdie onbekende vrou vervul het, het dit vérreikende invloed gehad.

Die plek **Bagurim** is egter ten opsigte van twee vroue betekenisvol. Die eerste verwysing na Bagurim as juis die plek waar Palti van Mikal moes afskeid neem en Abner haar na Dawid terug geneem het. Vir Mikal was Bagurim die keerpunt in haar lewe van gedwonge veranderinge (2 Sam 3:15). Die vrou wat Bagurim as tuiste gehad het, het in hierdie plek die belangrike taak gehad om by te dra tot die herstel van Dawid se koningskap deur die boodskappers te versteek.

## 4.5 SAMEVATTING

Hierdie groep van 12 vroue het aktiewe sowel as passiewe rolle vervul. Die raamwerk waarbinne hulle hulle rolle vervul het, het goed ingepas by die "rol-model" van vroue: optrede binne die huis; en passiewe, pion-rolle.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die bemiddelingsrol wat vroue gespeel het in die Ou Testament, hetsy positief of negatief, 'n bepalende invloed op die verloop van die geskiedenis van die verbondsvolk gehad het. Uit hoofde van die "minderwaardige posisie" wat van die vrou voorgehou word, kan die rol en invloed indirek bepaal word uit die minimale dialoog, optrede van die bepaalde vrouens en die verwysings na hulle.

As sentrale motivering tot rolvervulling is die vrou se eie toekoms die bepalende faktor. Haar rol kan egter hoofsaaklik op drie vlakke aangetoon word:

- ter wille van die familie/gesin;
- op 'n verdere vlak is rolvervulling vir die behoud van die gesin of familie in 'n breër verband,
- en op die hoogste vlak van bemiddeling uit geloof, ter wille van die verbondsbelofte.

Die retoriese vermoëns, rasionele oorwegings en oorredingsvermoë kan aangetoon word by vroue soos Ragab, Abigajil en veral Batseba. Gedurende die monargale tydperk (tydens Dawid en Salomo se regerings) het Batseba 'n bepalende rol vervul in "staatsake", naamlik die troonopvolging. Veral tydens Dawid se regering het vroue 'n eksplisiete belangrike rol vervul: Abigajil wat Dawid se wraak verhoed, Mikal as politieke pion, Batseba wat die "swaard" oor Dawid se huis gebring het, en Abisag wat so intiem en persoonlik by die ou koning Dawid betrokke was en later ook as politieke pion deur Adonia gebruik is. Hierdie "misbruik" van Abisag sou tot Adonia se dood aanleiding gee. Vir Adonia het Abisag die "swaard" oor sy lewe gebring.

Die negatiewe aspekte van vrou-wees kom na vore in vroue as "verleidsters": Rut en Tamar (met 'n positiewe oogmerk en met die verbondsbelofte in gedagte) en Batseba (hoewel indirek, tog negatief). Negatiewe aspekte kom ook in lewens van vroue voor en bedrog deur vroue om 'n bepaalde doel te bereik, byvoorbeeld Rebekka, Ragel, Ragab (positief) en Mikal (bedrog met positiewe voornemens, maar uiteindelik baie negatief). Ekstreme en soms wrede optrede kom ook na vore in die rolvervulling. Sara stuur Hagar na 'n "gewisse dood", Rebekka is bereid om die vloek te aanvaar om vir haar gunstelingseun Jakob die seën te verkry deur haar blinde eggenoot te bedrieg, Ragab pleeg verraad teenoor haar volk en Jael pleeg 'n koelbloedige moord op die vyand. As vroue dien hulle tradisionele rol ook 'n bepaalde doel: die praktiese voor-die-hand-liggende optrede, soos die gee van water

(Rebekka), kos (Abigajil) en skuiling (Ragab) en vrou van Bagurim vorm 'n integrale deel van die bemiddelingsfunksie.

Ten einde die rol en invloed van prominente vroue (gebiedsters) te onderskei, is dit insiggewend om aandag aan 4 van koning Dawid se vroue te gee. Daar blyk 'n ooreenkoms tussen die openbare en private stadiums in Dawid se lewe te wees, as 'n reaksie op sy vrouens se invloed op hom:

| | PRIVATE REAKSIE | OPENBARE REAKSIE |
|---|---|---|
| Mikal | Emosioneel koud, tog word sy vir politieke voordeel gebruik | Koue berekende soeke na mag |
| Abigajil | Gretig dog beleefde reaksie | Selfversekerd as gewilde leier |
| Batseba | Wellustige neem wat nie aan hom behoort nie | Begeerte om magsbasis uit te brei, uitbreiding van ryk |
| Abisag | Impotensie | Verlies van beheer oor koningskap (Berlin, 1982:79) |

Mikal se karakter toon heelwat ooreenkoms met Isebel: Mikal neem die insiatief in meer as een situasie; haar dialoog is karakteristiek en invloedryk. Soos by Isebel is Mikal se laaste dialoog 'n neerhalende vraag wat beide se riskante/swak posisie beklemtoon. Beide was koningsdogters. 'n Belangrike verskil tussen Mikal en Isebel is dat ten spyte van Mikal se sterk persoonlikheid sy 'n politieke pion vir haar vader en eggenoot was. Isebel het die magsposisie egter vir haarself ingepalm en tot en met haar dood dit beheer en uitgeoefen.

Wanneer die spektrum van hierdie vroue beskou word, kan van die eienskappe van die Ideale Leier ook by hulle uitgewys word, naamlik militêre vermoëns. Die uitsondering is tradisioneel die priesteramp. Dit blyk dus dat God ook deur middel van vroue sy uitverkiesende genade illustreer en dat Goddelike bewaring ook deur vroue bewerkstellig word. Dit kan dus sonder twyfel aangetoon word dat vroue 'n bepalende en rigtinggéwende rol vervul het wat weinig onderskeibaar en geensins ondergeskik is aan die van die man nie.

Die gebira "amp" in die verenigde monargie kan slegs indirek aangetoon word, behalwe vanaf Batseba. Mikal as Dawid se eerste vrou toon met haar inisiërende optrede en dialoog eienskappe van 'n gebiedster. Weens onder andere die feit dat sy vir beide haar vader en vir Dawid 'n politieke speelbal was, het sy later van die toneel verdwyn sonder om 'n bepalende rol tot aan die einde van haar lewe te vervul.

Abigajil het ook tydens Dawid se vroeë omswerwings toe hy vir Saul moes vlug, 'n baie prominente rol gespeel. Abigajil het met haar wyse woorde en bemiddelende optrede Dawid as toekomstige koning van Israel bevoordeel en so eienskappe van 'n gebiedster getoon.

Batseba was die eerste vrou aan die koninklike hof waar daar sprake van 'n gebiedster is. Soos Mikal en Abigajil het sy 'n politieke rol gespeel. Sy het self opgetree en die troon vir haar seun Salomo verseker. Die feit dat sy dit kon regkry, bewys haar invloedryke (gebiedster) posisie tydens veral die laaste deel van Dawid se regering. By haar verskyning voor Dawid met haar versoek vir haar seun Salomo, is dit opvallend dat sy voor Dawid "gestaan" het (1 Kon 1:28). Die gewilligheid waarmee die profeet Natan haar voorstel oor die koningskap vir Salomo gesteun het, kan ook dui op die erkenning van haar prominensie deur die profeet Natan.

Die posisie as gebiedster tydens Salomo blyk uit die volgende:

(a) sy was die koninginmoeder (1 Kon 15:13; 2 Kon 10:13),

(b) die regerende koning wat eer aan haar betoon,

(c) haar ereposisie by die koning,

(d) haar beheer oor die koning se harem.

# *HOOFSTUK 5*

## ***Die $g^e$bira na die skeuring van die ryk***

### 5.1 INLEIDEND

In teenstelling met die suidelike ryk van Juda, is daar geen eksplisiete verwysings na die *$g^e$bira* in die noordelike tienstammeryk van Israel nie. Die afwesigheid van enige direkte verwysing na die *$g^e$bira* in Israel kan moontlik gewyt word aan die feit dat die benaming gekoppel was aan die dinastieke beginsel, iets wat hoofsaaklik afwesig was in Israel. Die hoof verwysingsbron, soos by Juda, is die inleiding tot die regerings van die verskillende konings wat in die Ou Testament gegee word. Die enigste verwysing na die *$g^e$bira* in Israel is by monde van die lede van die Judese koningshuis (2 Kon 10:13). Enkele ander verwysings kom voor in Neh 2:6 en Dn 5:3,23, maar dit is egter onvoldoende aanduidings dat die *$g^e$bira* 'n amptelike posisie in die Judese monargie vóór die ballingskap was (De Vaux, 1973:119).

'n Funksionele omskrywing tipeer die *$g^e$bira* in Israel en bepaalde kenmerkende optrede is ook hier aan te toon: inisiërende optrede as vrou; prominente funksionering op kultiese terrein en selfstandige asook indiwiduele optrede buite die gebruiklike huislike omgewing. Hierdie tipering toon die *$g^e$bira* of gebiedster egter in 'n baie negatiewe rolvervulling van buitelandse en dus heidense vroue wat buitengewone mag uitgeoefen en afgodery op 'n groot skaal ingevoer en bevorder het.

Die verwysing deur die besoekende Judese prinse na die "gebiedster..." (2 Kon 10:13) het dus waarskynlik op koningin Isebel betrekking. Isebel pas dan ook in die raamwerk van die *g^e^bira* soos aan te toon is uit optrede van verskillende vroue. "... the best exemplar is Jezebel who is at once wicked, foreign, and idolatrous" (Greenspahn, 1983:49).

## 5.2 DIE *G^E^BIRA* IN ISRAEL

### 5.2.1 Isebel

Die gebrek aan 'n direkte verwysing na die *g^e^bira* in Israel doen egter geen afbreuk aan die Skrifgegewens nie. Volgens, onder andere 1 Kon 16:31 word die bestaan van die persoon Isebel aanvaar (Soggin, 1981:456 en ook Soggin, 1993:220). Hoewel die karakterisering van koningin Isebel moontlik kan inpas in 'n blote Deuteronomistiese voorstelling, word sy algemeen as gemalin van koning Agab aanvaar en geplaas in die tydperk 874/73-850 (Bright, 1972:243). Oor Isebel as persoon, haar afkoms en haar buitengewone optrede in Israel is daar geen twyfel nie, dit word in duidelike terme uitgespel (Bright, 1978:52).

#### *5.2.1.1 Die betekenis en oorsprong van die naam Isebel*

Die Bybel verwys na Isebel אִיזֶבֶל as die eggenote van koning Agab (1 Kon 16:31). Die woord זבול word vertaal met die woord "verhoogde" (Montgomery & Gehman, 1960:308). Dit word voorgestel as 'n moontlike verkorting van "my broer is verhoog" אחיזבל. 'n Vergelyking kan ook gedoen word met איכבור wat as 'n afkorting van אביכבור beskou word. Die woord אי is egter 'n ontkenningsvorm wat in Fenisiese inskripsies voorkom (Bronner, 1964:9). Die konnotasie van die naam kan dan wees "nie-verhoogde", 'n spottende bynaam. Die woord אי kom ook voor met die betekenis van "eiland", dan sou איזבל beteken "verhoogde eiland". Dit kan dan as 'n eervolle verwysing na Tirus wees

wat 'n aanduiding kan wees dat Isebel na haar geboorteplek vernoem is. Dit word egter betwyfel aangesien geografiese name nie sonder veranderings daaraan vir persoonsname gebruik is nie.

Die woord *zbl* kom dikwels in Ugaritiese tekste voor en daar bestaan verskillende vertalings voor, soos onder andere "prins" (verwysing na Baäl) of "siekte" of "woonplek". Die woord *zbl* kom ook in Hebreeus voor met byna dieselfde betekenisse. Verskeie moontlike vertalings bestaan dus, waarvan die waarskynlikste is dat איזבל 'n verkorting van die naam אביזבל is en nie van אחיזבל nie. Die woord אביכבור is verkort na איכבור en ook die naam אביצזור wat verkort is tot איצזור. Dus is die waarskynlikste vertaling van die koningin se naam "my goddelike vader is 'n prins" wat 'n gepaste naam vir 'n koningsdogter sou wees. Dit word egter ook vertaal met "weg is die prins". Die naam אביזבל is opsetlik deur die Bybelskrywer verkort tot איזבל om die fanatieke en onpopulêre koningin te bespot. Die naam *'izebel* soos in die Masorete teks voorkom is blykbaar 'n parodie: *zebul* wat Baäl se titel beteken, is verander na *zebel* (mis) (Gray, 1970:368).

### 5.2.1.2 *Skrifgegewens met betrekking tot Isebel*

(a) Isebel se herkoms, 1 Kon 16:31
(b) Isebel se huwelik met Agab, 1 Kon 16:31
(c) Die bou van die Baältempel in Samaria, 1 Kon 16:32
(d) Die Karmelgebeure, 1 Kon 18:17-19:4
(e) Die Nabotsinsident, 1 Kon 21:1-29
(f) Isebel as *g^e^bira* tydens Ahasia en Joram, 2 Kon 9:22
(g) Isebel en Jehu, 2 Kon 9:30
(h) Isebel as *g^e^bira*

Die gegewens is volgens die orde wat dit in 1 en 2 Konings voorkom aangebied en sal elkeen nou afsonderlik bespreek word.



**FIGUUR 5.1:** **Voorstelling van Baal** (Cassuto, 1971: plaat VII)

### *5.2.1.3 (a) Isebel se herkoms*

Die eerste oorspronklike verwysing na Isebel tref ons aan in 1 Kon 16:31. Die huweliksluiting van Agab, seun van Omri, met Isebel die dogter van koning Etbaäl van Sidon is 'n saaklike aanduiding van die afkoms van een van die bekendste koninginne in Israel. Etbaäl was die priesterkoning van Sidon, waar hy, afgesien van koning ook priester van Astarte was. Etbaäl het aan bewind gekom nadat hy sy voorganger Phelles vermoor het (Josephus V:317). Soos uit sy naam afgelei kan word, het Etbaäl 'n besondere verbintenis met die god Baäl gehad. In hom as persoon is die twee "ampte" gekonsolideer. Vanuit hierdie agtergrond het Isebel gekom en dit is duidelik die dryfkrag vir haar optrede in die koningshuis van Israel. Soos met die absolute mag van die despotiese regeringsvorms van haar Umwelt, sou sy toesien dat die koningskap in Israel uitgeoefen word. Haar herkoms en opvoeding was die voedingsbron van haar uiters onkonvensionele en konflikterende optrede.

### *5.2.1.3 (b) Isebel se huwelik met Agab*

Die verwysing na die huwelik van Agab met Isebel in 1 Kon 16:31 vorm deel van die verwysing na die sondes van Agab: "Dat hy voortgegaan het met die sondes van Jerobeam seun van Nebat was nog die minste; hy het ook met Isebel dogter van koning Etbaäl van die Sidoniërs getrou en die god Baäl begin dien en hom aanbid." Die verwysing na Agab se huwelik met Isebel deur die Deuteronomis is nie net om historiografiese redes nie. Die huwelik word belig as simptomaties van die Omri dinastie, 'n direkte konsekwensie van die sondes van Jerobeam ben Nebat (Soggin, 1981:453). Die huweliksluiting plaas as't ware die "plus" agter die sondes van Jerobeam, die verbinding tot en aanleiding van vyf pertinente afgodiese praktyke van Agab wat op die huwelik volg (1 Kon 16:31-33). Aan Jerobeam word die beeldediens, die stierkultus gewyt, terwyl Agab die blaam moes dra vir pronte invoer van afgodery, die Tiriese Baäl. Die datum van Agab se huweliksluiting word gestel op 881 (Van Gelderen I, 1956:136) (Voorstelling van Baäl), Cassuto, 1971: plaat VII).

Die huweliksluiting tussen Agab en Isebel is tipies vir die gebruike tydens die monargale tydperk in Israel. Soos by Salomo (1 Kon 11:1-8) was hierdie huwelik ook gesluit om politieke redes. Die alliansie met Etbaäl van Tirus is verseël met die huwelik van Agab en Isebel. Die handel wat daar sedert Dawid se regering met Tirus bestaan het (2 Sam 5:11) is deur hierdie huweliksluiting op 'n vaster grondslag geplaas. Etbaäl was gretig om sy handel na die hinterland uit te brei en Israel was 'n goeie skakel in hierdie handelsnetwerk. Isebel was dus 'n skakel na die buiteland, maar van die begin af reeds het dit geblyk om nie 'n skakel in die gebruiklike sin te wees nie. Volgens die gebruik in daardie tyd (1 Kon 11:7,8) het Agab voorsiening gemaak vir sy vrou se eie gode. Die rol wat Isebel op kultiese en ander terreine sou vervul was egter van onberekenbare en tot dusver ongekende omvang. Die verwysing na die verkeerde dinge wat Agab gedoen het wat meer was as al sy voorgangers (1 Kon 16:30,31), was bepaald ook 'n verwysing na sy huwelik met Isebel (Bright, 1978:52).

### *5.2.1.3 (c) Die bou van die Baältempel in Samaria*

In direkte aansluiting met die verwysing na sy huwelik met Isebel die koningsdogter van Sidon, word die Baäl-diens van Agab aangetoon: "... en die god Baäl begin dien en hom aanbid" (1 Kon 16:31b). Dit wil voorkom asof dit 'n byna logiese (vir Agab) opvolging van sy huwelik met Isebel was om hom meer en meer aan die Baäl-diens te wy (The Bible A.V., 1974:323). Dit volg dan ook daaruit dat hy vir sy heidense vrou 'n tempel vir haar god sou oprig soos wat dit gebruiklik was (vgl. 1 Kon 11:7,8). Die "gewyde paal" of Asjera wat Agab (langs die altaar) opgerig het was die hout kultiese voorwerp van die moedergodin Asjera wat Isebel saam met Baäl aanbid het (Weiner, 1978:5).

Met die oprigting van die Baältempel Samaria (1 Kon 16:23) ontstaan die vraag of dit vir 'n nuwe Tiriese god was of nie[15]. Gaster aanvaar dat dit die plaaslike god Melkart was volgens die rituele by die altaar. Die moontlikheid bestaan dat dit aansluiting kon vind by 'n ou bestaande Baälisme wat onder groepe afvallige Israeliete en oorblyfsels van die oorspronklike Kanaänitiese bewoners van die land beoefen is (Barnard, 1982:40). Aangesien die koningshuis relatief nuut was was daar dalk nog nie 'n tempel vir die Kanaänitiese deel van die bevolking gebou gewees nie en kon dit as 'n bykomende "motivering" dien om die Baältempel vir die Sidoniese vrou van koning Agab te bou. 'n Aantoonbare teenwoordigheid van die Kanaänitiese-Israelitiese Baäl het voorgekom vanaf koning Salomo tot met die hervorming van koning Josia in 622 v.C (2.Kon 23:4 e.v.) (Ahlström, 1977:52).

Die ligging van die Baältempel in die stad Samaria self word egter deur Y. Yadin afgewys (Yadin, 1978:129). Die moontlikheid dat daar 'n Baälstempel in die hoofstad van Israel (Samaria) sou opgerig word waar Jahwe die amptelike God was, word betwyfel. Die moontlikheid bestaan dat die verwysing na "Samaria" na die land self kan wees. 'n Enkele teksverwysing waar na die "stad van die huis van Baäl" verwys word (2 Kon 10:25), toon beslis 'n ander lokaliteit aan. Aangesien Jisreël blykbaar die hoofsentrum van Isebel se kultiese praktyke was en ook met die groot personeel van Baäl na alle waarskynlikheid daar saamgetrek, is die mees waarskynlike plek dat die tempel op die berg Karmel geleë was. Karmel was ook 'n belangrike gewyde kultussentrum in Samaria tydens die Omriede dinastie (Mazar, 1992:127, 128).

Koning Etbaäl van Tirus wou Israel waarskynlik ook tot sy eie voordeel op verskeie terreine afhanklik van Tirus maak. Daardeur sou hy nie alleen sy ligging verskans nie maar ook sy ekonomie bevoordeel en uitbrei. Die alliansie het vir Agab groot finansiële voordeel gehad. Deurdat hy die Tiriese kultus vir sy vrou in Samaria gevestig het, het hy nie alleen die guns van die priester-koning van

---

[15] Yadin aanvaar dat dit Baäl Sanem, die kosmiese god van die Fenisiërs was. Yadin, Yigael. The house of Baal of Ahab and Jezebel in Samaria, and that of Athaliah in Juda, p. 129.

Tirus probeer wen en behou nie, maar ook die ondersteuning van plaaslike Baäl aanbidders. Deurdat Agab deur die tempelbou en aanbidding van Baäl onder die invloed van sy vrou gekom het en Jahwe met Baäl gelykgestel het deur sy optrede, het hy Israel se bestaansreg aangetas en die eksklusiwiteit van Jahwisme verplaas (Corney, 1970:192).

Die Baäl tempel was 'n sigbare bewys van Agab se dualistiese beleid op kultiese terrein. Hoewel Salomo ook verskeie buitelandse vroue gehad het, het Isebel 'n baie meer aktiewe rol as enige koningsvrou voor haar gespeel in kultiese sowel as regeringsaangeleenthede. Aangesien die Baälkultus die oorsprong van Isebel se gesag geblyk het, het sy hierdie ou bekende Kanaänitiese kultus versterk en uitgebrei sodat dit die voorkoms van 'n amptelike (staats-) godsdiens geniet het. Hierdeur is die volk verbind aan die "vroulike aspek/sy" van die monargie op soortgelyke wyse as wat Agab sy koninklike outoriteit van die apostatiese Jahwe kultus gekry het[16]. Aangesien Agab en Isebel se huwelik aan die begin van Omri se regeringstydperk gestel word, is die Fenisiese kultus reeds op daardie stadium "ingevoer" en dus "van staatsweë beskerm". Agab het egter nog 'n groot aantal "Jahwe profete" gehad wat getoon het dat hy ook sogenaamd met Jahwe wou rekening hou (1 Kon 22:6,8) (Van Gelderen II, 1956:297).

Weens die feit dat Isebel nie tevrede was om slegs persoonlik getrou aan haar kultus van Baäl en Astarte te wees nie, het sy, deur die Baältempel en haar sending ywer vir die heidense kultus 'n gelykstelling naas Jahwe op die hoogste vlak geëis. Deur as beskermer van Baäl en Astarte op te tree het Isebel op 'n buitengewone wyse daarin geslaag om 'n veelvuldige konsolidasie van die koningshuis te bewerkstellig. Sy het naamlik die godsdienstige, politieke en ekonomiese aspekte gekonsolideer. Wanneer gelet word op Agab se gedrag toe Nabot nie die wingerd aan hom wou verkoop nie (1 Kon 21:46-47), wil dit

---

16 Die moontlikheid bestaan dat 'n tradisie in Fenisië bestaan het en vir 5 eeue van dinastie tot dinastie oorgedra is. Die Mesopotamiese tradisie wat soortgelyk is, het behels dat een van die regerende koning se dogters as priesteres van die plaaslike hoofgod aangestel is. Volgens hierdie tradisie kon Isebel haar as die Baäl priesteres van Samaria beskou het wat haar dan bepaalde magte sou gee.

voorkom asof hy nie altyd die gewenste charisma vertoon het wat Isebel van die koning van Israel verwag het nie. Isebel tree egter self op.

Die gebruiklike en oënskynlike onskuldige tempelbou vir die heidense vrou van koning Agab sou ernstige kort- en langtermyn gevolge hê: deur sy aanbidding van Baäl (1 Kon 16:13) sou Agab kort na sy troonsbestyging Jahwe met Baäl gelykskakel. Die Baältempel sou later 'n kultiese personeel van 850 hê waardeur sinkretisme bevorder is (1 Kon 18:19).

### *5.2.1.3 (d) Die Karmelgebeure*

Die kulminering van Agab se godsdienstige beleid en wanpraktyke word weergegee in die Karmelgebeure in 1 Kon 18:17-19:4. Hoewel Isebel waarskynlik nie saam met Agab op sy wanhopige soektog na water en weiding vir sy diere gegaan het nie (1 Kon 18:5), was sy op Karmel verteenwoordig deur haar vierhonderd-en-vyftig Baälprofete (1 Kon 18:22). Hoewel Baäl as die god van lewe en vrugbaarheid in Israel deur sommige van die volk sowel as die koningshuis gedien is, was hy magteloos om die droogte van drie jaar te verander. Op Karmel vind ons 'n direkte konfrontasie tussen die God van die natuur (Jahwe) en Baäl die natuurgod, na aanleiding van die heersende droogte in die land. Op die gebed van Elia antwoord Jahwe met vuur op die altaar waardeur die enige, ware God aangedui word. Die daaropvolgende uitroeiing van die Baälprofete demonstreer die volk se keuse ten gunste van Jahwe. Die neerlaag van Baäl op Karmel geskied op 'n tydstip wat Karmel blykbaar 'n Kanaänitiese heiligdom was (Corney, 1970:205). Die vervalle altaar van die Here op Karmel (1 Kon 18:30) is dan ook 'n teken van die vervalle Jahwe diens in Israel. John Gray is van mening dat hierdie area met sy Kanaänitiese Baäl heiligdom altyd Fenisiese gebied was en moontlik aan Isebel oorgedra is as bruidskat met die huwelik van Agab en Isebel. Hierdie moontlikheid word ook aangegee as 'n verklaring vir die profete wat aan Isebel se tafel geëet het (Gray, 1970:385).

Isebel het haar egter só vereenselwig met die Baälgodsdiens dat die uitroeiing van die priesters by Karmel vir haar persoonlik 'n belediging was. Dit was asof Isebel vir Baäl wat blykbaar in sy sikliese dood was as gevolg van die droogte, verteenwoordig en ingetree het in haar ywer. Elia se bonatuurlike reis te voet om in Jisreël te kom voor Agab, is opvallend. Dit wil voorkom asof hy self in teenwoordigheid van die die triomf van reën uit die hand van Jahwe wil beleef. Aangesien hy ook die simpatie van Agab gekry het op Karmel, sou hy beslis sy ondersteuning aan koning Agab aanbied in die teenwoordigheid van die dominerende koningin Isebel. Die oorweldigende manier waarop Jahwe Hom betoon as Oorwinnaar en enigste ware God, gaan by haar verby. Sy ontken die eksklusiwiteit van Jahwe en ná Karmel spits sy haar aandag toe op Elia as verteenwoordiger van Jahwe. Isebel het waarskynlik van die standpunt uitgegaan dat alhoewel Jahwe se oppergesag op Karmel bewys is, sy Jahwe kan uitskakel deur Elia (en ander profete) dood te maak[17]. Na die triomf op Karmel het die volk herlewing en hervorming verwag, maar dit word deur Isebel verydel (Modersohn, 1982:300). Elia vlug ten spyte van Jahwe se almag wat op Karmel betoon is. Isebel beskou Elia se vlug as 'n oorwinning vir haar en Baäl. Die lugleegte sou sy seker tot Baäl se voordeel benut as die " enigste oorblywende god". Isebel se vasberadenheid en weldeurdagte optrede gaan met eedswering gepaard. Hoewel Elia met die dood gedreig word, laat Isebel hom blykbaar opsetlik wegkom sonder om sy lewe te neem. Sy het waarskynlik tog die "onsigbare God" gevrees (Weiner, 1978:21).

Agab as koning van Israel aanvaar Jahwe se gesag (bewese oppergesag ná Karmel) deur gehoorsaam te wees aan Elia as gesant: hy laat haal die Baälprofete (1 Kon 18:20), hy trek op voor die reën kom (1 Kon 18:41, 42, 45b) en hy laat selfs toe dat sy eggenote se spesiale kultiese dienaars doodgemaak word (11 Kon 18:40). Isebel word geensins beïndruk nie en haar optrede teenoor die Jahwe profeet Elia is skerp teenstellend (Hauser & Gregory Russel 1990:58).

Dit blyk dat ten spyte van Elia se oorwinning oor die Baälprofete op Karmel, Isebel tog daarin slaag om hom uit die weg te ruim (tydelik altans). Die grootste (egter ook tydelike) oorwinning vir Isebel was dat Elia sy teenstand teen sinkretisme as tevergeefs beskou het. Ná 'n Goddelike verskyning by Horeb sou Elia weer voor Agab staan met die oordeelsaankondiging (1 Kon 21:17-26).

### *5.2.1.3 (e) Die Nabotsinsident*

Die Nabotsinsident van 1 Kon 21:1-16 vorm 'n fokuspunt teen Agab in die uitoefening van sy koningskap. Die Nabotsinsident vorm ook die kern van die Bybelse vertellinge ten opsigte van Isebel en die uiterstes waartoe sy in haar optrede gegaan het. In samehang met 1 Kon 20 toon dit die versuim van Agab (1 Kon 20:42) om op te tree volgens die eise van Jahwe, waaruit die oordeel by monde van die profeet oor hom kom. Die Nabotsinsident illustreer die volgende rigtinggéwende aspekte:

(a) Die onversoenbare en radikale verskil tussen Jahwe en Baäl.

(b) Isebel se (Tiriese) siening van die koningskap in teenstelling met Agab se siening daarvan, soos blyk uit haar optrede.

(c) Isebel se persoonlike kennis van Israel se wette en die vlak waarop sy gefunksioneer het,

(d) En haar invloedrykheid.

Die wedersyds uitsluitende aard van die Jahwe godsdiens en Baälaanbidding blyk uit Nabot se erkenning van Jahwe as die uiteindelike Eienaar van die grond wat aan betrokke stamme toegewys is (Pienaar, 1974:259). Aangesien die koning ook onder die wet van Jahwe staan, is Nabot in sy optrede gehoorsaam aan Jahwe en nie aan die koning nie. Die Jahwe-godsdiens was vir Israel 'n

---

[17] Dit was moontlik haar siening nadat Elia die Baälprofete doodgemaak het by Kisonspruit

oorsprongs- en bestaansgodsdiens[18]. Deur ontrou te wees is Israel se bestaansreg ondermyn. Die Baäldiens het nie morele standaarde daargestel soos die Jahwe-godsdiens nie, maar was mens-gesentreerd. Jahwe was die God wat leef (1 Kon 17:1) teenoor Baäl wat slegs seisoenaal "geleef" het. Die doel waarvoor/waarom Agab die wingerd van Nabot wou bekom blyk ook twyfelagtig en mens-gesentreerd te wees[19].

Die konflikterende siening van die koningskap deur Isebel word aangetoon in die Nabotsinsident: die koning sou dan, volgens Isebel se siening, die feudale eienaar van alle grond wees. In teenstelling met die beginsel dat Jahwe alleen die eienaar van grond is in Israel. Die toe-eiening van grond van indiwiduele eienaars deur die koning (al sou dit tog die skyn van wetlikheid hê, 1 Kon 21:8-17) was dus in ooreenstemming met Isebel se siening. Die doel sowel as die opvatting waaruit Isebel se optrede spruit was volgens die Fenisiese beskouing, wat ook ooreengestem het met die Ugaritiese siening: die koning het besit oor private grond[20]. Isebel was in haar siening 'n verteenwoordiger van hierdie absolute mag van die antieke Oosterse despote (Weiner, 1978:15).

Die geslaagdheid van Isebel se verkryging van die grond van Nabot is bepaal deur haar persoonlike kennis van die Israelitiese wette (sy was al omtrent 25 jaar met Agab getroud), die vlak waarop sy as buitelandse vrou van koning Agab kon funksioneer, asook haar invloedrykheid. Dat Agab wel erkenning aan Nabot se besitreg gegee het, blyk uit die tegniese term wat vir die moontlike verkoop van die grond aangegee word (Pienaar, 1974:258). Die feit dat Nabot die grondeis

---

[18] Israel se oorsprong as volk was deur hulle roeping deur Jahwe. Hulle bestaan en voortbestaan as volk was afhanklik van hulle gehoorsaamheid en getrouheid aan Jahwe.

[19] Volgens Van Gelderen (deel II,p. 267) vir 'n "moestuin" of "a garden of herbs" (The Bible, A.V., 1974:328). Kan 'n kruietuin opweeg teen die noodsaaklikheid van 'n wingerd in oud-Israel?

[20] Die antieke Sidoniese inskripsie toon die gepolariseerde siening van godheid-mens, teenoor die in Israel: die kontras tussen die koning en die volk is deur die Sidoniërs aangedui soos wat die Deuteronomis die afstand tussen God en mens aangetoon het (Peckham in Ancient Israelite Religion, 1987:81, 82).

van koning Agab teengestaan het (1 Kon 21:1-6) dui op die beskerming wat die enkeling teenoor die koning gehad het in die wette van Jahwe[21].

Isebel beskou egter Agab se optrede as onwaardig of selfs vernederend (1 Kon 21:7) vir die koning van Israel. Sy ignoreer die wet van Jahwe en maak van eie begeerte die wet. Deur slinkse nuanse veranderinge van Nabot se woorde van weiering aan die koning, meng Isebel direk in met die uitoefening van die koningskap. Sy buit onbenullige intriges uit tot voordeel van die koningshuis. Deur haar kennis van die wette van Israel tree sy op as "beskermer" van die wette wanneer sy die sogenaamde onreg deur Nabot gepleeg aan die man wil bring. In werklikheid probeer sy om Jahwe te bedrieg met Sy eie wet onder die voorwendsel om juis dié wet te beskerm! "Zo geraffineerd ..." (Karssen, 1976:124). Isebel sit die regsproses aan die gang wat onskuldige bloed "wettiglik" sou vergiet.

Die milieu waarin Isebel gefunksioneer het, het haar instaat gestel om 'n "politieke" ingreep te maak: Sy tree namens Agab op, soos wat die koning, volgens haar siening, moes optree. Sy neem die koning se taak oor en maak 'n regsaak teen Nabot aanhangig, sy tree op as vennoot in haar eggenoot se regering (De Vries, 1978:132). Sy legitimeer haar opdrag deur 'n amptelike seëlafdruk daarop aan te bring[22]. Hoewel die opdrag in Agab se naam gedoen is, word aan háár terugrapporteer (1 Kon 21:14), wat aantoon dat sy waarskynlik 'n eie gesag gehad het om uitvoering aan opdragte te gee. Uit Isebel se handelswyse wil dit voorkom asof sy kon optree as gevolmagtigde van die koning in staats- en administratiewe sake (Brenner, 1978:18), hetsy die volmag toegewys of toegeëien was.

---

[21] Van Gelderen wys daarop dat Agab wel koning van Samaria was (soos die antieke stadskoningskap), maar in Jisreël eintlik net 'n grondeienaar soos Nabot. Hy sou dan nie dieselfde status in Jisreël as in Samaria gehad het nie (Van Gelderen II, 1956:266).

[22] Die boodskap aan die owerheid van Jisreël (1 Kon 21:9) spesifiseer die verloop van die vergadering wat gehou moes word met Nabot as voorsitter. Die hele boodskap wat Isebel gestuur het was dus om Nabot dood te maak (Josephus V: 358).

Uit die omvang van haar kultiese (en administratiewe?) personeel (1 Kon 18:19) kon Isebel 'n administratiewe netwerk saamstel wat kon funksioneer en haar instaat kon stel om as "regent" (Soggin, 1993:211) op te tree soos met die Nabots insident. Dit wil voorkom asof sy haar huishouding gefinansier het uit haar eie rykdom en waarskynlik tempelinkomste. Die feit dat daar gemeld word dat daar sowat 850 profete van Baäl en Asjera deur Isebel onderhou was (1 Kon 18:19), toon die omvang van haar ekonomiese vermoëns. Ten spyte van die geweldige omvang van die droogte, soveel so dat koning Agab self rondgaan op soek na kos en water vir sy diere, kan Isebel 'n groot aantal Baäl bedienaars onderhou (Hauser & Gregory Russel, 1990:35). Die getal is waarskynlik simbolies, maar dui nogtans op 'n baie groot aantal kultiese howelinge[23].

Die Deuteronomis sou seker nie vir koning Agab bloot wou verskoon nie, dit is dus 'n seker aanduiding dat Isebel self vir die onderhoud van haar paleisamptenare gesorg het. Brenner (1978:16) is van mening dat sy haar aansienlike rykdom gebruik het om haar wilsbesluite uit te voer in belangrike en minder belangrike sake soos by Nabot se teregstelling of die invoer, bevordering van die Baäl godsdiens. Deel van haar rykdom kon sy as bruidskat van haar vader gekry het. In haar hoedanigheid as hoof beskermer van die Baälkultus het sy waarskynlik toegang tot tempelinkomste gehad. Die vlak waarop Isebel waarskynlik uit eie keuse gefunksioneer het, het haar instaat gestel om die gewone ongeëmansipeerde rol van die vrou in die paleis af te skud. Die gewone vrou in Israel se rol was grotendeels beperk tot die huishouding en kinderopvoeding. Die rol van die koninginmoeder/*g^e^bira* was waarskynlik 'n uitbreiding van soortgelyke funksies. Hoewel Batseba 'n bepaalde statuur as koninginmoeder gehad het, is die rol van die koning se vrou/moeder nie sterk omlyn nie.

23 Die aanduiding dat Isebel self vir die onderhoud van die groot aantal howelinge verantwoordelik was (1 Kon 18:19), kan nie beskou word asof dit Agab tot 'n mate in 'n beter lig ten opsigte van die grootskaalse afgodery in Israel sou wou stel nie. Sodanige opmerking is na alle waarskynlikheid gegrond op historiografiese gegewens.

Wanneer Isebel haar dus bemoei met die staats- en kultiese aspekte van die regering is sy uniek in haar geëmansipeerde rolvervulling. Die dogter van Farao, die vrou van koning Salomo, het ten spyte van haar koninklike afkoms geen institusionele funksie gehad nie, en dit was tot en met Asa en Agab nie aanvaar in Juda en Israel nie. Wanneer Isebel dus op onafhanklike, soewereine wyse institusionele funksies uitvoer, is haar optrede ongekend. Wanneer Isebel die profete uitroei en Elia met die dood dreig en hy vlug, toon dit die mag wat sy gehad het en die vlak waarop sy gefunksioneer het.

Die parallelle oordeelaankondiging van Agab *en* Isebel na Nabot se dood toon ook dat sy op 'n buitengewone en voorheen ongekende vlak beweeg het (1 Kon 21:23 e.v.). Dit is waarskynlik die enigste keer dat die koning se vrou by name mede-verantwoordelik gehou word vir die sondes van die betrokke koningshuis en vir die val van 'n dinastie. Haar prominensie dwing selfs die Deuteronomis om, in sy relatief breedvoerige negatiewe verwysing na haar, moontlik onwetend, erkenning aan haar bekwaamheid gee[24]. Haar optrede kon in ooreenstemming gewees het met die gebruike wat in Tirus bestaan het dat die koningsdogter 'n prominente rol in veral die religie gespeel het. Waarskynlik was Isebel se opvoeding daarop ingestel om haar instaat te stel om uit te styg bo die gewone passiewe-ornamentele rolvervulling van prominente vroue in die algemeen (Brenner, 1978:6).

Isebel het opgetree as werklike koningin, assistent en deelnemer aan die regering asook as regent/*g$^e$bira* tydens en na haar seuns se dood. Die koninlike luister waarmee Isebel haar tooi in die lig van Joram se neerlaag en om Jehu die staatsgreepleier te ontmoet, dui op haar self-beskouing as van koninklike status. Montgomery en Gehman (1960:403) beskou Isebel se verskyning in die venster as sou dit die toestaan van 'n koninklike oudiënsie wees. Sy beskou haarself as belangrik genoeg om haarself prominent te vertoon op 'n bepaalde plek. Die

[24] Wanneer Jehu sy staatsgreep teen Joram, seun van Isebel, uitvoer, motiveer hy sy optrede op grond van Isebel se " hoerery en toordery..." (2 Kon 9:22). Hoewel dit nie bekend is of Isebel self aan Baäl praktyke deelgeneem het nie, is die " om towery" van 'n stoere Jahwis Nabot tot 'n verraaier, na alle waarskynlikheid deel van haar skuldlas.

oordeelsaankondiging van Elia oor Agab en Isebel indiwidueel (1 Kon 21:20-26) gee ook erkenning aan Isebel se posisie. Haar optrede spesifiek bring die vloek oor Agab se huis. Sy was 'n assistent en mede-aandadig op die hoogste vlak aan die ongekende sonde wat Agab gedoen het (1 Kon 21:25). Slegs iemand met koninginstatus was instaat om so 'n invloed op die koning en koningshuis uit te oefen. As koning is Agab ook aanspreeklik vir volksondes wat na sy voorbeeld gedoen is. Isebel word op gelyke voet met koning Agab behandel.

Hoewel daar nie direkte bewyse of verwysings na Isebel as *g$^e$bira* is nie, is daar indirekte verwysings in hierdie verband (2 Kon 10:13), wanneer die prinse uit Juda na die "gebiedster" verwys. In die lig van Isebel se prominente rol tydens Agab se bewind, ly dit dus geen twyfel dat haar invloed beslis tydens haar seuns se regerings prominent was nie. Wanneer haar beseerde seun, koning Ahasia, by Baäl-Sebub in Ekron na sy genesing laat vra (2 Kon 1:2), toon dit Isebel se invloed oor hom om Baäl te raadpleeg. Ook die bevel van Ahasia aan Elia om na hom te kom (v 9) en om "...vinnig..." na die koning te kom (v 11) toon gelyksoortige outoritêre eienskappe as sy moeder Isebel.

Koning Joram se regering word getipeer as verkeerd in die oë van die Here, "... maar nie so erg soos sy pa en ma nie:..." (2 Kon 3:2), maar tog het hy volhard in die "sondige tradisie" van Jerobeam en sy ouers.

Koning Joram se veldslae teen Moab (2 Kon 3), teen Aram (2 Kon 6:8 en 2 Kon 6:24) en teen Aram in Ramot in Gilead (2 Kon 8:28) het sy afwesigheid in Samaria tot gevolg gehad. Die lugleegte is na alle waarskynlikheid deur Isebel benut sou word in haar posisie as senior lid van die koningshuis. Isebel se voorbereidings met Jehu se aankoms in Samaria, ná die moord op Joram en haar groetwoorde aan hom (2 Kon 9:31) toon dat sy haarself as regent en verteenwoordiger van die dinastie beskou het (Montgomery & Gehman, 1960:6). Hoewel Isebel waarskynlik uit hoofde van haar posisie van waar sy gefunksioneer het volle begrip gehad het vir die bedreiging wat Jehu se koms

ingehou het, het sy nogtans probeer om uit haar posisie van mag te onderhandel. Indien sy daarin kon slaag om die ou en nuwe bedeling te verenig, sou sy haar posisie kon behou.

Isebel se invloedrykheid word verder illustreer in die aard en omvang van middele en gesag tot haar beskikking. Hoewel Elia 'n onvermoeide stryd teen Baäl en Isebel gevoer het, het sy daarin geslaag om byna al die Jahwe profete uit te roei. Uit Elia se onmiddellike vlug na Horeb (1 Kon, 19:3,8) blyk dit dat Elia seker was van Isebel se vermoë om die eed om hom dood te maak (1 Kon, 19:1) uit te voer. As (konings-) vrou is haar invloedrykheid aantoonbaar in haar vermoë om 'n kultiese byeenkoms te inisieer (1 Kon 21:9). Haar berekende optrede blyk uit die feit dat sy die wetlike/regterlike aspekte aan die kultiese koppel om so gesag daaraan te gee. Isebel se godsdienstige fanatisisme is duidelik uit haar benutting van die kultus om haar doel te bereik. Die kultus is vir Isebel funksioneel: die ingevoerde Tiriese en die ou plaaslike Kanaänitiese kultus word transformeer tot 'n amptelike instrument in haar hande[25].

Na aanleiding van die Nabotsinsident kristalliseer Isebel se optrede as "ware koningin" en *de facto g^ebira* uit. Deur hierdie optrede van Isebel word die onversoenbare aard van Jahwe en Baäl beklemtoon, asook die wyd uiteenlopende koningsbegrip. Die insig en buitengewone vaardigheid waarmee Isebel optree, beklemtoon haar koninklike afstamming wat dalk skolastiese opleiding ingesluit het, wat haar tot hierdie optrede instaat stel (Josephus IX:123). Volgens haar persoonlike, sterk omlynde koningsbegrip het sy soos 'n koning "regeer".

---

25 Die sentrale rol wat aan Isebel toegeken word is nie histories heeltemal korrek nie, maar toon eerder die intense haat vanuit die profetiese kringe wat die tradisie oorgedra het. Sy was waarskynlik van "raad" bedien deur 'n onderdadige Israeliet. Sy was egter beslis die motoriese krag agter die onreg wat teen Nabot gepleeg is (Gray, 1970:435).

### *5.2.1.3 (f) Isebel as g<sup>e</sup>bira tydens Ahasia en Joram*

Hoewel Agab se twee seuns se name teofore komponente bevat het (Ahasia: "Jahwe het gegryp" Waite, 1972:21, 603; en Joram ": Jahwe is verhoog"), kan van veral Ahasia geen invloed van Jahwe aangetoon word nie, inteendeel. Ten opsigte van Joram kan enige primêre, positiewe verbintenis met Jahwe ook nie afgelei word nie. Die regeringstydperk van Ahasia word getipeer met die verwysing na sy verkeerde optrede, soos beide sy ouers (1 Kon 22:53). Sy Baäl-diens word ook pertinent aangetoon (1 Kon 22:54).

Die prominente rol wat aan Isebel as koningsvrou tydens Agab se regering toegedig word, veronderstel 'n ewe belangrike funksie as koninginmoeder. Die verwysing deur die Judese prinse na "...die koning se ma." (2 Kon 10:13) beklemtoon haar hoë posisie, 'n posisie wat sy seker sou versterk met haar missionêre ywer vir haar Baäl en Astarte kultus. Uit hoofde van haar posisie as *g$^{e}$bira* sou sy beslis haar voorregte behou en benut. In die ongeveer 10 jaar wat sy as koninginmoeder tydens haar twee seuns se regerings sou optree, sou sy uiteraard haar rol en funksie voortsit en uitbou soos tydens die 22 jaar van Agab se regering (Timm, 1982:293).

Haar invloed op haar seun Ahasia word duidelik weerspieël die feit dat hy 'n orakelnavraag oor sy herstel rig aan Baäl-Sebub, die god van Ekron (2 Kon 1:2), en nie na die woord van Jahwe nie[26]. Na sy kort regeringstydperk van twee jaar sterf hy kinderloos (2 Kon 1:7). Ahasia word opgevolg deur sy broer Joram. Die regering van Joram word deur die Deuteronomistiese outeur getipeer en in dieselfde kategorie as Jerobeam geplaas (2 Kon 3:3). Daar is egter tog 'n positiewe aspek aangegee, waarvolgens hy hervormingsmaatreëls ten opsigte van die kultus ingestel het (2 Kon 3:2), teen Isebel se kultus. Sy regering word

---

[26] Soos sy moeder Isebel die voorbeeld gestel het met haar aktiewe weerstand teen Jahwe in Israel, so volg Ahasia die voorbeeld. Hy negeer die bestaan en werking van Jahwe as die Onderhouer van Sy volk: Ahasia laat doen 'n orakel navraag by die afgod van 'n buurland. (Van Gelderen, II, 1956:344).

egter ook beoordeel volgens sy vader en moeder se optrede (2 Kon 3:2). Joram se hervormings teen die kultus van Isebel kon die resultaat van twee oorsaaklike faktore wees:

- Die moontlike magstryd waarin die Jahwiste Isebel uit haar magsposisie as *g$^e$bira*/koninginmoeder wou verwyder (Corney, 1970:223). In die onseker tyd van troonopvolging, veral met so 'n kort tydsinterval, was dit nie moontlik nie. Die belang van die Fenisiese bande met Israel kon ook die deurslag gegee het, en dus kon die ekonomies/politieke voordeel groter wees as die religieuse bedreiging op daardie bepaalde tyd.

- Die goeie (positiewe) invloed wat Ahasia se vroeë dood, wat verband hou met sy Baäl afgodery, op Joram gehad het. Deurdat Joram geskrik het, het hy later Isebel se Baälkultus afgewater deur die gewyde paal van Baäl/Asjera te verwyder[27]. Dit was egter maar 'n halfhartige poging van Joram om Isebel se Baälkultus teen te gaan.

Isebel se rol en invloed het egter gebly, soos weergegee in Jehu se verwysing na haar magiese en mantiese praktyke (2 Kon 9:22). Isebel se rol en invloed as koningsvrou en koningsmoeder was omvattend, dit het gestrek tot by die vierde koning vanaf Agab (Agab tot Jehu). Isebel het selfs 'n invloed op Jehu uitgeoefen deur haar optrede: fanatisisme is by Jehu ontlok wat gemanifesteer het in die baie sterk reaksie teen Baäl (moord op priesters en andere in die Baältempel, en ook op die nageslag van Agab). Sy reaksie op Isebel se invloed was dus ten gunste van Jahwe.

---

[27] Van Gelderen is eenstemmig met ander verklaarders dat Joram na die Moabitiese veldtog en waarskynlik ook onder die gunstige invloed van Josafat van Juda, en beslis ook na Elisa se teregwysing (2 Kon 3:14) Jahwe-gunstige hervormings aangebring het. (Van Gelderen, II, 1956:382).

#### *5.2.1.3 (g) Isebel en Jehu*

Die ontmoeting tussen Jehu en Isebel word volgens opvolging in die Skrifgegewens aan die orde gestel. Die kulminering van die stryd tussen Jahwe en Baäl tydens die Omri dinastie, word weergegee in die ontmoeting van Jehu en Isebel in 2 Kon 9:30-33. In slegs vier verse word die dramatiese dinastieverwisseling weergegee met dialoog wat deur Isebel inisieer is, waardeur sy dan ook haar persoonlike senioriteit wil toon. Dat die offisier Jehu, seun van Nimsi, bekend was by die paleis in Jisreël aan sy fanatieke optrede, blyk uit die vroeë gevolgtrekking oor die identiteit van die leier van die aanstormende groep strydwaens in die rigting van Jisreël (2 Kon 9:20). Dieselfde wag op die toring wat die aankoms van Jehu gemonitor het, het waarskynlik ook berig aan Isebel deurgegee van Joram se dood en Ahasia se agtervolging, sowel as Jehu se terugkeer na Jisreël (Van Gelderen II, 1956:158). Isebel se berekende persoonlike voorbereiding om Jehu met sy aankoms in Jisreël te ontvang, belig weereens haar insig en intellek[28]. Sy berei haarself voor om die meeste voordeel vir die Omriede uit die ontmoeting met die staatsgreepleier te verkry. Haar opsigtelike verskyning in die venster as enigste oorblywende lid van die dinastie, kan moontlik as 'n "koninklike oudiënsie" vertolk word, waar sy die senior persoon is (Parker, 1978:69).

Volgens Parker kan haar optrede beskou word as sou sy Jehu wou "verlei" of "oorreed" om haar as vrou te aanvaar in die nuwe dinastie, waardeur sy dan erkenning aan hom as wettige, nuwe koning sou kon gee[29]. Ten spyte van die dood van haar seun Joram kort tevore aan die hand van Jehu, bepaal Isebel dus vinnig die situasie: haar toekoms is geleë in die guns van die opvolger wat hom as die sterkere getoon het. In ooreenstemming met die gees van pragmatisme in Samaria neem sy die inisiatief en verplaas haar lojaliteit om die grootste voordeel te verkry. Haar bedingingsposisie as koninginmoeder wil sy ten volle

---

[28] Alternatiewelik kon haar versiering ook 'n uitdrukking van doodsveragting gewees het!

[29] Vergelyk bv. Absalom in 2 Sm 16:21-23, asook Adonia in 1 Kon 2:17.

benut. Naas Elia wat deur Isebel gehaat, maar in sy volgehoue weerstand ook moontlik deur haar gevrees is, is Jehu waarskynlik die enigste meerderwaardige teenstander van Isebel. Wanneer Isebel dus Jehu by name van Simri aanspreek, kan dit met redelike sekerheid aanvaar word dat haar houding teenoor hom negatief, selfs minagtend is. Sodanige houding sou dus enige moontlike verbintenis met hom uitsluit.

Isebel se woorde aan Jehu tipeer hom as 'n koningsmoordenaar (2 Kon 9:31). Haar woorde toon waarskynlik haar eie politieke opportunisme waarin sy, soos aangetoon in die hele Deuteronomistiese geskiedskrywing oor haar, konsekwent is in haar beskouing dat mag reg is (dit wil sê willekeurige magsmisbruik) (Parker, 1978:73). Hoewel haar woorde neerhalend en veragtend klink, kon dit ook 'n feite konstatering wees waarin sy erkenning gee aan Jehu se sukses. Verder kon haar woorde ook 'n moontlike hooghartige waarskuwing wees: "Had Zimri peace, who slew his master?" (The Bible A.V., 1974:341). Isebel verwys egter waarskynlik na Simri se tragiese dood na sy kortstondige sewe dae regering. Na 44 jaar "sien" sy "koning Simri" voor haar staan. Sy onderdruk haar rou oor haar seun en die wrok in haar hart blyk uit die bitter sarkasme waarmee sy na Simri (=Jehu) se welstand verneem. Byna asof Jehu ook so "dood" soos Simri is - waarskynlik in haar wense. Deur Jehu by die naam van die kortstondige heerser Simri te noem, is dit asof sy hom as verteenwoordiger van Jahwe en (vir haar) gehate en veragte Israeliete vir dood aansien of wens (Van Gelderen II, 1956:160). Ten spyte van Isebel se akkurate persepsie van die situasie en die politieke opportunisme van haar woorde, verleen haar navraag na welsyn 'n patos aan die situasie in die lig van die teendeel wat bestaan. Die vraag impliseer die teendeel (dat alles *nie* wel is nie), maar die hoop dat die suspisie misplaas is (Parker, 1978:71).

Jehu se optrede is in ooreenstemming met sy salwingsopdrag in Ramot: die vestiging van sy koningskap in Israel en die vernietiging van die koningshuis van Agab waarin die wraak op Isebel neerkom (2 Kon 9:7). Jehu bepaal egter eerstens met sy aankoms by die paleis die guns van die paleisamptenare met sy vraag na wie aan sy kant is (2 Kon 9:32a). Hy gebruik moontlike vrees aan die kant van die paleisamptenare om Isebel uit die weg te ruim. Jehu ignoreer haar berekende dade en woorde wat op sy beïnvloeding gerig is, hy "moet" haar uit die weg ruim. Die bevel wat hy gee om haar sommer deur die venster te gooi, toon ook sy fanatisisme[30]. Jehu moes Isebel se lewe beëindig om haar politieke mag te verbreek wat berus het op haar werklike magsbasis as legitieme koninginmoeder/regentes tydens haar seun se bewind. Ten einde haar allesoorheersende passie om te heers en te oorheers te verbreek, moes sy uit die weg geruim word (Bronner, 1964:19).

Dat sy 'n moontlike eggenote kon wees is onwaarskynlik aangesien sy vermoedelik nie meer so jonk was nie. Isebel se grusame dood ("Gooi haar af!", en "...en hy het haar vertrap", 2 Kon 9:33, 1953 vertaling), toon met watter ywer Jehu die "bloedwraak" (2 Kon 9:7) uitgevoer het. Later sou Jehu met dieselfde intensiteit en doelgerigtheid van Agab se nageslag ontslae raak (2 Kon 10:9,10) en die Baälaanbidders doodmaak (2 Kon 10:25-28). Die gesalfde troonopvolger het egter in sy geweldadige uitroeiing van die Omri dinastie, die bloedskuld as't ware net op sy kop oorgeplaas. Aangesien hy nie werklik die Jahwistiese religie gesuiwer het deur teen Jerobeam se sondes op te tree nie, word sy motiewe as nie suiwer beskou nie.

Met Isebel as die laaste senior verteenwoordiger van die huis van Agab uit die weg geruim, konsolideer Jehu sy mag deur die ou hofhouding met 'n gemeenskaplike maaltyd aan hom te verbind (2 Kon 9:34a). Wanneer Jehu Isebel se lyk ignoreer en 'n feesmaal hou, kan dit tekenend wees van sy onverskilligheid wat uit haat kon spruit. Volgens Weinfeld (in Brenner, 1978:2)

30 Van Gelderen aanvaar saam met ander verklaarders dat die oorspronklike aanduiding is dat Jehu self Isebel se liggaam met sy perd/e vertrap het. Van Gelderen, II, 1956:161.

kan dit 'n feesmaal van 'n verbond of verdrag wees, soos wat gebruiklik in daardie tyd was. (Soos by Jerobeam in 1 Kon 12:32.) Dit is egter ook moontlik dat Jehu as usurpator van die koningskap, iemand van buite die koninklike hof, eers sy opperheerskappy oor die koningshuis van Agab moes toon. Dit kon ook 'n kroningsfees wees waardeur Jehu die lojaliteit van die deelnemers wou verseker. Die maaltyd kon 'n bevestiging van 'n verbond tussen die koning en die gemeenskapsleiers wees, soos by die Baälfees wat uitgeroep is in Samaria (2 Kon 10:19). Hiervolgens was die (fees-) maaltyd 'n belangrike deel van die kroningseromonie en veral dan tydens so 'n dinastieverwisseling, nadat openbare akklamasie reeds met sy salwing voorgekom het. Dit kon ook 'n gewone maaltyd wees na 'n baie lang dag (Van Gelderen II, 1956:162).

Wanneer Jehu uiteindelik die opdrag gee om haar te begrawe, verswyg hy haar koninklike en *g$^e$bira* posisie in Israel se koningshuis, hy erken bloot haar persoonlike koninklike afkoms uit Tirus. Vir Jehu was Isebel se posisie en status uiters ambivalent: sy was die koninginmoeder en die laaste senior verteenwoordiger van 'n dinastie. Hieraan gee hy geen erkenning in sy opdrag nie. Sy opdrag "Sien tog maar om..." het die voorkoms van 'n terloopse, sekondêre gedagte, iets onbenulligs. Hy tipeer haar primêr as 'n "...vervloekte vrou"[31] (2 Kon 9:34). 'n Tipering wat waarskynlik bepaal word deur haar kultiese praktyke tydens haar lewe. Sy opdrag om haar te begrawe word, asof apologeties, gemotiveer deur haar koninklike afkoms. Jehu moet egter, teen sy hele gevoel in haar, die trotse Isebel, huldig deur erkenning aan haar kwaliteit as koningsdogter te gee deur haar 'n amptelike begrafnis te gee. Selfs in haar dood dwing sy erkenning af. Die feit dat sy 'n koningsdogter is regverdig darem 'n begrafnis, nie die feit dat sy die vrou van koning Agab en die koninginmoeder van konings Ahasia en Joram was nie. Deur 'n behoorlike begrafnis kan hy dalk die gramskap van Tirus besweer (Van Gelderen II, 1956:163).

---

31 Dit ly volgens van Gelderen geen twyfel dat Jehu se opdrag om na Isebel se lyk om te sien, 'n bepaalde tydsberekening weerspieël. Deur tyd te laat verloop wil Jehu self verseker dat die honde hulle deel sou hê aan die vervulling van Elia se oordeelsaankondiging. Van Gelderen II, p. 162.

Die vervulling van die Deuteronomistiese oordeelsaankondiging in 1 Kon 21:23 vind weerklank in 2 Kon 9:37: die liggaam van Isebel sal soos mis in 'n stuk grond wees. Die oënskynlike parodie in die Masoretiese teks waar *'izebel* ook as *zebul* (Baäl se titel) voorkom, maar verander is na *zebel* (mis) (Gray, 1972:368) sluit aan by 2 Kon 9:37. Met die dood van Isebel is haar rol tydens die bewinde van drie konings (Agab, Ahasia en Joram) beëindig en het haar direkte invloed oor twee geslagte en in twee lande (Israel én Juda) uiteindelik verdwyn.

Met Jehu se oorwinning oor die dinastie van die Omriede kan daar nou ook na sy motiewe en die gevolge van sy bewindsoorname gekyk word. Die uitgerekte grensoorlog teen Aram by Ramot en die afwesigheid van die gewonde koning Joram, het na alle waarskynlikheid 'n teelaarde vir ontevredenheid geskep. Jehu word dan ook deur die Deuteronomis as voltrekker van die oordeel oor Agab se huis aangetoon. Jehu self motiveer en regverdig sy optrede deur te verwys na Isebel se afgodiese praktyke (2 Kon 9:22b).

Die moord op Ahasia, koning van Juda sou egter aanvanklik onverdedigbaar wees en sou waarskynlik aan Jehu se blinde fanatisisme en wraakywer toegeskryf kon word. Daar kan egter 'n verduideliking daarvoor gegee word. Van Gelderen wys tereg daarop dat Ahasia se moeder niemand minder as Atalia uit die huis van Omri was nie. Ahasia was dus beslis 'n deel van die "huis van Agab", in die wyere betekenis van die begrip (Van Gelderen III, 1956:156). As 22-jarige is Ahasia waarskynlik deur sy moeder Atalia beïnvloed. Wanneer Ahasia gedood word, kan Jehu se woorde aan Joram oor sy moeder Isebel se afgodery (2 Kon 9:22b), ook op hom (Ahasia) van toepassing gemaak word. Die moontlikheid het natuurlik ook bestaan dat Ahasia/Atalia se ondersteuners en diegene in Israel wat ten gunste van die huis van Omri was, kon saamspan teen Jehu. Die doodmaak van Ahasia kon dus 'n strategiese handeling van Jehu wees om moontlike toekomstige teenstand uit te wis.

Ahlström is van mening dat Jehu se koningskap nie as charismaties aangetoon kan word nie (1977:71). Sy koningskap sou eerder te danke wees aan die Siriese bedreiging op die grens en die Assiriese bedreiging op die horison. Jehu se aanvaarding van die koningskap van Israel het egter geskied op tipies charismatiese wyse met die salwing deur die profeet en die openbare ak-klamasie in Ramot (2 Kon 9:7). Jehu se bloeddorstige uitwis van die huis van Agab was ook gemotiveer deur politieke ambisie: hy het vindingryk gekapitaliseer op die onrus in die leër en die wydverspreide onrus (Anderson, 1986:282). Met die bloeddorstige moorde op die huis van Omri, wil dit byna voorkom asof Jehu wou hand bysit by die vervulling van die profesie teen die vorige dinastie. Die einde van die Omri dinastie het nie 'n einde gebring aan die institusionele beginsel nie. Laasgenoemde kon egter die basis vir die rewolusie bied (Corney, 1970:200).

Om populêre steun vir sy opstand en moorde op die Omriede te wen, regverdig Jehu sy muitery onder andere op kultiese gronde (2 Kon 9:22). Die staat kon van verwerping deur Jahwe "gered" word deur 'n rewolusie (Bright, 1978:56). Jehu ontmoet die nomadiese, konserwatiewe Jahwis Jonadab op die pad en vra sy steun, later neem hy hom saam in die Baältempel om die Baälaanbidders uit te roei (2 Kon 10:23) om so sy ywer vir Jahwe te demonstreer. Die uitroeiing van die lede van die vorige dinastie soos wat dit gebruiklik was deur 'n troonopvolger, stem ooreen met suiwer politieke motiewe. Jehu gee dit 'n legitieme glans deur na vore te kom as beskermer van die suiwer Jahwisme.

Die gevolge van Jehu se opstand was nie net die regstelling van die amptelike kultus vanuit die koninklike hof nie. Met sy opstand was daar genoeg haat opgewek om blywende verdeeldheid te saai. In die lig van Isebel se omvattende rol in staatsake was heelwat belangrike persone waarskynlik by haar betrokke en is die beste leiers doodgemaak in Jehu se staatsgreep (Bright, 1978:56). Jehu se oorname het ook feitlik alle voordelige buitelandse bande afgesny: die bron van voorspoed wat geleë was is die alliansies met Tirus en Juda is

meteens uitgewis. Hierdie dramatiese dinastie-verandering het beslis nie op voortgesette voorspoed gedui nie. Politieke alliansies hou beslis nie stand teen sulke drastiese optrede nie!

### *5.2.1.3 (h)* ***Isebel as gᵉbira***

Isebel, wat as Tiriese prinses en vrou vir koning Agab tot die Omriede dinastie toegetree het, het verskeie eenmalige asook tipiese fasette aan die amp van *g$^{e}$bira* gegee.

- Haar groter gesofistikeerdheid en verfynde intellek het haar instaat gestel om as uitlandse vrou van koning Agab die kultus en koningskap van Israel te manipuleer en soms byna oor te neem. Haar optrede het berekende geslepenheid getoon wat waarskynlik gevorm is deur haar agtergrond en opvoeding. Die tradisionele ongeëmansipeerde rol van die koningsvrou was klaarblyklik nie vir Isebel bedoel nie, sy sou haar eie inkleding en rolvervulling aan die *g$^{e}$bira* gee.

- As hoofbeskermer van die Baäl-kultus was die doel en oorsprong van Isebel se optrede die bevordering en bevoordeling van hierdie heidense kultus. Sy het alles in diens gestel van die kultus: van die koningskap tot die landsadministrasie. Sodoende het sy haar eie magsuitoefening bevorder en tot ongekende vlakke gevoer. Die feit dat Isebel as vrou aangetoon word in haar selfstandige en inisiërende optrede, maak haar rolvervulling uniek en kan sy geplaas word in 'n kategorie van haar eie.

- Aanvullend tot hierdie unieke kategorisering van Isebel is dat Agab se seun Ahasia se regering getipeer word deur sy verkeerde optrede volgens sy vader en sy moeder. Die gebruiklike erge negatiewe tipering van regerings volgens Jerobeam se optrede word aangegee nadat na die invloed van sy moeder Isebel verwys is. (1 Kon 22: 53). Sodanige uitsonderlike verwysing

na die optrede van 'n vrou is inderdaad 'n twyfelagtige voorreg! Die skadufiguur in die Ou Testament van die koningsvrou/ koningsmoeder/*g^e^bira* word in Isebel se optrede 'n persoon met unieke eienskappe. Eienskappe wat helaas baie negatief was.

- In sy huwelik met die koningsdogter van Tirus, volg Agab die voorbeeld van Salomo (1 Kon 3:1) in huweliksluiting met prinsesse van ander lande. Koning Etbaäl van Tirus was egter ook 'n priester-koning en Brenner beweer dat Isebel, volgens die destydse Tiriese gebruike, 'n priesteres van Baäl was (1978:15). Indien sy wel 'n priesteres in haar geboorteland was gee dit 'n eenmalige dimensie aan haar uitoefening van haar posisie as koningsvrou. In haar buitengewone missionêre ywer vir Baäl en haar aktiewe teenstand teen Jahwe, blyk dit byna asof sy hierdie "amp" in Israel sou voortgesit het. Die Baäl kultus was die oorsprong, bron en einddoel van Isebel as *g^e^bira* se optrede. Isebel funksioneer na buite veral op die kultiese terrein: haar vervolging van Jahwe aanbidders, en ook Elia toon dit duidelik. Die inisiëring van 'n kultiese (Jahwe) byeenkoms ten einde Nabot se grond te bekom is ook buitengewoon. Haar invloed op Agab as persoon se kultiese uitoefening word aangetoon daarin dat hy na sy huwelik met Isebel hom tot aktiewe deelname aan die Baälkultus gewend het. Hy het dan ook 'n Baältempel met 'n gewyde paal "in Samaria" (1 Kon 16:32) laat oprig en daardeur Baäl as't ware tot "staatsgodsdiens" naas Jahwisme verhef. Die vloek van die Jahwe profeet op Agab bepaal uiteindelik ook Isebel manier van sterf (Hillers, 1964:68). Uiteindelik gaan die vloek in vervulling[32].

[32] Die verbondsluiting met Jahwe is 'n inherente deel van Israel se ontstaan en voortbestâan. Die verbond was 'n fundamentele eienskap van Israel se geloof. Verbreking van die verbond het dus die verbondsvervloeking in werking laat tree. Die oordeel wat oor Agab en Isebel in 1 Kon 21:24 enn 2 Kon 9:10,36-uitgespreek word bevat die tipiese elemente van straf vir verbondsverbrekening (Hillers in Treaty curses and the Old Testament prophets, 1964:68).

- Die vloek wat die profeet Elia uitspreek oor die verbondsverbreking van die koningshuis van Samaria, het dus betrekking op die koning en koningin. Hoewel Isebel 'n Baälaanbidder was en haarself nie onder die verbond met Jahwe gestel het nie, was sy deel van die verbond aangesien sy die vrou van die koning van Israel was. As aktiewe teenstaander van die verbond, het sy 'n baie groot rol gespeel in die grootskaalse afvalligheid van koning Agab.

- Hoewel van heidense afkoms was Isebel dus 'n doelbewuste verbreker van die verbond wat Jahwe met sy volk gesluit het, en het sy doelbewus meegehelp dat die koning en die volk hierdie verbond verbreek het. Isebel het dus in haar lewe sowel as sterwe 'n onlosmaaklike verbintenis met Agab gevorm het. Sodanige aanduiding is uniek ten opsigte van enige *g$^e$bira*. Die uniekheid van die onlosmaaklike verbintenis tussen Agab en Isebel kan onder andere aangetoon word daarin dat die Deuteronomis elke keer na Isebel as handelende persoon by name verwys. Soms wanneer sy saam met Agab is en soms wanneer sy op haar eie is. Telkens egter het dit 'n invloed op Agab en meestal negatief. Wanneer Agab met Isebel in die huwelik tree, word hy 'n Baälaanbidder. Die gevolglike droogte word deur die profeet Elia aangekondig as straf op die Baälaanbidding deur Agab en sy "familie" (1 Kon 18:18). Die verbintenis word veral geïllustreer in Isebel se woorde aan Agab: "...Jy is mos die een wat oor Israel regeer! ... Ek sal die wingerd van Nabot die Jisreëliet vir jou gee." (1 Kon 21:7)[33].

- Sy koppel haar persoonlike magsuitoefening aan Agab se koningskap. Die oordeel wat die profeet oor Agab en sy hele huis uitspreek word as't ware gemotiveer met die woorde: "... Sy vrou Isebel het hom daartoe aangehits" (1 Kon 21:25b). Uit hoofde van haar posisie as eggenote/koningsmoeder/ *g$^e$bira* is haar invloed sodanig dat 'n gelyktydige oordeel oor haar uitgespreek

33 Die woordkeuse van "Jy ...regeer..." en "Ek sal ...vir jou gee." is 'n baie duidelike illustrasie. Agab is die koning maar Isebel is die handelende persoon van die tweemanskap.

word[34]. Oor die "geregtelike" moord op Nabot en sy seuns wat waarskynlik deur Isebel aan hom oorgedra is, doen hy blykbaar nie veel navraag nie. Hy neem alles net so vir sy rekening (1 Kon 21:17). Hoewel Baäl altyd latent was in Israel as kultus van die Kanaänitiese gedeelte van die volk, het Isebel dit aangewakker en bevorder en dus die val van die Omri dinastie "met behulp van Baäl" laat plaasvind.

- Volgens die outoriteit wat Isebel uitgeoefen het, is sy dus byna gelykstaande aan haar eggenoot. Wanneer sy Elia met die dood dreig, gebruik sy terminologie wat in Samuel en Konings vir 'n eed gebruik word. Dit word egter andersins deur die meerdere of sterkere persoon teenoor 'n persoon van swakker karakter of laer status gebruik, bv. Eli aan Samuel (1 Sam 3:17), Salomo aan Batseba (1 Kon 2:23) en Isebel aan Elia (1 Kon 19:2). Isebel dwing nie alleen haar outoriteit af nie soos blyk uit moorde op Jahwe aanhangers en profete nie maar sy kry ook maar negtiewe erkenning op grond van haar persoonlike gesag. Elia vlug want hy is bewus van Isebel se gesag; Nabot se dood word aan haar gerapporteer.

- Die outoriteit wat Isebel as hoof beskermer van die Baälkultus gehad het, gebruik sy om Agab se posisie te versterk deur die Kanaänitiese deel van die bevolking agter haar te verenig. In haar outoriteit is sy 'n "vennoot" in die regering van Israel. Veral die wyse waarop sy Elia met die dood dreig, toon arrogansie, iets wat ongekend was in die *g^e^bira* amp[35]. Isebel het geensins die gebruiklike ondergeskikte invloedsfeer van die *g^e^bira* in die paleis aanvaar nie.

---

[34] Agab het homself "verkoop onder die sonde", soos blyk uit sy wrewelrige reaksie teenoor die profeet se bestraffing (2 Kon 20:43) en teenoor Nabot se weiering (1 Kon 21:4). Dit het hom blykbaar slegs aan die nodige energie ontbreek om die boosheid van sy hart in kragtige dade te laat uiting vind. Hierdie energie was teenwoordig by sy Tiriese vrou!

[35] Die omvang van Isebel se mag en invloed word weereens oortuigend in die doodsdreigement aan Elia illustreer: ná Elia as instrument van Jahwe op Karmel "bewys" het wie is die oppergesag, "verander" Isebel dramaties die gang van gebeure eiehandig - sy laat Elia voor haar wegvlug. Sy laat Elia die "Obadja"-figuur aanneem! (1 Kon 18:8-15) (Hauser & Russel, 1990:60, 72).

- In aansluiting by Isebel se outoritêre optrede, is die wyse waarop sy haar eie koningsbegrip van feudalisme en despotisme implementeer. Sy tree op buite die riglyne van die posisie wat sy beklee, as sy die mag en reg van die koning volgens haar eie maatstawwe en eiehandig toepas. Wanneer koning Agab homself, hoewel baie ontevrede, tog onderwerp aan die wette van Israel oor grondbesit, verwerp Isebel hierdie uitoefening van die koningskap met minagting en tree selfstandig met despotiese magsuitoefening op. Volgens haar maatstaf dat mag reg is neem sy as't ware tydelik die koningskap oor en beoefen dit volgens Tiriese beginsels. Sy inisieër 'n wetlik-kultiese byeenkoms wat sy met bedrog en omkopery in haar (en Agab) se guns deurvoer. Sy skroom nie om haar tot uiterste maatreëls te wend met so 'n relatiewe onbenullige saak soos 'n stuk landgoed nie. Samaria was tog die amtelike koninklike woning en nie Jisreël nie (Van Gelderen II, 1956:266). Isebel kon alleenlik slaag in hierdie optrede as sy 'n bepaalde magsposisie gehad het, hetsy toegewys of toegeëien.

- Hoewel in 'n baie negatiewe sin en op 'n heeltemal onaanvaarbare wyse, het Isebel egter 'n bepaalde skerpsinnigheid en intellek aan die amp van die *g$^{e}$bira* verleen wat eenmalig was. Bloot die feit dat Isebel so 'n onafhanklike, prominente rol vervul het, gee unieke dimensies aan die amp. As 'n vrou en 'n vreemdeling uit 'n land met groot kultiese en kulturele verskille, toon Isebel ongeëwenaarde kennis en insig in die Israelitiese wette. Die Nabotsinsident is 'n tipiese voorbeeld van die misbruik van hierdie kennis en insig, sowel as haar outoritêre magsuitoefening. Uit haar briewe aan die leiers en ampsdraers in Nabot se stad om 'n vergadering as verhoor vir Nabot te belê, wil dit voorkom asof van hulle bewus moes gewees het dat die hele saak teen Nabot 'n sameswering was wat op bedrog berus het. Volgens 1 Kon 21:9 gee sy duidelike voorskrifte dat Nabot doodgemaak moet word. Sy beveel twee gewetenlose manne as getuies aan wat deur hulle gewetenlose en valse getuienis doelmatig tot Nabot se dood sou bydra. En tog wil dit voorkom asof hulle dit na die letter en gees van haar voorskrifte uitvoer.

- Dat die uitroep van 'n vasdag in Israel 'n ernstige oproep tot verootmoediging in die lig van 'n dreigende ramp of as gevolg van ernstige misdrywe was, ly geen twyfel nie. Wanneer Isebel dus 'n "amptelike" versoek (vanaf die koninklike hof) uitstuur vir 'n vasdag in Jisreël, kon die vermoede van 'n moontlike volgende droogte ontstaan. Die vergadering (vasdag) sou dan kon ondersoek instel na die oorsaak en die skuldiges uitwys. As vooraanstaande lid van die gemeenskap, was Nabot as die "voorsitter" aangewys. Die gewetenlose getuies sou hulle plekke kon inneem teenoor Nabot asof hulle bloot die gebruiklike bydrae tot so 'n vergadering/ondersoek wou lewer. Hulle sou dan in die "regte posisie" wees om op die regte oomblik die vinger na Nabot te wys (Van Gelderen II, 1956:273). Dit wil veral uit hierdie insident blyk dat Isebel haar kennis, intellek en insig gebruik het tot voordeel van haar baie selfsugtige en onverantwoordelike magsuitoefening. Haar optrede was manipulerend.

- Uit hoofde van haar posisie manipuleer sy ook vir koning Agab om haar persoonlike doelwitte te bereik. Die omvattende instelling en erkenning van die Baälgodsdiens vroeg in Agab se regering, was seker veral op Isebel se aandrang. Die instandhouding van 'n baie groot kultiese personeel onder haar eie sorg selfs onder haar dak toon ook dat sy sekere besluite vir die koning moes geneem het ten einde dit daar te stel. Hoewel Isebel vir Agab sê dat sy self die begeerde wingerd vir hom sal gee, laat hy haar begaan om op te tree volgens haar persoonlike riglyne. Sy gebruik die koning se magtiging (seël) om in haar eie naam op te tree en Jahwisme onregstreeks te beveg.

- In Isebel se optrede, wat veral gerig word deur die bevoordeling van haar heidense kultus, is dit Isebel as vreemde vrou, maar tog die *g$^{e}$bira*, wat die volk Israel se oorsprong en bestaansreg ondermyn deur georganiseerde, sistematiese en gedwonge gelykskakeling van Jahwe met Baäl. Israel se wese en voortbestaan wat direk verbind was aan hulle roeping en gehoorsaamheid aan Jahwe, word deur hierdie optrede bedreig. Deur afvalligheid en die aanhang van 'n heidense kultus, kon hierdie unieke voorreg verval. Dat die voorreg later verval het, is bekend. Hoeveel sou Isebel reeds op hierdie tydstip bygedra het daartoe, kan wel gevra word. Wanneer Isebel dus nie tevrede is om as persoon haar kultus te beoefen saam met haar kultiese personeel nie, maar die koers van Israel wil verander vanuit die koningshuis om deel aan Baälaanbidding te hê, bedreig sy die wese van die volk. Die *g$^{e}$bira* amp word geassosieer met 'n prominente ondersteunende funksie en rol aan die koninklike hofhouding. Wanneer Isebel egter sodanig optree verwring sy die amp en die beeld van die *g$^{e}$bira* tot 'n negatiewe en ekstreme karikatuur.

- Isebel se persoonlike senioriteit in die koningshuis van Israel en moontlik ook haar selfbeskouing as wettige verteenwoordiger van die Omri dinastie, is duidelik uit haar dialoog met Jehu. In die lig van die dood van haar seun, koning Joram, pas vantevore en ten spyte van die waarskynlikheid van haar eie imminente dood, wend Isebel 'n opportunistiese poging aan om Jehu in haar guns te beïnvloed. Haar optrede kon 'n poging wees om haar magsposisie te kontinueer met die veronderstelling dat sy 'n aanwins vir Jehu in sy koningskapsuitoefening kan wees. Sy wou poog om haar mag aan Jehu oor te dra. Wat sy in werklikheid probeer doen is om haar as *g$^{e}$bira* oor te plaas na moontlik 'n volgende dinastie. Hierdie optrede in haar amp is by verre 'n eenmalige eienskap wanneer sy probeer om haar persoonlike magsuitoefenig na 'n vierdie koning en tweede dinastie te verleng. Indien haar optrede en woorde aan Jehu beskou kan word as 'n uiterste vorm van

doodsveragting, is dit ook buitengewoon. Hierin neem sy egter ook die inisiatief!

- Die amp van *g^e bira* word in die persoon van Isebel baie duidelik en op 'n bepaalde wyse omlyn en vergestalt. Sy is die enigste *g^e bira* in Israel en Juda van wie die rolvervulling so omvattend en volledig aangetoon kan word. Nie alleen haar dade nie maar ook in haar dialoog word die rol wat sy vervul het, weergegee. Ten spyte van haar prominensie en duidelike reliëf as *g^e bira* het Isebel 'n baie negatiewe beeld en rolvervulling daaraan gegee. Die beeld is dan ook grootliks net van toepassing op haarself met hoogstens enkele raakpunte met ander vroue in die *g^e bira* amp voor en ná haar.

### 5.2.1.4 Gevolge van Isebel se rolvervulling as *g^e bira*

In die bespreking van Isebel se rol as koningsvrou, koninginmoeder en later *g^e bira* in Samaria, het die gevolge van haar optrede implisiet in elke insident na vore gekom. Oorsigtelik blyk die gevolge egter meer omvattend.

In retrospeksie beskou, het die bande wat die Omri dinastie met Tirus gesluit het om Israel tot ongekende hoogtes uit te bou, inherent die beginsel vir die vernietiging van die twee dinastieë gehad, naamlik die Omri en Jehu dinastie. As 'n vrou en in haar geval die koningsvrou, is sy by name medeverantwoordelik vir die val van 'n koningshuis en een van die sterkste dinastieë in Israel.

Isebel word vanaf haar koms na Israel verantwoordelik gehou vir die ekstensiewe uitbreiding van die Baälkultus. Sy vestig en organiseer die Baälkultus so omvattend dat dit na alle waarskynlikheid nie alles deur Jehu vernietig sou kon word nie. Gevolglik sou die verering van Baäl bly voortbestaan tot die val van Samaria in 722 v.C.

In haar onvermoeide ywer vir die Baäl en Astarte kultus, het Isebel planmatig voortgegaan met die opsetlike ondermyning en dwarsbooming van Israel se bestaanskultus. Isebel dra grootliks by dat die "of...of" eksklusiwiteit van die Jahwisme verplaas word deur "beide...en". In haar fanatieke teenstand teen die "onsigbare God" van Israel wat bepaalde wette daargestel het vir die volk Israel se voortbestaan, het Isebel aan die amp van $g^e$*bira* 'n baie negatiewe tipering van afbrekende buitelande invloed gegee. Met die Tiriese konsep dat mag reg is, versper Isebel die funksionering van die koning as dienskneg van Jahwe en kom die oordeelsaankondiging en voltrekking ook na haar as persoon. In sy veroordeling van haar negatiewe en radikale optrede, verleen die Deuteronomis onwetend die prominensie aan Isebel wat sy besit het in haar optrede as $g^e$*bira*. Die groot teenstand wat sy veral in die Jahwistiese kringe ontlok het, het later tot groot bloedvergieting aanleiding gegee tydens Jehu se oorname. Isebel se optrede en haar deelname aan die regering in Israel het beslis bygedra tot die verskerping van die negatiewe beoordeling van die koningshuis van Israel deur die Deuteronomistiese redakteur.

Die moontlikheid bestaan dat daar verryking van die plaaslike kultuur deur die meer gesofistikeerde en ontwikkelde kultuur uit Tirus was. Dit word egter aanvaar dat die oudheid geen kultuur sonder religie geken het nie! Die Kanaänitiese deel van die bevolking van Israel is waarskynlik ook bevoordeel deur die kultuur en ekonomie wat van Tirus ingevoer is. Daardeur kon die landelike bevolking teenoor die stedelike bevolking meer verarm raak en die polarisasie tussen die groepe vergroot word.

Die gevolge van Isebel se rolvervulling kan dus as uiters negatief beskryf word. In die belangrike amp as $g^e$*bira* het sy geensins 'n bydrae gelewer tot voordeel van die koningshuis en die volk Israel nie, inteendeel.

#### 5.2.1.5 *Samevatting ten opsigte van Isebel se rol in koningshuis van Israel*

Isebel was beslis die bekendste (maar ook berugste) koningin in die geskiedenis van die Tienstammeryk. Haar Tiriese afkoms word onomwonde deur die Deuteronomis as rede vir die uiterste afvalligheid van koning Agab aangegee. Die sondes van Jerobeam, wat as die maatstaf vir sondig teenoor Jahwe gebruik is, verdwyn as't ware op die agtergrond met die verskyning van die Sidoniese prinses as gemalin in die koningshuis van Israel (1 Kon 16 31). In afdwaling van die 10 stammeryk is daar 'n skerp onderskeid tussen Jerobeam I en Agab: Jerobeam het die goue kalwerbeelde laat maak as Israel se God wat hulle uit Egipte gelei het (1 Kon 12:28) ingevoer terwyl Agab onder invloed van Isebel, afgodery ingevoer en "gewettig" het.

Die huweliksluiting van Agab met die priesterkoning Etbaäl van Sidon se dogter was oënskynlik volgens die gangbare gebruike van daardie tyd: die huwelik moes dien as 'n beseëling van politieke- en handelsalliansies. Dit sou egter baie spoedig blyk dat Isebel, uit hoofde van haar agtergrond en opvoeding aan 'n heidense, despotiese hofhouding, met fanatieke en ongekende missionêre ywer 'n motoriese krag sou wees wat bygedra het om 'n wig in te dryf tussen Jahwe en Sy uitverkore volk. Isebel sou, na alle waarskynlikheid ook Tiriese Baäl priesters met haar saamgebring het om die kultus te bevorder en die Jahwe-diens te deursuur met sinkretistiese projekte. Isebel se teenstand teen Jahwe en Sy wet is die eerste aanduiding van die gebruik van siviele mag teen ware godsdiens deur 'n vrou (Lockyer, 1977:236).

Wanneer Elia in aller yl vir Isebel vlug ten spyte van die onbetwisbare demonstrasie van Jahwe se almag oor Baäl en die dood, is dit asof Jahwe "moeite" het om Sy eertydse vreeslose profeet (vgl. 1 Kon 18:8 weergegee) weer in diens te stel. Na sy vlug en te midde van sy moedeloosheid ontvang Elia die opdrag om drie persone te gaan salf wat teen die dinastie van Omri sal

optree weens sy Baäl aanbidding (1 Kon 9:15,16). In haar optrede met die Nabotsinsident neem sy nie net as't ware die koningskap oor nie, sy doen ook Baäl se werk[36], deur sy opperheerskappy te probeer verseker. Sy sorg dat Baäl 'n tempel van soortgelyke status kry as wat daar vir Jahwe bestaan. Die sinkretisme wat daardeur gevestig is sou 'n baie lang tyd die volk Israel se Jahwe-aanbidding bevlek.

'n Verdere uitvloeisel van die bevoordeling van die Baäldiens en die gevolglike dualistiese godsdiens beoefening van die koningshuis van Israel, was die skeuring wat daar tussen die Jahweprofete ontstaan het. As gevolg van die vervolging teen die ware Jahwe profete het al hoe meer profete koning Agab na die mond begin praat. Hulle is dan ook later getipeer as "valse profete" waarvan daar omtrent 400 was (1 Kon 22:16). Vyandigheid tussen die Jahweprofete word duidelik wanneer Miga en Sedekia moes profeteer oor die uitslag van die veldslag by Ramot (1 Kon 22: 24).

Met Isebel se optrede in Israel word sy en koning Agab die maatstaf waarby die oortreding teen die wette van Jahwe gemeet word. Die sondes van Jerobeam ben Nebat word in die skadu gestel deur gekombineerde sondes van Agab en Isebel. Wat buitengewoon is, is die feit dat sy as vrou die aanstigter van die oortredings teen die wette van Jahwe is. Die opsetlikheid en doelgerigtheid van haar optrede en uit hoofde van haar Baäl aanbidding, berouloosheid oor haar verkeerde optrede, is by uitnemendheid tiperend van Isebel se rol.

Die aard en omvang van Isebel se dialoog maak ook haar rol uniek. Die dialoog van vroue wat in die Bybel aangegee word is gewoonlik baie meer persoonlik en op hulle persoonlike belange gerig. Isebel se dialoog is egter die teenoorgestelde en is gerig op staatsake, regsake sowel as militêre aangeleenthede. Soos met haar dade, is haar dialoog ook gerig op die

---

[36] Isebel se optrede vind aansluiting by en weerklank in die woorde van Joas, die vader van Gideon in Rigt 6:31 "... Wil julle Baäl se saak behartig? Wil julle hom red? Wie Baäl se saak behartig moet vanmôre nog doodgemaak word. As hy 'n god is kan hy sy eie saak behartig. Dis sy altaar wat afgebreek is."

manipulering van mense rondom haar, ongeag wie dit is. In haar dialoog is ook die riglyne waarvolgens sy lewe sigbaar: beskerming van en diens aan Baäl. Dit word duidelik gedemonstreer in haar persoonlike boodskap aan Elia, haar kritiek op koning Agab se hantering van die koningskap (ten opsigte van Nabot se wingerd), haar berekende boodskap aan die stadsvaders van Jisreël en haar vlymskerpe groetwoorde aan Jehu met sy aankoms in Jisreël. Haar inisiërende dialoog is die aanloop tot selfstandige en eiewillige optrede. Die selfstandige dialoog wat Isebel voer vanuit haar "aangenome" magsposisie as koningsvrou en later *g^e^bira*, is eenmalig in die koninkryke van Israel en Juda.

Isebel se optrede kan tot 'n mate ook as charismaties gesien word. Dit toon ooreenstemming met die troonsuksessie in Israel. Ongelukkig was dit 'n eienskap wat grootliks bygedra het tot verval en uiteindelike val van die koningshuis van Israel.

Isebel vorm 'n eie kategorie naamlik die "regerende" *g^e^bira*. Sy is self-gesentreerd, sy vra geen advies nie, inteendeel, sy dwing dit af. Die koning regeer aan die hand van advies van oudstes en die profete woord van Jahwe, maar Isebel "regeer" by die grasie van Baäl. Sy verbreek die beeld van die "stilswyende vroue", hetsy prominente of gewone vroue in die Ou Testament deur inisiërende dialoog in verskillende situasies. Die rimpel-effek van Isebel se afgodsdiens-gesentreerde, vyandige optrede sou meewerk tot die val van 'n sterk dinastie. Die waarskynlike verryking van die Israelitiese kultuur deur die ontwikkelde Fenisiese invloed, sou nie naastenby opweeg teen die skade wat dit gebring het nie.

## 5.3 DIE $G^{E}$*BIRA* IN JUDA

### 5.3.1 Inleidend

Van die twintig konings wat oor die ryk van Juda regeer het, is daar slegs van drie prominente vroue iets meer bekend. Volgens die gebruik word verskeie genoem as die moeders van die regerende konings. Met die uitsondering van koning Joram en Agas word elke koninginmoeder genoem. In die stil galery van koninklike vrouens wat genoem word is die drie genoemdes ook nie die moeder van die regerende koning nie. Maäka was die ouma van koning Asa, Atalia was die vrou van Joram en het egter later as moeder van Ahasia 'n belangrike rol gespeel. Jehoseba was die tante van koning Joas wat sy lewe gered het tydens sy ouma Atalia se uitroeiing van die koninklike nageslag.

Daar is slegs van Atalia meer bekend. Van Jehoseba is 'n klein bietjie belangrike inligting bekend, terwyl die negatiewe verwysing na Maäka beslis ook iets weerspieël van die invloed van haar afkoms. Die moontlikheid bestaan dat daar meer behoudendheid ten opsigte van Jahwisme in Juda was, maar 'n baie ekstreme manifestering van heidense invloed wat vanuit Israel oorgespoel het, word verpersoonlik in Atalia.

### 5.3.2 Jehoseba

Die enigste verwysing na Jehoseba word aangetref in 2 Kon 11:2. Jehoseba was die dogter van koning Joram van Juda en die koninginmoeder Atalia (2 Kon 8:16). Na Jehoseba se vader se kort regeringstyd van agt jaar in Jerusalem het haar broer Ahasia die koningskap oorgeneem. Jehoseba se broer Ahasia is na ongeveer een jaar van regering deur Jehu, saam met Joram van Israel, om die lewe gebring (2 Kon 9:27) tydens Ahasia se besoek aan Joram in Jisreël. In 'n betreklike kort tyd het Jehoseba haar vader sowel as haar broer as koning verloor.

Wanneer Atalia in die Isebel-tradisie begin om die hele koningsgeslag wat haar as nuwe koningin kan teenstaan uit te roei, tree Jehoseba blykbaar uit oortuiging op. Sy versteek die babaseun van haar broer Ahasia sodat sy ouma Atalia hom nie om die lewe kan bring nie. Vir ses jaar lank het sy Joas "in die huis van die Here weggesteek" terwyl Atalia onbewus van Joas oor Juda regeer het (2 Kon 11:3). As koninginmoeder en later regerende koningin het Atalia die septer geswaai as die mees prominente vrou in Juda in daardie tyd. Van die moeder van Joas, Sibja (2 Kon 12:1), is slegs haar naam bekend. Of sy wel deel aan sy opvoeding gehad het is onbekend.

Die feit dat Jehoseba as 'n prinses en dogter van Joram en Atalia met die hoëpriester Jojada getroud was, is veelseggend (2 Kron 22:11c). Dat haar ouers geleef het in die verkeerde en goddelose tradisie van Agab en Isebel het Jehoseba blykbaar nie tot 'n soortgelyke lewensstyl laat opgroei nie. Haar huwelik met die priester Jojada het waarskynlik ook iets te sê oor haar persoonlike godsdienstige belewing. Hierdie vermoede word vesterk deur die feit dat daar aangedui word dat sy Joas vir ses jaar by haar " in die huis van die Here weggesteek" het (2 Kon 11:3).

### 5.3.3 Maäka

Die naam van die moeder van koning Asa, wat een-en-veertig jaar in Jerusalem regeer het, word nie genoem nie. As 'n uitsondering word wel die naam van sy ouma Maäka genoem (1 Kon 15:10). Maäka was die gunstelingvrou van koning Rehabeam en die moeder van koning Abia van Juda (1 Kon 15:2). As dogter van Abisalom/Absalom (1 Kon 15:2b) en kleindogter van Dawid sowel as agterkleinkind van koning Talmai van Gesur (wat noordoos van Basan in Sirië geleë was), was Maäka van dubbele adellike afkoms. Ondanks haar adellike afkoms het haar afgodiese praktyke gelei tot haar persoonlike vernedering en

is sy die enigste bekende geval waar 'n koninginmoeder (-grootmoeder) afgesit is uit haar amp (2 Sam 3:3).

Omdat Maäka die afgodsdiens van Asjera voortgesit het soos deur Rehabeam en Abia beoefen is, het dit tot die drastiese stappe teen haar deur haar kleinseun Asa gelei. In die ongeveer 20 jaar van die regerings van Rehabeam, haar eggenoot en Abia haar seun, kon Maäka, waarskynlik met die ondersteuning van haar eggenoot en seun, die Asjera-diens vestig.

As koninginmoeder tydens haar seun Abia en haar kleinseun Asa se regerings, was Maäka ongetwyfeld 'n baie prominente vrou in die koninklike paleis. Dat haar seun Abia, as die jongere prins die koningskap ontvang het, toon moontlik dat sy 'n besondere posisie beklee het. Die Kroniekeskrywer dui aan dat sy die mees geliefde van koning Rehabeam se vroue was (2 Kron 11:21). Met die bewindsaanvaarding van haar kleinseun Asa het Maäka waarskynlik al 'n eie gevestigde "tradisie" as koninginmoeder of *g*$^{e}$*bira* gehad. Hierdie "tradisie" het gestrek vanaf haar begunstigde posisie as koningsvrou, as *de facto* koninginmoeder van haar seun Abia en dan haar vanselfsprekende posisie tydens Asa se regering. Die teenstand wat koning Asa bied ten opsigte van die belangrikste vrouelid van die koningshuis is dus buitengewoon. Om so 'n invloedryke en prominente lid van die koningshuis te diskrediteer, getuig van Asa se sterk oortuigings.

Die Asjera-diens wat Maäka beoefen het, was ten tye van koning Asa se bewind 'n gevestigde praktyk van die koningshuis. Koning Asa se oumagrootjie was Naäma, van Ammonitiese herkoms en sy het waarskynlik baie bygedra tot die aanvanklike invoer van die afgodediens in die koningshuis van Juda. Die veroordeling van die koningskap van Rehabeam in 1 Kon 14:22-24 dui op die groot skaal van Asjera aanbidding in Juda, met spesiale verwysing na die "...hele Juda..." wat afgode gedien het. Wanneer Asa die Asjera godsdiens wil uitroei doen hy dit deeglik: hy verban die tempelprostitute en die afgodsbeelde van sy

voorgangers word verwoes. Hy vernietig ook die Asjera beeld waarvoor sy ouma Maäka verantwoordelik was.

Ten einde Maäka se magsbasis van afgodery te vernietig, doen hy die drastiese stap om haar te onthef van haar posisie as koninginmoeder. Die omvang van Asa se maatreëls toon waarskynlik die gedugtheid van die bron van die afgodery: sy ouma Maäka. Die spesifieke beeld van Asjera word met sorg verwoes. Deur dit op die vullishoop te verbrand, hoop Asa om dit finaal te verwoes en te ontwy (1 Kon 15:13). Waar die beeld die godin verteenwoordig is die vernietiging daarvan die proklamering van Jahwe se oppermag oor die afgode. Maäka was tot so 'n mate sinoniem met die Asjera godsdiens dat haar amp as *g$^e$bira* ook "stukkend gekap" moes word om die afgodery uit te roei. Die drastiese omvang en aard van die Asjera kultus het dit van Asa vereis om die mees drastiese stappe ooit bekend daarteen te neem: hy moes homself en die volk as't ware losskud daarvan (Anderson, 1986:262).

### 5.3.4 Atalia

Die verwysing na Atalia in die Bybel is tweërlei: Die eerste is in 2 Kon 8:26-27 waar koning Ahasia van Juda se ma aangedui word as Atalia uit die huis van koning Omri. Die tweede verwysing na Atalia is in 2 Kon 11:1-20, waar sy die koningskap oorneem toe sy verneem dat haar seun Ahasia in Israel gedood is[37].

Vir die betekenis van die naam Atalia is daar verskeie verklarings. Hierdie teofore persoonsnaam van Atalia word in verband gebring met 'n Arabiese woord wat "magtig handelen" beteken. Dit wil sê die betekenis van die naam Atalia kan aangegee word as "de HERE heeft magtig gehandeld" (Oosterhoff, 1953:36). 'n Ander moontlike verklaring is wanneer die naam in verband gebring

[37] Alhoewel Atalia as die dogter van koning Omri in die Bybel aangedui word, bestaan daar ietwat onsekerheid oor hierdie feit. Die moontlikheid word genoem dat sy Agab en Isebel se dogter was of selfs Agab se suster was (Bright, 1972:52).

word met 'n Akkadiese werkwoord wat "groot zijn" beteken. 'n Verdere verklaring vir die naam *ᵉṯtalyahu* is "Jahwe is verhewe" (Beeching, 1972:107).

As koninginmoeder neem Atalia die inisiatief op die doodsberig van haar seun Ahasia: soos haar voorgangers roei sy die hele koningsgeslag uit. Waarskynlik ook haar eie kleinkinders, op een na. Die jong koning Ahasia, slegs 22 jaar oud (2 Kon 8:26) was in sy kort regeringstyd duidelik deur sy moeder gedomineer. Sy goddelose optrede word dubbel gekwalifiseer deur sy verbintenis met die koningshuis van Agab: sy oupa was koning Omri van Israel. "Omri het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy was slegter as al sy voorgangers" (1 Kon 16:25). Sy ma Atalia het dus hierdie verdoemende "erfenis" in Juda ingedra en aan haar seun Ahasia oorgedra, waardeur hy dan ook getipeer is. 'n Verdere verdoemende invloed het gekom van Ahasia se naamlose eggenote wat afkomstig was uit die huis van Agab (2 Kon 8:27). Twee prominente vroue in die koningshuis van Juda het dus die gees en gesindheid van Jerobeam uitgeleef waarmee die volk Jahwe getart het.

Wanneer Atalia dus die koningskap oorneem en self haar status verhoog van koninginmoeder tot die eerste en enigste werklike koningin in Juda (en Israel), tree sy op soos die voorbeeld wat sy van haar familie, naamlik van Isebel het. Sy was dus wel die geestelike dogter van Isebel. Haar huwelik met Joram van Juda was waarskynlik 'n beseëling van 'n alliansie tussen die sterker Israel met Juda (Beeching, 1972:107). Deur die uitroeiing van haar eie nageslag (dié van haar seun Ahasia), stoot sy as't ware die Dawidiese nageslag van die troon af (Pienaar, 1974:319). Deur die uitroeiing van haar eie kleinkinders oortref haar wrede optrede die van haar ma Isebel. Die uitroeiing van die Dawidiese nageslag kon ook 'n vergeldings maatreël wees aangesien Jehu in Israel 'n groot deel van haar familie uitgewis het. Ironies genoeg het Jehu deur die doodmaak van die Judese prinse op besoek aan Samaria (2 Kon 10:14) Atalia se oorneem van die koningskap bevorder. Aangesien die prinse wat deur Jehu doodgemaak is waarskynlik ouer was en sekerlik teenstand teen Atalia se "staatsgreep" kon

bied as aanspraakmakers op die koningskap, het Jehu Atalia onbewus bevoordeel. Dit lyk dan nog meer waarskynlik dat die prinse-moord deur Atalia as weerwraak kon wees op die moord op haar ma (Le Roux in Van Zyl, 1989:420).

As geesverwant van 'n fanatieke Baälaanbidder soos Isebel, sou Atalia beslis die Baältradisie in Juda gevestig het. Met 'n eggenoot soos Joram en 'n koningseun soos Ahasia wat beide die "Baäl-pad" van die koningshuis van Israel geloop het (2 Kon 8:18 en 27), was Baäl die god van die koningshuis van Juda van ongeveer 847-836 v.C. Met die uitwissing van die Dawidiese koningsgeslag is die koninklike Jahwe aanbidders ook verwyder. Dit het bygedra om al die ruimte vir Baälaanbidding te laat. Atalia het volgens haar ma Isebel se "Tiriese model" van magsuitoefening opgetree, met die vervanging van Jahwe aanbidding met Baäldiens. Kuyper maak die volgende raak tipering van Atalia: "She personified all the evil of her ill-famed parents. Jezebel had brought poison from Sidon and injected it into the veins of Israel. And now Athaliah was to transfuse some of that poison into Jerusalem's veins" (Kuyper, 1961:157).

Vir ses jaar het Atalia as koningin oon Juda regeer. Daar kon met goeie reg gevra word na die oorsprong van Atalia se magsbasis wat haar instaat gestel het om te regeer. Daar kan vier aspekte uitgelig word wat haar bewind gestel het.

- Haar posisie as eertydse koningsvrou en later koninginmoeder het waarskynlik vir haar instaat gestel om self suksesvol te kan heers. Die infrastruktuur van haar amp het dit vir haar makliker gemaak om die koningskap uit te voer. Aangesien sy nie alleen die land kon regeer nie moes sy getroue onderdane en amptenare hê.

- Moontlik het haar persoonlikheid haar instaat gestel het om voldoende mag te genereer (Otwell, 1977:139).

- Soos Isebel in Israel het sy lojale volgelinge gehad wat maar te gewillig was om die koningin as belangrikste Baäl-aanbidder in Juda te ondersteun.

As Baäl-aanbidder wat geen belang by die tempel van die Jahwe godsdiens gehad het nie, was Atalia onbewus van die enigste oorlewende troonopvolger, Joas, wat in die tempel versteek is. Atalia se afwesigheid en totale gebrek aan belangstelling in die tempel en Jahwe-aanbidding, het dit 'n geskikte plek gemaak vir die begin van 'n paleisrewolusie gelei deur die priester Jojada. Atalia se afwesigheid van die Jahwe tempel tydens die sabbat met die samedromming van tempelgangers, was 'n baie geskikte tyd vir die beëindiging van Atalia se koningskap. Die einde van Atalia se koningskap het dus in die tempel begin.

In haar optrede toon Atalia ooreenkoms met Isebel: vreesloos gaan sy teenstand tegemoet. Die uitroepe in die tempel tydens Joas se kroning laat Atalia daarheen gaan. As Baäl-aanbidder is die Jahwe tempel vir jaar "vyandige, verbode" terrein. Ten aanskoue van die tempelgebeure gebruik sy dieselfde woorde as haar broer Joram, naamlik "Verraad!" (2 Kon. 9:23 en 2 Kon 11:14). Soos Isebel het sy immers die situasie korrek opgesom. "The boldness of the desperate woman in coming to face the people in the temple is magnificent. The full arming of the patriots is evidence of the precarious conditions" (Montgomery & Gehman, 1960:421). Soos Isebel is Atalia ook buite die paleis/tempel doodgemaak. Die amptenare/paleiswagte wat in haar diens was, het haar doodgemaak in opdrag van Jojada die priester.

Alhoewel Atalia se regeringstydperk as selfaangestelde koningin vir ses jaar oor Juda merkwaardig was, was haar regeringstyd 'n krisistyd in Juda. Eerstens was sy nie 'n direkte afstammeling van Dawid nie. Tweedens was die hoë status wat die koningin aan die Baäldiens gegee het 'n baie ernstige bedreiding vir Juda se bestaansgodsdiens. Atalia het ook die voortsetting van die Omri tradisie verpersoonlik. Eers met Atalia se dood is die heerskappy van die Omriede beëindig. Die dood van Atalia het 'n byna katalitiese effek gehad: soos na

Karmel het die volk weer teruggekeer na die ondersteuning van die Dawidiese lyn.

Dit is opvallend dat die Deuteronomis geen koninklike status aan Atalia gee nie. Alhoewel sy vir ses jaar die monarg van Juda was, word geen melding van die gebruiklike begrafnis gemaak nie. Sy het nie eers die voorreg om as koningsdogter 'n behoorlike begrafnis te hê nie. Isebel sou nog daardie voorreg gegun gewees het op grond van haar koninklike afkoms. Atalia sou haar dood tegmoet gaan juis daar waar sy die septer geswaai het: in die paleis.

Wanneer na Atalia se naamsbetekenis gekyk word, is die ironie daarvan opvallend. Die vehewenheid van Jahwe word daarin besing, terwyl Atalia se lewe dit heeltemal geloënstraf het.

### 5.3.5 Die dubbele rolle van Maäka en Atalia

Hierdie twee prominente adellike vroue uit die ryk van Juda het aantoonbare dubbele rolle gespeel. Afgesien dat beide 'n *g<sup>e</sup>bira* in eie reg en volgens status was, het die een "amptelik" regeer en die ander "nie-amptelik". Die groot uitoefening van beide se mag en invloed was dan ook op godsdienstige/kultiese terrein. Die blootstelling van beide vroue aan afgodiese praktyke in die koningshuise waar hulle opgegroei het, maak beide fanatiese beyweraars van afgodediens.

#### *5.3.5.1 Maäka*

Maäka het reeds vroeg, direk na die totstandkoming van die ryk van Juda, as vrou van koning Rehabeam, die rol van koningsvrou, koningsmoeder en *g<sup>e</sup>bira* vervul. As gunstelingvrou van koning Rehabeam (2 Kron 11:21) het sy na alle waarskynlikheid 'n bykomende invloed en inspraak gehad. Hierdie tipering van Maäka is buitengewoon en waarskynlik die enigste sodanige verwysing na 'n

koningsvrou van Israel of Juda. Vanuit hierdie invloedryke posisie het Maäka waarskynlik haar eie "koningkryk" binne Juda op subtiele wyse "regeer".

Met 1 Kon 15:13 kan in retrospeksie verwys word na die afgodiese praktyke van Maäka. Die afgodiese uittarting van die Here deur Juda word omvattend weergegee in 1 Kon 14:22-24. Maäka was die dogter van Absalom en sy was seker met die Jahwe-diens bekend. Rehabeam se ma was Naäma 'n Ammonitiese vrou wat waarskynlik nie afgesien het van haar Molog godsdiens nie. Ten spyte van hierdie moontlike heidense invloed word Rehabeam nie as die oorsaak van die godsdienstige dwaling van Juda aangedui nie (1 Kon 14:22-24). Rehabeam se seun Abia se koningskap word egter negatief getipeer op grond van die feit dat hy dieselfde sondes as sy pa gedoen het (1 Kon 15:4). Dus kon die heidense invloed van Naäma moontlik 'n bydrae tot die afgodiese praktyke in Israel gehad het.

As koninginmoeder en *g$^{e}$bira* was Maäka se beoefening van haar kultiese praktyke na alle waarskynlikheid nog meer omvattend as tydens haar seun Abia se bewind. Haar posisie aan die koninklike hof was nog hoër as die mees senior vroulike lid in die paleis van Abia. Haar kultiese praktyke kon sy voortsit en uitbou na hartelus. Die kort regeringstydperk van drie jaar van Abia die seun van Rehabeam en Maäka word ook getipeer aan die sondes van sy pa (1 Kon 15:2-3).

Maäka se "nuwe" rol sou voorkom tydens haar kleinseun Asa se bewind. Koning Asa se moeder word egter nie genoem nie en slegs sy prominente ouma was bekend. Wanneer Asa doen wat reg is in die oë van die Here, gaan hy Maäka teë in haar kultus-beoefening en verander haar rol drasties. Die afsetting van die waarskynlik bejaarde *g$^{e}$bira* Maäka deur haar kleinseun Asa is dalk die enigste gebeurtenis van sy soort in Israel en Juda. Rehabeam se kleinseun Asa, die seun van Abia wat eintlik ten onregte bevoordeel is as koning bo sy broers as

troonopvolger (vergelyk Deut 21:15-17), stuit die afgodery van sy oupa (en ouma) en pa deur die moed van sy oortuiging.

Maäka het op drie terreine "dubelle rolle" gehad. Haar vader was Absalom en haar grootvader was Dawid, terwyl haar ouma Maäka (2 Sam 3:3) die dogter van koning Talmai van Gesur was. Sy was tydens twee konings se regering hoofvrou aan die koninklike hof. Aangesien sy die gunstelingvrou van Rehabeam was, kan dit aanvaar word dat sy die mees senior vrou in die paleis was. Tydens die kort regering van haar seun Abia (1 Kon 15:1) was sy die koninginmoeder (*g$^{e}$bira*?) en was dit die voortsetting van haar rol tydens Rehabeam se bewind. Wanneer sy haar posisie kontinueer tydens 'n derde koning se regering, haar kleinseun Asa, word sy afgesit uit haar "amp" en haar kultiese praktyke drasties teengegaan. Aansluitend by laasgenoemde rol, was sy dus eers in 'n verhoogde en aan die einde van haar lewe in 'n vernederde posisie. Ten spyte van Maäka se adellike afkoms kon sy nie haar afgodediens voortsit tydens haar kleinseun Asa se bewind nie. Hierdie voorval toon dat selfs 'n *g$^{e}$bira* ondergeskik aan die koning was, al was hy haar kleinseun.

### *5.3.5.2 Atalia*

Koning Joram van Juda se bewind word negatief getipeer as gevolg van sy verbintenis met die huis van Agab. "Hy (Joram) het die pad van die konings van Israel geloop soos die koningshuis van Agab gedoen het, want hy was getroud met 'n dogter van Agab. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here" (2 Kon 8:18). Dieselfde tipe verwysing word gegee ten opsigte van sy seun Ahasia: "Sy ma was Atalia 'n dogter van koning Omri van Israel. Hy het die pad van die koningshuis van Agab geloop: hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here net soos die koningshuis van Agab, want hy het ingetrou in die familie van Agab" (2 Kon 8:66-72).

Atalia het dus die gees van die koningshuis van Israel oorgedra na Juda. Atalia se eggenoot Joram en seun Ahasia se regerings word afgeskryf en getipeer aan die erge sondes van die huis van Agab en Atalia was die "kanaal" waardeur dit ingevoer is. Dit wil dus voorkom asof sy van haar aankoms in Juda die "Israel-gees" geadem het en Juda tot die Asjera afgode verlei en aangespoor het (Kuyper, 1961:157).

'n Baie unieke rol wat Atalia egter vervul het, was dat sy as koningin regeer het. Die rede waarom die inwoners van Juda 'n vreemde heidense vrou sou toelaat om oor hulle te regeer, is onbekend[38]. Die moontlikheid bestaan dat met die uitwissing van 'n groot deel van die Dawidiese koningsgeslag is daar dalk 'n lugleegte gelaat wat Baälaanbidding kon bevorder onder Atalia se ywer.

Die feit dat Atalia ses jaar (2 Kon 11:3) in Jerusalem regeer het, is opsigself merkwaardig. Haar man Joram en seun Ahasia het saam slegs ongeveer nege jaar regeer. Na alle waarskynlikheid het sy, soos Isebel, die persoonlikheid gehad en kon sy haarself handhaaf. Die model van Isebel se despotiese hantering van mag kon sy navolg en toepas om die koningskap te beoefen.

As koningsvrou, koningsmoeder en koningin self het Atalia met haar apostatiese godsdiens 'n bedreiging ingehou vir die bestaansreg van Juda. In haar uitroeiing van die Dawidiese nageslag het sy byna in haar doel geslaag. Hoewel sy 'n unieke posisie kon beklee was sy geensins 'n aanwins in die koningshuis van Juda nie.

---

[38] Volgens Pienaar (1974:112) het Joram in 848/47 aan die bewind gekom. Sy seun Ahasia het in 841/40 die bewind oorgeneem. Ahasia het saam met Joram van Israel in 841/40 gesterf.

### 5.3.6 Samevatting

Die drie vroue ter sprake in die ryk van Juda, naamlik Jehoseba, Maäka en Atalia, het een eienskap in gemeen en dit is dat almal van koninklike afkoms is. Andersins is daar 'n wêreld van verskil tussen hierdie vroue, wat veral getipeer word deur hulle kultiese aktiwiteite. Jehoseba se eggenoot was Jojada die priester van Jahwe. Die moontlikheid dat sy grootgeword het in 'n omgewing waar Baäl meer prominensie gehad het as die ware God, het nie haar oortuiging en uitlewing van haar geloof in die God van Israel verdring nie. Sy is selfs bereid om haar lewe in gevaar te stel vir ses jaar lank.

Maäka as gunstelingvrou van koning Rehabeam het 'n bevoorregte en invloedryke posisie gehad. In retrospeksie kon aangeneem word dat sy 'n baie ywerige beoefenaar en instandhouer van die Asjera kultus was. Die vergestalting van Asjera in 'n beeld wat deur haarself opgerig is, het tot haar dramatiese afsetting deur haar regerende kleinseun Asa gelei.

Atalia se selfverheffing tot regerende koningin is uniek. Weereens is ook sy uit die weg geruim deur die Jahwe-aanbidders. Hierdie keer word sy geëlimineer en nie soos Maäka slegs afgesit as *g$^{e}$bira* nie.

Slegs Maäka en Atalia was gebiedsters, terwyl Jehoseba 'n priester-vrou/prinses was. Jehoseba het egter 'n besondere positiewe rol gespeel deur te help dat die koningshuis van Dawid weer in ere herstel kon word.

# *HOOFSTUK 6*

# *'n Kritiese bespreking en waardebepaling van die genoemde korpus vroue*

## 6.1 INLEIDING

Die prominensie van vroue in die voorafgaande bespreking word op tweërlei wyse bepaal: daar is 'n groep vroue, meestal naamloos, wat genoem word weens hul dade, terwyl 'n ander groep prominent is weens hul koninklike verbintenisse en hoe in hulle hierdie betrokke posisie opgetree het. Vroue het dikwels (soos mans!) katalitiese, middelpunt-vlietende, reaksionêre optrede van mense rondom hulle tot gevolg. Vroue is sedert die vroegste tye egter tot swye en gesigloosheid gedegradeer deur manlike historiograwe, terwyl hierdie vroue se dade daardie swye verbreek het en hul prominensie en rolle uitbasuin het.

Die tragiese aspek van die uitbeelding van vroue is geleë in die feit dat hulle nie volgens objektiewe maatstawwe as 'n persoon met intrinsieke waarde uitgebeeld word nie. Vroue word meestal getoon as "bruikbaar", "verhandelbaar", naamloos en gesigloos, sonder rol of ware funksie. Afgesien van enkele uitsonderings, word vroue voorgestel as 'n persoon sonder gevoelens en emosies. Die enigste stereotipiese aanduiding van vroue was: "moeder van ...", asof moederskap die belangrikste maatstaf en waardebepaling van 'n vrou as indiwidu was. Vroue was (vanaf owerheidsweë) soos kinders/onvolwassenes behandel, hulle was onder beheer van hul vaders, broers (ooms) of eggenote. Dit wil byna voorkom asof vroue se seksualiteit een of ander man se "eiendom" was. Hoewel prostitusie afgekeur is, was daar nie straf voor toegedien nie indien die vrou mondig en ongetroud was.

Dit is egter opvallend dat van al die wetlike tradisies in die Ou Testament dit juis dié van Deuteronomium is wat die meeste erkenning aan die regte van vroue gee. Dit is die duidelikste in Deut 15:12, 17 waar dit om die vrylating van vroue slawe gaan. Daar word besondere aandag aan rituele detail gegee. In Deut 22:13-19 word beskermingsmaatreëls aan 'n pasgetroude vrou weergegee wanneer haar eggenoot haar probeer skei (Rogerson & Davies, 1989:248).

Wanneer na die rol van invloedryke vroue gekyk word, is dit aantoonbaar dat die meerderheid opgetree het vanaf die tyd van die verenigde monargie en later. Hulle was meestal in een of ander opsig verbind aan 'n koningshuis. Die ander groep was afkomstig uit die gewone burgery, meestal naamlose figurante, sonder dialoog en soms van buitelandse/heidense afkoms. Wanneer dus na die rol van hierdie invloedryke vroue gekyk word, is dit per implikasie die aantoonbaarheid van die *g^e^bira*, al sou dit dan as *de facto g^e^bira* wees. Aangesien dit nie bekend is van wanneer af hierdie "amp" van vroue, die gebiedster, amptelik voorgekom het en erkenning geniet het nie, kan bepaalde eienskappe in retrospeksie aangetoon word. Die enigste direkte verwysing na die *g^e^bira* is deur die Judese prinse met verwysing na Isebel (2 Kon 10:13b).

Die *g^e^bira* was dus die koningsvrou en veral die koninginmoeder. Sy was blykbaar die invloedrykste persoon naas die koning self. Sy was in beheer van die koninklike harem en het 'n belangrike plek naas die koning beklee.

Die *de facto g^e^bira* is deduktief aantoonbaar. In 'n diverse groep vroue soos Mikal, Abigajil, Rispa, Batseba, Abisag, Jehoseba, Maäka en Atalia, sou waarskynlik 'n dalende senioriteitslys aangetoon kan word. Daar is koningsdogters, 'n eggenote (byvrou) van 'n koning, asook 'n "verpleegster" Abisag wat weens haar diens aan die ou koning Dawid, veral in retrospeksie, onder die *de facto g^e^bira* groep resorteer.

### 6.1.1 Vroue as politieke pionne

Dat prominente vroue as politieke pionne misbruik is, is veral aantoonbaar in die tydperk van die verenigde monargie: Mikal, Abigajil, Rispa en Abisag. Van hierdie vier vroue was Mikal by uitstek 'n politieke speelbal tussen haar vader Saul en haar eggenoot Dawid, met tragiese, hartseer gevolge vir haar en ander persone rondom haar. Abigajil sou die konsolidering van die suidelike deel van Dawid se ryk fasiliteer. Rispa sou deur generaal Joab ('n neef van Saul) gemanipuleer word om sy aanspraak op die koningskap van Israel te probeer versterk. In 'n poging om Joab te dwarsboom, het koning Is-Boset die onderspit gedelf. Rispa moes ook met haar seuns (en kleinseuns) se lewens boet vir Saul se onreg teenoor die Gibeoniete.

Die aanduiding van die "verplaasbaarheid" van vroue, soos met eiendom, van een huis na 'n ander, kan afgelei word uit die voorafgaande. Dit was veral by vroue met politieke belang en wie se teenwoordigheid tot politieke voordeel van mans bygedra het. So word Mikal van Dawid se huis na Paltiël se huis "verplaas" deur haar vader Saul om Dawid te benadeel. Dawid dwing weer vir Joab om Mikal terug te "plaas" in sy huis, waarskynlik tot sy (Dawid) se politieke voordeel, naamlik sy aanspraak op die koningskap van die huis van Saul. Batseba se (gedwonge) verplasing na Dawid se paleis, is byna soos van 'n begeerde voorwerp. Abisag wat byna soos "iets" liggaamshitte aan die ou koning Dawid moes gee, was (1 Kon 1:2b), word in Dawid se diens geplaas. Adonia se begeerte na haar as 'n eggenote maak van haar 'n politieke speelbal, 'n persoon wat nie 'n enkele woord besig nie. Enersyds kon sy Adonia se koningskapsaanspraak baie bevoordeel aangesien sy beskou kon word as deel van Dawid se harem. Andersyds het Abisag vir Salomo die geleentheid gegee om Adonia as konkurrent uit die weg te ruim. Dit is egter ironies dat die man en vrou tog gelyk gestel word in die straf wat God gee: Dawid se straf vir owerspel is die dood van sy kind, terwyl Rispa se seuns moet sterf vir Saul se sondes. Dit wil egter voorkom asof die woord prostituut net op vroue betrekking gehad het, wat van die persoon wat 'n prostituut besoek het?

Gevalle waar vroue die hoogste prys moes betaal na aanleiding van mans se optrede, aksentueer die lae waarde wat soms aan vroue toegeken is deur mans. Die twee mees tragiese gevalle van vroue is die byvrou van die Leviet en die dogter van Jefta. Wanneer Kaleb sy dogter Aksa as bruid uitloof aan die oorwinnaar oor die stad Debir, Mikal deur Saul en Dawid byna letterlik soos 'n pion op 'n skaakbord rondgeskuif word, Dawid vir Batseba na sy paleis laat haal en die 10 byvroue wat Dawid se paleis moet oppas en so aan die rebellerende Absalom uitgelewer word, blyk die relativeerbare waarde van vroue vir mans uit verskillende tydperke duidelik.

### 6.1.2 Vroue met planmatige optrede

Die ware, sterk karakter van vroue tree by verskeie geleenthede na vore en suggereer sodoende die potensiaal van vroue. Sy swakheid vir buitelandse vroue laat Simson sy Nasireërgelofte breek. Ragab se nuutgevonde geloof in die God van Israel vorm 'n "brug" na verlossing vir haar familie. Aksa laat haar geensins benadeel deur 'n "gedwonge huwelik" en 'n swak erfporsie nie. Soos 'n baanbreker beding sy vir haar en haar gesin 'n beter en voordeliger lewensruimte. Debora is die leëraanvoerder teen die Kanaäniete en Jael dien eiehandig die vyand die doodslag toe om die oorwinning as vroue te beklink. Met vasberadenheid en bedrewendheid word die maalklip van die vrou van Tebes 'n dodelike wapen teen Abimelek in sy beleëring van Tebes en red sy so haar stad. Met insig en welsprekendheid bemiddel Abigajil vir haarself en vir die toekomstige koning van Israel. Met vernuf en oorspronklikheid versteek Ragab en die vrou van Bagurim die boodskappers om die volk en die gesalfde van die Here te beveilig. Die paleis-slavin word koning Dawid se ore in sy paleis wat deur Absalom oorgeneem is. Sy help red die koning se lewe uit die hand van sy opstandige seun Absalom deur vir Dawid die boodskap van sy vyand se planne aan te stuur.

### 6.1.3 Vroue met bepaalde geloofsoortuiginge

Vroue met besondere sterk geloofsoortuigings is 'n klein, maar betekenisvolle groep. Onder hierdie vroue is egter die twee mees uiteenlopende groepe, naamlik die Godgelowige vroue en Baäl-(afgod)-gelowige vroue. Miga se moeder inisieer die inrig van 'n kultusplek en moedig haar seun daarin aan. Die kenmerk van hierdie vrome, naamlose vrou se godsdiens was dat dit begin het by diefstal en vervloeking en voortgesit is met mensgemaakte afgodjies en apostatiese beoefening van die godsdiens. Die beëindiging van hierdie eiesinnige godsdiens was dan ook met geweld. Die hoof eksponent van afgodsdienaars was egter prinses Isebel van Tirus. Met fanatieke ywer vir Baäl en met despotiese mag het sy as't ware Israel vanuit die Baäl tempel "regeer". Die gedagte bestaan dat sy (as vrou!) die eerste godsdiens vervolger was.

'n Baie navolgingswaardige geloof in die Verbondsgod van Israel, word aangetref by Jehoseba en Hanna. Ten spyte van afvallige en heidense invloede waarin prinses Jehoseba in die paleis in Juda grootgeword het, kies sy vir die ware, lewende God. Haar huwelik met die priester Jojada maak haar woning by die tempel waar sy dan later haar lewe in gevaar stel om die nageslag van Dawid te bewaar en haar broerskind Joas as ware troonopvolger te versteek as. Die simpatieke voorstelling van die vrome maar hartseer Hanna in die Silo tabernakel toon haar as 'n "geloofsreus". Ten spyte van Penina se spot en die vernedering en hartseer van kinderloosheid, vertrou sy op die God van Israel. Sy gaan self na die tempel en gaan *bid as 'n vrou in die tempel* (eie kursivering). Sy kry dan ook daar in die tempel van die priester Eli die gewenste antwoord op haar gebed. Hierdie verhaal van Hanna belig belangrike aspekte van geloof, geloofsuitoefening, gebedsverhoring en gelofte-vervulling van 'n pre-monargale vrou uit. Simson se moeder se geloof: sy beoefen dit met haar hart en verstand en toon so die omvang van vroue-geloof.

### 6.1.4 Verkryging van vroulike erfreg

Die vyf dogters van Selofgad se optrede gedurende die tyd van Moses is 'n redelik onbekende stukkie vroue-geskiedenis. Hierdie vyf vroue tree op in belang van hul stam sowel as hul eie lewensonderhoud. Daar word drie keer na hul optrede verwys, nl. In Nm 26:33, Nm 27:1-11, Nm 36:1-11. Hul bedinging vir 'n erfporsie vir hulle as dogters, omdat hulle geen broers gehad het nie, herinner in 'n mate aan Aksa se grondversoek aan Kaleb. Die motiewe by die twee groepe verskil egter, Moses neem hul versoek na God self wat hul saak goedkeur. Soos seuns as erfgename hou hulle hul vader se naam in ere en die stam erfenis wat hulle van God ontvang het, in stand. Met soveel naamlose vroue figure wat 'n rol speel in die Bybelboeke onder bespreking, is dit opvallend dat die name van hierdie vyf dogters telkens almal genoem word. Die dogters kom dan ook hul belofte na om binne die stamverband te trou en so die stamerfenis te bewaar.

Die gesamentlike inisiatief van hierdie vroue sowel as hul vasberadenheid, het getoon wat vroue kon bereik in die vroeë pre-monargale tyd. Hulle het byna soos Hanna in die tabernakel, ten spyte van moontlike teenstand/ negatiwiteit (vergelyk Eli se berisping), hul saak as vroue gaan voorlê. Net soos hul manlike familielede en stamlede tree hulle self na vore vir hul erfenis en vir die voorsiening vir hul toekoms. Hulle tree soos volwaardige erfgename, soos seuns op. Die drie groot vereistes word deur hulle nagekom: die instandhouding van die familie en familiename, beskerming van die stam-erfreg en self-versorging. Hierdie vyf vroue het vroeg reeds die norm vir "gelykstellende optrede" tussen seuns en dogters as erfgename vasgelê.

### 6.1.5 Vroue oënskynlik sonder dialoog of emosies

Die karige inligting wat deurgaans ten opsigte van die genoemde vroue bestaan, lei daartoe dat hulle meestal getoon word as een-dimensionele, enkelvoudige, naamlose karakters. Die afwesigheid van dialoog en die gebrek aan enige verwysing na vroue se emosies, maak van hul swygsame figurante.

Sommige vroue se optrede tipeer egter hul vaste oortuigings en toon iets van hul karakter. Die vrou wat met die maalklip Abimelek se skedel verbrysel, toon eienskappe soos vérsiendheid, vasberadenheid en vaardigheid. Abisag word van haar tuisstad Sunem gebring om met haar jeugdige lewenskrag "liggaamshitte" aan die ou koning Dawid te verskaf. Miskien was sy oorbluf om so 'n diens aan die koning te lewer en later dalk nog veel meer toe sy die spilpunt van aanspraak op die konignshuis van Israel word. Haar skoonheid het haar vir hierdie diens laat kwalifiseer, maar geen woorde of emosie van haar word aangedui nie. Jehoseba se waaghalsige optrede om die baba Joas in die tempel weg te steek, spreek boekdele van hierdie vrou se karakter. As Godgelowige vrou sorg sy "eiehandig" dat die troon van Dawid in stand gehou word. Sy het nie gehuiwer om dit te waag om in die bloedbad van die uitroeiing van die konklike nageslag in te gryp nie. Die stille, eensame figuur van Rispa wat wag hou by die liggame van haar seuns en kleinseuns om die roofdiere en –voëls te verjaag, sê iets van die vasberadenheid en trotsheid van hierdie vrou. Haar offervaardige optrede beweeg koning Dawid om 'n einde aan haar pynlike waghou te bring en haar kinders en Saul eervol te begrawe. So help bewerkstellig sy ook God se vergifnis en hernude seën oor Israel.

Die swygsame en baie tragiese figuur van die byvrou van die Leviet vertoon 'n byna martelaarsfiguur sonder enige dialoog of emosies. In haar eggenoot se optrede teenoor haar wil dit byna voorkom asof hy meer omgee vir sy rydier as vir sy vrou wat hy by haar ouerhuis gaan terughaal het. Haar waarde word gereken as minder as hul slaaf en word sy behandel soos 'n voorwerp van geringe waarde. Haar vasberadenheid (wil om te oorleef?) blyk egter daaruit dat sy teruggekeer het tot by die drumpel van die gasheer se huis.

Vroue dialoog gee beslis meer vorm aan die karakter van vroue, waardeur 'n aanduiding van emosies soms weergegee word. Uit oortuiging van haar geloof in die God van Israel, bely Ragab haar geloof en gaan met die verspieders 'n reddingsooreenkoms aan. Ragab het met God se feite gewerk, haar geloof openlik bely (dialoog met verspieders) en 'n toekoms gevind.

## 6.2 GEWONE VROUE IN ISRAEL EN JUDA

### 6.2.1 Naamlose vroue in Israel en Juda

Hoewel hierdie groep vroue die gemene deler het van naamloos te wees, loop die skeidslyn van goed en sleg (minder goed) dwarsdeur hierdie losse versameling vroue. Vir die doel van hierdie bespreking word die vroue van Israel en Juda saam gegroepeer. Hul prominensie word bepaal deur hul dade aangesien hul name en/of familie verbintenisse nie bekend is nie. Hoewel die bespreking oor Judese vroue gaan, is daar tog enkele buitelandse vroue wat in Israel/Juda was, ingesluit.

Die praktiese, byna pragmatiese optrede van vroue onderskei hulle ten volle ontwikkelde persoonlikhede, wat hulle nie laat beperk deur die huislike milieu waarin hulle die grootste deel van hul lewe deurgebring het nie. Wanneer **Simson se ma** nie die engele boodskapper vrees nie, en die belofte van 'n so lank verwagte seun aanvaar, het sy moeite met haar vreesbevange eggenoot. Haar insig in die werkswyse van die Goddelike boodskap toon haar ontwikkelde godsdiensbelewing wat gerugsteun word deur haar intellek en logiese denke. Sy aanvaar die Goddelike tussenkoms met 'n sobere en kinderlike geloof.

Simson se ma was die sterkere van die twee ouers gewees in die lig van die feit dat die Engel van die Here twee uit die drie keer aan haar alleen verskyn. Die verskyning aan haar as vrou alleen op 'n afgeleë plek sou 'n aanduiding kon wees van haar waarde as moeder van die redder van Israel uit die hand van die vyand. Met so 'n geloof wat deur haar openbaar is, kan haar uiterste teleurstelling veronderstel word wanneer haar Nasireër seun Simson hierdie geloof in die enige en ware God in die wind slaan en met Israel se vyand heul.

Dit wil voorkom asof die geloofsmoed van hierdie vrou nie gekontinueer is in haar seun van die belofte nie. Hy wat deur sy moeder gewy was, het in oneer juis aan die hande (in die midde) van Israel se vyande gesterf. Sy groot liggaamskrag was nie simbolies van sy geloofskrag nie, soos telkens geblyk het hoedat hy voor heidense vroue geswig het.

Wanneer na die **vrou van Tebes** verwys word, as een van die vlugtelinge in die toring van die stad om van Abimelek se leër te ontkom, wil dit voorkom dat sy gedink het om nie sonder weerstand in die vyand se hand te val nie. Hierdie dapper vrou het beslis 'n groot bydrae gelewer om hierdie stad van 'n vlammedood te red.

Die benarde posisie van 'n beleërde stad en in hierdie geval die beleërde toring in die stad Tebes, is duidelik. Soveel te meer as dit aan die brand gesteek word soos by Sigem. Om die vyand af te weer, is dan voorwerpe op hulle gegooi, behalwe die gewone wapens wat gebruik is. Hierdie naamlose vrou het die moed gehad om met 'n huishoudelike item wat aan haar bekend was, te vlug. Sy het hierdie item (die maalklip) doelgerig saamgeneem as 'n handige wapen. Wanneer sy dan die skedel van die leëraanvoerder/koning, Abimelek verbrysel, beklink sy hul oorwinning.

Hoewel hierdie oorwinning oor Abimelek waarskynlik nie dramatiese gevolge in Israel gehad het nie, word die vermoë, karakter en dapperheid van 'n vrou daardeur illustreer. As 'n "swakke" vrou het sy gedoen wat sy kon. In hierdie geveg was daar twee "wapendraers": die een 'n eenvoudige vroutjie met die maalklip uit haar huis, die ander 'n soldaat van Abimelek. Ironies genoeg was dit nodig vir die soldaat om die vrou se oorwinning voltooi!

Vindingrykheid en oorspronklikheid was ook eienskappe wat beslis waarde toegevoeg het tot vroue in hierdie afgebakende korpus. Selfs in oorlogsituasies het hulle daaraan uiting gegee. Kombuis- of huisgoedere het deur hul toedoen lewens gered. 'n **Vrou** wat in **Bagurim** gewoon het, het indirek bygedra tot die behoud van koning Dawid se lewe. Soos Ragab van

ouds verontagsaam sy koninklike bevele en laat haar optrede bepaal deur haar geloofsoortuiging. Die agtervolgde spioene van Dawid met die lewensbelangrike boodskap vind 'n skuilplek in 'n droë put in Bagurim. Die soldate sou nie in hul wildste verbeeldingsvlugte kon dink dat die gespande doek met klam koring die spioene se skuiling verberg het nie. So doodluiters en alledaags-gewoon red 'n naamlose vrou lewens. Die doodgewone, daaglikse, word in die hand van hierdie vrou die buitengewone kreatiewe denke van die vroue.

Die jukstaponerende offervaardigheid van 'n vader en sy dogter word getoon in die tragiese verhaal van **Jefta se dogter**. Ten spyte van Jefta se onderhandelingsvaardighede en kennis van Israel se geskiedenis, maak hy 'n roekelose, ongeoorloofde gelofte aan die Here ter wille van 'n oorwinning op die slagveld. Die beste ("... eerste ...") wat Jefta vir die Here wil gee, is nie die regte nie, want dit blyk dat hy 'n mense offer in gedagte gehad het (Lion-Cachet, 1989:276). Hy bring ellende oor homself as sy beste (sy enigste) werklik sy gelofte offer word, naamlik sy dogter. Uit sy dogter se reaksie wil dit byna voorkom asof die belangrikste offer die offervaardigheid van sy dogter was. Sy gelofte aan die Here moes nou deur sy dogter vervul word. Die skreiende ironie is dat Jefta die Here wou eer op 'n oneerbare wyse ('n mense-offer), terwyl sy dogter, die offer, hierdie oneerbare offer wil nakom tot eer van God!

Dat vroue wel selfs gesterf het deur die toedoen van mans kom dus wel voor. Behalwe dat dit kon wees dat Jefta se dogter sodoende haar lewe verloor het, was daar ook die **Leviet se byvrou** wat sonder twyfel deur haar eggenoot se optrede dood is. Daar kan hier verwys word na die laakbare optrede van die Leviet eggenoot en na die straatboewe in Gibea. Wanneer die Leviet sy vrou na hom toe gaan terughaal, spreek dit van liefde en herstel. Met die eise wat deur die straatboewe in Gibea aan hom gestel word, herinner sy optrede byna aan dié van Jefta. Hy "offer" ook sy vrou op ter wille van selfbehoud. Selfs die

gasheer se jong dogter word beskikbaar gestel. Die slaaf, waarskynlik manlike slaaf, was tog die persoon soos wat die boewe geëis het. Dit wil voorkom asof hy meer "werd" was as die twee vroue.

Ten spyte van die Almagtige God in wie die Leviet geglo het, maak hy byna soos Abram en Sarai, sy eie planne. 'n Verstommende teenstrydigheid kom na vore as die Leviet eers sy vrou by haar ouerhuis gaan terughaal, maar haar dan later gryp en na die straatboewe toe uitstoot. Gevoelloos tree hy die volgende dag oor haar lyk by die drumpel, met die opdrag: "Staan op dat ons kan vertrek ..." (Rig 19:28)!

Hierdie hartelose en onbegryplike optrede teenoor 'n swygsame vrou het tot gevolg gehad dat byna 'n hele stam uitgewis is. Grootskaalse wraak was geregverdig teen die stam Benjamin oor die dood van hierdie naamlose vrou. Uit die Leviet se hartelose optrede wil dit voorkom dat sy vrou wat hy met moeite by haar ouerhuis gaan terughaal het, vir hom soos 'n besitting of 'n dier was.

In die vroue-galery van die Ou Testament was daar vroue wat hulle onderskei het deur die sterk geloof wat hulle openbaar het. 'n Vrou wat besondere inisiatief geneem het in die godsdiensbeoefening van haar gesin, was die **moeder van Miga**, die Efraimiet. Die moontlikheid bestaan dat sy 'n weduwee was en die godsdienspligte van die familiehoof oorgeneem het. Haar oënskynlike welvaart wend sy aan in diens van en ter verbetering van die familie se godsdiensbeoefening. Haar seun Miga volg haar voorbeeld na. By nadere ondersoek blyk dit egter dat hierdie vrou met haar sterk oortuigings die hele familie voortgegaan het in apostatiese godsdiensbeoefening. Haar offervaardigheid is vir 'n afgodsbeeld en Miga voeg beeldjies daarby in sy eie tempel. Miga se seun word as priester gewy en later 'n Lieviet as priester aangestel. Hierdie toegewyde vrou se naamkeuse vir haar seun, Miga: "Wie is soos die Here?", is ook 'n belydenis.

Hierdie mooi voorstelling van godsiensbeoefening met 'n vrou as hoof is egter waardeloos en sonder inhoud. Soos Jefta beoefen sy diens aan God op haar eie manier sonder om die bepalings van God in gedagte te hou. Dit was inderdaad die skyn van vroomheid sonder enige betekenis waaraan hierdie vrou en haar hele familie hulle gewy het.

Veral drie Filistynse vroue waarby Simson betrokke geraak het, het die aanname bevestig dat die boosheid en verleiding van veral buitelandse vroue mans tot ongehoorsaamheid en ontrouheid lei. Die **prostituut van Gasa** was een van die "oorsake" dat Simson sy Nasieërs roeping versaak het. Die Here het juis aan Simson die krag gegee om die vyande van Israel te verslaan. Wanneer hy egter in Gasa se prostituutwoning omsingel word om doodgemaak te word, wreek hy hom nie op die vyand nie. Hy wikkel homself uit die situasie, laat die vyand onaangeraak en maak 'n bespotting van hulle deur met hul stadspoort weg te loop en dit op die berge te gaan weggooi. Sy huwelik met die **vrou van Timna** kanselleer as't ware sy roeping. Hy bereik die teendeel van sy roeping, die Israeliete word nog meer deur die Filistyne verdruk. Uiteindelik het hy gesterf te midde van die Filistyne met wie hy geheul het. Die feit dat dit 'n skande vir 'n Israeliet was om deur 'n vrou gedood te word, word 'n entjie verder gevoer wanneer Simson deur die indirekte toedien van 'n heidense vrou gedood word.

### 6.2.2 Enkele genoemde vroue

Die verhaal van **Aksa** die dogter van Kaleb dateer uit die vroeë tydperk met die inname van Kanaän. Die feit dat Aksa as "geskenk" (as eggenote) aan die oorwinnaar van die stad Debir gegee word, is 'n oënskynlike bevestiging dat vaders hul dogters soos eiendom behandel het. Aangesien Otniël die oorwinnaar 'n neef van Aksa was, laat sy dit haar waarskynlik welgeval. Aksa toon entrepeneuriese inisiatief as sy, op versoek van Otniël, vir haar vader ook nog landbougrond en standhoudende water vra.

Hoewel Aksa dus weggegee word as beloning, tree sy en Otniël na vore op gelyke voet. Haar vader gee mildelik aan haar as dogter se versoek toe vir grond. Ten einde pionier landbouers te wees, is Aksa die woordvoerder en skroom sy nie om 'n ruim toesegging van haar vader te vra nie. Sulke optrede dui beslis op die ware en hoog aangeskrewe posisie van vroue in die vroeë tyd in Kanaän.

Die besondere optrede van **Debora en Jael** maak van hulle 'n gedugte span teen die vyand van Israel. Die onderskeie rolle wat Debora in die rigtertyd vervul het, dui op die besondere profiel van hierdie vrou. Debora is een van die enkele vroue wie se unieke profiel nie deur haar eggenoot bepaal is nie, sy tree onafhanklik en inisiërend op.

As huisvrou, profetes en leier in Israel tree sy ook as leier in die oorlog op. Debora se rol as rigter is soortgelyk aan haar manlike voorgangers en is haar vrou-wees geen belemmering vir die uitvoering van haar nie-vroue take nie. Met haar oorwinningslied onderskei sy haar ook op literêre terrein.

Terwyl Debora op die slagveld was, het Jael tuis die stryd voortgesit. Jael oorwin die vyand (Sisera) in haar eie tent met vernuf. Hierdie twee vroue se rolvervullings is byna soos 'n man-vrou kombinasie: die vrou tuis en die "man" op die slagveld. Jael oorwin die vyand op gewoon vroulike/huishoudelike sowel as "manlike" (geweldadige) wyse. Die rolwisseling van hierdie twee vroue, heen en weer, is merkwaardig: van huisvrou, na profetes na militêre strateeg en huisvrou/gasvrou na "krygs-vrou". Debora inisieer, Jael voltooi die stryd. Hoewel Jael se doodmaak van Sisera as vriendskaps-verraad beskou sou kon word, het sy op 'n kritieke stadium die keuse vir Israel en dus die God van Israel gemaak. Die beskroomde optrede van Barak nadat hy sy opdrag om die vyand aan te val, ontvang het, kontrasteer sterk en vertoon teenoorgesteld met die dapper optrede van Debora en veral Jael.

Of vroue op gesag van 'n profete amp of in die eenvoudigheid van 'n tentwoning hulle rolle vervul het, het hulle besondere, hoewel dikwels verskuilde waarde na vore gekom. Jael moes uitgaan na buite om haar besondere oorwinning oor die vyand aan Barak die leëraanvoerder uit te wys.

Die vrou **Hanna** van Ramatajim het met haar sterk geloof in die God van Israel bygedra tot God se ingrype in Israel. Haar groot hartseer oor kinderloosheid word God se geleentheid om haar die seun Samuel te gee wat later 'n spesiale rol in die krisis van Israel sou vervul. God gryp nie net in om kinders te gee as antwoord op gelowige gebede nie. Hy gryp daarmee in op groter skaal om die Goddelike beloftes aan Israel te vervul (Cook, 1991:10). Hanna se stille piëteit en geloof kontrasteer sterk met die korrupte priesterskap by Silo. "One might say that Hanna acted for her own reasons, and God continued her actions for reasons beyond her imagining. Or one could say that Hannah knew what she was doing, and was therefore 'responsible for the consequences of her initiative'" (Cook, 1991:34). Dit is besonder betekenisvol dat Hanna se leierskap ontwikkel as sy na die heiligdom gaan.

Die Filistynse vrou **Delila** was op 'n tragiese wyse instrumenteel daarin dat Simson, die spesiaal geroepene van God, sy doel gemis het. Die krag van sy moeder se geloof was nie in beheer van sy sterk liggaam nie en het hy homself verraai in die hande van Delila.

## 6.3 VROUE VAN ISRAEL EN JUDA MET KONINKLIKE VERBINTENISSE

Die **paleis slavin** in koning Dawid se paleis toon deur haar optrede haar lojaliteit en getrouheid aan Dawid as die gesalfde van die Here. Ten spye van haar naamloosheid en nederige stand, stuur sy 'n lewensbelangrike boodskap na Dawid oor sy opstandige seun, Absalom se aanvalsplanne. In die "vyandige" atmosfeer van die paleis is sy koning Dawid se ore en oë en tree sy dapper op. Aangesien haar boodskapper rol egter baie gou aan Dawid se

vyande bekend geword het, kan daar maar net oor haar lot as spioen in die paleis gespekuleer word. Dit is moontlik dat hierdie naamlose vroue-spioen dieselfde behandeling as 'n manlike spioen sou kry aangesien dit 'n baie kritiese boodskap was wat sy deurgegee het.

Die **10 byvroue** wat Dawid agtergelaat het met sy vlug, se lot was klaarblyklik onbenydenswaardig. Hul aanvanklike verbintenis met Dawid het van hul politieke pionne in Absalom se hande gemaak. Deur by hierdie 10 vroue betrokke te raak wou Absalom aan die volk sy oorname van die koningskap demonstreer. Met sy latere terugkeer was hierdie vroue vir Dawid polities gekontamineerd en is hulle deur hom verwerp en afgesonder. Die meer bevoorregte byvroue se lot was uiteindelik nie beter as die slavin s'n nie, ten spyte van getrouheid word hul slagoffers van mans se optrede, wat moontlik tot die dood kon lei.

Die vroue **Mikal, Batseba, Abigajil, Rispa** en **Abisag** het elkeen 'n besondere invloed op koning Dawid se lewe uitgeoefen. **Mikal** is waarskynlik een van die weinige vroue in hierdie korpus van wie 'n drie-dimensionele karakteruitbeelding gegee word. Haar uitstaande kenmerk is moontlik haar uitgesprokenheid oor haar persoonlike gevoelens. Haar liefde vir Dawid laat sy bekend word en dit het 'n kettingreaksie by haar vader Saul laat ontstaan. Wanneer sy later aan Dawid haar veragting oor sy "vernederende" optrede met die koms van die ark na Jerusalem uitspreek, is haar uitspraak eintlik selfverdoemend. Dit ly geen twyfel dat Mikal 'n sterk persoonlikheid gehad het wat dalk die volgende eienskappe vertoon het: waagmoed, vreesloosheid, eiesinnigheid en koppigheid. Sy het ook situasies manipuleer om haarself te bevoordeel (Dawid se vlug en leuens aan Saul). Sy vertoon 'n byna aggressiewe persoonlikheid wat in sterk kontras met haar saggeaarde broer Jonatan is. Met sulke definitiewe leierseienskappe het Mikal die potensiaal gehad om as persoon haar plek oral vol te staan. Hoewel sy waarskynlik nooit in die posisie gestel was nie, toon sy beslis eienskappe wat vanpas was vir die amp van *g$^e$bira*.

Hoewel **Batseba** as die owerspelige vrou van Uria na Dawid se huis gekom het, vertoon sy as persoon 'n bepaalde karakterontwikkeling gedurende haar lewe as koningsvrou en later koninginmoeder. Opvallend van Batseba is dat sy deur middel van dialoog telkens koers/bevestiging aan haar en haar gesin se bestaan gee. Sy tree self na vore en tree op grond van haar insig en senioriteit op. Met die ironiese wyse waarop sy Adonia se versoek vir Abisag as vrou ("... 'n klein versoekie ...") aan Salomo oordra, berei sy die moontlikheid voor dat hy sy opposisie uit die weg kan ruim. Die fyn genuanseerde boodskap van Batseba weerspieël haar insig.

Die besondere retoriese vaardighede van **Abigajil** plaas haar in 'n kategorie van haar eie. Haar optrede dui op haar edel motiewe: sy probeer vrede bewerk te midde van vyandigheid, op 'n baie verstandige wyse. Haar optrede in die naam van die God van Israel en vir die beskerming van Sy gesalfde is 'n uitstaande kenmerk. Abigajil ontkom egter nie die sekondêre funksie van soveel prominente vroue nie: sy is ook polities funksioneel vir Dawid se ryksolidering. As koningsvrou was sy later in 'n bevoorregte posisie, maar veral haar optrede het haar tipeer as 'n *de facto* $g^e$*bira*.

Die mooi meisie van Sunem, **Abisag**, se blote teenwoordigheid in die paleis het 'n reaksie ontlok. Sonder dat 'n enkele woord van haar weergegee word, bedien sy die ou koning Dawid. Hierdie in-diens-wees van Dawid sou haar later betrokke laat wees in 'n gepoogde oordrag van gesag deur Adonia. Haar teenwoordigheid het haar polities gekontamineerd gelaat wat haar waarde vir 'n troon-aanspraakmaker baie verhoog het. Haar byna slawe-posisie het haar verhoog tot 'n koninklike waardigheid.

**Rispa** se rol en waarde as byvrou van Saul, het van haar 'n baie hoë prys gevra. Sy moes met die lewens van haar seuns en kleinseuns betaal vir die onreg wat Saul aan die Gibeoniete gedoen het. Rispa is egter bewonderingswaardig in haar trotse en volgehoue waak om die eer van die liggame van haar seuns. Deur hierdie optrede van haar ontlok sy 'n gepaste en behoorlike optrede van Dawid.

Prinses **Jehoseba** van Juda is uniek weens haar huwelik met die Jahwe priester Jojada. Haar agtergrond ten spyt, staan sy ook in diens van Jahwe en is sy instrumenteel in die kontinuering van die Dawidiese lyn. As vrou het haar geloof en ook waagmoed haar instaat gestel om Joas te red van die dood. Saam met haar eggenoot het hulle 'n gedugte span gevorm vir die herstel van die huis van Dawid.

Die drie koninklike vroue **Isebel, Atalia** en **Maäka** word eenders getipeer deur hul afgodiese praktyke. **Isebel** het as 'n Tiriese prinses haar Baälgodsdiens met missionêre ywer en met mag op Israel probeer oorplaas. Haar persoonlike magsuitoefening en optrede in staatsake laat haar lyk soos 'n mede-regeerder van koning Agab. Teenstand is met tipiese Oosterse depotiese mag teegestaan. Met haar intellek en kennis van Israel het sy daarin geslaag om haar wilsbesluite uit te voer. Haar sterk en inisiërende optrede plaas haar as *g^e^bira* in 'n buitengewone kategorie.

**Atalia** uit die huis van Omri was die enigste vrou wat in Juda regeer het as koning. Op despotiese wyse het sy alle moontlike teenstaanders uitgeroei, op een na. In teenstelling met Jehoseba het sy getrou gebly aan die tradisies waarmee sy grootgeword het. As gebore en getoë Baälis het sy haar rug op die God van Juda gedraai.

Die aanhang van haar heidense tradisie het tot **Maäka** se vernedering bygedra. Haar beeldediens het soveel ingedruis teen haar kleinseun Asa se gehoorsaamheid aan Jahwe, dat hy haar van haar amp as *g^e^bira* afgesit het. Haar geliefde afgode het hy ook stelselmatig en deeglik verwoes.

## 6.4 'N VERGELYKING TUSSEN VROUE VAN ISRAEL/JUDA EN DIE UMWELT

### 6.4.1 Gewone vroue

Elke Israeliet, man sowel as vrou, het geglo dat hul rol en invloed deur God self bepaal is. Teenoor volke van die Umwelt was dit 'n baie belangrike onderskeidingsaspek. Veral gedurende die vroeë tydperke wil dit voorkom dat daar talle raakpunte tussen die vroue van Israel en die Umwelt was. Hul huislike rolle het baie ooreengestem en hul take buite die huis was waarskynlik baie dieselfde. Die vrou- en moederrol was 'n gemene deler.

Volgens beskikbare getuienis is die beeld wat van die Israelietiese vrou oorgedra word dié van 'n onmondige persoon wat net lewensruimte kon geniet by grasie van 'n manlike persoon: die vader, eggenoot of broers. Later is haar voortbestaan ook bepaal deur haar seuns. Sy is soos 'n onvolwassene behandel en kon nie buite die huis selfstandig optree nie. Die vrou het waarskynlik veral in die vroeë Israel ook fisiese, buitenshuise werk gedoen om voedsel vir die gesin te help verseker. Ten spyte van hierdie arbeid is daar feitlik geen getuienis dat die vrou eiendom van haar eie besit het nie. Weens kindergeboorte en rituele onreinheid is die vrou vir lang tydperke van die aktiewe godsdiens beoefening uitgesluit.

Poligamie het ook gedui op die minderwaardige status van die vrou. Poligamie het aanleiding gegee tot dubbele standaarde wat teen die vrou gediskrimineer het: alleen 'n vrou sou kon egbreuk pleeg in 'n poligame huwelik, is soms beweer (Otwell, 1977:40). Straf vir huweliksontrou word alleen ten opsigte van die vrou aangedui. Die optrede teenoor vroue vertoon dikwels ooreenstemming met optrede in terme van goedere of vee. Die mees ekstreme voorbeeld is waarskynlik die Leviet se optrede teenoor sy byvrou (Rig 19). Die neem van vroue na willekeur word onder andere geïllustreer deur Dawid se laat haal van Batseba uit haar huis, asook Abisag wat in die ou

koning Dawid se persoonlike diens geplaas is. Daar is dus getuienis dat vroue baie gely of dalk selfs gesterf het weens manlike verwante se optrede.

Die erfreg van die gewone Israelitiese vrou word feitlik verswyg. Die erf van seuns in die familie word behoorlik omskryf en aangedui. Selfs iets soos bruidskat vir 'n Israelitiese bruid word nie aangegee nie. Moontlik sou die afwesigheid gewyt kon word aan die manlike historiograwe. Die verswyging van vroue se name maak van hulle nog meer gesiglose en emosielose wesens. Die verwysing na gewone vroue in Israel degradeer hulle tot bruikbare huisgoedere wat net van waarde is as hulle nuttig was.

By nadere ondersoek blyk dit dat vroue in Israel se Umwelt in 'n beter posisie was. Uit Mesopotamië, Fenisië en Egipte is daar inligting dat vroue geensins van owerheidsweë of deur die samelewing as minderwaardige burgers behandel is nie. Van die gewone vroue en hul alledaagse lewe is inligting meer beperk as oor koninklikes en die amptenary. Veral in Egipte het vroue 'n taamlik geëmanispeerde rol gehad en was die man en vrou op 'n gelyke posisie in hul verhouding tot die koning. Daar kan aangeneem word dat gewone vroue van die Umwelt ook fisiese werk gedoen het en waarskynlik meeste tot die huislike sfeer beperk was. Tog is dit bekend dat vroue sakeondernemings gehad het en selfs openbare ampte beklee het. Daar was omskrywings van hul wetlike regte wat vroue getoon het as onafhanklik in kontraksluitings en ook in hofsake. Kontraksluiting veronderstel dan ook eiendomsreg en taamlik vrye openbare optrede. Dit is ook bekend dat vroue meer vrye toegang tot geletterdheid gehad het wat hulle instaat gestel het om beroepe te kon beoefen.

Die rolle van vroue soos wat dit aangedui word van Israel en soos bekend geword het uit die Umwelt, stel die vroue van Israel, wat geskape is na die beeld van God (Gen 1:27), in 'n baie negatiewe lig. Wanneer egter na die "nie-amptelike" rol van die vroue gesoek word ontvou daar uit hul dade en skrale dialoog 'n nuwe beeld.

### 6.4.2 Koninginne en vroue met koninklike verbintenisse

In teenstelling met Israel se koninginne was die koninginne van die Umwelt regerende koninginne in eie reg. Die twee bekendstes was Hatshepsut van Egipte en koningin Nitokris, die eggenote van Sanherib van Assirië. Hatshepsut het vir haarself as vrou "manlike" titels toegeëien en haar selfs in manlike klere laat afbeeld. Dit ly dus geen twyfel nie dat sy regeer het soos enige farao voor en na haar. Nitokris het oor 'n bepaalde landstreek regeer en was selfs tydens haar seun en kleinseun se regerings aktief by die koningskap betrokke.

Die enigste werklike koningin in Israel (die ryk van Juda) was Atalia, wat egter van buitelandse afkoms was en ses jaar in Jerusalem regeer het. Isebel wat deur haar optrede haarself tot "mede-regeerder" van Israel (die ryk Israel) verhef het, kwalifiseer hoogstens as *g$^{e}$bira*. Haar buitengewone persoonlike vermoëns het vérreikende gevolge in Israel gehad wat die koningskap tot groot nadeel was. Die koningsdogter Mikal het die tragiese rol as politieke pion vervul tussen haar vader Saul en haar eggenoot Dawid. Rispa as byvrou van Saul moes boet met haar seuns se lewens vir onreg deur Saul gepleeg. Hoewel Batseba die swaard oor die huis van Dawid gebring het, het sy haar seun Salomo se koningskap beding en het sy die tweede hoogste posisie in sy koningskap beklee. Abigajil het met haar insig en wyse retoriese vaardigheid voorkom dat Dawid as die toekomstige koning homself besondig.

## 6.5 EVALUERENDE SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE, ROLLE EN INVLOED

TABEL 6.1: Kategorieë van optrede

| VROUE | Pas-siewe vroue | Afgesit | Pro-aktiewe optrede | Buiten-gewone geloof* | As gelykes behandel |
|---|---|---|---|---|---|
| Abigajil | | | X | J | X |
| Abisag | X | | | | |
| Aksa | | | X | J | x |
| Atalia (B) | | X | X | b | |
| Batseba | X | | X | | |
| Dogter Jefta | X | | X | J | |
| Byvrou Leviet | X | | | | |
| 10 Byvroue | X | | | | |
| Bagurim | | | X | J | |
| Debora | | | X | J | |
| Hanna | | | X | J | X |
| Isebel (B) | | X | X | b | |
| Jael | | | X | J | X |
| Jehoseba | | | X | J | |
| Maäka (B) | | X | | b | |
| Mikal | | | X | | |
| Miga se ma | | | X | a | |
| Maalklip | | | X | | X |
| Simson se ma | | | X | J | |
| Paleis slavin | | | X | J | |
| Ragab | | | X | J | X |
| Rispa | X | | X | J | |
| Selofgad | | | X | J | X |

**Verklaring:**

* a - apostaties

B/b – Baäl/Asjera

J - Jahwis

**TABEL 6.2: Persentasie van kategorieë**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Pro-aktiewe vroue | 83% | 74%<br>9% | Israelities<br>Nie-Israelities | |
| Buitengewone geloof (1) (Jahwe) | 57% | | | |
| Posisie as gelykes | 26% | | Israelities | |
| Passiewe vroue | 26% | 22%<br>4% | Israelities<br>Nie-Israelities | Abisag |
| Vroue afgesit uit posisie | 13% | | Nie-Israelities | Isebel<br>Atalia<br>Maäka |
| Buitengewone geloof (2) | 13%<br>4% | | Nie-Israelities<br>Apostaties | 17% |

Die getabuleerde kondensasie van vrouerolle ten opsigte van die korpus vroue onder bespreking, bring perspektiewe oor die reële posisie van vroue in die boeke van Josua, Samuel, Rigters en Konings na vore.

Die pro-aktiewe rolle wat vroue vertolk het verteenwoordig die grootste kategorie, naamlik 83%, waarvan 74% Israelitiese vroue is en die res die heidense koninginne Isebel en Atalia. Hierdie feit weerlê die aanname dat vroue passief was en nie inisiatief kon neem deur optrede of dialoog nie. Ten spyte van die naamloosheid van sewe vroue tree hulle uit eie oortuiging op. Die posisie is aan hulle toegeken, hul waarde was inherent. 'n Meerdere posisie is aan hulle toegeken as gevolg van hulle inherente waarde.

Die enigste vroue wat afgesit is uit hul posisie was drie heidense koninginne/*g*$^{e}$*bira* wat in Israel en Juda was. Hierdie afsetting is 'n logiese gevolg van die feit dat 57% van genoemde vroue 'n buitengewone Jahwe geloof openbaar het. Prinses Jehoseba, die eggenote van die priester Jojada, het 'n pro-aktiewe rol gespreel om Atalia as koningin af te sit. Twee van die drie is gedood om hul mag en invloed te verbreek, terwyl Maäka gedegradeer een haar afgode vernietig is.

Volgens die "amptelike" posisie wat aan die vroue toegedig is, is dit geensins verrassend dat 39% van vroue as minderes beskou of behandel is nie. Die meerderheid van sodanige vroue is Israelities (26%) terwyl 13% heidens was. Dit is opvallend dat daar 56% van genoemde vroue is wat as gelykes en selfs as meerderes beskou is. Slegs 4% van die vroue was heidense vroue, naamlik Isebel. Hierdie persentasie toon dus 'n positiewe korrelasie met pro-aktiewe vroue, hoewel Isebel se pro-aktiewe optrede as 'n meerdere persoon uiters negatief en afbrekend was.

Vroue wat as passief beskou is, is in werklikheid vroue wat slagoffers van manlike optrede was. Vroue in hierdie groep, Israelitiese vroue, sluit vroue van verskillende stande in: koningsvroue (Rispa, Batseba), 'n dogter, byvroue Abisag, en ook 'n slavin.

Vroue wat een of ander vorm van buitengewone geloof openbaar het, is gesamentlik 74%. Sowat 17% is egter van heidense en apostatiese geloofsbeoefening. Onder hierdie groep is veral Isebel wat as eerste "sendeling" vir Baäl beskou kon word, asook die eerste godsdienstige vervolger van teenstaanders van haar afgodsdiens.

In die lig van die feit dat vroue allerweë as 'n minderwaardige persoon beskou is, is dit waarskynlik later in hul persoonlike lewensbeskouing weerspieël. "In a hymn, the goddess Gula (the patron goddess of doctors and healing) described the stages of a woman's life: 'I am a daughter, I am a bride, I am a spouse, I am a housekeeper'. In other words, women were never completely independent from men in the roles they played in their lifetime" (Stol, 1995:488). Hierdie persoonlike belewenis was veral van toepassing op vroue van Israel en Juda in teenstelling met ander in hul omgewing.

Met 'n herinstelling van 'n persepsie van vroue, spring 'n baie verrassende aspek van vrouerolle in die oog. Hoewel dit waar was dat vroue nooit volkome onafhanklik van mans was nie, is die omgekeerde eweneens waar! In sy artikel "The image of women in the Bible" kontrasteer Granot die wetlike en die praktiese situasie van vroue in die Bybel: "Legally they are considered as the property of the husband through whom alone they acquire identity. In the practical sphere they are initiators and planners, rebels, queens and military figures. Life gave the lie to the dessicated formulae of the law" (Granot, 1982:127).

In Gen 2:24 sê God dat die man sy ouers sal verlaat en saam met sy vrou lewe, beide as geskapenes na die beeld van God. Die nuwe lewe wat deur 'n vrou geskenk word, is as gevolg van Goddelike tussenkoms, dus is die vrou die primêre lokus van Goddelike aktiwiteit (Otwell, 1977:45). Die Goddelike tussenkoms kon moontlik die rede wees waarom 'n vrou twee keer so lank onrein was na die geboorte van 'n dogter.

Hoewel daar aanduidings was dat die geboorte van seuns verkieslik bo dogters was, was die arbeid van dogters beslis nie minderwaardig teenoor dié van seuns nie. Die spektrum van take van vroulike gesinslede het dit bevestig. Wanneer die dagtake die mans uit die huis neem, is die vrou verantwoordelik vir die sorg en opvoeding van dogters en seuns en was sy die taak-bestuurder van die huishouding wat haar stempel afgedruk het. Gesag oor kinders was in Israel gelyk vir man en vrou (Eks 20:12) (Newsom & Ringe, 1992:249). Ten einde die dogter te beskerm, het die vader 'n seggenskap oor huwelike gehad en nie uit baasskap nie. Hy kon dus vir haar 'n egskeiding kry om haar te beskerm.

Wanneer die vrou gelys word in Eks 20:17 as dít van die man wat nie begeer mag word nie, word sy bloot as eerste lid van die huishouding genoem nie as eiendom nie. Die wesentlike waarde van die vrou word ook aangetoon in die feit dat die Israeliete geglo het God self sorg vir 'n nageslag. Die Godgegewe nageslag sou dan tog seker nie deels minderwaardig wees nie.

Vroue was ook organiseerders en deelnemers aan huisfeeste en ook as indiwiduele aanbidders. Die manier van aanbidding van vroue kon neerslag gevind het in die formele liturgiese uitdrukkings wat in die Psalms behou is. Die enigste amptelike geslagsbeperking was ten opsigte van die priesteramp. Die uitsluiting was egter ook op die meeste mans van toepassing aangesien die priesteramp 'n erflike amp was.

Aangesien die volk Israel die geroepe volk van die enige ware God was, is dit met 'n eerste oogopslag onbegryplik hoekom daar ten opsigte van die vrou sulke degraderende optrede was. In teenstelling was vroue in heidense volke baie beter behandel. Die dualisme met betrekking tot die vrou se rol in Israel soos uitgewys, verwater egter die reëele minderwaardige posisie van vroue. Hul ware verbintenis met die God wat hulle geroep en gelei het, posisioneer hulle in werklikheid op 'n gelyke vlak voor Hom. Die uniekheid van Israel in die antieke tyd blyk uit die eenheid en ongeslagtelikheid van die Israelitiese God. Hierdie God het 'n tipe verwantskap met die mense wat na Sy beeld geskape is, gehad. Hierdie aspekte kon bygedra het tot die relatiewe sosiale eenheid van man en vrou in die huishoudelike opset (Newsom & Ringe, 1992:250).

Wanneer egter na die rol van prominente vroue in Israel gekyk word, is 'n taamlike breë spektrum in oënskou geneem. Die rol en invloed van 'n ware koningin tot 'n byvrou is beskou, vanaf vroeë tydperke tot en met die verdeelde ryk. Met die beskouing van prominente vroue word in werklikheid *g$^e$bira* eienskappe ondersoek, hetsy 'n *de facto* of *de jure g$^e$bira*. Soos wat dit vasgestel is, kan vroue in hierdie korpus breedweg in drie groepe verdeel word, naamlik die positiewe rol van vroue, die negatiewe rol asook 'n passiewe rol.

Die **positiewe rol**: Vroue in hierdie groep het opgetree as beskermers, versorgers, vroue met 'n visie, vroue wat Gods- en volksbelange gedien het. Abigajil pas by uitnemendheid in hierdie rol. Ragab se keuse bevestig haar toekomstige rol, terwyl Aksa, die dogters van Selofgad en Jehoseba pro-aktief

optree. Die vrou met die maalklip, die 10 byvroue en die paleisslavin, die vrou van Bagurim, Jael en Debora vervul elkeen 'n unieke rol tydens 'n oorlogsituasie. Die positiewe rol van vroue met besondere geloofsvertroue word gesien in Hanna, die dogter van Jefta en Simson se ma.

Aangesien prominensie nie sinoniem met positiwiteit is nie, was daar ook vroue wat deur die misbruik van hul posisies **negatiewe rolvervulling** openbaar het. Die sterk geloofsoortuigings van Miga se ma laat haar die leiding neem in 'n uitgebreide apostatiese godsdiensbeoefening. Die uiterste vorm van negatiewe rolvervulling was van drie koninklike vroue: Maäka met haar afgodery, Atalia wat die troon van Juda oorneem en Isebel wat met fanatieke, missionêre ywer Baäl ook die "god en koning" van die ryk van Israel wou maak. Mikal het 'n grotendeels negatiewe rol vervul.

Enkele vroue het ook **passiewe rolle** vervul en was aan die ontvangkant van swak behandeling. Abisag moes versorging vir Dawid doen, Rispa moes haar seuns oorlewer en die byvrou van die Leviet wat letterlik rondgestoot is en met haar lewe moes boet vir haar eggenoot se optrede. Sy is deur haar Leviet-eggenoot blykbaar van minder waarde as 'n slaaf beskou.

Van elke vrou het 'n bepaalde invloed uitgegaan, volgens hul optrede, hetsy positief of negatief, plaaslik (huis, stad) of wyer (in die land), intensioneel of onintensioneel. Sommige vroue se optrede het nuwe lewe gebring of dit behou (Ragab en Jehoseba), ander se invloed was lewensvernietigend (Isebel, Atalia, Jael). Wanneer die vrou in die Ou Testament die helper vir die man genoem word, word haar rol en invloed nie gedegradeer tot 'n minderwaardige dienskneg of slaaf nie. Vyftien van die 20 keer wat die woord "helper" in die Ou Testament gebruik word, het dit na God as Helper in nood verwys. Dit is dus duidelik dat die helper juis die sterkere of meerdere is (Van der Walt, 1987:7).

In Spreuke 31 is God se riglyne opgeteken vir die ideale rol van 'n vrou, hetsy prominent of gewoon. God stel die ideaal dat elke vrou volle verantwoordelikheid sal aanvaar vir 'n wye verskeidenheid van verpligtinge. Haar rol is onder meer dié van vrou, huisvrou, sakevrou en onderwyseres. Sy ontvang dieselfde agting as haar man. Soos in Genesis is hier geen geringste aanduiding van minderwaardigheid nie.

***Spreuke 31***

*Die woorde van koning Lemuel van Massa.*

*Sy moeder het vir hom dié voorskrif gegee:*

*"My seun, my kind wat ek in die wêreld gebring het, oor wie ek 'n gelofte gedoen het, moenie jou krag op vrouens vermors nie, moenie jou lewe verspil met hulle nie; hulle bring konings tot 'n val.*

*Dit pas konings nie om te drink nie, Lemuel, dit pas hulle nie, dit pas mense met gesag nie om hulle aan drank oor te gee nie.*

*As hulle drink, vergeet hulle wat die wet bepaal en laat hulle nie reg geskied aan al die minderbevoorregtes nie.*

*Gee drank aan dié wat besig is om onder te gaan, laat dié wat swaar ly, drink; as so 'n mens drink, vergeet hy van sy armoede en dink hy nie meer aan sy moeilikheid nie.*

*Praat jý vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg aan dié wat te gronde gaan; praat, en lewer regverdige uitsprake, laat reg geskied aan die armes en ellendiges.*

*'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene.*

*Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk.*

*Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele lewe lank.*

*Sy maak wol en vlas bymekaar en geniet dit om dit te verwerk.*

*Sy is soos die handelskepe, sy bring die kos van ver af in.*

*Sy staan op as dit nog nag is en maak kos vir haar huisgesin; ook haar slavinne kry hulle deel.*

*Sy oorweeg die waarde van 'n stuk grond en koop dit, sy sit dit onder wingerd met geld wat sy self verdien het.*

*Sy pak die werk aan met krag, haar hande staan vir niks verkeerd.*

*Sy stel vas of die wins goed is, haar lamp bly heelnag brand.*

*Sy werk met die spinwiel, haar hande bly besig met die weefstoel.*

*Sy het 'n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die behoeftiges.*

*Sy is gerus oor haar huisgesin as dit sneeu; hulle dra almal warm klere.*

*Sy maak self vir haar dekens en sy dra klere van linne en wol.*

*Haar man is welbekend en by die stadspoort waar hy saam met die leiers beraadslaag.*

*Sy maak klere en verkoop dit, sy lewer gordels aan die handelaars.*

*Alles aan haar spreek van 'n sterk en edel persoonlikheid; sy ken geen kommer oor die toekoms nie.*

*As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding, gee, is dit met liefde.*

*Sy hou goeie toesig oor haar huishouding; lui is sy nie.*

*Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar: "Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal!"*

*Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dan verdien 'n vrou om geprys te word.*

*Gee haar wat haar toekom vir alles wat sy doen; laat haar werk haar roem wees in die stadspoorte.*

Volgens Spreuke 31:1-9 gee selfs moeders van konings vir hul seuns onderrig. Daar is waarskuwings teen 'n immorele lewe (31:3), 'n aanmoediging tot soberheid (31:4) sodat reg gehandhaaf kan word. Batseba se onderrig aan Salomo kan veronderstel word en as na die goeie begin van Joas se regering gekyk word, kan die onderrig van sy gelowige tante Jehoseba (en priester oom) aangeneem word. Die reg van die swakke en onderdrukte is ook 'n spesifieke kommer van die koninginmoeder *(g$^{e}$bira)*. Vroue wat intree vir persone sonder inspraak is onder andere Ragab vir haar familie en die dogters van Selofgad wat erfreg vir dogters van die toekoms beding.

Wanneer die vrou met die maalklip 'n oorwinning in die stryd help bewerkstellig, tree sy as't ware in vir die regte van haar medevlugtelinge (swakkes). Die vrou van Bagurim versteek die spioene van Dawid wie se regte deur sy seun Absalom ontneem is (Spr 31:9).

Die waarde van 'n knap vrou is onberekenbaar, meer as die bekende waarde van edelstene, die kosbaarste items wat bekend was. Abigajil was inderdaad so 'n knap vrou: sy beskerm die gesalfde van die Here en verseker so dat die belange van God gedien word. In haar optrede teenoor haar man, haar werksmense en die gesalfde Dawid, figureer sy inderdaad as 'n *g$^{e}$bira* (31:10).

Die deugsame vrou is die steunpilaar van haar man (sy die sterkere?), hy trek voordeel uit haar ywer. Lewenslank dien sy haar man se voordeel. Haar dagtaak bring vir haar arbeidsvreugde en genot, sy werk selfs in die nag om haar gesin te versorg en versorg ook haar werksmense na behore (31:13, 14, 15).

Uit vers 16 blyk dit dat die vrou in Israel selfstandig kon optree en selfs grond kon koop (Gispen, 1954:II 346). Dit blyk dat sy bekend was met grondwaarde en selfs bewerking van grond. Klem word gelê op haar finansiële vermoëns deur haar eie toedoen bekom. Haar sterk en pro-aktiewe optrede stel haar instaat om minderbevoorregtes te help (31:17-20). Die versorgingsaspek van vrou en moeder figureer herhaaldelik (31:13, 14, 19, 20, 21).

Met die produkte van haar handewerk dryf sy handel en versorg haar gesin en tree barmhartig op. As flukse tuisteskepper is haar gesin in die winter versorg, hou sy goeie toesig en staan haar hande vir niks verkeerd nie (31:21, 25, 27).

Die deugsame vrou toon 'n sterk en edel persoonlikheid wat haar met wysheid en liefde laat optree. Sy word deur haar man op die hande gedra. 'n Vrou wat sulke lof en waardering van haar eggenoot ontvang, is beslis nie 'n dienares of eiendom van haar man nie (Loader, 1989:721).

Die belangrikste deug van 'n vrou is om die Here te dien (31:30). Uit die frekwensie van Israelitiese vroue onder bespreking van 68% wat buitengewone geloof openbaar het, kan hulle beslis as deugsaam beskou word.

Die kleurvolle mosaïek van vroue in hierdie korpus onder bespreking toon in hul woorde en hul dade die wesentlike en God-bedoelde rolle wat hulle vervul het. Met fyn lees en deurdagte interpretasie is baie van wat oor vroue gesê en geskryf is, woordeloos deur hul dade weerlê.

# OPSOMMING

In die Ou Testament word die vrou gewoonlik in 'n ondergeskikte posisie geplaas. Hoewel die inligting rakende die vrou betreklik beperk is, word in hierdie studie gepoog om die werklike sowel as die onvermelde rol van die vrou in die Ou-Testamentiese tydvak toe te lig.

'n Bepaalde tydperk in die geskiedenis van Israel en Juda word vergelyk met vroue van die Umwelt in dieselfde tydperke. Die posisie van die vrou in Sumer, Akkad, Babilonië, Sirië, Assirië, Fenisië en Egipte word ter sprake gebring.

In Sumerië was dit koningin Ku-Bau van die stad Kish wat die oog vang. In Akkad was dit Enkheduanna, die dogter van Sargon I wat priesteres in die stad Ur was wat prominensie geniet het. Sy was 'n hoog aangeskrewe digteres en goed onderleg in die Sumeriese godsdiens. Die bekendste koningin was Naqi'a, die vrou van Sanherib, die Assiriese koning wat ook 'n regentskap oor die oostelike deel van Babilonië gehad het.

Die posisie van veral die prominente vroue van Fenisië word deur Isebel se optrede in Israel toegelig. Op despotiese wyse wou sy die Baälgodsdiens bevorder. In haar ywer vir haar god het sy selfs nie geskroom om moord te pleeg nie.

In Egipte was die vroue klaarblyklik meer geëmansipeerd. Die man en die vrou was gelyk in hulle posisie teenoor mekaar en voor die koning. Hatshepsut was koningin in eie reg nadat sy die koningskap aanvanklik as regent by haar stiefseun, Tutmoses III oorgeneem het.

In Israel word in die premonargale tydperk onderskei tussen meer en minder prominente vroue. Die meer prominente vroue sluit in Ragab, Debora, Jael,

en Hanna die moeder van Samuel. Onder die minder prominente vroue bevind Aksa, die dogters van Selofgad, die dogter van Jefta en die byvrou van die Leviet hulle.

Die instelling van die koningskap in die verenigde monargie het vroue van besondere prominensie opgelewer. Dit was dan veral vroue wat as 'n ***g$^{e}$bira*** (gebiedster) getipeer is, wat betreklik invloedryk was. By hierdie vroue was daar veral dié wat by Dawid betrokke was naamlik Mikal, Abigajil, Batseba, Abisag en Rispa wat toegelig word.

Tydens die opstand van Absalom was daar verskeie naamlose vroue wat ter sprake gebring word waaronder die vrou van Bagurim wat Dawid se spioene weggesteek het vir Absalom.

Na die skeuring van die ryk was die ***g$^{e}$bira*** in die Noordelike Ryk van Israel veral verteenwoordig deur Isebel, die Tiriese prinses wat met koning Agab getroud was. Sy was die dogter van die priester-koning Etbaäl van Tirus wat met 'n missionêre ywer die Baälgodsdiens in Israel bevorder het. Met die Nabotinsident word dit duidelik dat sy selfs moord gebruik om haar doeleindes te dien.

In die Ryk van Juda was daar veral drie prominente vroue met koninklike verbintenisse naamlik Atalia, Maäka en Jehoseba. Atalia was die enigste regerende koningin in beide ryke.

Vroue het normaalweg diskriminasie beleef. Die reële rol en funksie van vroue word in hierdie studie onder die loep geneem. Hieruit het verskeie aspekte duidelik geword waarvan die duidelikste is, hoe vroue in die omstandighede innoverend gedink het en soms inisiatief geneem het.

Hierdie studie wil die posisie van die vrou in die Ou Testament herevalueer en in 'n vars perspektief plaas.

# SUMMARY

Women in the Old Testament are usually regarded as inferior to men. Although information in this regard is scarce, the aim of this study was to accentuate the real as well as the untold roles women played in the Old Testament.

Women from certain historic periods in Israel and Juda were compared with women from the Umwelt during the same period. The social position of women from Sumer, Akkade, Babylonia, Syria, Assyria, Phoenicia and Egypt was taken into consideration.

Queen Ku-Bau of the Sumerian city Kish was a prominent lady. The Akkadian woman Enkheduanna, daughter of Sargon I, was appointed priestess in the city Ur. She was a well-known poet and acquainted with the Sumerian religion. The most famous was queen Naqi'a, the wife of the Assyrian king Sennacherib.

Queen Jezebel of Israel being a Phoenician princess was a model for prominent and royal Phoenician women. She promoted her Baal religion in a despotic way; her fanatic convictions even allowed her to murder Jahwe believers.

It is believed that women in Egypt were quite emancipated. Men and women were equal and equal in their position before the King. Queen Hatshepsut was a real queen who reigned also as regent for her stepson Thutmoses III.

During the pre-monarchical period Israelite women were subdivided in prominent and less prominent groups. Prominent women were Rahab, Debora, Jael and Hannah, the mother of Samuel. Less prominent women

included the five daughters of Selofgad, Jephta's daughter and the Levite's concubine.

During the united monarchy, we had women of exceptional prominence. Particularly influential women that could be typified as a $g^{e}$*bira* (queen mother) were included. The royal women associated with King David; namely, Michal, Bathsheba, Abishag and Rispah are discussed.

During the revolt of Absalom against the king, we find several anonymous women, like the woman of Bahurim who hid David's spies on their way back.

After the division of Israel in Juda in the south and Israel in the north, Jezebel the Tyrian princess of Israel was a special representative of the $g^{e}$*bira*. Jezebel was the daughter of Etbaal, the priest-king of Tyre, who married Ahab of Israel. Her missionary zeal resulted in murder, like in the Naboth case.

There were three special prominent women in the kingdom of Juda, namely Athaliah, Maachah and Jehoseba. Athaliah was the only reigning queen in both kingdoms.

During this period women suffered from discrimination against them. The real role and function of women was scrutinised in this study. It could be indicated that women could think innovatively and how they took initiative, many times.

The aim of this study is to re-evaluate the role and position of women and give a fresh perspective to the view of women in these indicated books in the Old Testament.

# *BIBLIOGRAFIE*

AHLSTRÖM, G.W. 1977. King Jehu - a prophet's mistake. *Scripture in history and theology.* Essays in honor of J. Coert Rylaarsdam.

ALTER, R. 1981. Characterization and the art of reticence. In: Clines, D.J.A. & Eskenazi, T.C. 1991. *Telling Queen Michal's story. An experiment in comparative interpretation.* JSOT Supplement, 119. Sheffield: Academic Press.

ANDERSON, B.W. 1986. *Understanding the Old Testament.* 4th ed. New Jersey: Prentice Hall, Englewood Cliffs.

ANDREASEN, N-E.A. 1983. The role of the queen mother in Israelite society. *The Catholic Biblical Quarterly,* 45.

BARNARD, C.J.1982. *Die dinastie van die Nimsiede.* D.Phil. Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

BEECHING, M. 1972. Batsheba and Athaliah. In: Douglas, Bruce, Tasker, Packer & Wiseman. (reds.) *New Bible dictionary.* London: Intervarsity Press.

BELLIS, A.O. 1994. *Helpmates, harlots and heroes. Women's stories in the Hebrew Bible.* Louisville: Westminister/John Knox Press.

BEN-BARAK, ZAFRIRA. 1979. The legal background to the restoration of Michal to David. *Supplement Vetus Testamentum,* 30:15-29.

BEN-RUEVEN,S. 1982. David between Abigail and Bathsheba. *Bet Mikra,* 91:4, 244-245.

BERLIN,A. 1982. Characterization in biblical narrative. David's wives. *JSOT,* 23: 69-80.

BLAIKIE, W.G. 1898. *Michal in the Books of Samuel in "The first book of Samuel. The Expositor's Bible".* London: Hodder & Stoughton.

BOHLEN, R. 1978. *Der Fall Nabot. From Hintergrund und Wedergang einer alttestamentlichen Erzählung (1 Kön 21).* Trierer Theologischen Studien Bd 35. Trier:Paulinus-Verlag.

BOTHWELL, GOSSE, A. 1915. *The civilization of the ancient Egyptians.* London: T.C. & E.C. Jack.

BOWMAN, R.G. 1988. *The fortune of king David/The fate of queen Michal in "Queen Michal's story. A literary critical analysis of 2 Sam 1-8".* Chicago: Presented to the Narrative Research on the Hebrew Bible Group, Society of Biblical Literature, November.

BRENNER, A. 1978. Jezebel. *Shnaton,* 5-6(82).

BRENNER, A. 1985. *The Israelite women: Social role and literary type in biblical narrative.* Sheffield: JSOT Press.

BRIGHT, J. 1972. *A History of Israel.* Revised edition. London: SCM Press Ltd. Bloomsbury Street.

BRIGHT, J. 1978. *The kingdom of God.* New York, Abingdon Press.

BRONNER, L. 1964. *The stories of Elijah and Elisha as polemics against Baal worship*. D.Litt., Universiteit Pretoria.

BRONNER, L. 1968. The Stories of Elijah and Elisha. *Pretoria Oriental Series*, ed. A van Selms. Leiden: E.J. Brill.

BRUNNER-TRAUT, E. 1988. *Ägypten. Kunst- und Reiseführer mit Landeskunde. Sechste, verbesserte Auflage.* Stuttgart: Verlag W. Kohlhammer.

CASSON, L. & THE EDITORS OF TIME-LIFE BOOKS. 1966. *Ancient Egypt.* Nederland: Time-Life International.

CASSUTO, U. 1971. *The goddess Anath.* Jerusalem: The Central Press.

CERAM, C.W. 1974. *Gods, graves and scholars. The story of archaeology.* Bungay Suffolk: The Choucer Press, Penguin Books.

CLINES, D.J.A. & ESKENAZI, T.C. 1991. *Telling queen Michal's story an experiment in comparative interpretation.* JSOT Supplement, 119. Sheffield: Academic Press.

COMAY, J. 1976. *The Hebrew kings.* London: Weidenfeld & Nicolson.

COOK, J.E. 1991. *Hannah's desire, God's design, early interpretations of the story of Hannah.* JSOT Supplement, 282. Sheffield: Academic Press.

CORNEY, R.W. 1970. *The reigns of Omri and Ahab: An essay in the reconstruction of the history of Israel.* New York: Ann Arbor, University Microfilms (1973).

COTTRELL, L. 1955. *Life under the pharaos.* London: Evans Brothers Ltd.

DE VAUX, R. 1973. *Ancient Israel. Its life and institutions*: London: Longman & Todd Ltd.

DE VRIES, S.J. 1978. *Prophet against prophet. The role of the Micaiah narrative (1 Kings 22) in the development of early prophetic tradition*. Grand Rapids, W.B. Eerdmans.

DEPLA, A. 1994. Women in ancient Egyptian wisdom literature. In: Archer, L. *Women in ancient societies*. New York: Routledge.

DOUGLAS, J.D. (ed.), BRUCE, F.F., TASKER, R.V.G., PACKER, J.I. & WISEMAN, D.J. 1972. *The new Bible dictionary*. London: Inter-Varsity Press.

GINZBERG, L. 1991. The family of David. In: Clines, D.J.A. & Eskenazi, T.C. (red.) *Telling queen Michal's story*. Sheffield, JSOT Press.

GISPEN, W.H. 1954. *Korte verklaring der Heilige Schrift De Spreuken van Salomo*. Tweede deel, Hoofstukke 16-31. Kampen: J.H. Kok.

GLüCK, J.J. 1965. Merab or Michal. *ZAW*, 77:72-81.

GOSLINGA, G.J. 1951. *Korte verklaring van de heilige schrift. Het boek Richteren.* Eerste deel. Kampen: J.H. Kok.

GOSLINGA, G.J. 1955. *Korte verklaring van de heilige schrift. Jozua*. Kampen: J.H. Kok.

GRANOT, M. 1982. The image of woman in the Bible. *Bet Mikra,* 89/90:127-132.

GRAY, J. 1970. *I & II Kings*. London: S C M Press Ltd.

GREENSPAHN, F.E. 1983. A Typology of Biblical women. *Judaism*. 32:125.

GROSHEIDE, T.W. (red.) 1955. *Bybelse Ensiklopedie*. Kaapstad.

GROSZ, K. 1989. Some aspects of the position of women in Nuzi. In: Lesko, B.S. (red.) *Women's earliest records. From ancient Egypt and western Asia.* Atlanta: Scholars Press.

HALPERN, B. 1983. *The emergence of Israel in Canaan SBL, Monograph series 29.* California: Scholars Press Chico

HARRIS, R. 1987. Independent women in ancient Mesopotamia. In: Lesko, B.S. (red.) *Women's earliest records. From ancient Egypt and western Asia.* Atlanta: Scholars Press.

HASTINGS, J. 1902. *Dictionary of the Bible.* New York: T & T Clark.

HAUSER, A.J. & RUSSEL, G. 1990. *From Carmel to Horeb. Elijah in Crisis.* JSOT Supplement, 85. Sheffield: Academic Press.

HEISTER, M-S. 1984. *Frauen in der biblischen Glaubensgeschichte.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

HILLERS, D. 1964. *Treaty curses and the Old Testament Prophets.* Rome: Pontifical Biblical Institute.

HOBSON, C. 1987. *The world of the pharaos. A complete guide to ancient Egypt.* New York: Thames & Hudson.

HUBBARD, D.A. 1972. Batsheba and Athaliah. In: Douglas, Bruce, Tasker, Packer & Wiseman. (reds.) *New Bible dictionary.* London: Intervarsity Press.

KARSSEN, G. 1976. *Nogmaals maninne. Vrouwen in de Bijbel.* Amsterdam: Buiten & Schipperheijn.

KATZENSTEIN, H.J. 1973. *The history of Tyre*. Jerusalem: Goldberg's Press.

KITCHEN, K.A. & MITCHELL, T.C. 1972. In: Douglas, J.D. (ed.) *The New Bible Dictionary*. London: Intervarsity Press.

KNAPP, A.B. 1988. *The history and culture of ancient western Asia and Egypt.* Belmont: The Dorsey Press.

KUYPER, A. 1961. *Women of the Old Testament.* Michigan: Zondervan Publishing House, Grand Rapids.

LAWLOR, J.I. 1982. Theology and art in the narrative of the Ammonite war (2 Sam 10-12). *Grace Theological Journal,* 3.2, 193-205.

LEVENSON, J.D. & HALPERN, B. 1980. The political import of David's marriages. *JBL,* 99/4.

LEWY, H. 1952. Mesopotamian queens Nitokris-Naqi'a. *Journal of Near Eastern Studies,* II:264-286.

LINDSEY, F.D. 1985. The Bible knowledge commentary. In: Walvoord, J.F. & Zuck, R.B. (eds.) *Old Testament.* Wheaton: Victor Books.

LION-CACHET, F. 1989. *"Rigters" in "Verklarende Bybel".* Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

LOADER, J.A. 1989. *Spreuke in "Verklarende Bybel".* Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

LOCKYER, H.E. 1977. *All the kings and queens of the Bible.* London: Pickering & Inglis Ltd.

MAY, H.G. 1976. *Oxford Bible Atlas.* London: Oxford University Press.

MAYES, A.D.H. 1983. *The story of Israel between settlement and exile. A redactional study of the deuteronomistic history.* London: SCM Press.

MAYES, A.D.H. 1985. *Judges. Old Testament guides.* Wiltshire: Dotesios.

MAZAR, B. 1992. *Biblical Israel, state and people.* Jerusalem: The Magnes Press.

McKENZIE, J.L. 1965. *Dictionary of the Bible.* London: Geoffrey Chapman.

MEIKLEJOHN, J.W. 1972. Hannah. In: Douglas, J.D. (ed.) *The New Bible Dictionary.* London: Intervarsity Press.

MILLER Jr. P.D., HANSON, P.D. & McBRIDE, S.D. 1987. *Ancient Israelite religion.* Philadelphia: Fortress Press.

MODERSOHN, E. 1982. *Die Frauen des alten Testaments.* Neuhausen-Stuttgart: Hänsler.

MONTGOMERY, J.H. & GEHMAN, H.S. (red.) 1960. *A Critical and exegetical commentary on the book of kings.* Edinburgh: T.T. Clark.

MORTON, H.V. 1956. *Women of the Bible.* London: Methuen & Co.

NEMET-NÉJAT, K.R. 1998. *Daily life in ancient Mesopotamia.* Connecticut: Greenwood Press Westport.

NEWSOM, C.A. & RINGE, S.H. 1992. *The women's Bible commentary.* London: John Knox Press.

NUNNALY-COX, J. 1981. *Foremothers. Women of the Bible*. New York: The Seabury press.

OOSTERHOFF, B.J. 1953. *Israelitiese persoonsnamen*. Delft: Uitgeverij van Keulen.

OTWELL, JOHN. H. 1977. *And Sarah laughed*. Philadelphia: The Westminister Press.

PARKER, S.B. 1978. Jezabel's reception of Jehu. *Maarav* 1/1.

PHEIFFER, C.F. & HARRISON, E.V. 1962. *The Wycliffe bible commentary.* Chicago: Moody Press.

PIENAAR, D.N. 1974. *Die dinastie van die Omriede in die lig van die argeologie.* D. Phil. Universiteit Stellenbosch.

PUTNAM, J. & PEMBERTON, J. 1994. *Amazing facts about ancient Egypt.* London: Thames & Hudson.

ROBINS, G. 1993. *Women in ancient Egypt*. London: British Museum Press.

ROGERSON, J. & DAVIES, P. 1989. *The Old Testament world.* Cambridge: Cambridge University Press.

SHANKS, H. 1981. The Exodus and the crossing of the Red Sea, according to Hans Goedicke. *Biblical Archaelogy Review,* 7(5):42-50.

SMITH, W. 1863. *A dictionary of the Bible*. London: John Murray.

SOGGIN, J.A. 1981. Jezabel, oder die fremde Frau. *Alter Orient und altes Testament*, 212:453-459.

SOGGIN, J.A. 1993. *An introduction to the history of Israel and Judah.* 2nd ed. London: SCM Press

STOL, M. 1995. Private life in ancient Mesopotamia. In: Sasson, J.M. (ed.) *Civilizations of the ancient near east.* New York: Charles Scribner's Sons.

THACKERAY, H. St. J. & MARCUS, R. 1950-1965. *Josephus V. Jewish Antiquities Books V-VIII.* MCML.

THE BIBLE. Authorized Version. 1974. Oxford University Press.

TIMM, S. 1982. *Die Dynastie Omri.* Göttingen: Vanden Hoeck & Ruprecht.

TRIGGER, B.G. 1983. *Ancient Egypt: A social history.* Cambridge: Cambridge University Press.

VAN DER WALT, B.J. 1987. *Bybelse verrassings oor die vrou.* Klerksdorp: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN GELDEREN, C. 1956. *Korte verklaring der Heilige Schrift. I,II,III. De boeken der Koningen.* 2nd ed. Kampen: J.H. Kok.

VAN RIET, R. 1990. *Prisma van de bijbelse persoonsnamen.* Den Haag: CIP Uitgever Koninklijke Biblioteek.

VAN ROOY, H.F. 1989. *Verklarende Bybel (1983-vertaling).* Kaapstad: Lux Verbi.

VAN SCHALKWYK, J. 1989. *"Numeri" in "Verklarende Bybel" (1983-vertaling).* Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

VAN ZYL, A.H. (red.) 1989. *Verklarende Bybel (1983-vertaling)*. Kaapstad: Lux Verbi.

VAN ZYL, A.H., EYBERS, I.H., LE ROUX, J.H., PRINSLOO, W.S., SWANEPOEL, F.A. & VOSLOO, W. 1977. *Israel en sy bure*. Durban: Butterworths.

VON RAD, G. 1979. Moses. In: Crenshaw, J.L. *Samson. A secret betrayed, a vow ignored*. London: S.P.C.K. Publishers.

WAITE, J.C.J. 1972. Ahaziah. In: Douglas, Bruce, Tasker, Packer & Wiseman. (reds.) *New Bible dictionary*. London: Intervarsity Press.

WEBB, B.G. 1987. *The book of the Judges*. Worcester: Billing & Sons Ltd.

WEINER, A. 1978. *The prophet Elijah in the development of Judaism*. London: Routledge & Kegan Paul.

WEINFELD (onbekend). In: Brenner, A. 1978. Jezebel. *Shnaton*, 5-6(82).

WILLIAMS, J.G. 1982. *Women recounted: narrative thinking and the God of Israel*. Wiltshire: Redwood Burn.

WINCKLER, H. 1898. Altorientalische Forschungen, Zweite Reihe, vol. 1, *Leipzig*, in Lewy, H.: Mesopotamian queens, in JNES II, 1952.

YADIN, Y.1978. The "House of Ba'al" of Ahab and Jezebel in Samaria, and of Athalia in Juda. In: Moarey, P.R.S. & Parr, P.J. (reds.) *Archaeology in the Levant. Essay for Kathleen Kenyon*. England: Avis & Phillips Ltd.

## INTERNET VERWYSINGS


Ancient Mesopotamia-Chronology. 1999. http://www.tc.nhmccd.edu/courses/whlfox/ref/mespot.htm

*Meritaten*. 1998. http://www.malone.org/~jrodrigu/isis/merit.html

*Neferneferuaten-Nefertiti*. s.j. 1998. http://www.malone.org/~jrodrigu/isis/queen.html

*Nefertiti 18TH dynasty.* http://touregypt.net/who/nefartit.html

PICCIONE, P.A. 1996\5. *The status of women in ancient Egyptian society.* http://www.library.nwu.edu/class/history/B94women. html

TYLDESLEY, J. *The status of women in Egyptian society.* http://communityhigh.org/usr/graham/westernciv/women.html.s.j.

WARD. W.A. 1995. *The Egyptian economy and non-royal women: their status in public life.* http://www.uky.edu/ArtsSciences/classics/wardlect.html


U.O.V.S. BIBLIOTEEK